# Riglyne vir die ontwikkeling van die adolessent se sin vir self binne ’n lesbiese ouerskap-verhouding

**Belinda van der Vlies**
**Studente nommer: 23243716**

Proefskrif voorgelê vir die graad Doctor Philosophiae in Pastoraal aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Promotor: Dr HB Grobler
Medepromotor: Dr RA Denton

November 2013

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Dit begin alles hier ™

Want nou sien ons deur ‘n spieël in ‘n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is. En nou bly geloof, hoop, liefde – hierdie drie; maar die grootste hiervan is die ***liefde***.

**1 Korinthiërs 13: 12-13**

# DANKBETUIGINGS

Ek wil graag met groot waardering, uit my hart sê dankie vir die volgende persone. Sonder hierdie persone se unieke bydraes, sou hierdie mylpaal nooit kon realiseer nie:

- Heel eerste al my dank en aanbidding aan my hemelse Vader, sonder wie ek nooit hierdie navorsingsreis kon aanpak of voltooi nie. My hart roep opnuut uit: Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in alle ewigheid!
- Aan my promotor, dr Herman Grobler, en medepromotor, dr Rudy Denton, wil ek dankie sê vir hulle vertroue in my vermoëns, altyd opbouende kritiek, laat nagte se harde werk, onmeetbare hulp, Job se geduld en meesterlike leiding. Dit was ‘n voorreg om saam met julle te werk.
- Die adolessente en hul ouers wat my toegelaat het om vir ‘n kort tydjie in hul lewensreis te kon deel. Dankie vir die saam lag en huil en bereidwilligheid om iets van jul harte en lewens met my te deel.
- Aan my man Bernard vir al sy liefde, ondersteuning, opofferings en hulp. Baie dankie dat jy in my glo en my drome deel. Dankie ook dat jy bereid was om my vir so lang tyd, met baie boeke te deel.
- My seuns, Franko, Rikus en klein Eben vir julle verstaan, opofferings en liefde. Julle het elke dag met vreugde en omgee gevul, dankie!
- Aan my ouers vir hul liefde, gebede, aanmoediging en hulp met die kinders.
- Groot dank aan die kosbaarste vriende, vir hul belangstelling, ondersteuning, finansiële hulp, gebede, bemoediging en geloof in my, waarsonder ek nooit hierdie droom kon bereik nie.
- Die VEK Therapéa vir gebede, geduld, studieverlof en begrip.
- Aan Tannie Roeleen vir al die hulp met tikwerk en aan Tania vir die taalversorging.
- My familie vir motivering, volgehoue ondersteuning en aanmoediging.
- Aan die Noordwes-Universiteit vir finansiële ondersteuning deur middel van beurse wat aan my toegeken is.

# VERKLARING

Studentenommer: 23243716

Ek verklaar dat

"Riglyne vir die ontwikkeling van die adolessent se sin vir self binne 'n lesbiese ouerskap-verhouding" my eie werk is en dat alle bronne wat ek benut of aangehaal het in die proefskrif die nodige erkenning deur middel van volledige verwysing ontvang het.

______________________ ______________________

Belinda van der Vlies Datum

# OPSOMMING

Die doel van die navorsing was daarop gerig om die ervaring van lesbiese ouers en die adolessente rakende die adolessente se ontwikkeling van die sin vir self binne die lesbiese ouerhuis te ondersoek en te beskryf, ten einde riglyne saam te stel wat aan hierdie ouers hulp kan verleen. Die onderwerp is vanuit sowel 'n pastorale basisteorie (normatiewe perspektief) as 'n Gestaltteoretiese perspektief (paradigmatiese perspektief) bestudeer. 'n Kwalitatiewe benadering is vir die doel van hierdie studie gevolg, met semi-gestruktureerde onderhoudvoering met onderskeidelik die adolessente en hul ouers. Adolessente is ook gevra om collages te maak wat as addisionele data-insamelingsmetode gebruik is. Die ondersoekgroep het bestaan uit vyf adolessente seuns en vier adolessente dogters, waarvan sommige sibbe was, uit onderskeidelik ses lesbiese gesinne. Sewe van die twaalf ouers was biologiese ma's uit vorige heteroseksuele huwelike, en die oorblywende vyf vrouens het geen eie kinders gehad nie.

Vanuit die literatuurstudie en die empiriese resultate van hierdie studie, blyk dit dat daar sekere positiewe aspekte asook sekere negatiewe aspekte van die lesbiese ouerhuis bestaan, wat adolessente se ontwikkeling van 'n sin vir self beïnvloed. In die lesbiese gesinne waar albei die ouers betrokke is by die adolessente, huishoudelike pligte eweredig gedeel word en die ouers 'n kwaliteit verhouding met mekaar en die adolessente het, is die adolessente oor die algemeen goed aangepas, gelukkig en in staat om uitdagings te hanteer ten einde 'n gesonde sin vir self te ontwikkel. Die positiewe invloed wat Christelike geloofsekerheid op die algehele ontwikkeling van adolessente en ook op die sin vir self het, is deur hierdie studie bevestig.

Aan die ander kant ervaar adolessente die volgende aspekte as uitdagend en stremmend in hul ontwikkeling van 'n gesonde sin vir self: Konflik en kritiek van die metgesel ouers is vir die adolessente vernederend en afbrekend. Stigmatisering, spot en verwerping vanuit die heteronormatiewe samelewing, as gevolg van hul ouers se seksuele oriëntasie, blyk die grootste struikelblok te wees in hul psigososiale ontwikkeling, wat ook hul sin vir self direk beïnvloed, omdat hulle skaam, ontkennend en ontwykend op die stigmatisering reageer en hulself onttrek

van situasies wat pynlik en vernederend kan wees. Die afwesigheid van ‘n vaderfiguur en finansiële spanning binne lesbiese gesinne blyk ook vanuit die navorsingsbevindinge stremmend te wees vir die adolessente se gesonde ontwikkeling van die sin vir self.

Vanweë die kompleksiteit van die aspekte wat adolessente se gesonde ontwikkeling van ‘n sin vir self negatief kan beïnvloed of strem binne die lesbiese ouerskapverhouding, het die navorser besef dat daar professionele hulp, ondersteuning en leiding nodig mag wees vir sommige van die lesbiese ouers en adolessente ten einde die adolessente se ontwikkeling van ‘n sin vir self en die vestiging van ‘n unieke identiteit te bevorder. Aan die einde van hierdie studie was die navorser in staat om riglyne vir sowel lesbiese ouers as pastorale beraders saam te stel, om aan hulle hulp te verleen en leiding te verskaf in hul ondersteuning aan adolessente ten einde ‘n gesonde sin vir self te ontwikkel.

**SLEUTELWOORDE: Sin vir self, lesbiese ouerhuis, adolessensie, pastoraat, teologiese antropologie, Gestaltbenadering, riglyne.**

# SUMMARY

The purpose of this research was to investigate and describe the experience of lesbian parents and their adolescents regarding the adolescents' development of a sense of self in the lesbian home, in order to compile guidelines that can provide help to these parents. The subject was investigated from both a pastoral base theory (normative perspective) and a Gestalt theoretical perspective (paradigmatic perspective). A qualitative approach was followed for the purpose of this study, with semi-structured interviewing with the adolescents and their parents respectively. Adolescents were also requested to make collages that served as an additional data gathering method. The sample group consisted of five adolescent boys and four adolescent girls, some of who were siblings, from six lesbian families respectively. Seven of the twelve parents were biological mothers from previous heterosexual marriages, and the remaining five women had no children of their own.

From the literature review and the empirical results of this study, it appears that there are certain positive as well as negative aspects of a lesbian home that influence an adolescents sense of self. In lesbian homes where both parents are involved with the adolescents, share household duties equally and have a quality relationship with each other as well as with the adolescents, the adolescents are generally well-adapted, happy and able to handle challenges in order to develop a healthy sense of self. The positive influence that Christian religious certainty has on the overall development of the adolescents and on the sense of self, was confirmed through this study.

On the other hand, adolescents experience the following aspects as challenging and impeding in their development of a healthy sense of self: Conflict and criticism from the companion parents are humiliating and destructive for the adolescents. Stigmatising, teasing and rejection from the hetero-normative society, as a result of their parents' sexual orientation, appear to be the largest obstacle in their psychosocial development, which also influences their sense of self directly, because they react in a shy, negative and evasive way to the stigmatisation and withdraw themselves from situations that can be painful and humiliating. From the research findings, it appears that the absence of a father figure and financial tension

in lesbian families are impeding to the adolescents' healthy development of a sense of self.

Due to the complexity of the aspects that can have a negative influence or impede on an adolescent's healthy development of a sense of self within the lesbian parent relationship, the researcher realised that professional help, support and guidance might be necessary for some of the lesbian parents and adolescents in order to promote the adolescents' development of a sense of self and the establishment of a unique identity.  At the end of this study, the researcher was able to compile guidelines for lesbian parents as well as pastoral counsellors to help and guide them in their support to adolescents in order to enable them develop a healthy sense of self.

**KEY TERMS: Sense of self, lesbian home, adolescence, pastorate, theological anthropology, Gestalt approach, guidelines.**

# INHOUDSOPGAWE

**DANKBETUIGINGS** **I**

**VERKLARING** **II**

**OPSOMMING** **III**

**SUMMARY** **V**

**INHOUDSOPGAWE** **VII**

**HOOFSTUK 1** **1**

**INLEIDING EN OORSIG VAN DIE STUDIE** **1**

**1.1 RASIONAAL EN PROBLEEMFORMULERING VAN DIE STUDIE** **1**

**1.2 Navorsingsvrae** **7**

**1.3 DOELSTELLING EN DOELWITTE** **8**

1.3.1 Doelstelling 8

1.3.2 Doelwitte 8

**1.4 VOORBEREIDING VIR DATA-INSAMELING** **9**

**1.5 NAVORSINGSMETODOLOGIE** **10**

1.5.1 Die normatiewe taak 17

1.5.2 Die interpreterende taak 17

1.5.3 Die beskrywende-empiriese taak 19

1.5.4 Die pragmatiese taak 19

**1.6 NAVORSINGSBENADERING** **20**

1.6.1 Kwalitatiewe navorsing 20

1.6.2 Toegepaste navorsing 24

1.6.3 Betroubaarheid en geldigheid van kwalitatiewe navorsing 26

1.6.4 Populasie en steekproefneming 29
1.6.5 Data-insameling 30
1.6.6 Data-analise 31

**1.7 ETIESE OORWEGINGS 31**
1.7.1 Reg van die deelnemers 32
1.7.2 Konfidensialiteit en anonimiteit 32
1.7.3 Ingeligte toestemming 33
1.7.4 Risiko's en ongemak 33
1.7.5 Mededeling 34

**1.8 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE 34**
1.8.1 Sin vir self 34
1.8.2 Gay 35
1.8.3 Lesbiese ouerhuis 36
1.8.4 Adolessensie 36
1.8.5 Pastoraat 36
1.8.6 Teologiese antropologie 37
1.8.7 Gestaltbenadering 38
1.8.8 Riglyne 38

**1.9 INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG 38**

**1.10 IMPAK VAN DIE STUDIE 40**

**1.11 SAMEVATTING 40**

**HOOFSTUK 2 41**

**KONSEPTUELE RAAMWERKE 41**

**2.1 INLEIDING 41**

**2.2 DIE PASTORAAT AS VERTREKPUNT 45**
2.2.1 Teologiese antropologie 47
2.2.2 'n Narratiewe invalshoek 57

**2.3 GESTALTTEORIE AS PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF** **65**
2.3.1 Holisme 67
2.3.2 Die Veld 68
2.3.3 Organismiese selfregulering 68
2.3.4 Bewustheid 70
2.3.5 Kontak en kontakgrensmodifikasies 73
2.3.6 Teorie van die self 77

**2.4 DIE PASTORAAT EN GESTALTTEORIE** **78**

**HOOFSTUK 3** **83**

**DIE LESBIESE OUERHUIS** **83**

**3.1 INLEIDING** **83**

**3.2 DIE BELANGRIKHEID VAN DIE GESIN** **84**

**3.3 DIE OORSPRONG VAN DIE GESIN** **88**

**3.4 VERANDERENDE GESINNE** **93**
3.4.1 Gesinne in die Bybel 94
3.4.2 Die gesin in 'n postmoderne wêreld 100

**3.5 DIE LESBIESE OUERHUIS** **107**
3.5.1 Kinders in die lesbiese ouerhuis 109
3.5.2 Positiewe aspekte van lesbiese ouers 116
3.5.3 Kritiek teen lesbiese ouerskap 117

**3.6 Samevatting** **119**

**HOOFSTUK 4** **121**

**ADOLESSENSIE AS ONTWIKKELINGSTADIUM** **121**

**4.1 INLEIDING** **121**

**4.2 FISIOLOGIESE ONTWIKKELING** **123**

**4.3 KOGNITIEWE ONTWIKKELING** **127**
4.3.1 Morele ontwikkeling 130
4.3.2 Emosionele ontwikkeling 132

**4.4 PSIGOSOSIALE ONTWIKKELING** **135**
4.4.1 Identiteitsontwikkeling 136
4.4.2 Gesinsverhoudings 148
4.4.3 Sosiale verhoudings 152

**4.5 GELOOFSONTWIKKELING** **156**

**4.4 SAMEVATTING** **160**

**HOOFSTUK 5** **162**

**NAVORSINGSMETODOLOGIE EN EMPIRIESE RESULTATE** **162**

**5.1 INLEIDING** **162**

**5.2 NAVORSINGSMETODE** **162**
5.2.1 Steekproefneming 162
5.2.2 Data-insameling 164
5.2.4 Data-analise 167
5.2.5 Indeling van temas 168

**5.3 BESPREKING VAN RESULTATE** **171**
5.3.1 Hooftema 1: Ouerskapsrolle 171
5.5.2 Hooftema 2: Onderlinge gesinsverhoudinge 176
5.5.3 Hooftema 3: Die adolessent se omskrywing van die self 187
5.5.4 Hooftema 4: Faktore wat die sin vir self beïnvloed 202
5.5.5 Hooftema 5: Positiewe aspekte van die lesbiese gesin 206
5.5.6 Hooftema 6: Negatiewe aspekte van die lesbiese gesin 211
5.5.7 Hooftema 7: Die lesbiese ouers se aanbevole riglyne om adolessente se ontwikkeling van ‘n gesonde sin vir self te bevorder 221

**5.6 Samevatting** **224**

**HOOFSTUK 6** **226**

**GEVOLGTREKKINGS EN RIGLYNE** **226**

**6.1 Inleiding** **226**

**6.2 Navorsingsvraag en Doelwitte** **226**

**6.3 Doelstelling en doelwitte van die studie** **228**

**6.4 Samevatting en Gevolgtrekkings van die navorsingsresultate** **231**

6.4.1 Unieke gesinsfunksionering en gesinsverhoudinge 231

6.4.2 Die adolessent se omskrywing van die self 232

6.4.3 Faktore wat die sin vir self beïnvloed 233

6.4.4 Positiewe aspekte van die lesbiese gesin wat adolessente se sin vir self kan bevorder 234

6.4.5 Negatiewe aspekte van die lesbiese gesin wat die adolessente se sin vir self kan belemmer 235

**6.5 Aanbevelings aan ouers en pastorale beraders** **236**

6.5.1 Riglyne aan ouers 239

6.5.2 Riglyne aan pastorale beraders 253

**6.6 'n Voltooide Gestalt** **257**

**6.7 DIE BYDRAE VAN HIERDIE STUDIE** **262**

**6.8 Tekortkominge** **263**

**6.9 Aanbevelings vir verdere navorsing** **264**

**6.10 Slotopmerking** **265**

**BRONNELYS** **266**

**LYS VAN TABELLE**

TABEL 1: LYS VAN ADOLESSENTE DEELNEMERS 163

TABEL 2: LYS VAN DEELNEMENDE OUERS 164
TABEL 3: VERDELING VAN DIE TEMAS 169

**BYLAE**

BYLAE 1: TOESTEMMINGSBRIEWE 307
BYLAE 2: VOORBEELD VAN 'N GETRANSKRIBEERDE ONDERHOUD 313
BYLAE 3: OPSOMMING VAN TEMAS EN SUBTEMAS UIT ONDERHOUD 1 325
BYLAE 4: VOORBEELDE VAN COLLAGES 326

# Hoofstuk 1
# Inleiding en Oorsig van die Studie

Soos dit in die gesin gaan, so gaan dit in 'n volk
en so gaan dit in die hele wêreld waarin ons
lewe - Pous Johannes Paulus 11 -

## 1.1 RASIONAAL EN PROBLEEMFORMULERING VAN DIE STUDIE

Binne die postmoderne era dring die besef al meer en meer deur dat die huwelik en gesin, soos wat dit tradisioneel verstaan word, onder geweldige druk verkeer (Dreyer, 2007a:625; Horak, 2005:39). Volgens Dreyer (2008:483) en Van Wyk (2002:58) het daar in die afgelope vier dekades 'n ingrypende verandering plaasgevind in bestaande familiepatrone in die Westerse wêreld. Hierdie veranderings word weerspieël in die stygende egskeidingsyfer, buite-egtelike geboortes, gay huwelike en saamwoon.

Meer as 'n dekade gelede het Browning (2001:4) sy bekommernis uitgespreek oor die versnelde afname in twee-ouer (heteroseksuele) families en 'n toename in enkelouer-, saamwoon- en gay ouer gesinne, asook die styging van tienerswangerskappe en die snelle verspreiding van HIV/VIGS. Duisende kinders word jaarliks hierdeur geraak (Ebersohn, 2001:41). Volgens verskeie navorsers (Taljaard & Langner, 2012:3; Barna, 2011:43; Barna, 2011:3; Van Niekerk, 2005:1) het die bogenoemde tendense die postmoderne gesin in die Westerse samelewing in 'n krisis gedompel. Hierdie gesinskrisis word vanuit verskillende wetenskaplike dissiplines bestudeer (Taljaard & Langner, 2012:5). Volgens Van Niekerk (2005:1) word die problematiek hoofsaaklik beskou vanuit die verandering van die kerngesin waarvan die pa afwesig is. Die afwesigheid van die vaderfiguur uit die gesin het op vele vlakke van die samelewing reeds groot reaksie ontlok. Selfs president Barack Obama (2011:elektronies) van die VSA het onlangs die belangrikheid van die vader in die gesin beklemtoon:

> We need fathers to step up, to realise that their job does not end at conception; that what makes you a man is not the ability to have a child, but the courage to raise one.

Die feministiese sosioloog Maria Kefalas (2009:elektronies) wat huweliks- en familie kwessies bestudeer, laat selfs haar stem hoor in hierdie verband en stel die noodsaaklikheid van die vader binne die gesin soos volg:

> Women always tell me: 'I can be a mother and a father to a child', but it's not true. Growing up without a father has a deep psychological effect on a child. The mom may not need that man, but her children do.

Daar bestaan egter steeds uiteenlopende teorieë rakende die nadele van gesinne wat nie uit twee heteroseksuele ouers bestaan nie. Die vraag het by die navorser ontstaan of die afwesigheid van die vaderfiguur, wat as 'n krisis binne die postmoderne gesin gesien word, dan net effek neem op heteroseksuele gesinne en of dit enige invloed ook op lesbiese ouerskap gesinne sal neem en hoe dit adolessente se ontwikkeling van 'n sin vir self raak, binne hierdie gesinsamestelling. Visser (1998:351) het meer as tien jaar gelede daarop gewys dat die gebroke gesin, die gesin waar die biologiese heteroseksuele ouers van die kind nie meer saam is nie, 'n negatiewe uitwerking op die sielkundige welstand van die kind het. Die kinders ervaar meer spannings- en selfbeeldprobleme, omdat hulle onseker is oor hul verhouding met die afwesige ouer.

Tydens die Konferensie van Katolieke Biskoppe, wat plaasgevind het in Februarie 2013 in die VSA, het die Biskoppe weereens die nadelige effek wat die afwesige vader op die totale ontwikkeling en psigologiese welstand van kinders en adolessente het, bevestig en in die verband gemeen dat 'n liefdevolle verhouding tussen 'n vader en moeder, soos gevind in 'n heteroseksuele huwelik, steeds die gunstigste omgewing skep vir die opvoeding en ontwikkeling van kinders en adolessente (2013:elektronies). Verder meen Van den Berg (2009:3) en Moore (2002:6) dat kinders wat met beide hul biologiese ouers grootword, oor die algemeen 'n voordeel het bo kinders wat net met 'n enkel-ouer, sonder ouers, of in saamgestelde gesinne grootword.

Aan die anderkant klink stemme vanuit ‘n postmodernistiese wêreldbeskouing op, wat meen dat die kerngesin, betaande uit twee biologiese ouers en hul kinders, gewoonlik binne die heteroseksuele huwelik verwek, uitgedien en oudmodies is. Volgens hulle het ‘n herdefinisie oor die verstaan, inhoud en betekenis van die konsep “gesin” noodsaaklik geword om aan die uiteenlopende postmoderne gesinsamestellings die nodige erkenning te gee (Shaffer & Kipp, 2007:614; Dunne, 2000:23). Volgens Müller (2002:13) bied die volgende definisie moontlik ‘n duideliker omskrywing van die postmoderne gesin:

> ’n Gesin is ‘n primêre eenheid van mense. Die eerste kring van nabyheid. Dit is funksioneel in baie opsigte. Hierdie kring voorsien in die basiese behoefte aan intimiteit en ook in die basiese behoefte aan sorg gee en sorg ontvang. ‘n Kinderhuis kan in so ‘n behoefte voorsien. Dit kan ook die geval wees met ‘n gay egpaar met ‘n aangenome kind, ‘n groepie kinders wat wees gelaat is deur die dood van ouers en selfs met ‘n alleenloper met ‘n troeteldier.

Hierdie gesinsveranderinge, soos ook in die definisie vervat, is ‘n sosiologiese, kulturele en historiese werklikheid van die een-en-twintigste eeu wat gekom het om te bly (De Villiers, 2007:110). Volgens Lubbe (2007:261) is gay ouer gesinne een van die nie-tradisionele gesinne waaroor nog bitter min navorsing in Suid-Afrika gedoen is. Gates *et al.* (2007:3) meen dat die ontwikkeling van kinders met gay ouers in Amerika beslis ‘n veld is waaroor nog vele navorsing gedoen moet word. Die navorser kon geen bronne na 2007 opspoor wat hierdie aanbeveling binne die Suid-Afrikaanse konteks ter harte neem nie.

Die Navorser het derhalwe hoofsaaklik internasionale bronne vir die doel van hierdie studie aangewend. Binne hierdie bronne het die verskillende outeurs (Eggebeen, 2012:777; Marks, 2012:748; Chamberlin, 2010:12; Robitaille & Saint-Jacqeus, 2009:438) telkens verwys na die leemte wat bestaan aan in-diepte navorsing met betrekking tot die ontwikkeling van kinders en adolessente binne lesbiese ouerskapverhoudings, asook oor die moontlike invloed wat hierdie unieke gesinsdinamika op die ontwikkeling van kinders en adolessente uitoefen. Navorsing binne hierdie studieveld word dikwels gestrem as gevolg van die geslote en

geïsoleerde aard van die homoseksuele gemeenskappe, wat uit vrees vir stigmatisering en kritiek vanuit die heteronormatiewe samelewing verkies om privaat te bly (Marks, 2012: 739; Chamberlin, 2010:2; Scottish Goverment Social Research Report, 2009:6). Volgens Eggebeen (2012:777) en Robitaille en Saint-Jacqeus (2009:438) lei hierdie leemte binne die navorsing en die skynbare ontoeganglikheid van homoseksuele gemeenskappe tot ‘n groot gebrek aan sosiale ondersteuningsraamwerke wat lesbiese ouers kan ondersteun en begelei tot effektiewe ouerskap, ten einde die gesonde ontwikkeling van kinders en adolessente binne die unieke gesinsomgewing te bevorder.

Volgens ontwikkelingpsigoloë (Erikson, 1963:28; Rogers, 1961) is die gesin as sosiale stelsel ‘n belangrike bepaler van ontwikkeling. Tydens die kinderjare vorm die gesin die primêre groep waarin kinders en adolessente die meeste van hul tyd bestee en wat trouens feitlik hul totale sosiale omgewing uitmaak (Louw & Edwards, 1998:476). Die wyse waarop ‘n gesin funksioneer en die rolle wat aan individuele lede toegewys word, speel ‘n belangrike rol in die ontwikkeling van die lede se persoonlikheid in die geheel. Dit raak aspekte soos selfkonsep, selfvertroue, vertroue in ander mense, sekuriteitsgevoel, sosiale vaardighede, asook denkgewoontes en kognitiewe funksioneringswyses (Van der Watt, 2001:13; Van Wyk, 1993:11). Die funksionering van die gesin met lesbiese ouers sal dus volgens hierdie outeurs ook ‘n belangrike rol speel in die persoonlikheidsontwikkeling van die kind en adolessent.

Volgens die Amerikaanse kinderhof in Florida (2009) is bevind dat die modellering en instandhouding van geslagsrolle en geslagsrolgrense belangrik is vir die algehele ontwikkeling van die adolessent. Binne ‘n heteroseksuele gesin word die kind blootgestel aan vier geslagsrolmodelle: ‘n heteroseksuele verhouding; ‘n vader-moeder vennootskap; ‘n vader-kind-verhouding en ‘n moeder-kind-verhouding. Binne ‘n gay gesin is drie van die vier modelle afwesig, wat ‘n invloed op die adolessent se geslagsrolontwikkeling kan uitoefen. Patterson (2002:5) beskryf die gay egpaar en hul kinders as ‘n geslote groep. Anders as heteroseksuele gesinne, word gay ouers en hul kinders dikwels beoordeel op grond van die ouers se seksuele oriëntasie. Dit lei tot misverstande, vernederings en onregverdige etikettering, wat resulteer in

negatiewe psigologiese uitkomste soos minderwaardigheid, sosiale onttrekking en ‘n gevoel van verwerping (Chamberlin, 2010:9; Tasker & Patterson, 2007:19; Cooper & Gates, 2006:1). Selfs binne die postmodernistiese klimaat van groter verdraagsaamheid teenoor verskillende seksuele oriëntasies, bly die heteroseksuele egpaar die normatiewe vorm van volwasse verhoudings (Cooper & Gates, 2006:1). In dié verband meen Telingator en Patterson (2008:1366) en Walters (2000:61) dat dit onmoontlik is om te glo dat die strukture van uitsluiting en diskriminasie teen gay persone nie ‘n invloed op die gay gesin sal uitoefen nie. Kinders van gay ouers word bewus van die stigmas en diskriminasie gedurende hul deelname aan skool- en kerkaktiwiteite, sowel as via televisieprogramme en die internet (Jackson & Scott, 2004:238).

Buiten die sosiale druk op gay ouers, het die gesinshof in Suid-Afrika reeds meer as ‘n dekade gelede drie primêre vrese met betrekking tot gay ouer gesinne verwoord (Beukes, 2006:46; Kotzé, 1999:2; Maré, 1996:23):

- Eerstens heers daar groot onsekerheid oor of kinders wat by gay ouers grootword, nie self ook gay sal word nie.

- Tweedens bestaan die vrees dat hierdie kinders meer blootgestel sal wees aan psigologiese faktore wat hul persoonlike ontwikkeling en psigologiese welstand negatief sal beïnvloed.

- Derdens word die kommer oor diskriminasie en etikettering, wat kan lei tot ernstige selfbeeld en identiteitsprobleme, uitgespreek (Kotzé, 1999:5-7; Patterson, 2002:8).

Indien hierdie vrese geregverdig is, kan die adolessent se sin vir self binne gay ouer gesinne moontlik belemmer word. Daar bestaan kommer rakende diskriminasie en etikettering ten opsigte van adolessente met gay ouers, wat hul ontwikkeling van ‘n gesonde sin vir self en unieke identiteit kan strem (Scottish Government Social Research Report, 2009:14; Tasker & Patterson, 2007:19). Die ontwikkeling van ‘n gesonde selfbeeld (positiewe selfagting) is belangrik vir die optimale funksionering

en aktualisering van ‘n persoon (Galloway, 2006:145). ’n Negatiewe selfbeeld beïnvloed die individu se gedrag, intellektuele ontwikkeling, interpersoonlike verhoudings, emosionele ontwikkeling en die vorming van ’n goed geïntegreerde identiteit (Boshoff, 2002:89; Joubert, 1997:140). As dit in ag geneem word dat ‘n persoon se selfbeeld die bepaler van sy denke, gevoelens, waarnemings, houdings en gedrag is, is dit duidelik dat sy selfbeeld sy funksionering in geheel kan aanspoor of strem (Galloway, 2006:145; Boshoff, 2002:89). Alhoewel daar ‘n essensiële kern van ooreenstemming tussen skrywers oor die betekenis van die self is, word die konsep nie presies op dieselfde wyse deur verskillende skrywers, en selfs op verskillende tye deur dieselfde skrywer, beskryf nie (Thomas, 1996:342). Vir die doel van hierdie studie beskou die navorser die selfbeeld, selfkonsep of selfwaarde binne die gekose teoretiese raamwerk van hierdie studie, soos beskryf in Hoofstuk 4.

In hierdie studie word daar spesifiek gefokus op adolessente wat vanaf hul babafase grootgeword het in gesinne met lesbiese ouers, om sodoende moontlike onafhanklike veranderlikes te verminder. Adolessente is nie passiewe toeskouers nie. Hulle ontwikkeling vind juis plaas in ‘n aktiewe leerproses waarin nabootsing en eksperimentering met die verskillende geslagsrolle waaraan hulle blootgestel word, kragtige vormers van hul eie identiteit word (Potgieter, 2007:163; Stanton & Maier, 2005:129; Pienaar, 2002:97; Mellor & Mellor, 2001:24; Jordaan & Jordaan, 1998:705 ). In hierdie studie ondersoek en beskryf die navorser die ontwikkeling van die adolessent se sin vir self binne gesinne met lesbiese ouers, ten einde riglyne saam te stel om lesbiese ouers te begelei in die hantering van moontlike probleme op hierdie gebied. Dit is ‘n vraagstuk wat nog groot kommer veroorsaak en waaroor nog baie min navorsing gedoen is (Marks, 2012:748; De Villiers, 2006:1; Meyer, 2003:6; Ramphele, 2002:17).

Die keuse van die studie-onderwerp is vanuit ‘n persoonlike, sowel as professionele perspektief, geïnspireer. Eerstens het die navorser persoonlik daarmee te doen gekry deur gemeentelede wat na die afloop van ‘n egskeiding ‘n gay verhouding gesluit het en die emosionele verwardheid van die kinders waargeneem het. Tweedens is die keuse ook vanuit ‘n professionele vlak geïnspireer deur kinders wat

die navorser tydens pastorale hulpverlening gesien het. Die adolessent het nie altyd die vermoë om vir die ouer te vertel wat hulle ervaar nie, en gevolglik manifesteer hul teenstrydige ervarings in probleemgedrag, wanaanpassings, lae selfwaarde en sosiale onttrekking (Boshoff, 2002:90; Mullet, 2002:41; Nel, 1995;56). Derdens het die navorser kennis geneem van verskillende outeurs (Eggebeen, 2012:777; Marks, 2012:748; Chamberlin, 2010:12; Robitaille & Saint-Jacqeus, 2009:438) se verwysings na die leemte wat in die navorsing oor die spesifieke fenomeen bestaan.

Sowel die genoemde leemte in navorsing as die skynbare ontoeganklikheid van homoseksuele gemeenskappe, lei tot gebrekkige ondersteuningsraamwerke en hulpverlening aan lesbiese ouers en hul kinders (Marks, 2012:749). In die lig hiervan meen die navorser dat hierdie studie ‘n bydrae lewer tot die verkenning en beskrywing van die adolessente en hul ouers se ervaring van die adolessente se ontwikkeling van ‘n sin vir self binne die lesbiese ouerhuis, asook tot die daarstelling van riglyne om ouers in hierdie verband te ondersteun en te begelei.

## 1.2 NAVORSINGSVRAE

Vanuit die probleemstelling word die volgende navorsingsvraag geformuleer.:

- Watter nuwe riglyne kan geformuleer en saamgestel word vir lesbiese ouers rakende hulpverlening aan adolessente vir hulle gesonde ontwikkeling van ‘n sin vir self binne die unieke gesinsdinamika?

Verdere subvrae wat hieruit voortspruit is:

- Watter normatiewe perspektiewe bied die hermeneutiese wisselwerking tussen die pastoraal-teologiese antropologie (basisteorie) en Gestaltteorie (paradigmatiese perspektief) aan die adolessent se ontwikkeling van die sin vir self binne die lesbiese ouerhuis?

- Watter perspektiewe word deur ander verwante wetenskappe gebied ten einde ʼn beter idee te kry van die gaygesin (met spesifieke verwysings na

lesbiese verhoudings), die adolessent se ontwikkelingstadium en die sin vir self?

- Hoe ervaar lesbiese ouers en adolessente die adolessent se ontwikkeling van die sin vir self binne die lesbiese ouerhuis?

## 1.3 DOELSTELLING EN DOELWITTE

### 1.3.1 Doelstelling

Die volgende doelstelling is vir hierdie studie geformuleer:

- Om riglyne vir lesbiese ouers saam te stel rakende hulpverlening aan adolessente vir hulle gesonde ontwikkeling van ŉ sin vir self binne die unieke gesinsdinamika.

### 1.3.2 Doelwitte

Die volgende doelwitte is vir hierdie studie geformuleer:

- Om vas te stel wat die hermeneutiese wisselwerking tussen die pastoraal-teologiese antropologie (basisteorie) en Gestaltteorie (paradigmatiese perspektief) bied aan die adolessent se ontwikkeling van die sin vir self binne die lesbiese ouerhuis.

- Om deur ŉ literatuurstudie, wat die meta-teoretiese velde van verskeie verwante wetenskappe insluit, 'n teoretiese raamwerk daar te stel om ŉ beter idee te kry van die gay-gesin (met spesifieke verwysings na lesbiese verhoudings), die adolessent se ontwikkelingstadium en die sin vir self.

- Om deur empiriese navorsing die ervaring van lesbiese ouers en adolessente rakende die adolessent se ontwikkeling van die sin vir self binne die lesbiese ouerhuis te ondersoek en te beskryf.

- Om riglyne vir lesbiese ouers saam te stel rakende hulpverlening aan adolessente ten einde vir hulle ’n gesonde ontwikkeling van ’n sin vir self binne die unieke gesinsdinamika daar te stel.

## 1.4 VOORBEREIDING VIR DATA-INSAMELING

‘n Literatuurstudie van Suid-Afrikaanse en internasionale literatuur is onderneem om kennis in te win van verbandhoudende navorsing wat die studie ondersteun (Delport & Fouché, 2011:302). Hierdie literatuurstudie is onderneem om inligting te bekom rondom die hoofkonsepte van die studie, naamlik: die sin vir self, adolessensie, lesbiese ouerhuis, die pastoraat, teologiese antropologie, die narratiewe en Gestaltbenaderings.

Hoewel die navorser gepoog het om die mees resente bronne te raadpleeg, het sy ook van gedateerde bronne gebruik gemaak, omdat baie van die teorie vanuit oorspronklike literatuur belangrik is.  Die Gestaltbenadering van Fritz Perls, die narratiewe benadering van White en Epson, en die psigososiale ontwikkelingsteorie van Erik Erikson is gedurende die vorige eeu ontwikkel. In hierdie verband het die navorser die ouer bronne doelgerig benut om hierdie teorieë te ondersoek en te omskryf. Belangrike ontwikkelinge en bydraes is oor die eeue binne die teologie en pastoraat gemaak; daarom is die navorser van mening dat gedateerde teologiese bronne steeds relevante inligting rakende die uitgangspunte en oortuigings binne die Christelike geloof is. Navorsing in verband met lesbiese ouerskap het in die tagtigerjare ontstaan en sedertdien progressief ontwikkel. Ten einde ‘n groter geheel van die fenomeen te bekom, het die navorser ook kennis geneem van ouer literatuur in hierdie verband.

Vakreferente by die Universiteit van die Vrystaat en Noordwes Universiteit is gebruik om hulp te verleen ten opsigte van die identifisering van bronne en die insameling van relevante en toepaslike inligting. Sodoende is toepaslike bronne op die internet geraadpleeg, vakkundige tydskrifartikels wat betrekking het op die hoofkonsepte van hierdie studie is bestudeer, en addisionele literatuur is ook geraadpleeg as agtergrond vir die studie en ter voorbereiding van die onderhoudskedules vir die

semi-gestruktureerde onderhoude. Die literatuurstudie stel die navorser in staat om ‘n raamwerk daar te stel vanwaar navorsing uitgebrei en gerig kan word.

**1.5 NAVORSINGSMETODOLOGIE**

Dit is egter belangrik om in die bestudering en besinning van adolessente se ontwikkeling van ‘n sin vir self binne ‘n lesbiese ouerhuis, te besef dat akademiese dissiplines ‘n dominante invloed uitoefen op die wyse waarop die lewe en bepaalde situasies of fenomene beskou of oor nagedink word (Fourie, 2010:7). Du Plessis (2011:314) sluit hierby aan en wys in hierdie verband dat elke vakdissipline begrens word deur die bepaalde studieveld; derhalwe is geen wetenskaplike studie in staat om ‘n totale werklikheid te konstrueer nie. Alle wetenskaplike dissiplines gee dus ‘n abstrakte denkbeeld of ‘n vreemde rekonstruksie van die werklikheid, wat bepaalde beperkinge impliseer (Du Plessis, 2011:314). Müller (2004:300) meen dat dit bevrydend is om te besef dat die interpretasie en verstaan van die werklikheid beïnvloed word deur die wetenskaplike dissipline waaruit dit bestudeer word, die kultuur en sosiale omstandighede waarbinne dit plaasvind, en die spesifieke tydsgees waarin dit afspeel, want sodoende ontstaan die behoefte om ook vanuit ander perspektiewe dieselfde werklikheid te beskou.

Die behoefte aan veelvuldige perspektiewe oor diesefde werklikheid het daartoe aanleiding gegee dat rigiede, vasgestelde grense tussen dissiplines afgebreek word om vloeibaarheid en deursigtigheid tussen verskillende dissiplines te bewerk (Giri, 2004:346). Volgens Van Huyssteen (2006:9) vra die vervaging van grenslyne tussen die verskillende dissiplines na ‘n interdissiplinêre benadering. Du Plessis (2011:315) wys daarop dat ‘n interdissiplinêre benadering nie beteken dat die identiteit, studieterrein, metodiese styl en unieke kognitiewe sisteem van die verskillende dissiplines verlore gaan nie, maar dat dit eerder deur die betrokke komponente verryk en gerelativeer word. Die navorser is van mening dat die adolessent se ontwikkeling van ‘n sin vir self binne ‘n lesbiese ouerhuis ‘n komplekse proses is wat holisties beskou moet word en derhalwe is ‘n interdissiplinêre benadering vir hierdie studie gevolg, ten einde ‘n meer omvattende en beskrywende beeld van die fenomeen weer te gee.

Van den Berg (2010:16) wys daarop dat die interaksie tussen verskillende dissiplines binne ‘n interdissiplinêre benadering met sensitiwiteit hanteer moet word, ten einde te verseker dat daar nie ‘n geforseerde gesprek plaasvind nie. In hierdie lig blyk dit vir die navorser nodig te wees om ‘n rasionaal aan te bied vir die keuse van die verskillende dissiplines wat binne hierdie studie in gesprek sal tree. Die navorser stem saam met Du Plessis (2011:313), wat meen dat die rol van rasionele denke deur rasionaliste oordryf word, en daarom vind hulle die beginpunt van wetenskap in die menslike denke self. Hiervolgens kan wetenskaplike formulerings oor die werklikheid gelykgestel word aan dié werklikheid, wat inderwaarheid die werklikheid beperk en afwater (Müller, 2006:2). Vanuit so ‘n rigiede vertrekpunt is dit onmoontlik vir ‘n interdissiplinêre gesprek om plaas te vind. Eers wanneer daar besef word dat rasionele logika nie genoeg is om ‘n betroubare insig in ‘n dinamiese werklikheid te gee nie, kan verskillende dissiplines met mekaar in ‘n vrugbare gesprek tree ten einde ‘n meer holistiese en betroubare konstruksie van die werklikheid te konstrueer (Van Huyssteen, 2006:9). Langs hierdie weg erken verskillende dissiplines dat hulle slegs ten dele ken, en dat hulle deur middel van ‘n interdissiplinêre benadering groter betroubare kennis – wat meer as bloot logiese waarheid is – kan bekom (Müller, 2011:3).

In hierdie verband vind die navorser haarself tuis in Du Plessis (2011:313) se mening dat hierdie gedeeltelike kennis net aangespreek kan word in die geloof dat God alleen alle dinge ken soos dit is, gaan word en sal verdwyn. Die navorser glo verder, soos Louw (1999:23), dat die mens en die sin van die lewe alleenlik verstaan kan word binne die groter verhaal van die lewe waarvan God die outeur is, en derhalwe beskou sy ‘n praktiese teologiese posisionering as ‘n geskikte vertrekpunt vir hierdie studie. Die teologie, waarvan praktiese teologie of die pastoraat deel is, verduidelik God se handelinge met die mens en gebruik die Bybel as kernbron wat in die praktyk geïnterpreteer en geïmplementeer word (Fourie, 2008:102). Die wetenskaplike aard van die Pastoraat verskil van die ander sosiale wetenskappe (Du Plessis, 2011:313).

Müller (2011:1), Pietersen (2010:104) en Ganzevoort (2004:2) wys daarop dat daar ‘n ontwikkeling binne die praktiese teologie plaasgevind het wat die Pastoraat en

kontemporêre situasies met mekaar in gesprek bring, ten einde ‘n meer konteksgerigte pastorale benadering te bewerkstellig. Müller (2006:2; 2011:3) verwys na hierdie ontwikkeling as postfundamentele teologie, en beskryf dit aan die hand van die metafoor van lente soos volg:

> Dit is ‘n teologie verby die fundamentele en duskant die relativistiese; tussen-in die reglynigheid van ortodoksie en ortopraksie; tussen sekerheid en angs; duskant reg en verkeerd; kontekstueel; by mense.

Binne die postfundamentele teologie kan Godsdiens dan beskou word as ‘n kultuur of taal wat ‘n gemeenskapsfenomeen is, en teologie kan vergelyk word met die grammatika van die godsdienstige taal. Teologie handel derhalwe nie oor ‘n aantal belydenisse nie, maar dit word ‘n taal wat binne ‘n kultuur gebruik kan word om uitdrukking te gee aan individuele, subjektiewe ervaringe (Müller, 2006:3). Van den Berg (2006:172) sluit hierby aan en meen dat kontekstualiteit op die bogenoemde wyse die eensydige perspektief van teoretiese waarheid deurbreek, en die klem plaas op die werklikheid dat individue saam met ander individuele mense leef binne konkrete omstandighede en kontekste. Binne die pastorale-antropologiese perspektief word die mens binne bepaalde kontekste beskou vanuit die ontmoeting en kommunikasiegebeure tussen God en die mens, asook vanuit die uitwerking wat die proses op die verstaan van die mens het (De Beer, 2009:54; Louw, 1999a:5).

Müller (2006:4) waarsku egter dat daar vanuit ‘n pastorale-antropologiese perspektief gewaak moet word teen lineêre denke wat die teologie van die teks na die konteks beweeg, en daar moet eerder gefokus word op sirkulêre denke: konteks-teks-konteks. Dan sal die pastoraat daarin slaag om by mense te hoor hoe hulle hulself ervaar en nie probeer om hulle vanuit tekste voor te skryf oor hoe hulle hulself en God behoort te ervaar nie. Smith en Yong (2010:157) sluit hierby aan, en meen dat die pastoraat juis in die verband baat vind by die gesprekvoering met ander dissiplines om die verstaan van die mens uit ander vakgebiede ook te verlig. Die outeurs is van mening dat die deelname aan ‘n interdissiplinêre gesprek kan lei tot die ontdekking van belangrike nuwe insigte, wat navorsers in staat kan stel om individue en samelewings te transformeer en te laat besef dat die lewe nie staties is nie, maar dinamies (Smith & Yong, 2010:157). Die navorser besef die waarde van

so ‘n interdissiplinêre gesprek, en het daarom besluit om vanuit die pastorale-antropologie as basisteorie in gesprek te tree, met die Gestaltbenadering as paradigmatiese perspektief om die ervaring van adolessente en hul lesbiese ouers rakende die ontwikkeling van die adolessente se sin vir self, verder te verlig.

Die navorser het die Gestaltbenadering as geskik vir hierdie studie beskou, omdat die Gestaltbenadering ‘n holistiese benadering is wat die mens in sy hele veld van funksionering benader. Die adolessente se beleweniswêreld is in die hier-en-nou, en hul verhouding met die fenomeenveld vorm deel van hul bewustheidsvoorgrond (Yontef, 2001:1). Die adolessente se ervaring van hul ontwikkeling van ‘n sin vir self kan deur die Gestaltbenadering na die hier-en-nou gebring word, ten einde te bepaal watter unieke invloed hul lesbiese ouerhuis op die self het. Vanuit die Gestaltbenadering kan die self nie buite die veld verstaan word nie, maar word eerder gesien as ‘n ontwikkelende funksie van die altyd veranderende web van verhoudings (Woldt & Toman, 2005:27).

Die navorser stem saam met Delport (2011:12) dat, alhoewel die Gestaltbenadering en die narratiewe benadering vanuit verskillende dissiplines ontstaan het, daar bepaalde ooreenkomste tussen die twee benaderings waargeneem word. Die navorser bespreek die ooreenkomste tussen die benaderings in Hoofstuk 2. Wat hier van belang is, is dat die Gestaltbenadering en die narratiewe benadering komplimenterend aangewend word in hierdie studie om sodoende die ervaring van die adolessente binne die unieke gesinsdinamika van hul lesbiese ouerhuise te ondersoek en te omskryf. Dit is egter vir die navorser belangrik om uit die staanspoor van hierdie studie daarop te wys dat die Gestaltbenadering en die narratiewe benadering slegs aangewend gaan word om die ervaringe en narratiewe van adolessente in lesbiese ouerhuise met betrekking tot die ontwikkeling van hul sin vir self te verken en te beskryf. Die genoemde benaderinge gaan nie in hierdie studie terapeuties aangewend word nie, maar sal behulpsaam wees in die daarstelling van riglyne aan ouers en pastorale beraders ten einde hulp te verleen vir die gesonde ontwikkeling van ‘n sin vir self aan adolessente in lesbiese ouerskapverhoudings.

Die navorser stem saam met Du Plessis (2011:321), Pieterse (2010:105) en Bezuidenhout en Janse van Rensburg (2006:19) dat die interdissiplinêre gesprek met versigtigheid begelei moet word, omdat die verskillende dissiplines hul vertrek uit uiteenlopende historiese kontekste verkry. So wys Du Plessis (2011:319) daarop dat die modernisme en postmodernisme aanhangers is van sekularisasie en sodoende die anti-metafisika omhels. Dit beteken ondermeer dat die postmodernisme met weglating van die bonatuurlike en metafisiese, slegs op die natuur (naturalisme) en die mens (humanisme) terugval. Bezuidenhout en Janse van Rensburg (2006: 23) sluit hierby aan, en meen in hierdie verband dat daar geen absolute waarheid oorbly nie en dat die subjek/objek-perspektief op hierdie wyse verruil word vir ‘n dinamiese intersubjektivisme. Met die relativisme en sekularisme in gedagte, ontstaan die kritiese vraag of dialoog en gesprekvoering hoegenaamd tussen die Teologie en ander wetenskaplike dissiplines moontlik is?

Osmer (2008:164-173) het ‘n belangrike bydrae gelewer in die beantwoording van die bogemelde vraag, deur die onderskeiding van drie moontlike modelle, naamlik die korrelasie, die transformasie en die transversale benadering, ten einde ‘n interdissiplinêre gesprek in praktiese teologie moontlik te maak. Die benaderings gaan vervolgens oorsigtelik bespreek word:

- *Die korrelasie benadering* - beeld die gesprek tussen teologie en ander dissiplines uit as een van wedersydse invloed (Osmer, 2008;164).

- *Die transformasie benadering* – beeld die gesprek tussen teologie en ander dissiplines uit as ‘n gesprek tussen gesprekvoerders wat verskillende tale praat. Dit wat van die ander dissipline geleer word, moet getransformeer word om binne die konteks van die betrokke dissipline in te pas (Osmer, 2008:167).

- *Die transversale benadering* – beeld die gesprek tussen die teologie en ander dissiplines uit as ‘n dinamiese begrip tussen die onderskeie dissiplines. ‘n Transversale benadering is persoon- en perspektiefspesifiek en ondersoek die oorvleueling van areas, met spesifieke fokus op die dialoog tussen spesifieke persone of perspektiewe van belang (Osmer, 2008:170).

Die navorser is van mening dat die laasgenoemde, naamlik die transversale benadering, die mees geskikte benadering sal wees om die interdissiplinêre gesprek binne hierdie studie te fasiliteer. Pieterse (2010:105) waarsku egter verder dat daar binne hierdie ontwikkeling van die praktiese teologie, vanuit ‘n interdissiplinêre, postmodernistiese benadering, ook die gevaar lê dat navorsers nie oor ‘n deeglik-geformuleerde en deurdagte teologiese-teoretiese raamwerk beskik om hul navorsing uit te voer nie. Sonder ‘n teoretiese raamwerk is dit bykans onmoontlik om die navorsingsverslag te volg en te interpreteer (Pieterse, 2010:105). Immink (2005:2) sluit hierby aan, en wys daarop dat ‘n teoretiese raamwerk vir enige navorsing uiters noodsaaklik is, omdat dit die basis vorm vanwaar die navorser wetenskaplike konstrukte en aannames konseptualiseer en evalueer.

Die navorser wil met hierdie studie die fenomeen van adolessente se ontwikkeling van ‘n sin vir self binne die unieke dinamika van ‘n lesbiese ouerhuis ondersoek, in die lig van die pastoraat wat te make het met God se heilshandelinge, wat in bepaalde ontmoetingsgestaltes na vore tree (Cilliers, 2009:628). Osmer (2006:328) het ‘n nuwe begrip en ontwikkeling binne die pastoraat sigbaar gemaak, en beskryf dit as: “*constructs acting-guiding theories of Christian praxis in particular social context”.* Hiervolgens beskou Osmer (2006:328) die interaksie tussen die navorser en die objek wat nagevors word as ‘n hermeneutiese proses, waarin die navorser gelei kan word tot nuwe ontdekkings en ‘n nuwe verstaan van die fenomeen. Hierdie nuwe horisonne kan alleen bereik word indien die navorser bereid is om in dialoog te tree met eie vooropgestelde idees en die mense, objekte en tekste wat geïnterpreteer word.

Die navorsingsmetode wat hierdie navorsing die beste sal dien, is 'n kombinasie van Richard Osmer (Osmer, 2008:11) se praktiese teologie interpretasie en Rolf Zerfass (Zerfass, 1974:166) se metodologiese model.

- *Zerfass se metodologiese model* (Zerfass & Greindche, 1976:63-95; Zerfass, 1974:164-177) tref onderskeid tussen ’n *basisteorie*, *metateorie* en *praktykteorie*. Die *basisteorie* is die resultate van prakties-teologiese

teorievorming deur Skrifondersoek oor die navorsingsonderwerp, die *metateorie* behels die bydrae wat metateoretiese insigte tot die navorsingsonderwerp kan lewer, en die *praktykteorie* word gevorm deur die wisselwerking tussen die basisteorie en meta-teorie (De Wet, 2006:73, Heitink, 1999:113; Heyns & Pieterse, 1998:34-35; Zerfass & Greindche, 1976:63-95; Zerfass, 1974:164-177). Volgens Zerfass se model kan daar vanuit ŉ bepaalde praxis beweeg word tot nuwe teorievorming, wat weer tot ŉ nuwe praxis kan lei (Heyns & Pieterse, 1998:34-35). Vanuit die prakties-teologiese verhouding tussen die Skrif, teorie en praxis kan daar dus van die een praktyk (praxis 1) metodologies beweeg word om ŉ nuwe praktyk (praxis 2) daar te stel (Zerfass, 1974:166).

- *Osmer se model* bestaan uit vier prakties-teologiese take wat gesamentlik 'n hermeneutiese sirkel vorm (Smith, 2010:2; Osmer, 2008:11). Osmer se model begelei die navorser deur die navorsing met vier vrae (Osmer, 2008:4), naamlik: Wat gebeur?; Hoekom gebeur dit?; Wat behoort te gebeur?; Hoe behoort ons op te tree? Hierdie vrae begelei die navorser weer om te fokus op die vier kerntake van praktiese teologiese navorsing, naamlik: 1) die beskrywende- empiriese taak; 2) die interpreterende taak; 3) die normatiewe taak; en die 4) pragmatiese taak (Osmer, 2008:4). Volgens Osmer (2006:328-329) word hierdie vier kerntake geïdentifiseer om ŉ studie van sosiale fenomene binne die praktiese teologie te onderneem.

Hoewel Osmer (2006:328-329) die vier prakties-teologiese take individueel onderskei, is hulle ook baie nou verweef tot 'n interpreterende spiraal, waarin al die take die heeltyd in verhouding met mekaar staan en mekaar aanvul. Die navorser kan derhalwe tydens die verloop van die navorsingsproses heen en weer tussen die take beweeg sonder enige spesifieke volgorde.

In die daarstel van ŉ navorsingsmetode, ten einde die doelstelling van die navorsing te bereik (in aansluiting by die vier vrae van Osmer en die wisselwerking tussen

hierdie vrae), het die navorser egter die volgende volgorde gevolg in die kombinering van Osmer (2008:4) en Zerfass (1974:166) se navorsingsmodelle:

### 1.5.1 Die normatiewe taak

Osmer se normatiewe taak korreleer in baie opsigte met die model van Zerfass, waarin ’n basisteorie geformuleer moet word (De Wet, 2006:73). Volgens Osmer is hierdie taak “a matter of divine disclosure and theological interpretation” (Osmer, 2008:135) en behels dit ’n “disciplined way of seeking God’s guidance and sorting out what ought to be done in particular episodes, situations, and contexts” (Osmer, 2008:138). Binne die normatiewe taak lê die fokus op die vraag: *“Wat behoort in die praktyk te gebeur?”* Volgens Osmer (2008:129-174) behels die normatiewe taak om normatiewe inspraak te gee vanuit die Skrif as profetiese onderskeiding. Osmer (2008:161) beskou die normatiewe taak as drieledig: Eerstens behels die teologiese interpretasie die gebruik van bepaalde teologiese konsepte om sekere situasies, episodes en kontekste te interpreteer. Tweedens behels die etiese interpretasie die gebruik van etiese beginsels, reëls en riglyne om die navorsingsaksie te rig en te lei. Derdens behels goeie praktyk die ontdekking en herontdekking van modelle, gebruike en tradisies wat normatiewe leiding kan gee in die hede. Die praktiese teologie sal ook in gesprek tree met ander teologiese en etiese dissiplines om die hermeneutiese wisselwerking in verband te bring met die Wysheid van God (Osmer, 2008:162). Hierdie taak het ten doel om die basisteorie en paradigmatiese perspektief in ‘n omvattende raamwerk te plaas, soos in hierdie studie uiteengesit in Hoofstuk 2.

### 1.5.2 Die interpreterende taak

Osmer se interpreterende taak korreleer met die model van Zerfass, waarin die metateorievorming saamgestel word deur ‘n analise van die huidige situasie en die verkryging van kennis van ander wetenskappe om sodoende ‘n duidelike beeld van die werklikheid te verkry (De Wet, 2006:73). Die interpreterende taak (Osmer, 2008:114-123) probeer verstaan wat die oorsake is wat tot die huidige situasie aanleiding gegee het. Die taak word beskryf aan die hand van die vraag: *“Waarom is dit aan die gang?”* Binne hierdie taak soek die navorser na redes vir die onstaan en bestaan van die fenomeen wat in die beskrywende empiriese taak verken en beskryf

is. Volgens Osmer (2008:114) is die sleutel-aspek binne die interpreterende taak om ‘n teoretiese raamwerk waaruit die studie gerig kan word, daar te stel. Ten einde die teoretiese raamwerk te bepaal, is die volgende drie aspekte van belang (Osmer, 2008:114-123): Eerstens moet die navorser die fenomeen identifiseer, assesseer en konseptualiseer. Tweedens is dit noodsaaklik dat die dissiplinêre perspektiewe binne die fenomeen geïdentifiseer word en die invloed daarvan binne die sosiale konteks bepaal word. Derdens moet die hoofkonsepte van die fenomeen geïdentifiseer en geëvalueer word. Volgens Osmer (2008:81) behels die interpreterende taak om met skrander wysheid die data te interpreteer. Dit behels die interpretering van die huidige situasie asook die gee van wyse leiding, wat sal help om sin te maak van bepaalde lewensituasies (Osmer, 2008:82). Die teoretiese interpretasie dui op die vermoë “to draw on theories of the arts and sciences to understand and respond to particular episodes, situations, and contexts” (Osmer, 2006:83). Volgens Osmer (2008:85) is wyse oordeel, morele sin en ŉ goeie begrip van teorieë uit die aangrensende wetenskappe nodig om hul bydrae te beoordeel vir die realisering van teologies-morele oplossings.

Die interpreterende taak behels dus dat die praktiese teologie met ander dissiplines in gesprek tree, soos in die geval van hierdie studie met die psigologie binne die menswetenskappe. Kennis van albei die wetenskappe word erken. Sodoende ontstaan daar ‘n werklike verbinding, maar die wetenskappe bly onafhanklik van mekaar bestaan (De Klerk *et al*., 2012:4). Volgens De Ruijter (2005:77) kan hierdie verhouding asimmetries genoem word, omdat die teologiese perspektief die mees verstrekkende perspektief bly.

In hierdie navorsing is 'n literatuurstudie vanuit die psigologie gedoen om vorige navorsing met betrekking tot die fenomeen of situasie te ondersoek en ŉ interpreterende perspektief daar te stel. Hierdie taak het dus ten doel om die empiriese navorsing in ‘n omvattende teoretiese raamwerk te plaas, soos in hierdie studie uiteengesit in Hoofstukke 3 en 4.

### 1.5.3 Die beskrywende-empiriese taak

Die beskrywende-empiriese taak in Osmer se model stem baie ooreen met die navorsingsmodel van Zerfass (praxis 1), waar ’n metateorie geformuleer moet word om vas te stel wat die huidige situasie of praxis is (De Wet, 2006:73). Die beskrywende-empiriese taak word verwoord deur te vra: *“Wat is aan die gang?”* Volgens Osmer (2008:39) behels dit “investigating particular episodes, situations, and contexts”. Ten einde hierdie vraag te beantwoord, is dit nodig om inligting in te samel om ‘n duidelike beeld te konstrueer van adolessente en hul lesbiese ouers se ervaring van die adolessente se ontwikkeling van ‘n sin vir self binne hul unieke gesinsdinamika. Volgens Osmer (2008:34) is die sleutel-aspek binne hierdie taak om op so ‘n wyse betrokke te raak by die mense wie se leefwêreld deur die navorsingsproses betree word, dat die navorser met openheid, aandagtigheid en gebed haarself sal oopstel om werklike insig en begrip vir hul realiteit te bekom. Dit behels om op ’n priesterlike wyse te luister en aandag te skenk aan die huidige situasie of praxis binne die teenwoordigheid van God (Osmer, 2008:31-78). Hierdie benadering skep die atmosfeer vir ‘n “I-Thou” ontmoeting tussen die navorser en die deelnemers, wat verder verlig word deur die teenwoordigheid en leiding van die Heilige Gees. Osmer (2008:59) waarsku dat die navorser versigtig moet wees om nie binne die deskriptiewe-empiriese taak reeds interpretasies te maak op grond van die navorser se persoonlike persepsies, denke en gevoelens rondom die vreemde leefwêreld waaroor inligting, begrip en insig bekom wil word nie. Die beskrywende empiriese taak behels ’n kwalitatiewe benadering vir die doel van hierdie studie (soos beskryf in punt 1.6) en word in Hoofstuk 5 uiteengesit.

### 1.5.4 Die pragmatiese taak

Die pragmatiese taak van Osmer (2008:176) behels die formulering van ‘n strategie vir die oplossing van die probleem wat in die empiries-beskrywende taak geformuleer is. Die pragmatiese taak korreleer met die model van Zerfass, waarin die basisteorie, metateorie en kwalitatiewe navorsing 'n nuwe teorie skep om te beweeg van praxis 1 na praxis 2, en praktyk-teoretiese riglyne geformuleer moet word (De Wet, 2006:73). Binne die pragmatiese taak integreer die teorie met die praktyk, om sodoende nuwe oplossings en moontlikhede te skep. Volgens Osmer (2008:11) vind die prakties-teologiese interpretasie meer in die vorm van ‘n spiraal

as ‘n sirkel plaas. Die vraag word gestel: *“Hoe en wat gaan dit laat gebeur wat veronderstel is om aan te gaan?”* Hierdie taak wil aksiestrategieë bepaal wat ‘n invloed binne die bepaalde konteks sal uitoefen. Volgens Osmer (2008:176) behels die pragmatiese taak die “forming and enacting (of) strategies of action that influence events in ways that are desirable”. Die pragmatiese taak sal die normatiewe perspektiewe implementeer na aanleiding van die inligting wat deur die interpreterende taak versamel en deur die beskrywende-empiriese taak bevestig is. Volgens Osmer (2008:175-218) behels die pragmatiese taak om dienende leiding te gee ten opsigte van die praktyk. Osmer (2008:185) gebruik Jesus se voorbeeld van Dienskneg-Leierskap as die mees geskikte model om verandering te fasiliteer. Jesus, die Koning van alle konings, het nie alleen die gestalte van ‘n dienskneg aangeneem nie, maar die werk van ‘n dienskneg volbring om die wêreld te verander. Die navorser bevind haarself tuis binne hierdie uitgangspunt, en is van mening dat dit in werklikheid die enigste gesindheid is wat ware verandering, groei en ontwikkeling in enige konteks kan fasiliteer. Na die verloop van 2000 jaar is Jesus se voorbeeld as Dienskneg-Koning steeds nuut, relevant en lewensveranderend.

In Hoofstuk 6 sal riglyne, waarvolgens hulpverlening behoort te geskied, deur ŉ hermeneutiese interaksie tussen die normatiewe perspektiewe, interpreterende perspektiewe, en die bevindinge van die kwalitatiewe ondersoekdaargestel word.

## 1.6 NAVORSINGSBENADERING

Thomas (2011:26) vergelyk die navorsingsontwerp met ‘n argitektoniese struktuur. Dit is inderwaarheid die beplanning vir die insameling en organisering van data, ten einde die navorsingsbevindinge te bekom en die gestelde doelstellings te bereik (Holzbaur *et al*., 2012: 34; Thomas, 2011:33). Dit omskryf dus die prosedures van data-insameling wat gevolg word, met ander woorde hoe, waar, wanneer en met wie die navorsing uitgevoer word ten einde die nodige data in te win.

### 1.6.1 Kwalitatiewe navorsing

Die kwalitatiewe benadering is vir die doel van hierdie studie gevolg. ‘n Kwalitatiewe studie is daarop gerig om aspekte te verstaan eerder as om ‘n verklaring te bied; om

aspekte waar te neem eerder as om gekontroleerde meting te doen. Dit behels verder die subjektiewe eksplorering van die onderwerp van die realiteit van ‘n persoon wat met ‘n “probleem” gekonfronteer word, eerder as die mening van ‘n buitestander (Duncan & Townsend, 2008:21; Swartz *et al*., 2008:21; Garbers, 1996:291).

Volgens Silverman (2001:32) kan geesteswetenskaplike verskynsels moeilik in terme van kwantitatiewe parameters gemeet word. In teenstelling hiermee val die klem in kwalitatiewe navorsing op die poging om ‘n wêreld te verstaan wat nie in terme van syfers en statistiese berekeninge verklaar kan word nie (Badenhorst, 2010:92). Die basiese onderskeid tussen ‘n kwantitatiewe benadering en kwalitatiewe benadering sou volgens Badenhorst (2010:23) en Du Plooy (2007:35) soos volg gestel kan word:

- Kwantitatiewe navorsers fokus op ‘n absolute waarheid of realiteit, wat meer geformaliseerd en eksplisiet gekontroleerd is, met ‘n presies-afgebakende reikwydte en wat relatief na aan die natuurwetenskaplike benadering geleë is. Kwalitatiewe navorsers glo dat daar verskillende realiteite en waarhede is, wat bepaal word deur die betekenis en interpretasies daarvan. Kwalitatiewe benaderings se prosedures is nie so streng geformaliseer en geëkspliseer nie, terwyl die reikwydte ook meer grensloos is en daar op ‘n meer filosoferende wyse te werk gegaan word.

- Kwantitatiewe navorsing fokus op kleiner dele van die groter geheel, terwyl kwalitatiewe navorsing poog om ‘n meer holistiese benadering te volg.

- Volgens die kwantitatiewe paradigma behoort die navorser ‘n nie-interaktiewe houding in te neem om sodoende vooroordeel uit te skakel. Die kwalitatiewe navorser daarenteen verdiep hom-/haarself in die betrokke fenomeen in ‘n poging om dit te verstaan en te beskryf.

- Die klem van kwantitatiewe navorsing val dus op die grootte van die steekproef, die kwantifisering van respondente se response en die statistiese

verwerking daarvan. In teenstelling hiermee, val die klem in kwalitatiewe navorsing op die poging om 'n wêreld te verstaan wat nie in terme van syfers of statistiek verstaan kan word nie.

Kwalitatiewe navorsing is derhalwe meer geskik vir navorsing aangaande die menslike belewenis van bepaalde situasies. Kwalitatiewe navorsing is ook 'n metode om die unieke, dinamiese en holistiese natuur van die mens te ondersoek en te begryp (Mouton, 2012:161; Du Plooy, 2007:35). McMillan en Schumacher (2001:396) wys verder daarop dat kwalitatiewe navorsing die navorser in staat stel om die gedrag en gevoelens van deelnemers te verstaan, wat tot beter begrip van die lewenservarings, opinies en optredes van deelnemers lei. Volgens hierdie skrywers (McMillan & Schumacher, 2001:396) is dit 'n sistematiese, subjektiewe benadering wat gebruik word om mense in ware lewensituasies te beskryf en betekenis aan hul lewenservarings te gee. Hierdie studie het gepoog om insig in sowel die gekonstrueerde leefwêreld van adolessente in lesbiese ouerhuise as hul lesbiese ouers in te win, en derhalwe is kwalitatiewe navorsing as die mees gepaste benadering gebruik.

Die doel van kwalitatiewe navorsing is verder om betekenisvolle patrone en ryk beskrywings vanuit die deelnemer se leefwêreld te verkry; daarom word sekere fenomene binne 'n bepaalde konteks ondersoek (Badenhorst, 2010: 92; Silverman, 2001:32). Kwalitatiewe navorsing is gemoeid met alledaagse gebeure soos wat dit deur die individu ervaar en gekonstrueer word, ten einde beter begrip vir die natuurlike leefwêreld van die respondent te verkry (Wevers & Steyn, 2002:206). Ruben en Babbie (2001:388) stel dit eenvoudig: as jy iets wil weet van iets – gaan net daar waar dit gebeur, ondervind dit en, indien moontlik, neem deel daaraan. 'n Verdere rede waarom 'n kwalitatiewe benadering vir hierdie studie gebruik word, is omdat die ontwikkeling van adolessente se sin vir self nie in isolasie plaasvind nie, maar binne die konteks van 'n bepaalde omgewing, met unieke verhoudings en ervarings. Om beter begrip en insig in hul ontwikkeling van die sin vir self te bekom, is dit dus vir die navorser noodsaaklik om hul unieke leefwêreld te betree. Die kwalitatiewe benadering, wat gewoonlik ontvou by wyse van gesprekvoering en onderhoude, het so 'n toetrede moontlik gemaak. Mason (2002:225) beskryf hierdie toetreding by wyse van gesprekvoering soos volg:

> Interview methodology begins from the assumption that it is possible to investigate elements of the social by asking people to talk, and to gather or construct knowledge by listening and interpreting what they say and how they say it.

In hierdie gesprekvoering wentel die proses om "*asking, listening and interpreting"* (Kvale & Brinkman, 2009:1; Mason, 2002:225). Deur as deelnemer en waarnemer semi-gestruktureerde onderhoude tydens die gevallestudies te onderneem, kon die navorser kennis en insig verkry rondom hoe lesbiese ouerhuise funksioneer en adolessente se sin vir self binne die unieke gesinsdinamika ontwikkel. Volgens Kvale en Brinkman (2009:2) kan daar binne hierdie raamwerk gebruik gemaak word van vrae en ander hulpmiddels om sowel die adolessente as hul lesbiese ouers te help om hul ervarings, emosies en verhale na vore te bring, en terselfdertyd ook die belangrike aspekte waarin die navorsing geïnteresseerd is, aan te raak. Kwalitatiewe navorsing bied sodoende 'n diepgaande verstaan van die verskynsel deur intensiewe, oop soeke na die totaliteit van die probleem of verskynsel tesame met die verstaan en interpretasie daarvan (Fouché & Schurink, 2011:309; Du Plooy, 2007:34).

Volgens Henning (2005:67) word binne die kwalitatiewe benadering nie alleen ondersoek ingestel na die individu nie, maar ook na die individu se interpretasie en belewenis van die konteks waarin hy/sy leef. Getalle is van sekondêre belang (Silverman, 2000:8). Kwalitatiewe navorsing se waarde is nie, soos in die geval van kwantitatiewe studies, onderhewig aan 'n minimum getal onderhoude om so 'n statisties betroubare standaard daar te stel nie. Daar word eerder intensief met 'n paar deelnemers gewerk as oppervlakkig met baie persone (Du Plooy, 2007:34). Selfs 'n enkele gevallestudie waarvan die waarnemings noukeurig weergegee is, is binne doktorale studies aanvaar, sonder dat die betroubaarheid en geldigheid van die navorsing bevraagteken is (Brunsdon, 2006:193). In hierdie studie is nege adolessente uit ses lesbiese gesinne, asook die biologiese moeders en hul saamleefmaats, by die navorsing betrek.

### 1.6.2 Toegepaste navorsing

Toegepaste navorsing wat vir hierdie studie benut is, word deur Mouton (2012:138) beskryf as navorsing wat ten doel het om alledaagse lewensituasies te ondersoek en te verken, ten einde aanbevelings en oplossings te bied vir probleme wat deur ‘n spesifieke groep mense en in ’n spesifieke situasie beleef word. Hierdie tipe navorsing het ten doel om teoretiese insigte op werklike situasies toe te pas. Toegepaste navorsing is ook verkennend en beskrywend van aard. Volgens Ritchie en Lewis (2003:32) word verkennende navorsing gedoen in gevalle van swak gedefinieerde en moeilik verstaanbare probleme, asook in die geval van nuwe ontwikkelende probleme of fenomene. Die oop en generatiewe aard van die kwalitatiewe metodes laat ondersoek na bogemelde verskynsels toe. Verkennende navorsing hou in dat ‘n relatief onbekende en nuwe terrein, naamlik lesbiese gesinne en adolessente wat binne hierdie unieke gesinsdinamika grootword, deur die navorser verken is, sodat sy insig kon verkry en begrip kon verwerf rakende hoe hierdie fenomeen die ontwikkeling van genoemde adolessente se sin vir self beïnvloed.

Verkennende navorsing kan alleen suksesvol hanteer word indien die navorser bereid is om ontvanklik te wees vir nuwe idees en moontlikhede wat mag voorkom. Kvale en Brinkman (2009:74) benadruk die belangrike rol van die navorser in die navorsingsproses soos volg: “In interviewing, the importance of the researcher’s integrity is magnified because the interviewer him- or herself is the main instrument for obtaining knowledge.”

Verder noem Mouton (2012:152) dat navorsers nie mag toelaat dat vooropgestelde idees of persepsies die navorsing in ‘n bepaalde rigting stuur nie, maar navorsers moet hulself in die proses van verkenning oopstel vir nuwe idees, werklikhede en suggesties. Volgens Silverman (2001:270) is dit nodig dat die navorser ‘n rol van samewerking, vertroue en aanvaarding sal ontwikkel. Ten einde die onderhoude en gesprekvoering sinvol te laat verloop en optimaal te benut om insig in die fenomeen wat ondersoek word te verkry, behoort die navorser warmte, empatie, opregtheid, vertroue, respek, hoflikheid, begrip en integriteit teenoor die deelnemers uit te straal (Seal *et al*., 2004:113).

Ander aspekte waarmee die navorser moet erns maak, is interpersoonlike vaardighede en sensitiwiteit vir die persone wat deelneem aan die navorsing, selfs ten opsigte van lokaal en persoonlike ruimte (Brunsdon, 2006:195). Die navorser het te alle tye gepoog om haar eie geestelike oortuigings, verwysingsraamwerk, perspektiewe, verwagtinge, vooropgestelde idees, kennis en ervaring ter syde te stel ten einde met openheid en buigsaamheid die leefwêreld van sowel die adolessente as hul lesbiese ouers te betree. Die navorser was dus nie opsoek na "die waarheid" nie, maar wou eerder begrip kry vir die respondente se unieke ervarings, gevoelens en perspektief.

Die beskrywende aard van hierdie navorsing verwys na 'n volledige beskrywing van die ontwikkeling van adolessente se sin vir self binne 'n lesbiese ouerhuis. Met kwalitatiewe navorsing word 'n meer intensiewe studie van die verskynsel of fenomeen onderneem, hul diepere betekenis word gefasiliteer en die beskrywing daarvan is ook meer omvattend (Garbers, 1996:295; Mouton & Marais, 1990:46). Ritchie en Lewis (2003:27) beskryf die funksie van hierdie navorsing soos volg:

- Kwalitatiewe navorsing is kontekstueel/verbandhoudend en beskryf die aard van wat bestaan en hoe dit manifesteer.

- Kwalitatiewe navorsing is verduidelikend en ondersoek die rede vir, of assosiasies tussen, wat bestaan. Dit gaan oor hoekom die fenomeen ontstaan en bestaan.

- Kwalitatiewe navorsing is evaluerend en beoordeel die effektiwiteit van wat bestaan.

'n Gevallestudie is geïmplementeer as navorsingsontwerp. Volgens Fouche en Schurink (2011:320) is gevallestudies ideaal vir kwalitatiewe navorsing omdat dit geskik is om kontemporêre fenomene in ware lewensituasies te ondersoek. Die navorser het die gevallestudie gebruik om die adolessent se sin vir self binne gesinne met lesbiese ouers te ondersoek en te beskryf. Al die kwalitatiewe data in hierdie studie is in woorde weergegee en is geanaliseer in die vorm van individuele response wat verkry is, waarna dit in diepte beskryf is. Die betekenis wat aan die

data toegeken is, is verkry deur die deelnemers se ervarings en belewenisse te interpreteer.

Die holistiese en verduidelikende aard van kwalitatiewe navorsing het die navorser in staat gestel om op die deelnemer se totale leef- en betekeniswêreld te fokus by die interpretasie van die data (Badenhorst, 2010:147; Du Plooy, 2007:34) Die navorser het gepoog om dit wat na vore gekom het vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude en gesprekvoering rondom die collages, akkuraat en noukeurig te beskryf. Na aanleiding van die resultate en gevolgtrekkings van die data, is riglyne saamgestel wat die lesbiese ouers kan bemagtig om adolessente te help in die gesonde ontwikkeling van ‘n sin vir self binne hul unieke gesinsdinamika. Die navorser het ook hier beskrywend te werk gegaan. Die wyse waarop kwalitatiewe navorsing toepaslik gemaak is vir hierdie studie, word nou verder bespreek.

### 1.6.3 Betroubaarheid en geldigheid van kwalitatiewe navorsing

Betroubaarheid verwys na die mate van akkuraatheid van die navorsing. Dit kom in wese daarop neer dat ‘n meetinstrument presies dieselfde resultate in verskillende situasies moet verkry. Geldigheid dui weer op die mate waartoe ‘n meetinstrument presies meet wat dit veronderstel is om te meet (Holzbaur *et al.*, 2012:23). In kwalitatiewe navorsing is die navorser egter self die navorsingsinstrument, en beklemtoon dit daarom die noodsaaklikheid om die geldigheid en betroubaarheid van die studie te verseker. Die betroubaarheid en geldigheid in kwalitatiewe navorsing kan op verskeie maniere verseker word (Denzin & Lincoln, 2000:391). Navorsing wat op ‘n etiese korrekte manier uitgevoer is, vorm deel van die versekering van die geldigheid en betroubaarheid van die navorsing (Holzbaur *et al*., 2012:21).

Geldigheid in kwalitatiewe navorsing hou volgens Seale *et al*. (2004:410) verband met die mate waartoe waarnemings die fenomeen van belang reflekteer. Dit verwys verder na die mate waartoe bevindinge in ‘n studie die werklikheid weerspieël, asook hoe kongruent die bevindinge met die werklikheid is (Bloomberg & Volpe, 2008:86). Triangulasie is een manier om die geldigheid van ‘n studie te verseker (Tobin & Begley, 2004:392). Triangulasie verwys na die gebruik van verskeie metodes om die

bevindinge van navorsing te bevestig. Die kritiek op triangulasie is egter dat, wanneer triangulasie van verskeie bronmateriaal in ‘n kwantitatiewe studie gebruik word, enige uitsondering wat in die data gevind word, tot verwerping van die hipotese kan lei. Die doel van kwalitatiewe navorsing is egter nie om hipoteses te toets nie, en daarom sal uitsonderings wat in kwalitatiewe navorsing gevind word ook nie tot die noodwendige verwerping van teorieë lei nie (Tobin & Begley, 2004:393).

In die lig van hierdie perspektief, beveel die sosioloog Laurel Richardson (2000:934) eerder die konsep van *kristallisering* aan om geldigheid in kwalitatiewe navorsing te verseker. Richardson stel *kristallisering* in kwalitatiewe navorsing voor as ‘n moontlikheid vir navorsers om uit die tradisionele metodes te breek en omskryf dit soos volg:

> The central imaginary is the crystal, which combines symmetry and substance with an infinite variety of shapes, substances, transmulations, multidimensionalities and angles of approach. Crystallisation provides us with a deepened, complex, thoroughly partial understanding of the topic.

Kwalitatiewe navorsing poog om die mens se perspektief van realiteit, asook die konstruksie daarvan, in diepte te verstaan. Hierdie benadering impliseer dat die realiteit van elkeen van die adolessente wat in lesbiese ouerhuise grootword, veranderlik, uniek en dus veelvuldig is. Die navorser is daarom van mening dat die verskillende inligting, menings en ervarings wat vanuit die kwalitatiewe navorsing verkry is, verskillende perspektiewe beskryf. Die implikasie is dat hierdie perspektiewe almal ‘n weerspieëling van die unieke realiteit en identiteit van die deelnemers is, en gevolglik kan daar nie met meetbare bevinding gehandel word nie. Die voorafgaande argument dui verder daarop dat die adolessente se wêreldbelewing uit baie meer as 'n twee-dimensionele perspektief bestaan. In hierdie verband meen Ellingson (2009:3) en Richardson (2000:934) dat die beeld van ‘n kristal ‘n gepaste simbool vir die bevindinge van deelnemers se realiteit is.

Niewenhuis (2010:80) en Richardson (2000:934) verduidelik dat die beeld van ‘n kristal die oneindige vorms, inhoud, dimensies en benaderings van die werklikheid reflekteer. Kristalle groei en verander, maar is nie sonder ‘n vorm nie. In die lig hiervan het kristallisering die navorser in staat gestel om deur middel van veelvuldige tegnieke data te genereer, die data deeglik te verwerk en in diepte te beskryf, ten einde ‘n meer komplekse en intense begrip vir die ervaring en ontwikkeling van adolessente in lesbiese ouerhuise te vorm.

Die spesifieke strategieë wat deur die navorser aangewend is om die geldigheid van hierdie studie te verhoog, is soos volg: Semi-gestruktureerde onderhoude is met die adolessente en hul lesbiese ouers gevoer. Veldnotas, as verdere ondersteuning, is geneem en onduidelikhede of onsekerhede is deur middel van telefoongesprekke met die deelnemers uitgeklaar. Die collage en gesprekvoering tydens die tweede onderhoude met die adolessente het die data ook verryk.

‘n Literatuurkontrole is gedoen. Daar is deurgaans ryk en in-diepte beskrywings van die ontwerp en metodologie van die studie, die deelnemers, data en bevindinge verskaf. Die navorsingsproses, asook die bevindinge en data, is op ‘n volledige en ryk-beskrywende wyse weergegee. Die toepassing van hierdie strategieë het nie net die geldigheid van die studie verhoog nie, maar het ook bygedra tot die betroubaarheid van die navorsing.

Betroubaarheid vir kwalitatiewe navorsers lê in die gepastheid van navorsingsdata wat aangeteken is en dit wat werklik in die studie plaasgevind het. Betroubaarheid vereis ‘n akkurate, duidelike en volledige beskrywing van die navorsingsdata (Bogdan & Biklen, 2007:174). Die navorser was in hierdie studie ingestel om ryk en in-diepte beskrywings van die deelnemers te bekom, en het hulle daarom deurgaans die geleentheid gegee om uit te brei op hul mededelings. ‘n Tweede aspek wat die betroubaarheid van die navorsing verhoog het, is dat die kwaliteit van hierdie studie deur die navorser self, maar ook deur haar promotor en medepromotor, krities geëvalueer is. Dit het plaasgevind deur die prosesse van datagenerering en -verwerking, asook deur die interpretasie van die data in diepte te bestudeer.

### 1.6.4 Populasie en steekproefneming

Die populasie (Strydom, 2011:390) vir die studie het die volgende twee groepe ingesluit: adolessente wat sedert hul vroeë kinderjare in gesinne met lesbiese ouers grootgeword het, en hul lesbiese ouers wat in Bloemfontein in die Vrystaat woonagtig is.

Die steekproef in kwalitatiewe navorsing is kleiner as wat met kwantitatiewe navorsing verwag kan word, en word dikwels nie sistematies geselekteer nie (Babbie & Mouton, 2001:166-168; Neuman, 2000:196). ‘n Doelgerigte, nie-waarskynlikheidsteekproef, waar die oordeel van die navorser prominent was, is benut (Strydom, 2011:392; Neuman 2000:196; Huysamen, 1996:45). In die eerste fase van hierdie steekproeftrekking is van ‘n doelgerigte steekproef gebruik gemaak om enkele deelnemers vanuit die toepaslike populasie te betrek (Huysamen, 1996:46). Volgens die sneeubalmetode is hierdie deelnemers as informante gebruik om ander deelnemers (bv. kennisse of vriende) van dieselfde populasie vir insluiting in die steekproef te kon bekom (Strydom, 2011:393; Huysamen, 1994:46). Die steekproef het bestaan uit 9 adolessente wat reeds sedert hul vroeë kinderjare deel was van die gesin met lesbiese ouers en 6 ouerpare wat bereid was om aan die studie deel te neem.

Insluitingskriteria vir die navorsing het die volgende behels:

- Adolessente wat sedert hul vroeë kinderjare by lesbiese ouers grootword;
- Adolessente van beide geslagte, ongeag kultuur;
- Afrikaans- of Engelssprekend;
- Lesbiese ouerpare, wat meestal uit ‘n biologiese ma en haar metgesel, of lesbiese pare wat kinders aangeneem het, bestaan.

### 1.6.5 Data-insameling

Kwalitatiewe studies maak gewoonlik gebruik van ongestruktureerde of semi-gestruktureerde onderhoude (Greeff, 2011:342). In hierdie studie het die navorser gebruik gemaak van semi-gestruktureerde onderhoude om 'n gedetailleerde beeld te verkry rakende die sin vir self van adolessente in gesinne met lesbiese ouers. Toestemming van die deelnemers is verkry en afsprake met onderskeidelik die adolessente en hul lesbiese ouers is gemaak, op 'n gegewe plek en tyd wat vir die deelnemers die gemaklikste was. Die navorser het gebruik gemaak van verskillende onderhoudskedules vir onderskeidelik die adolessente en hul lesbiese ouers, met voorafbepaalde vrae met spesifieke toepassing op die adolessente en ouers, wat as 'n riglyn gedien het. 'n Opvolgonderhoud is ook met die verskeie adolessente gehou, waartydens die adolessente 'n collage gemaak het as uitbeelding van hul sin vir self. Die collage is verken en bespreek deur middel van voorafbepaalde vrae met spesifieke toepassing op die adolessente se sin vir self. Met die toestemming van die deelnemers, is opnames van al die onderhoude op video en diktafoon gemaak. Volgens Greeff (2011:352) dwing die samestelling van 'n onderhoudskedule die navorser om na te dink oor wat presies met die onderhoud bereik wil word.

Veldnotas, waarin die navorser al haar indrukke neergestip het, is tydens elke onderhoud gemaak (Greeff, 2011:359; Richards, 2005:38). Die onderhoude is getranskribeer na afloop van elke onderhoud (Greeff, 2011:360; Jones, 1985:140). Inligting is ingesamel totdat 'n versadigingspunt bereik is (Garbers, 1996:292). Versadiging van inligting is die kriteria wat gebruik is om te kon bepaal of voldoende inligting ingesamel is. Volgens Greef (2011:358) behels versadiging "the point in the study where the researcher begins to hear the same information repeatedly being reported and he no longer learns anything new." Na deeglike luister en herluister van al die onderhoude en noukeurige lees en herlees van die veldnotas en getranskribeerde onderhoude, het die navorser gevind dat sentrale kategorieë in al die onderhoude min of meer dieselfde bly, sonder dat nuwe inligting na vore kom en dus versadiging bereik het. Daar was wel verskille tussen die temas van die adolessente wat na 'n heteroseksuele huwelik saam met hul biologiese ma's in 'n lesbiese ouerskap verhouding moes aanpas en die adolessente wat deur lesbiese ouers aangeneem is. Daar was egter net twee adolessente en wel binne dieselfde

gesin, wat aangeneem is. Die navorser het daarom gemeen dat 'n studie met spesifieke fokus op die verskil van adolessente se ervarings wat aangeneem is en dié by biologiese ma's in lesbiese ouerhuise, nodig sal wees om sinvolle insig in hierdie verband te bekom. Die doel van hierdie studie was om adolessente en hul ouers se ervaring van die adolessente se ontwikkeling van 'n sin vir self te ondersoek en te omskryf, ten einde riglyne aan ouers saam te stel. Die verskil in ervarings van aangenome adolessente en die adolessente wat uit heteroseksuele verhoudings saam met hul biologiese ma's in 'n lesbiese ouerhuis moes aanpas, was nie deel van die aanvanklike doel van hierdie studie nie.

### 1.6.6 Data-analise

Die analisering van kwalitatiewe data behels die vermindering van die volume roudata, die sifting van wat betekenisvol is teenoor dit wat onbeduidend is, en die identifisering van betekenisvolle patrone/kategorieë (Babbie, 2007:378; D'Cruz & Jones, 2004:152-153; Neuman, 2000:420). Creswell (2003:30) se spiraal-analise is gebruik vir die insameling en verwerking van al die data in hierdie studie. Die verskillende stappe wat noukeurig nagevolg is, word volledig in Hoofstuk 5 bespreek. Nadat data geanaliseer is volgens Creswell se spiraal-analise, is 'n literatuurkontrole gedoen en is die data ooreenkomstig die doel en teoretiese uitgangspunte van die studie verwerk en geïnterpreteer (Creswell, 2003:30; Fouché & Delport, 2011:65).

## 1.7 ETIESE OORWEGINGS

Etiek begin en eindig by die navorser en daarom is die navorser se persoonlike etiese kode die beste wapen teen onetiese optredes (Kvale & Brinkman, 2009:74). Die meeste etiese wanpraktyke is volgens Neuman (2011:143) die resultaat van onkunde of onnodige druk om noodsaaklike prosesse vanweë tydsbeperkings kort te knip. Die doel van etiek in navorsing is om die regte en welstand van deelnemers te beskerm (Mouton, 2012:149). Die navorser het deeglike kennis geneem van die etiek en die implikasies daarvan, sodat beide die navorser en die deelnemers beskerm kon word. Die volgende etiese oorwegings is ten alle tye gedurende die navorsingsproses in ag geneem:

### 1.7.1 Reg van die deelnemers

Deelname aan hierdie studie was heeltemal vrywillig en deelnemers kon enige tyd onttrek indien hulle so sou verkies, ongeag van hul aanvanklike toestemming tot deelname.

### 1.7.2 Konfidensialiteit en anonimiteit

Dit is die navorser se verantwoordelikheid om die anonimiteit en konfidensialiteit van die navorsing te verseker (Holzbaur *et al*., 2012:30). Konfidensialiteit impliseer dat die navorser alle rekords en identiteite van die deelnemers konfidensieel sal hou. Volgens Mouton (2012:243) het deelnemers die reg om anoniem te bly asook om te verstaan dat die inligting anoniem en konfidensieel sal wees. Die navorser het die doel en agtergrond van die studie op ‘n verstaanbare wyse aan die deelnemers verduidelik en hulle het die versekering van anonimiteit en konfidensialiteit ontvang, deurdat die navorser aan hulle verduidelik het dat sy al die ingesamelde data veilig sal liasseer in ‘n liasseerkabinet, in haar kantoor, waartoe slegs sy toegang het. Die navorser het ook verduidelik dat sy van nummering gebruik sal maak in die verwerking van die data en dat geen persoonlike inligting bekend sal word nie. Verder is hulle verseker dat alle data waaruit hul ware identiteit bekend kan word, vir ’n periode van vyf jaar na afloop van die studie in veilige bewaring sal bly by die sentrum vir Kinder-, Jeug- en Familiestudies, waarna dit vernietig sal word. Die versekering van die konfidensialiteit en anonimiteit is reeds in ag geneem tydens die onderhoudvoering. Die navorser het aan die deelnemers die keuse gebied om self aan te dui waar dit vir hulle die gemaklikste sal wees om die onderhoude te voer. Die meeste adolessente en hul lesbiese ouers het dit verkies om in die privaatheid van hul gesinswoninge die onderhoude te voer, wat blootstelling voorkom het. Slegs een adolessent en ouerpaar het verkies om na die navorser se kantoor te kom vir die onderhoude. Die navorser het die afsprake so gereël dat dit na-ure plaasgevind het, terwyl niemand anders in die kantore was nie. Sodoende is konfidensialiteit en anonimiteit ook tydens hierdie onderhoude so ver moontlik verseker. Laastens het die navorser van kodering gebruik gemaak in die navorsingsverslag om sodoende persoonlike inligting anoniem en konfidensieel te hou. Die navorser het ook gepoog

om die direkte aanhalings van die adolessente en hul ouers op so ‘n wyse aan te bied dat die gesinne nie afgepaar kan word nie.

### 1.7.3 Ingeligte toestemming

Volgens Du Plooy (2007:211) en Silverman (2001:271) verseker ingeligte toestemming dat deelnemers op hoogte is aangaande die doelwitte van die studie, die voordele en nadele van deelname aan die studie, en die geloofwaardigheid van die navorser. Nadat die doel van die studie en alle noodsaaklike inligting rakende die navorsingsproses van die studie akkuraat en deeglik aan al die deelnemers verduidelik is, is hulle toegelaat om vrae te vra en sodoende alle onduidelikhede of onsekerhede uit die weg te ruim. Ingeligte en vrywillige toestemming is van al die deelnemende ouers en adolessente verkry. Twee verskillende toestemmingsvorms is vir die onderskeie deelnemers gebruik. Een vorm (Addendum A) is vir die adolessente gebruik en ‘n ander vorm (Addendum B) is vir die ouers gebruik.

### 1.7.4 Risiko’s en ongemak

Die navorser het onderneem om die navorsing op so ‘n wyse te beplan en uit te voer dat enige nadelige gevolge van fisiese of psigiese aard sover moontlik uitgeskakel kon word (Seale *et al.,* 2004:231). Die navorser het aan die deelnemers die versekering gegee dat hulle nie oor enige sensitiewe onderwerp hoef te praat nie en dat sy ook geen druk op hulle sal plaas om uit te brei oor onderwerpe wat tydens die onderhoude moontlike ongemak kan veroorsaak nie. Verder het die navorser haarself as wetlik en eties aanspreeklik vir die belange van die deelnemers geag, en daarom het sy onderneem om tydens hierdie navorsing, indien dit na vore sou kom dat ‘n deelnemer met emosionele konflik of probleme sou worstel, sy sodanige deelnemer na ‘n professionele persoon sou verwys vir hulp en ondersteuning. Die navorser het vooraf met ‘n pastorale berader en sielkundige gereël om die deelnemers gratis te help, indien dit nodig sou wees. Gedurende die navorsing het die navorser se benadering kliënt-gesentreerd gebly. Dit het beteken dat niks ten koste van die deelnemers gesê of gedoen is ten einde die studie self te bevorder nie (Seale *et al.,* 2004:231).

### 1.7.5 Mededeling

Badenhorst (2010:189) beklemtoom die belangrikheid van mededeling as deel van die navorsingsetiek. Die navorser het toestemming van die deelnemers verkry om video- en diktafoonopnames van die onderhoude en gesprekvoering te maak. Deelnemers is telefonies gekontak nadat die onderhoude getranskribeer is om alle inligting te bevestig en duidelik te maak indien daar enige onsekerhede sou wees. Die finale verwerking van die data is ook aan die deelnemers verskaf met die doel om hulle ten alle tye as ‘n belangrike skakel in die navorsingsproses te hou. Die samestelling van die riglyne is getoets deurdat dit aan die lesbiese ouers voorgelê is vir verdere insette en terugvoer.

## 1.8 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE

Die volgende hoofkonsepte word gedefinieer ten einde die konteks daarvan in die studie te verhelder. Die konsepte word slegs kortliks bespreek, omdat ‘n breedvoerige verduideliking van al die konsepte verder in die studie gegee word.

### 1.8.1 Sin vir self

Die sin vir self verwys na individue (insluitend jong kinders) se vermoë om hulself as ‘n unieke persoon van ander en die omgewing te onderskei. Die sin vir self behels interne onderskeidingsvermoë, wat verwys na die sielkundige prosesse wat ‘n persoon in staat stel om spesifieke aspekte van die self van ander aspekte van die self en ander persone te onderskei. Dit omsluit die persoon se denkpatrone, besluitnemingsproses en emosies. Die sin vir self behels ook die eksterneonderskeidingsvermoë van ‘n persoon om die self van die omgewing te onderskei as ‘n unieke, afsonderlike, fisieke en lewende organisme. Dit omsluit die persoon se liggaamlike voorkoms en vermoëns.

Namate kinders ontwikkel en groei, vermeerder hul kennis van die self, ander en die wêreld, en dit verdiep hul insig in die self en verhoog hul selfbewustheid. Alhoewel die ontwikkeling van ‘n sin vir self oor die lewensloop van ‘n persoon plaasvind, is dit ‘n prominente kenmerk van adolessensie, waartydens die vestiging van ‘n persoonlike identiteit as ontwikkelingstaak bereik moet word.

Die vestiging van ‘n gesonde sin vir self verskil van persoon tot persoon. Individue met ‘n goed ontwikkelde sin vir self blyk beter aanpasbaar te wees, emosioneel en psigologies gesonder te wees, en toon groter begrip vir die self, ander en die wêreld. Hierdie soiaal-kognitiewe vermoë dra by tot algehele psigologiese welstand en weerbaarheid (Social Science Dictionary, 2013; Macmillan Dictionary, 2009 – 2013).

### 1.8.2 Gay

Hoewel die woord *gay* ‘n algemene term in die volksmond geword het, is dit nie binne die Afrikaanse taal ‘n goed gedefinieërde woord nie. Binne die Handwoordeboek van die Afrkaanse Taal (HAT, 2013:259) word daar slegs gemeld dat *gay* ‘n selfstandige naamwoord is wat homofiel beteken. Homofiel is ‘n redelik neutrale benaming vir iemand wat homoseksueel is (HAT, 2013:414). Homoseksualiteit verwys na ‘n geslagsdrang gerig op persone van dieselfde geslag of geslagsverkeer tussen persone van dieselfde geslag (HAT, 2013:415).

Dit is egter belangrik om daarop te let dat homoseksualiteit ‘n begrip is wat terug dateer tot in die vroegste tye. Die Griekse filosoof Aristoteles (Houston, 2013; Potgieter, 2007:25) het al verwys na ‘n homoseksuele oriëntasie, wat hy as volg beskryf het:

> We may observe a related disposition of character. These practices result in some cases from natural disposition, and in others from habit, as with those who have been abused from childhood. When nature is responsible, no one would describe such persons as showing unrestraint, any more than one would apply that term to women because they are passive and not active in sexual intercourse.

Vir die doel van hierdie studie is die oorsake wat aanleiding gee tot homoseksualiteit nie ter sake nie. In hierdie studie word die term gay gebruik om te verwys na persone wat in ‘n homoseksuele verhouding staan, met spesifieke betrekking op lesbiese ouers.

### 1.8.3 Lesbiese ouerhuis

‘n Ouerhuis wat gelei word deur twee vrouens wat in ‘n lesbiese (homoseksuele) verhouding met mekaar staan, hetsy in ‘n huweliks- of saambly-verhouding.

### 1.8.4 Adolessensie

Adolessensie is die ontwikkelingstadium tussen die middelkinderjare en vroeë volwassenheid. Die term adolessensie is afgelei van die Latynse werkwoord *adolescere,* en beteken dan ook *“om groot te word”* of om *“te groei tot volwassenheid”.* Die term adolessensie is van toepassing op alle kulture. Die ontwikkelingstadium word ook deur individuele en kulturele faktore beïnvloed. Die aanvangsouderdom vir adolessensie is tussen 11 en 13 jaar en dit eindig tussen 17 en 21 jaar. Hierdie stadium verskil by elke individu en word deur verskeie faktore beïnvloed, soos sosiale rolle, sielkundige eienskappe en wetlike bepalings (Louw *et al.*, 2004:389).

Volgens verskeie ontwikkelingsielkundiges (Berger, 2011:434; Shaffer & Kipp, 2007:491; Erikson, 1963:28) word adolessensie beskou as ‘n belangrike fase vir die bereiking van onafhanklikheid en die vestiging van ‘n persoonlike identiteit wat verband hou met die ontwikkeling van hul sin vir self. Die navorser het adolessensie as die geskikste ontwikkelingstadium beskou vir die doel van hierdie studie, wat juis wou ondersoek instel oor die ervaring van kinders en adolessente binne lesbiese ouerhuise. Die adolessente wat aan hierdie studie deelgeneem het, was tussen die ouderdom van 13 en 19 jaar.

### 1.8.5 Pastoraat

Die pastoraat het ‘n unieke karakter wat dit onderskei van alle ander vorme van hulpverlening. Die uniekheid van die pastoraat volgens Tieleman (1995:144) is juis daarin geleë dat dit wesenlik vir die pastoraat is om erns met mense se soeke na sin te maak, maar spesifiek in die lig van die Christelike geloofstradisie. Atkinson en Field (1995:78) sluit hierby aan en meen dat die pastoraat daarop gerig is om aan mense hulp te verleen in hul alledaagse lewensituasies, probleme, pyn en uitdagings, maar dat hierdie hulp alleenlik sinvol kan wees wanneer dit geskied uit

die liefde wat God vir die mens en die wêreld het. Die doel van die pastoraat is dus om aan die mens hulp te verleen in die teenwoordigheid van God, terwyl die oorsprong van die hulpverlening nie uit die mens is nie, maar uit God is. Volgens Fourie (2008:125) word die pastoraat publiek sodra dit toetree tot ‘n interdissiplinêre gesprek om bepaalde fenomene binne die samelewing te ondersoek. Clegg (2006:1) definieer publieke pastoraat soos volg:

> The term public theology describes a way of doing theology that has its focus on issues of public concern in the contemporary world. Public theology engages critically with Christian belief and practice in relation to public affairs. It does so through theological reflection, interdisciplinary discussion and inter-faith dialogue with those who have a shared concern about public issues in other disciplines and from other perspectives.

Dit is juis vanuit so ‘n publieke benadering wat die navorser groot sin daarin gevind het om die sosiale fenomeen van adolessente se ontwikkeling van ‘n sin vir self binne ‘n lesbiese ouerhuis, in die lig van God se heilsbetrokkenheid by die mens, te ondersoek. Die navorser vind alleen sin in alledaagse lewensituasies wanneer dit as deel van God se groter verhaal beskou word.

### 1.8.6 Teologiese antropologie

Teologiese antropologie beskryf die mens vanuit sy verhouding met God. Dit beteken egter nie dat die teologiese antropologie ‘n aparte kennis oor die mens besit nie. Vanuit die teologiese antropologie word die mens beskou as die kroon van God se skepping wat binne ‘n bepaalde spirituele en geloofsverhouding tot God staan. God se betrokkenheid by die mens is ook van kardinale belang en gee nie alleen sin aan die menslike bestaan nie, maar bied in Jesus Christus aan die mens ‘n eskatologiese verwagting om vir ewig met God te herenig (König, 2010:33-38). Louw (2005a:1) is van mening dat ‘n persoon se mensbeskouing ‘n deurslaggewende invloed het op sy/haar verhouding, kommunikasie en hulpverlening aan ander mense. Die navorser stem met hom saam, en daarom was die teologiese antropologie as vertrek vir haar belangrik in hierdie studie waarby mense betrek is. Die navorser glo dat God alle mense geskape het en dat elkeen ‘n bepaalde doel,

plek en rol in die lewe het. Die navorser het deurentyd gepoog om die teologiese antropologiese uitgangspunte van respek, menswaardigheid, voordeligheid, reg tot privaatheid en reg tot persoonlike keuses en oortuigings te huldig in haar interaksie, verhouding en kommunikasie met die deelnemers aan hierdie studie.

### 1.8.7 Gestaltbenadering

Die Gestaltbenadering word deur Yontef (1993:1) soos volg gedefinieer:

> It teaches therapists and patients the phenomenological method of awereness, in which perceiving, feeling and acting are distinguished from interpreting and reshuffling pre-existing attitudes.

Die Gestaltbenadering stel die geïntegreerdheid van menslike funksionering voorop. Hierdie holistiese benadering veronderstel dat die geheel groter is as die som van die samestellende dele (dele wat die geheel opmaak) (Corsinni & Wedding, 2005:309; Crocker & Philippson, 2005:66; Korb *et al*., 1989:9).

Die holistiese benadering word verder omskryf in die veldteorie wat die basis van die Gestaltbenadering vorm (Corsinni & Wedding, 2005:309; Clarkson, 2004:9; Summers & Tudor, 2001:2; Mackewn, 1997:14). Die veldteorie verwys na die adolessente se beleweniswêreld in die hier-en-nou en hul verhouding met die omgewing wat deel vorm van hul bewustheidsvoorgrond.

### 1.8.8 Riglyne

Volgens die HAT is ‘n riglyn ‘n reël waarvolgens gewerk en gehandel moet word (HAT, 1985:903). Binne hierdie studie verwys riglyne na moontlike aanbevelings vir lesbiese ouers wat hulp kan verleen in hul ondersteuning aan adolessente, ten einde ‘n gesonde sin vir self te ontwikkel.

## 1.9 INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

Die navorser gaan die hoofstukindeling aan die hand van Osmer se vier empiriese take uiteensit:

**Hoofstuk 1**: Algemene oorsig en rasionaal. Hierdie hoofstuk sluit die probleemstelling en fokus, navorsingsvraag, doel en doelwitte, navorsingsmetodologie, etiese aspekte en hoofkonsepte van die studie in.

**Hoofstuk 2**: In hierdie hoofstuk word die konseptuele raamwerk en paradigma van die studie uiteengesit. Die verskillende benaderings word verduidelik, en behels volgens Osmer (2008:4) se model die normatiewe taak. In hierdie hoofstuk fokus die navorser op gebruike in die Christelike tradisie en pastoraat wat normatiewe leiding kan gee in die vorming van patrone wat sin aan die lewe kan bied. Binne die normatiewe taak lê die fokus op die vraag: “Wat behoort in die praktyk te gebeur?”

**Hoofstuk 3**: In hierdie hoofstuk beskryf die navorser die interpreterende taak van die navorsing soos deur Osmer (2008:4) beskryf. Deur ŉ literatuurstudie te onderneem rakende die gay gesin, met spesifieke verwysings na lesbiese verhoudings, probeer die navorser antwoorde kry op die vraag: “Waarom is dit aan die gang?”

**Hoofstuk 4**: Die vraag: “Waarom is dit aan die gang?” word in hierdie hoofstuk herhaal, en deur ŉ literatuurstudie word gefokus op die adolessent as ontwikkelingstadium en die sin vir self. Die hoofstuk is derhalwe steeds besig met die interpreterende taak.

**Hoofstuk 5**: Navorsingsmetodologie en empiriese resultate van die studie handel oor die interpretasie van die bevindinge en omvat die beskrywende empiriese taak in Osmer se model (Osmer, 2008:4).

**Hoofstuk 6**: Gevolgtrekkings, riglyne vir lesbiese ouers en aanbevelings vir toekomstige navorsing in die studieveld word in hierdie hoofstuk beskryf. Binne die pragmatiese taak lê die fokus op die vraag: “Hoe en wat gaan dit laat gebeur wat veronderstel is om aan te gaan?” Deur die daarstelling van riglyne vir lesbiese ouers is hierdie vraag in Hoofstuk 6 aangespreek.

## 1.10 IMPAK VAN DIE STUDIE

Die beskrywing van die ervaring van die sin vir self van adolessente binne die gesin met lesbiese ouers kan veral binne die Suid-Afrikaanse konteks ‘n nuwe en relevante bydrae lewer tot die vakgebied. Die resultate kan moontlik waardevolle inligting bied aan navorsers in die hantering van sulke gesinne, asook die daarstel van riglyne om aan ouers hulp te verleen in die begeleiding en ondersteuning van adolessente ten einde ‘n gesonde sin vir self te ontwikkel.

## 1.11 SAMEVATTING

In Hoofstuk 1 het die navorser gepoog om ‘n oriëntasie ten opsigte van die studie te verskaf. In hierdie studie word die ervaring van adolessente en hul lesbiese ouers rakende die adolessente se ontwikkeling van ‘n sin vir self, vanuit ‘n pastorale antropologie as basisteorie en die Gestaltbenadering as paradigmatiese perspektief, ondersoek en beskryf.

Die studie is verkennend en beskrywend van aard ten einde riglyne vas te stel om aan ouers en pastorale beraders hulp te verleen in die ondersteuning van adolessente rakende die gesonde ontwikkeling van ‘n sin vir self. Die navorsingsvrae en doel van die studie is in hierdie hoofstuk uiteengesit. Verder het die navorser die data-insameling, die navorsingsmetodologie en navorsingsbenadering bespreek, ten einde te beskryf hoe die studie uitgevoer is. Die betroubaarheid, geldigheid en etiese oorwegings is uiteengesit. Die hoofkonsepte van die studie is gedefinieer en bespreek.

In Hoofstuk 2 gee die navorser aandag aan die konseptuele raamwerk en paradigma waaruit die studie plaasgevind het.

# Hoofstuk 2

# Konseptuele raamwerke

*Wie is 'n wyse man? Hy wat iets*

*van alle mense leer.*

*- Die Talmoed -*

## 2.1 INLEIDING

In hierdie studie word daar vanuit 'n bepaalde verwysingsraamwerk, naamlik 'n basisteorie en paradigmatiese perspektief, gewerk. Volgens Du Toit (2000:43) en Badenhorst (2010:101) word die term "paradigma" gebruik om die bepaalde struktuur vir denke en die grense waarbinne die navorsing kan plaasvind, te beskryf. Janse van Rensburg (2000:1) verduidelik 'n paradigma as 'n raam rondom 'n skildery: "A Paradigm is a frame of mind, a frame of reference, and a point of departure from which one thinks and acts." Janse van Rensburg (2000:1) verduidelik verder die belangrikheid van 'n paradigma as: "A painting without a frame more often than not is neither here nor there. The frame keeps the painting together and defines its character."

Dit is egter ook belangrik om te onthou dat 'n raam alleen nie 'n skildery maak nie, maar die skildery word gevorm deur die manier hoe kleur gemeng en geverf word. Binne navorsing word die verkryging en rangskikking van inligting die epistomologie genoem (Mouton, 2012:17). Die skildery se kleure en raam moet mekaar komplimenteer, daarom waarsku Janse van Rensburg (2000:53) met reg dat 'n persoon se paradigma en epistomologie nie moet bots nie. Met hierdie hoofstuk het die navorser ten doel om die raam- en kleurkeuses wat die uitkoms van die finale skildery sal beïnvloed, weer te gee.

Ten einde te verseker dat die paradigma en epistomologie 'n geïntegreerde geheel vorm, het die navorser die ondersoek metodologies aangepak volgens die vier

kerntake van die prakties-teologiese interpretasie, soos voorgehou deur Osmer (2008:4).

Met hierdie vierledige proses in gedagte, gaan daar vervolgens aandag geskenk word aan faktore wat die integrasie van ‘n paradigma en epistomologie verder kan beïnvloed. Daar is verskeie faktore wat die keuse van ‘n paradigma en epistomologie kan beïnvloed, en daarom is dit belangrik vir die doel van hierdie studie, wat handel oor die adolessent in ‘n lesbiese ouerhuis, om eerstens aandag te skenk aan die mens se funksionering binne verskillende lewensomstandighede asook die studie van die mens binne verskillende dissiplines. Menslike funksionering is tot dusver in samelewingstrukture binne die raamwerk van drie interafhanklike kontekste benader, naamlik: die biologiese benadering, wat die mediese model omskryf; die intra-psigiese benadering, waar die funksionering van die mens binne die konteks van die sielkunde beskryf word; en die sosiale konteks, wat weer fokus op die funksionering van die mens binne die konteks van sy omgewing (Gross, 2009:187-195; Slife *et al*., 2005:252; Linley & Joseph, 2004:15; Nairne, 2003:11; Jordaan & Jordaan, 1998:823). Naas hierdie kontekste word die mens ook vanuit ‘n spirituele/transendente konteks bestudeer. Hierdie konteks verwys na die inherente behoefte van elke mens om te weet en te verstaan wat agter alles wat is, sit; wat die oorsprong en doel van alle dinge is; en wat die betekenis van die lewe is (Gross, 2009:187-195; Slife *et al.,* 2005:252; Linley & Joseph, 2004:3; Jordaan & Jordaan, 1998:823).

Die sielkunde het as gevolg van die behavioristiese denkrigting en die gepaardgaande empiries-eksperimentele oriëntasie vir ‘n groot gedeelte van hierdie eeu uitsluitlik op gedragsverskynsels wat empiries ondersoek kon word, gekonsentreer (Corsini & Wedding, 2005:12; Slife *et al*., 2005:190; Meyer *et al.,* 1997:40). ‘n Nuwer ontwikkeling van die sielkundige denke het egter betrekking op die mens in verhouding met ‘n transendente omgewing, ‘n gebied wat tradisioneel tot die teologie en wysbegeerte beperk was. Met hierdie ontwikkeling en ‘n hernude belangstelling in die geestelike (transendente) bestaanswyse van die mens, kan daar bykans gesê word dat die ‘siel’ weer teruggeplaas is in die konseptuele denke van die sielkunde (Prochaska & Norcross, 2000:487). Met al die verskillende kontekste waarbinne die mens bestudeer word, is die navorser van mening dat daar

nie net een-dimensioneel na die adolessent in ‘n lesbieseouerhuis gekyk kan word nie, maar dat ‘n multidissiplinêre benadering van veel meer waarde vir hierdie studie sal wees.

Die navorser stem saam met Le Roux (2001:98), wat meen dat die waarde van die Christelike geloof by die studie van die mens in geheel nog heeltemal onderskat word. Le Roux is verder van mening dat die sielkunde uit die vlak poele van ondersoek na die diep water moet beweeg, ten einde die diepste vlakke van menswees, naamlik die emosionele en spirituele, ten volle te kan verstaan (Le Roux, 2001:98). Louw (2005:2) sluit hierby aan wanneer hy meen dat die pastoraat lewensvraagstukke vanuit ‘n Christelike geloofsperspektief wil aanspreek. Die Pastoraat verleen aan mense hulp vanuit God se trou en bied aan mense hoop vanuit Sy beloftes en verlossingswerk. Die Pastoraat vertolk God se wil in terme van die sin van die lewe en omgekeerd, sodat mense met hoop, vreugde en sin kan leef (Heymans, 2008:10). Die verstaan van die mens vorm egter ‘n sleuteldimensie vir die Pastoraat (Van Jaarsveld, 2001:14). ‘n Teologiese antropologie is dus ‘n onlosmaaklike deel van die pastoraat. Dit vorm ‘n stelsel om die beskrywing en verklaring van die mens as persoon te ontwikkel, en bied aan die navorser ‘n verwysingsraamwerk waarbinne sy die adolessent, sowel as die lesbiese ouers, kan konseptualiseer.

Badenhorst (2010:102) verwys na ‘n dominante verwysingsraamwerk, soos in die geval van hierdie studie ‘n pastoraal teologiese antropologie, as die basisteorie. Die basisteorie vorm die fondasie van die studie, die ruggraat of vertrekpunt vanwaar alle inligting, aannames en teorieë beoordeel word (Mouton, 2012:139; Badenhorst, 2010:102). Die navorser sien die basisteorie as die raam van die skildery en gaan die kleurskakerings byvoeg deur van paradigmatiese perspektiewe gebruik te maak. Mouton (2012:141) beskryf ‘n paradigmatiese perspektief as: “a tool or instrument that helps to organise one’s thinking about science and the practice of scientific research.” Vervolgens gaan die navorser aandag skenk aan die keuse van ‘n geskikte paradigmatiese perspektief vir die doel van hierdie studie.

Dit is belangrik om in hierdie verband te onthou dat die nuwe ontwikkeling van die nieu-behavioristiese beskouing binne die sielkunde steeds sterk in ‘n natuurwetenskaplike oriëntasie gevestig is, terwyl die nieu-psigoanalitiese beskouings, waarvan die Gestalteorie deel uitmaak, binne ‘n geesteswetenskaplike paradigma gevestig is (Prochaska & Norcross, 2000:487). Derhalwe beskou die navorser die Gestaltteorie, wat ‘n holistiese mensbeskouing huldig, as ‘n ideale paradigmatiese perspektief vir hierdie studie. Die navorser gaan die Gestaltteorie gebruik as gereedskap om die adolessente se ervaring, funksionering en ontwikkeling binne ‘n lesbiese ouerhuis te ondersoek. Die Gestaltteorie kan alleen komplimenterende skakerings aan die ontwerppatroon verleen indien daar ‘n hermeneutiese wisselwerking tussen die pastoraal-teologiese antropologie (basisteorie) en die Gestaltteorie (paradigmatiese perspektief) plaasvind. In hierdie studie sal die Pastoraat as basisteorie ‘n normatiewe karakter dra, terwyl die Gestaltteoretiese perspektief as paradigmatiese perspektief ‘n beskrywende karakter sal dra.

Nog ‘n belangrike aspek vir hierdie studie behels adolessensie as ‘n ontwikkelingstadium waartydens die bereiking van ‘n persoonlike identiteit – ‘n sin vir self wat omsluit wie jy is en hoe jy met ander persone vergelyk - ‘n belangrike uitkoms is. Een van die mees invloedryke teorieë in hierdie verband is dié van Erik Erikson (Nairne, 2003:137). Erikson (1968 – 1981) bring die omvattendste beskrywing van identiteitsontwikkeling tydens adolessensie. Verder was Erikson die eerste teoretikus wat die belangrikheid van die vorming van ‘n persoonlike identiteit uitgewys het (Boshoff, 2002:18). Die navorser is daarvan oortuig dat Erikson se ontwikkelingsteorie gepas sal wees vir hierdie studie wat handel oor die adolessent se identiteitsontwikkeling binne ‘n lesbiese ouerhuis.

Hierdie hoofstuk het dus ten doel om die begronding van die pastoraal-teologiese antropologie as basisteorie en die Gestaltteorie as paradigmatiese perspektief as konseptuele raamwerk vir die doeleindes van hierdie studie weer te gee. Erikson se ontwikkelingsteorie sal in Hoofstuk 4 bespreek word, met spesifieke fokus op adolessensie as ‘n belangrike stadium in die bereiking van ‘n persoonlike identiteit/sin vir self.

## 2.2 DIE PASTORAAT AS VERTREKPUNT

Die Pastoraat wil ‘n epistemologiese bydra tot die teologiese dissiplines en ander wetenskappe maak. Dit verwys na die feit dat die teologiese teorie of perspektiewe, waaruit die menslike handeling bestudeer word, nie bloot vanuit ‘n bepaalde dogmatiese skema, onkrities-wetenskapsteoreties nagevors mag word nie (Bothma, 2003:82). Bothma (2003:82) wys verder daarop dat die praktiese teologie en Pastoraat as ‘n wetenskaplike dissipline die werklikheid bestudeer vanuit die geloofsaspek en nie slegs vanuit bepaalde kerklike tradisies nie.

Janse van Rensburg (2000:79) verwys in die verband na Habermas se teorie van kommunikatiewe handeling, waar die praktiese teologie die menslike en sosiale wetenskappe as vertrekpunt gebruik. In die meeste gevalle word daar dan hiervandaan beweeg na ‘n Bybelse verstaan van die feite. Dit wil dan die werklikheid meer holisties vanuit ’n koninkryksperspektief beskou, wat meebring dat die werklikheid en die Woord saam beskou word. Die belangrike punt waaroor dit dan in die Pastoraat gaan, is dat die mens in die totaliteit van sy bestaan in die fokuspunt staan. Die Pastoraat is nie net gerig op die mens se innerlike, psigiese lewe nie, maar op die totale mens in beide die psigofisiese en psigososiale dimensies (Louw, 2004:31; Van Niekerk & Prins, 2001:31). Janse van Rensburg (2000:92) waarsku egter dat die waarde van die Skrif by praktiese epistomologie nooit geringer geskat mag word as die resultate van die meta-wetenskappe nie, want dit sal die aard van die Pastoraat verander en skaad.

Die navorser stem saam met Janse van Rensburg (2000:79), en kies daarom die diakoniologiese epistomologie vir die doel van hierdie studie. Diakoniologie is afgelei van twee Griekse woorde *diakonia* en *logos,* wat onderskeidelik met *diens* en *woord* vertaal kan word (Janse van Rensburg, 2000:79). Dit is dus duidelik dat die vertrekpunt vir hierdie epistomologie die Woord van God is en dat die objektiewe waarheid van die Bybel deurentyd bereken moet word (Heymans, 2008:8). Sonder die Woord sal die Pastoraat sy unieke identiteit verloor. Die Woord van God is ‘n nabyheidsgestalte van die Here; dit is ‘n openbaring waardeur God persoonlik betrokke raak by die lewens van mense. Dit is ‘n openbaring van die waarheid waardeur daar ‘n verhouding tussen God en mens kan ontstaan, sodat die mens

God kan ken en in gemeenskap met Hom kan leef. Die Woord realiseer ook die heil sodat geloof die instrument word waardeur die mens die heil in Christus kan omhels (Louw, 1993:6).

Dit is egter belangrik om die Skrif verantwoordelik te gebruik, want die Bybel kan nie bloot as ‘n teksboek gebruik word nie (Botha, 2001:24). Janse van Rensburg (2000:78) maak drie belangrike stellings oor die diakoniologie in hierdie verband:

- Diakoniologie maak gebruik van Bybelse beginsels.
- Dit maak gebruik van menslike wetenskappe.
- Dit plaas Christus, die hoof van Sy kerk, as Koning, Priester en Profeet sentraal in die praktiese aktiwiteite van die mens binne die kerk.

Wanneer die homoseksuele debat, wat direk verband hou met die lesbiese ouerhuis, ter tafel geplaas word, is daar ‘n magdom verskillende gesigspunte en vertrekpunte: sielkundig, populêr, teologies, medies, psigiatries en vele meer (Reyneke, 2007:20; Kotze, 2004:1; Botha, 2000:1). Wanneer ‘n mens begin redeneer, debatteer of skryf aangaande homoseksuele onderwerpe, kan jy jou weldra in ‘n moeras bevind waaruit jy jou kwalik kan loswikkel. Die navorser het juis om hierdie rede die diakoniologiese epistomologie gekies omdat sy van mening is dat die oorsprong, wese, roeping en bestemming van die mens net sinvol beantwoord kan word in die lig van die Skrif. Volgens Genesis 1:26-27 is die mens na die beeld van God geskape, as God se verteenwoordiger op die aarde. Die navorser ondersteun Reyneke (2007:16) se mening dat die beeld van die mens nooit van God losgemaak kan word nie en dat die individu se Skrifbeskouing derhalwe ‘n definitiewe invloed op persoonlike identiteitsontwikkeling sal hê. Vanuit die pastoraal-teologiese basisteorie en ŉ Gestaltteoretiese paradigmatiese perspektief word daar sterk op die antropologiese eenheid van die mens as ŉ psigofisiese eenheid gefokus. Dit dui daarop dat ‘n mens meer as die somtotaal van menslike eienskappe is. Die Pastoraat en Gestaltteoretiese perspektief het met dieselfde mens as geïntegreerde wese te make. Vervolgens gaan teologiese antropologie bespreek word.

### 2.2.1 Teologiese antropologie

Die teologiese antropologie vorm die bril waardeur die navorser of pastorale berader na mense kyk. Die eerste antropologiese indruk vanuit die Woord is die leer van die *imago Dei* (Brunsdon, 2006:107). Volgens Genesis 1:26, Genesis 5:1 en Genesis 9:6 benader 'n teologiese antropologie die mens as skepsel en beelddraer van God (Heymans, 2008:215). In die teologiese antropologie handel dit nie om 'n empiriese fenomenologie oor die mens nie, omdat daar nie bloot na die mens as 'n verskynsel gekyk word nie, maar na die mens as skepsel van God. Op grond hiervan sou gesê kan word dat God die mens met 'n besondere verantwoordelikheid beklee het deur die mens na Sy beeld te skep (Brunsdon, 2006:108). Die teologiese antropologie stel nie in die mens as bloot 'n bewuste wese belang nie, maar in die mens as 'n Godgerigte, sondige, verloste, spirituele en religieuse wese. Dit handel oor 'n heel besonderse perspektief op die mens, naamlik die mens vanuit sy/haar verhouding met God (Kotze, 2004:40; Louw, 1993:97). Die mens moet in totaliteit as 'n psigofisiese eenheid, wat meer as die somtotaal van hul menslike eienskappe is, beskou word. Binne die teologiese antropologie kristalliseer hierdie holistiese beskouing van die mens in 'n heel spesifieke verhouding uit: die mens se verhouding tot God en sy/haar gerigtheid op, en verantwoordelikheid teenoor, hierdie transendente dimensie van menslike bestaan (Heymans, 2008:215; König, 2001:97).

Brunsdon (2006:107) wys egter daarop dat die Bybel geen afgeronde mensbeskouing wat in wetenskaplike terme uitgedruk word, bevat nie. Die Skrif as die openbaring van God bied nie 'n wetenskaplike analise van alles nie, maar eerder 'n vertikale beligting daarvan. Dit beteken dat die Bybelskrywers, onder leiding van die Heilige Gees, oor die mens geskryf het in die taal en idioom van hul dag. So praat die Bybel oor die siel van die mens, oor gees en liggaam, oor die mens se niere en hart, met inhoude wat aan die destydse Joodse wêreld ontleen is (Van Jaarsveld, 2001:19). Die uniekheid van 'n teologiese antropologie lê juis daarin dat dit konsentreer op "mens-verstaan" in terme van sinbewussyn, lewensbestemming en normatiewe raamwerk (Reyneke, 2007:16). Die teologiese antropologie wys egter nie alleenlik na die mens as skepsel en beelddraer van God nie, maar ook dat die mens as man en vrou geskep is volgens Genesis 1:27.

En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.

Volgens Genesis 1: 27 is daar ‘n bepaalde onderskeid ter sprake, maar ook ‘n bepaalde komplementariteit (Brunsdon, 2006:108). Die onderskeid tussen man en vrou blyk hoofsaaklik uit die geslagtelike verskille wat tussen man en vrou bestaan, asook die verskillende rolle wat aan die man en vrou in die Woord toegeken word. Die onderskeid raak duidelik in die lig van die feit dat, weens hul fisiese samestelling, elkeen unieke funksies het wat nie deur die ander geslag nageboots kan word nie. So, byvoorbeeld, kan net ‘n man kinders verwek en net ‘n vrou kinders baar. In hierdie primêre verskil is die onderskeid op sy duidelikste afgeteken (Potgieter, 2007:33; Heyns, 1988:137). Die geslagtelike verskille tussen mans en vrouens wys daarop dat God die moontlikhede vir seksuele aktiwiteit tussen ‘n man en vrou in die skepping gelê het. Vanuit ‘n teologiese antropologie word die seksuele kant van ‘n mens – soos alle ander liggaamlike funksies – vanuit die mens se geestelike hart as die kern van persoonlikheid, gehoorsaam of ongehoorsaam aan God se norme vir alles, ingespan (Spreuke 4:23).

Gehoorsaamheid impliseer ‘n normatiewe struktuur vir seksuele aktiwiteit in God se norme vir die lewe. Om in dié lig te beweer dat lewensvorme soos die huwelik net kultuurbepaald is, is ooglopend ‘n verskraling (Strauss, 2011). Dit sluit onmiddellik aan by die debat oor homoseksualiteit, en die vraag kan gevra word: *Waar pas lesbiese ouers in ‘n teologiese antropologie?* Dit is egter nie so ’n eenvoudige saak soos wat baie mense wil voorgee nie. Dit is ‘n ingewikkelde debat waarin Bybelse argumente gebruik word deur sowel die voorstanders van homoseksuele verhoudings en huwelike asook deur diegene daarteen (Potgieter, 2007:9). König (2005:85) impliseer dat veranderinge en groei in hermeneutiese insigte kerklike gevolgtrekkings uit die Bybel ten opsigte van homoseksualiteit gewysig het, terwyl Botha (2005:9) dit aan ander faktore toeskryf soos inklusiwiteit, oormatige akkommodering en ‘n oorbeklemtoning van diversiteit wat die teologie vanuit ‘n permissiewe liberaal-sekulêre kultuur binnegedring het. Volgens Moore (2004:38) is dit noodsaaklik om nie alleen te fokus op die God-mens-verhouding nie, maar om ook die spanningsveld in die teologiese antropologie tussen God en mens, binne die spanningspole van Skepper-skepsel, sonde-genade, dood en lewe in ag te neem.

Die navorser ondersteun Moore se benadering, en is van mening dat die sondeval en verlossing 'n breër raamwerk binne die teologiese antropologie bewerk en die verstaan van die mens as holistiese wese verder belig.

### *2.2.1.1 Die sondeval*

God, wat die mens na sy beeld en gelykenis geskape het, het die mens nie soos 'n pion op 'n skaakbord geplaas wat na willekeur rondgeskuif kan word nie, maar aan die mens 'n vryheid van keuse gegee. Die heerskappy van die aarde is aan die mens toegesê om dit volgens bepaalde voorskrifte onder die direkte toesig en heerskappy van God uit te voer. Die mens het egter deur sy optrede getoon dat hy hom nie aan God se gesag wil onderwerp nie en het daardeur die besondere verhouding tussen God en die mens geskaad. Deur die sondeval het die mens nie net sy gesagsposisie verbeur nie, maar is hy as beelddraer en heerser van God se skepping verlaag na die status van 'n slaaf (Horak, 2006:2).

Die sondeval het bepaalde gevolge vir die mens ingehou. Sonder fout, sonder gebrek en sonder sonde is die mens geskape sodat hy sy bestemming kon bereik, naamlik die verheerliking van God (Du Plessis, 2006:16). Die mens se wil was vry om te kies tussen reg en verkeerd, tussen lewe en dood. Deur ongehoorsaamheid aan God het die mens die deur van volmaaktheid agter hulle toegesluit en 'n wêreld van gebrokenheid betree. Van toe af was die mens skaam en bang, en sy wil wat tevore vry was om kwaad en goed te doen, was nou net vry in die rigting van kwaad en nie meer van goed nie (Du Plessis, 2006:14). In hierdie verband lui die Dordtse Leerreëls (Westerink, 1992:31):

> Alle mense word in sonde ontvang en as kinders van die toorn gebore, onbekwaam tot enige saligmakende goed, geneig tot kwaad, dood in sonde; hulle kan en wil ook nie tot God terugkeer of hul verdorwe natuur verbeter nie, sonder die genade van die Heilige Gees.

'n Mens kan aan die sondeval dink as vervreemding, die vervreemding van God, van hom/haarself en van sy/haar naaste (Heymans, 2008;217). Du Plessis (2006:13) beskryf die sondeval as die inleiding tot dwaasheid, gebrokenheid, skuldigheid, wetteloosheid en verkeerdheid.

Die sondeval raak die mens in sy geheel en werk deur tot op elke vlak van menswees. Die straf wat God gee, soos beskryf in Genesis 3:16-17, wys direk hoedat die sondeval seksualiteit en voortplanting aangetas het. Dit verduidelik ook dat alles in die hele skepping negatief geraak is en daarom stukkend en gebroke is (Potgieter, 2007:33).

Paulus skryf in 1 Korintiërs 13:12 dat die mens nou deur ‘n spieël in ‘n raaisel sien en dat kennis nou net ten dele is, maar eendag sal die mens ook ten volle ken en verstaan. Hierdeur benadruk Paulus die gebrokenheid, onsekerhede en gevolge van die sondeval waarmee die mens elke dag worstel. Die navorser merk die raaiselagtige spieël waarna Paulus verwys nie alleen in die talle onbeantwoorde vrae ten opsigte van homoseksualiteit op nie, maar meer nog in die homoseksuele debat. Die heftige debat rondom persone met ‘n homoseksuele oriëntasie word in tydskrifte, koerante, wetenskaplike kringe, politieke forums en selfs in kerke gevoer (Botha, 2000:1).

Volgens die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk, wat in 2007 gehou is, glo die kerk steeds dat die Bybelse skopus vir alle seksuele verhoudinge (die huwelik ingesluit) die heteroseksuele verhouding is (NGK 2007a:203-209; NHK 2007a:5-6). Selfs seksualiteit dra die letsels van ons gebrokenheid, en daar is ‘n saak dat homoseksualiteit die gevolg is van die gebrokenheid waarbinne alle mense leef (NGK 2007a:203-209;NHK 2007a:5-6). Die navorser ondersteun die standpunte van die Algemene Sinode en die Algemene Kerkvergadering dat homoseksualiteit die gevolg van die gebrokenheid is waarbinne alle mense lewe. Hierdie studie het dit egter nie ten doel om homoseksualiteit te verklaar of te verantwoord nie, maar wel om ‘n positiewe bydrae te lewer ten opsigte van adolessente se identiteitsontwikkeling in lesbiese ouerhuise.
Hoewel persone met ‘n homoseksuele oriëntasie meer as ooit te vore in die kern van gesprekke geplaas word, wil dit voorkom asof almal tot die debat toetree en ‘n opinie het, hetsy ‘n ingeligte of oningeligte opinie (Kotze, 2004:1). Die meeste gesprekke, samesprekings en debatte handel dikwels net oor die etiese aspekte of oorsaak van homoseksualiteit. Dit wil voorkom of daar iewers in die debat vergeet word dat daar

nie net met feite gewerk word nie, maar met mense (Reyneke, 2007:20). Ongeag die invloed van die sondeval, ten opsigte van homoseksualiteit en in hierdie studie die lesbiese ouerhuis, ondersteun die navorser Potgieter en Van Huyssteen (2002:33) se standpunt dat dit nie ‘n kollektiewe groep is wat dieselfde dink, voel en besluit oor alles nie, maar individue met ’n behoefte aan liefde en aanvaarding. Dit geld beslis ook vir elke adolessent in ‘n lesbiese ouerhuis.

Die navorser besef dat elke persoon uniek en belangrik is en dat elke persoon deel vorm van God se verhaal en plan. God se verhaal wat deur die kerk gekommunikeer word handel hoofsaaklik oor mense met behoeftes en eiesoortige verhale. Die navorser is van mening dat, hoe beter die kerk se kennis van die mens is, hoe beter word die behoeftes van mense verstaan en gedien. Hierdie studie behoort ‘n positiewe bydrae te lewer ten einde beter begrip te hê vir adolessente in lesbiese ouerhuise. Met beter begrip kan die kerk en pastorale beraders God se verhaal van hoop op so ‘n wyse aan die adolessente oordra dat dit hulle kan help om te groei tot geloofsvolwassenheid in Jesus Christus. God se plan omvou in die verlossing wat Hy bewerk het deur Christus Jesus, Sy eniggebore Seun. Hierdie verlossing bewerk ‘n positiewe invloed in elke persoon wat in Hom glo se totale wese. Daarom is dit belangrik om vervolgens aandag te skenk aan verlossing, wat ‘n onlosmaaklike deel van ‘n teologiese antropologie vorm.

*2.2.1.2 Verlossing*

Dit is alleenlik God as die almagtige Opperwese wat die sondetoestand van die mens kon verander. God ryk uit in genade en barmhartigheid wanneer Hy sy Seun Jesus Christus na die wêreld stuur om Sy verlossingswerk te kom voltrek. Die doelwit wat die Vader met die sending van Jesus voor oë gehad het, word soos volg saamgevat (Du Plessis, 2006:19):

> Christus het gekom om chaos in etos te omskep, om die duisternis met lig te verplaas, om sonde met geregtigheid te vervang, om haat in liefde te verander en om die heerskappy van Satan met die koninkryk van Christus te verwissel. Die sending van Christus was dus primêr die

> verlossing van die gevalle mens, sowel as die herstel van die ellende waarin die sondeval die heelal gedompel het.

Die verlossingswerk is deur God die Vader geïnisieer en deur Jesus Christus op die aarde voltrek. Johannes 3:16 spreek tot die ganse geskapenheid oor die liefde en genade van God:

> Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Die mens word deur hierdie Godshandeling gekonfronteer en kan gelowig of ongelowig hierop reageer (Immink, 2003:49). Die Christelike geloof plaas in hierdie verband ‘n hoë premie op die oortuigingswerk van die Heilige Gees as derde persoon in die Godheid, en die heilsproses kan soos volg beskryf word (vgl. Johannes 1:11-13 en Johannes 3):
Wanneer die mens positief op die oortuiging van die Heilige Gees reageer en Jesus Christus as Saligmaker aanneem, bewerk die Heilige Gees die wedergeboorte en word die persoon ‘n kind van God. Die wedergeboorte bring mee dat die persoon wat dood is in sy sonde en misdade nou lewend gemaak word, en sy/haar status verander van sondaar na kind van God. Die persoon word in Christus geplaas as ‘n nuwe skepsel en word sodoende ‘n deelgenoot van die Goddelike natuur (Horak, 2006:21).

Binne die pastorale antropologie word hierdie pneumatologiese beïnvloedingspunt tussen God en die mens dan die beligting van die mens as ‘n pneumatiese wese (Louw, 1999b:297). By die affektiewe, kognitiewe, konatiewe en liggaamlike funksies van die mens beklemtoon Louw (1998:296) ook die pneumatologiese aspek en voeg die normatiewe en die koinoniale komponente van menswees by. Die normatiewe komponent help die mens om ‘n stel waardes en norme te formuleer waarvolgens sy lewe gerig kan word. Dit maak van die mens ‘n sedelike wese met ‘n etiese dimensie. Die koinoniale komponent plaas die mens binne verhouding met ander mense (Louw, 1998:296). Die navorser is van mening dat die normatiewe komponent ‘n belangrike rolspeler in die mens se moreel-etiese ontwikkeling is en

dat dit onder andere ook adolessente se seksuele ontwikkeling; houdings en gedrag sal beïnvloed en hul identiteitsontwikkeling in die geheel sal raak.

Hoewel die verlossingswerk ‘n Godshandeling is en die oortuiging daarvan deur die Heilige Gees geskied, staan die mens nie passief in die heilsgebeure nie. Geloof kry net gestalte as die mens aktief daarby betrokke is (Fourie, 2007:7). Die Christelike geloof kan sekerlik nie buite die Bybelse konteks beskryf en verstaan word nie. Die Bybel leer dat die mens slegs deur die geloof in Christus Jesus gered kan word van die dood. Die persoon wat Jesus erken en aanneem as Verlosser en Saligmaker kan seker wees dat hy of sy ‘n kind van God is. Paulus beskryf hierdie sekerheid in Romeine 8:15 en 16 soos volg:

> Want julle het nie ontvang ‘n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: ’Abba, Vader!’ Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is.

Verlossing omsluit die totale mens. Die versoende mens is in Christus ‘n nuwe skepping; nie alleen is sy sonde vergewe nie, maar hy is ook onder die heerskappy van Christus gebring en dit word deur sy ganse lewe sigbaar. Volgens Louw (2004:31) verander die menslike selfstruktuur deur die bevryding en verlossing in Christus. Louw (2004:31) meen dat die nuwe mens ‘n pneumatiese mens is, wie se lewe kwalitatief bepaal word deur die werking van die Heilige Gees. Die Heilige Gees bewerk klassieke lewensvreugde: geregtigheid, regverdigheid, selfbeheersing, moed en wysheid.

Wanneer die verhoogde Christus deur Sy Woord en Gees oor mense se lewens regeer, verander hul verhouding tot God, hulself, hul naaste en die wêreld. Die versoening met God sluit dus ook die versoening met die self, die naaste en met alle mense in (Jonker, 1983:209). Verder bewerk verlossing ook ‘n hoopvolle toekoms en ‘n eskatologiese verwagting vir die verloste mens. Met die tweede koms van Jesus sal die vernietigende werking van sonde verdwyn, die skepping sal nuut te voorskyn kom en die volheid van God se oorspronklike skeppingsdoel sal na vore tree (Heymans, 2008:220). Daarom hoef die mens nooit sy/haar toestand as

onveranderbaar te aanvaar nie. Jesus het gekom sodat die mens lewe in oorvloed kan geniet en dit het verreikende gevolge op elke lewensterrein.

Jesus het Homself tot die kruisdood oorgegee, sodat daar verlossing en redding vir elke individu kan wees wat in geloof na Hom toe kom. Hierdie waarheid bied aan die Pastoraat 'n unieke karakter en verantwoordelikheid om na alle mense as beelddraers van God te kyk. Die verslag van die Algemene Sinode (NGK 2007a:142-143) sluit hierby aan wanneer daarop gewys word dat alle mense na die beeld van God geskep is en verlossing deur Jesus plaasvind. Dit beteken dat alle mense, ongeag hul seksuele oriëntasie, ingesluit is in die liefde van God. Daarby moet die kerk pastorale sorg aan mense verskaf wat op een of ander wyse die werklikheid van homoseksualiteit beleef (NGK 2007a:142-143). Die navorser meen dat hierdie studie juis 'n bydrae kan lewer tot positiewe pastorale en terapeutiese sorg aan sowel adolessente in lesbiese ouerhuise as die lesbiese-ouers self, deur riglyne saam te stel om die identiteitsontwikkeling van die adolessente te bevorder.

*2.2.1.3 Toepaslike benadering tot adolessente in lesbiese ouerhuise*

Die navorser is van mening dat verlossing die mens in totaliteit insluit en positief deurwerk na elke lewensdomein. Daar is reeds in verskeie literatuur (Boshoff, 2002:9; Müller, 2002:92; Pienaar 2002:97; Lerner, 1998:23) aangetoon dat daar 'n positiewe verband tussen Geloofsekerheid en die algehele ontwikkeling van adolessente bestaan. Vanuit 'n holistiese mensbeskouing kan die navorser nie die adolessent in 'n lesbiese ouerhuis konseptualiseer sonder om ook die spirituele of transendente aard van die mens in berekening te bring nie. Louw (2008:20-21) wys daarop dat dit nodig is om bepaalde besluite te neem met betrekking tot teologiese antropologie om deur middel van 'n paradigma die Pastoraat binne 'n multidissiplinêre benadering te verlig. Voorts meld Louw (2005:21) opsies in terme van verskillende basiese, menslike funksies wat toepaslik is binne die Pastoraat in verskillende kulturele opsette:

- Weet-funksies – die klem is hier op die kognitiewe dimensie;
- Doen-funksies – die klem is op aksie;

- Luister-funksies – die klem is hier op interpersoonlike verhoudings en kommunikasie;
- Wees-funksies – mense bestaan binne die dinamiek van verhoudingsisteme en kulturele omgewings, wat die posisie, houdings en geneigdheid beïnvloed.

Hierdie funksies bied volgens Louw (2005:21) die mees toepaslike vertrekpunt vir die teologiese benadering tot die mens en dus ook die lewe. Deur hierdie funksies word daar na die individu gekyk binne verhoudingsisteme en kulturele omgewings wat vir hierdie studie belangrik is, omdat adolessente se identiteitsontwikkeling ten nouste saamhang met hul gesinsfaktore, omgewingsinvloede en die kulturele klimaat waarin hulle hulself bevind.  Volgens Louw (2005b:25-25) fokus hierdie funksies op:

- Verhoudings en onderlinge interaksie.
- Konkrete ervaringe, soos wat dit in emosionele toestande manifesteer.
- Die kwaliteit en gehalte van gedrag en wees-funksies.
- Reaksiepatrone, gesindheid en houdings.
- Groei tot integriteit, volwassenheid en die kreatiwiteit van singewing. Probleme word gesien as geleenthede om selfinsig te verwerf, nuwe keuses te maak, te verander en te groei.
- Evaluering om te kyk na die verband tussen die dele.
- Beskrywing en die rol van interpretasie. Dit gee voorkeur aan narratiewe, metafore en simbole.
- Die konteks en kultuur wat ‘n rol speel in die interaksieproses.
- Die hede met die oog op die toekoms.
- Ruimte en tussenfaktore in verhoudingsnetwerke wat prosesse beskryf.

Hierdie antropologiese paradigma bied ‘n moontlikheid tot ‘n omvattende ondersoek na die identiteitsvorming van adolessente in die lesbiese ouerhuis. Dit huldig ‘n holistiese beskouing wat aansluiting vind met die Gestaltteorie, en plaas ‘n hoë premie op kommunikasie, narratiewe, metafore en simbole wat onthul kan word deur van die narratiewe benadering gebruik te maak. Die navorser beskou hierdie paradigma as ‘n ideale en versoenbare vertrekpunt vir die studie.

Müller (2002:92) wys daarop dat Christelike geloofsekerheid ‘n belangrike hulpmiddel in die ontwikkeling van ‘n eie identiteit is. Müller is van mening dat geloofsekere adolessente weet wie hulle is en dat hulle doelgerig leef om hul missie in die lewe te volvoer. Hulle besef die lewe het ‘n hoër doel, naamlik om God te verheerlik (Müller, 2002:114). Hierdie hoër doel stel hulle in staat om verby die onvoltooidheid en onvolmaaktheid, wat alle gesinne raak, te kyk en met hoop, ywer en entoesiasme te streef en te werk vir iets groter as die mens self (Bothma, 2003:195). Die Christelike geloof stel die mens in staat om te droom, te hoop en te lewe asof hy/sy reeds deel het aan ‘n ander wêreld – God se wêreld. God se wêreld ontvou in die mens se lewe namate die mens meer bekend raak met God se verhaal (breedvoerig in Sy Woord vertel) en hoe meer God se verhaal die mens se verhaal word. Van der Merwe (2008:39) omskryf dit treffend: “Hierdie narratief van God weerspieël nie ons lewens nie. Dit konstrueer dit, vorm dit en slyp dit.”

Die navorser besef dat elke lesbiese ouerhuis en elke adolessent in ‘n lesbiese ouerhuis ‘n unieke verhaal vertel. Osmer (2008:21) wys egter daarop dat interpretasie een van die mees basiese handelinge die in menslike bestaan is. Mense is voortdurend besig om hul ervaringe te interpreteer en hierdie interpretasies vind binne ‘n sosiale omgewing plaas. Die navorser is van mening dat elke adolessent in ‘n lesbiese ouerhuis nie net ‘n verhaal het om te vertel nie, maar dat elke verhaal vanuit die adolessent se unieke interpretasie vertel word. Morgan (2000:5) beskryf die proses van interpretasie en die oordrag van die interpretasie soos volg:

> As humans, we are interpreting beings. We all have daily experiences of events that we seek to make meaningful. The stories we have about our lives are created through linking certain events together in a

> particular sequence across a time period, and finding a way of explaining or making sense of them. This meaning forms the plot of the story. We give meanings to our experiences constantly as we live our lives. A narrative is like a thread that weaves the events together, forming a story.

Die navorser is van mening dat, terwyl die mens ‘n verhoudingswese is wat in verhouding staan tot God, die naaste en die self, interpretasie binne die genoemde verhoudings plaasvind. Sy besef verder dat God se verhaal, soos Sy liefde, alle mense se verhale omsluit. Daarom het sy potensiaal gevind in die narratiewe benadering as hulpmiddel in die ondersoek en ontginning van adolessente se verhale binne lesbiese ouerhuise. Die navorser beskou die narratiewe benadering as die sagte skakerings wat die basisteorie en paradigmatiese perspektief komplimenterend aan mekaar verbind.

### 2.2.2 ‘n Narratiewe invalshoek

Volgens die narratiewe benadering word ‘n individu se lewe as ‘n storie of narratief beskryf. Mense gee betekenis aan hul lewens deur hul ervarings en belewenisse in verhale te beskryf. Die narratief bevat beskrywings oor hulself, ander en die verhouding waarin hulle staan (Bothma, 2003:68). Enersyds konstrueer mense lewensverhale gebaseer op hul ervaring van die lewe, terwyl hierdie narratief andersyds weer die lewe van mense vorm (Payne, 2006:19; Kotzé & Kotzé, 1993:364). Wanneer mense poog om sin uit hul lewens te maak, is dit nodig dat hulle die ervarings en gebeurtenisse in hul lewens op so ‘n wyse rangskik dat dit ‘n duidelike prentjie vorm (Gerber, 2005:8). Hierdie ordening van gebeure neem gewoonlik die vorm van stories aan en demonstreer ‘n opeenvolging van gebeure wat ‘n begin (geskiedenis), ‘n middel (hede) en ‘n einde (toekoms) het (Bothma, 2003:68). Dit beteken dat die interpretasie van mense se huidige belewenis beïnvloed word deur hul verlede en hul toekomsverwagting (Freedman & Combs, 2002:205; White & Epson, 1990:10). Deur die herhaaldelike bespreking en ondersoek van mense se lewensstories, ontwikkel hulle groter selfbegrip en kennis, wat kan aanleiding gee tot nuwe, konstruktiewe lewensdiskoerse (Heymans, 2008:120).

Müller (2004:295) wys daarop dat die narratiewe benadering 'n groot bydrae kan lewer tot die Pastoraat as vertrekpunt. Die narratiewe benadering verplaas die pastorale berader se fokus vanaf die meer abstrakte veralgemenings binne 'n bepaalde konteks na 'n spesifieke en konkrete werklikheid binne 'n persoon of groep se leefwêreld. Hierdie fokusverskuiwing bring die pastorale berader in kontak met die werklike stories van mense se stryd, konflik en spanning, maar ook vreugde, sterktes en oplossings in spesifieke situasies en spesifieke tydsomstandighede (Müller, 2004:295). Die navorser vind groot aanklank by die bogenoemde toepassing van die narratiewe benadering, en is van mening dat dit 'n bruikbare hulpmiddel in hierdie kwalitatiewe studie kan wees ten einde die werklike narratiewe van adolessente in lesbiese ouerhuise te verken.

*2.2.2.1 Dominante en alternatiewe verhale*

Binne die narratiewe benadering word daar tussen dominante en alternatiewe stories onderskei (Payne, 2002:84; White & Epson, 1990:56). Dominante stories is gewoonlik probleemgerigte stories. Hierdie narratiewe is egter nooit volledige weergawes van mense se lewenservarings nie (Griffith & Griffith, 2002:84). Die dominante stories vorm egter die bril waardeur hulle na hul lewe kyk, en derhalwe beïnvloed hierdie probleemgesentreerde beskouing hul emosies, gedrag en sin vir die self (Bothma, 2003:68; Pietersen, 1997:91). Alternatiewe stories is die stories wat nie deel vorm van die dominante verhaal nie. Die doel van die narratiewe gesprek is dus om 'n stem te gee aan hierdie alternatiewe stories, sodat dit 'n prominente rol in die mens se konstituering van sy/haar lewe kan speel (Prinsloo, 2009; Pietersen, 1997:91). Volgens De Beer (2007:16) plaas alternatiewe stories die persoon in beheer van sy/haar lewe en stel hom/haar in staat om op nuwe perspektiewe, moontlikhede en hoop te fokus.

Die proses waardeur alternatiewe verhale geskep word, behels die dekonstruksie van die dominante storie en ook die rekonstruksie van 'n alternatiewe, bevrydende narratief (De Beer, 2009:51; De Beer, 2007:36; Crafford & Kotzé, 1997:108). Hierdie proses vind plaas deur middel van eksternaliserende vrae, waardeur gepoog word om die dominante narratief te ontbloot en ook alternatiewe narratiewe te eksploreer. Die navorser vra vrae om uit te vind watter impak die dominante narratief op die

persoon se lewe het, hoe dit sy/haar siening oor die self beïnvloed, en ook watter invloed dit op die persoon se interpersoonlike verhoudinge het (Prinsloo, 2009; Pietersen, 1997:91). So word sowel die historiese agtergrond van die dominante narratief ondersoek as die invloed wat dit op die persoon se sin vir die self het. Die dominante narratief het nie outonoom, individueel of subjektief ontstaan nie, maar is gevorm binne spesifieke verhoudings, onder spesifieke sosiale, kulturele en godsdienstige invloede (Van Lingen, 2005:32; Nicholson, 1995:24). Müller (2002:33) wys daarop dat persoonlike identiteit bepaal word deur gesinsidentiteit, en dit word weer bepaal deur ‘n wyer kultuur-identiteit. Elke gesin, familie of wyer sisteem het kernverhale wat daaraan ‘n unieke identiteit verleen.

Adolessente in ‘n lesbiese ouerhuis behoort ‘n unieke kernverhaal te hê, wat ‘n direkte invloed op hul identiteitsontwikkeling en die sin vir self sal uitoefen. Deur die dominante narratief te ondersoek en oop te maak, word die identiteit van die storie blootgestel in terme van die historiese konstruksie daarvan en die konstruerende impak daarvan op die individu se lewe. Adolessente in ŉ lesbiese ouerhuis moet aangemoedig word om die invloed van hul storie op hul lewens te evalueer en te beoordeel (De Beer, 2009:153; Hart, 1995:184). Hierdeur word die deur geopen om alternatiewe stories te konstrueer. Die doel van hierdie studie is om die adolessente se dominante verhale te ontbloot en te ondersoek, asook om aan moontlike alternatiewe verhale ‘n stem te gee, sodat die adolessente hul eie identiteit kan ontdek en hul eie lewensverhaal kan verwoord en uitleef.

*2.2.2.2 Diakonologiese rekonstruksie*

Volgens Bezuidenhout en Janse van Rensburg (2006:2-3) omvat die diakonologiese-epistomologiese inkleding van die dekonstruksie as strategie ondermeer die volgende:

- Die Bybel is die Woord van God soos deur die Heilige Gees in menslike skrywers geïnspireer is (2 Petrus 1:20-21).

- God is die Drie-enige lewende, ewige, almagtige, alomteenwoordige Skepper van hemel en aarde.

- Die unieke uitkomste is vas en seker omdat God vas en seker is

- Die pastorale berader is nie die "ekspert" nie, maar net die fasiliteerder om die mens se verhaal te ko-konstrueer in ooreenstemming met God se verhaal.

- Die gebruik van die fenomeen *dekonstruksie* vanuit 'n diakonologiese epistomologie geskied met die doel om die mens in ooreenstemming te bring met God se verhaal (Sy wil) aangaande die mens.

- Die waarheid is allereers gesetel in Jesus Christus, die tweede Persoon in die Drie-eenheid (Johannes 4:16), en nie in die objektiewe feite van reg en egtheid nie.

Die teologiese implikasies van sodanige benadering is dat dit die veronderstelling is dat God se verhaal die konteks is waarbinne die mens se verhaal plaasvind (Van der Merwe, 2002:21; Dill, 1996:94). Truter (2002:69) beskryf die Pastoraat in terme van 'n verhaal. Dit is die lewensverhaal van die mens en die verbindinge wat hierin lê met die verhaal van God met die mense. God gee nie 'n bloudruk vir die lewe nie. Hy gee vir die mens die Bybel. Dit is die storie van die lewe, die storie wat die waarheid oor die lewe vertel – God se storie met die mens (Van der Watt *et al.,* 2002:33; Cilliers, 1998:11-12). In hierdie verband is dit egter noodsaaklik om te besef dat strategieë soos die narratief en dekonstruksie suksesvol aangewend kan word binne die Pastoraat indien dit nie binne 'n postmoderne epistomologie geplaas word nie.

Volgens Janse van Rensburg (2000:9) behels die kern-idee van postmoderniteit om die waarheid as 'n objektiewe realiteit te ontken. Daardeur word geloof in die moontlikheid van objektiewe kennis en absolute waarheid aan baie fronte ondermyn (Bothma, 2003:74). Volgens die postmoderne epistomologie is realiteit saamgestel uit die veelheid van narratiewe wat as oop-einde refleksies op die realiteit beskou moet word. Selfs die Woord van God word binne die postmoderne epistomologie as absolute waarheid bevraagteken en onbruikbaar (De Beer, 2009:46; Brunsdon, 2006:34). Die navorser vind aansluiting by Groothuis (2000:65-81), wat waarheid objektief in God beskou as kenbaar, absoluut, universeel, ewig en finaal.

Dit is egter moontlik om die narratief binne 'n diakoniologiese epistomologie te plaas, omdat dit nie eksklusief tot die postmoderniteit behoort nie (Janse van Rensburg, 2000;37). Volgens Janse van Rensburg (2000:37) gebruik die Bybel narratiewe en dekonstruksie lank voordat die postmoderniteit die waarde daarvan ontdek het. Die navorser kies om vir die doel van hierdie studie die narratiewe benadering binne die diakoniologiese epistomologie te plaas. Die navorser stem saam met Brunsdon (2006:35) dat die Pastoraat 'n tuiste behoort te vind binne 'n raamwerk waar die Woord van God as eerste vertrekpunt staan. Die navorser wil die *Sola Scriptura*-beginsel respekteer en die Woord as die primêre kenbron vir pastorale hulpverlening aan adolessente in lesbiese ouerhuise behou.

Met die Bybel as vertrekpunt word die Pastoraat, soos deur Louw (1997:2) beskryf, 'n ontmoetingsplek waar lewensvraagstukke vanuit 'n Christelike geloofsperspektief aangespreek kan word. Tweedens kan die Pastoraat in die konteks van narratief ook aan persone hulp verleen vanuit die oortuiging dat God se trou die inhoud van geloof is en dat God Sy beloftes aangaande Sy heilshandelinge met die mens in Christus se kruis en opstanding vervul het; asook vanuit die oortuiging dat lewe voltrek word in die teenwoordigheid van God. Derdens bied dit die geleentheid om God se wil in terme van die vraag na die sin van die lewe te vertolk sodat mense met vreugde, sin en hoop kan leef.

Die navorser het 'n narratiewe invalshoek bydraend gebruik om die verband tussen die individu se storie en die Storie van God te bepaal. Die geloofsperspektief hoef nie van buite af ingebring te word nie, want dit is terug te vind in die lewensverhaal van die mens self; in die wyse waarop hy/sy in die loop van sy/haar lewe deur religie of 'n bepaalde geloofstradisie of lewensbeskouing in 'n positiewe of negatiewe sin beïnvloed is (Van der Merwe, 2008:39). Binne die pastorale gesprek word hierdie elemente geaktiveer. Nuwe ervarings noodsaak elke mens om voortdurend sy/haar lewensverhaal te herinterpreteer. Dit stel die mens in staat om sy/haar lewe te konstrueer, te vorm en te slyp (Van der Merwe, 2008:39).

Binne die Pastoraat is daar verskeie verhale wat op mekaar inwerk. Scholtz (2005:143) het dit beskryf as ‘n kragveld waarin veral drie verhale op mekaar inwerk, naamlik die verhaal van die gespreksgenoot, die verhaal van die geloofstradisie en die van die pastor self. Vir die doel van hierdie studie wil die navorser die verbande tussen sowel die adolessente se stories en die storie van hul gesinne as die storie van God ondersoek. Die vermelding van God se naam of verwante stories, byvoorbeeld God se wil, Sy straf of Sy genade, kan aandui hoe die adolessente hulself in terme van afhanklikheid van God posisioneer (Denborough, 2002:255).

*2.2.2.3 Die posisionering van die lesbiese gesin in God se verhaal*

Dit is vir die navorser van groot belang om ook vas te stel hoe die lesbiese ouerhuis die adolessente se posisionering binne God se storie beïnvloed en, indien wel, tot watter mate dit adolessente se godsdienstige identiteit beïnvloed. Dahl (2011:23) en Louw (1997:449) skryf in hierdie verband dat homoseksuele persone wat identifiseer met Christelike leerstellings dikwels probleme ondervind om hul godsdienstige identiteit met hul seksuele identiteit te versoen, en hierdie verwarring moontlik stremmend kan wees vir die geloofsontwikkeling van die adolessente wat in lesbiese ouerhuise grootword. Volgens Denborough (2002:248-249) is die rede vir die probleem gevoelens van skuld en skaamte. Dreyer (2004:195) sluit hierby aan, en is van mening dat persone met ‘n homoseksuele oriëntasie hierdie gevoelens van innerlike konflik ten opsigte van hul godsdienstige en seksuele identiteit ervaar as gevolg van die klem wat die samelewing op konformiteit lê. Volgens Dreyer (2004:195) kommunikeer die samelewing (soms onbewustelik) weersin, oordeel en selfs haat teenoor persone met ‘n homoseksuele oriëntasie, en die adolessente word onwillekeurig by die spanning ingesluit. Dreyer (2004:195) som dit akkuraat op wanneer sy sê:

> Stereotipering speel ‘n groot rol in negatiewe persepsies en houdings ten opsigte van homoseksuele persone. Dit is ‘n bydraende rede tot gays se ervarings dat hulle deur groepe, soos byvoorbeeld die kerk, verwerp word.

Die probleem dat homoseksualiteit dikwels misverstaan en gestereotipeer word, gee aanleiding tot verwerping, nie alleen deur die breë samelewing nie, maar meer

dikwels ook deur intieme familie en vriende (Reyneke, 2007:41). Tydens adolessensie is ‘n sterk gesinstruktuur belangrik, aangesien hierdie stabiele struktuur die riglyne en sekuriteite verskaf waarteen die adolessente hul eie identiteit kan toets (Van der Merwe, 2008:97). Van Rensburg (2001:15) wys daarop dat onsekerhede en onstabiliteite binne die gesin verskeie reaksies by adolessente tot gevolg kan hê, byvoorbeeld: vrees vir stigmatisering, woede, hulpeloosheid, vrese oor die toekoms en ontrekking uit die gesin. Die navorser wil deur die onthulling van die adolessente se dominante stories ondersoek in watter mate die bogenoemde moontlikhede van stigmatisering en verwerping van hul lesbiese ouerhuis ‘n invloed op hul persoonlike identiteit kan hê.

Adolessente worstel oor die algemeen dikwels op die godsdienstige terrein met twyfel. Die godsdienstige twyfel by die adolessent kan van intellektuele of morele aard wees. Langs die verstandelike weg word die godsdienstige opvattings ontleed, en vanuit die skynbare chaos en warboel van teologieë, menings en oortuigings moet die adolessent ‘n vaste vertrekpunt bereik ten einde sy/haar eie geloofsposisie te bepaal (Du Rand-Smit, 2007:10).

Die adolessent binne ‘n lesbiese ouerhuis word egter nie alleen met al die teologiese verskille op godsdienstige gebied gekonfronteer nie, maar moet ook ‘n besluit neem rondom die debat oor homoseksualiteit wat midde-in die kerk gebore is. Die uiteenlopende sienings van die kerk oor homoseksualiteit verhoog adolessente wat in lesbiese ouerhuise grootword se godsdienstige twyfel en geloofsvrae in verband met die posisionering van hul homoseksuele ouers en hulself binne die kerk as geloofsgemeenskap (Dah, 2011:23).

Volgens Potgieter (2007:18) het die siening van sekere kerkgroepe oor homoseksuele verhoudings oor die laaste drie dekades dramaties verander. Die kerk se historiese standpunt oor homoseksualiteit het daarna verwys dat homoseksuele praktyke en verhoudings teenstrydig met die wil van God is soos dit in die Bybel verwoord is. Vandag is daar egter verskillende interpretasies, en sommige teoloë is van mening dat verskillende vorme van seksuele oriëntasie regverdig is (Potgieter, 2007:18). Dit beteken dat daar nie net ‘n heteroseksuele oriëntasie is nie, maar ook

‘n homoseksuele oriëntasie. ‘n Logiese gevolg van so ‘n standpunt is natuurlik dat daar ook ‘n biseksuele oriëntasie is (Potgieter, 2007:18; Lemmer, 2005:129). Die navorser merk dat die homoseksuele debat nog lank nie sy einde bereik het nie en daar nie klinkklare antwoorde oor die vrae ter tafel is nie. Volgens Comiskey (2010:36) stel hierdie eietydse seksuele beskouings en debatte geweldige hoë eise aan adolessente in die algemeen, ten einde geloofsekerheid te bekom en sin te vind in die lewe en menswees.

Die navorser is oortuig daarvan dat God se storie ‘n positiewe effek op elke vlak van ‘n mens se lewe uitoefen en individue in staat stel om hulself te ontdek en te ontwikkel binne ‘n hoër roeping en sin vir die lewe (vergelyk Louw, 2004:31). Aan die ander kant stel die narratiewe benadering die persoon in staat om die geslotenheid van sy/haar eie situasie tydruimtelik te transendeer. Volgens Louw (1997:449) kan effektiewe Skrifbenutting gebruik word om die eie situasie te transendeer deur middel van ‘n verbeeldingryke identifikasie met Skrifverhale en rolspelers. Bybelverhale maak God se teenwoordigheid konkreet en aktief in die eie situasie, en verleen aan die persoon ‘n blik op die kognitiewe, konatiewe en affektiewe respons van ander persone in verbandhoudende situasies (Heymans, 2008:121).

Wanneer die narratief toegelaat word om deel van ‘n geloofsbelewenis te wees, word dit ‘n religieuse pelgrimstog, ‘n ontdekkingsreis wat die isolasie van die eie vasgeloopte situasie in die hede deurbreek (Seegers, 2011:169; Gerkin, 1986:38). Verskeie nuwe horisonne vir die verstaan van skrifgedeeltes kom so tot stand, en daar word nie net na “regte” antwoorde gesoek nie, maar die hele verstaanproses word verruim (Scholtz 2005:148; Dill 1996:96). Sodoende word selfbegrip en selfontdekking moontlik binne ‘n omgewing van alternatiewe wat selfs persoonlike dilemmas kan oplos.

Binne die narratiewe benadering gaan dit nie om die feite van die situasie nie, maar veel eerder oor die persoon se ervaring en interpretasie van sy/haar lewensverhaal (Heymans, 2008:124). Die navorser meen dat die narratiewe benadering in hierdie verband ‘n geskikte moontlikheid bied om die adolessent in die lesbiese ouerhuis se ervarings en interpretasies van sy/haar lewensgebeure te ontbloot en die self

daarbinne te konstrueer. Die narratiewe benadering kan ook effektief aangewend word, om indien daar dilemmas of hindernisse in die adolessent se identiteitsontwikkeling bestaan, alternatiewe verhale te oorweeg ten einde die unieke self te ontdek, te waardeer en te ontwikkel.

## 2.3 GESTALTTEORIE AS PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF

Die Gestaltteorie kan beskryf word as ‘n mens- en prosesgeoriënteerde teorie wat op die integrasie van die persoon as geheel, sintuie, liggaam, emosies en intellek klem lê (Verster, 2009:66). Die ontstaan en ontwikkeling van Gestaltteorie is te danke aan die werk van Frederick (Fritz) en Laura Perls (Henderson & Thompson, 2011:221). Die Gestaltbenadering kan volgens Delport (2011:3) met ‘n boom vergelyk word. Die wortels is gesetel in die psigoanalise, terwyl die stam beskryf kan word as fenomenologies en eksistensieel. Die boom staan in die landskap van holisme en die veldteorie. In die wese van die boom is die waardering van “wees” afhanklik van lewenskrag. Dit dui op die unieke funksionering van die individu binne die veld, met die ingebore vermoë van elke mens om probleme op te los, persoonlike behoeftes te identifiseer en te bevredig ten einde sy/haar potensiaal te ontdek en ten volle te ontwikkel (Bednarova, 2008:18). Binne die Gestaltteorie word na hierdie vermoë van die mens verwys as organismiese selfregulering, wat die persoon lei tot emosionele gesondheid, lewenskrag en persoonlike groei (Butler-Bowdon, 2007:218).

Gestaltteorie kan verder omskryf word as ‘n radikale ekologiese teorie wat van die standpunt uitgaan dat enige lewende organisme in interaksie met sy omgewing beskou moet word (Blom, 2004:2). Die Gestaltteorie verwys na die individu se totale kognitiewe en emosionele belewenis in interaksie met die omgewing (Prochaska & Norcross, 2000:166). Ten einde die Gestaltteorie breedvoerig te bespreek, is dit noodsaaklik om Gestalt as ‘n konsep te omskryf: *Gestalt* is ‘n Duitse woord wat nie direk in Engels vertaal kan word nie, maar soos volg verduidelik kan word (Henderson & Thompson, 2011:222):

> A form, a configuration or a totality that has, as a unified whole, properties which cannot be derived by summation from the parts and

> their relationships. It may refer to physical structures, to physiological and psychological functions, or to symbolic units.

Perls het die term *Gestalt* gebruik om die mens as 'n holistiese eenheid voor te stel (Prochaska & Norcross, 2000:166). Gestalt beteken volgens Rieber en Salzinger (1998:255) en Yontef en Jacobs (2000:310) vorm, patroon of konfigurasie, en verwys na die strukturele entiteit wat ontstaan deur die proses van integrasie van 'n reeks gedetailleerde persepsies in 'n betekenisvolle geheelbeeld. Die som van die onderskeie dele is meer as die dele waaruit dit bestaan. Solank die onderlinge verhouding tussen die dele voortduur, ontstaan daar 'n mate van struktuur wat as 'n geheel herkenbaar bly.

Die navorser sien *Gestalt* as 'n vorm of totaliteit wat bekend staan as 'n eenheid wat 'n mate van struktuur het. Dit integreer al die aspekte, belewenisse en ervarings wat deel uitmaak van 'n unieke individu. Hierdie holistiese beskouing sluit ten nouste aan by die holistiese beskouing van die narratiewe benadering, en bied volgens die navorser 'n ideale fondament om adolessente in lesbiese ouerhuise deur middel van terapeutiese insette en ondervinding te begelei om hul persoonlike bewustheid te ontdek en te ontwikkel, ten einde 'n gesonde sin vir die self te bereik.

Adolessente in 'n lesbiese ouerhuis bly 'n komplekse eenheid, waarvan die som van hul onderskeie dele, naamlik liggaam, sintuie, emosies, gedrag, gees, taal en denke, in 'n doeltreffende onderlinge verhouding met mekaar staan en meer is as die dele wat dit omsluit (Vorster, 2001:19). Die adolessente kan alleenlik verstaan word volgens die dele of totaliteite waaruit hulle saamgestel is (Verster, 2009:67). Gestalt is die totale proses wat aksies, emosies en gedagtes insluit wat ontstaan as gevolg van 'n behoefte wat bevredig moet word. 'n Geslote Gestalt ontstaan wanneer 'n behoefte bevredig is en geen onvoltooidhede bestaan nie (Viljoen, 2005:48). 'n Oop Gestalt dui op onvoltooidheid of 'n onbevredigde behoefte, wat persoonlike groei en selfregulering kan verhinder (Prochaska & Norcross, 2000:167).

Die adolessente staan in verhouding met die leefwêreld of veld waarin hulle hulself bevind. Binne hierdie veld is dit noodsaaklik dat hulle in staat sal wees om hul unieke behoeftes en unieke natuur te onderskei van die veld en selfregulerend op te tree

ten einde ‘n gebalanseerde sin vir die self te handhaaf. Dit kan alleenlik plaasvind deur ‘n bewuswording van hul unieke behoeftes en unieke natuur. Die Gestaltperspektief plaas groot klem op die belangrikheid van ‘n persoon se bewustheid van die self, en is veral belangrik vir hierdie studie waar die fokus op die adolessente se ontwikkeling van identiteit en die sin vir die self val.

Die volgende Gestaltkonsepte hou verband met die identiteitsontwikkeling van die adolessent in ‘n lesbiese ouerhuis: holisme, veld, organismiese selfregulering, bewustheid, kontak en kontakmodifikasies, en teorie van die self.

### 2.3.1 Holisme

Holisme word beskou as die belangrikste konsep binne die Gestaltbenadering (Clarkson & Mackewn, 1994:33). Gestalt verwys na ‘n geheel wat nie uitmekaar gehaal kan word sonder om die natuur daarvan te beskadig nie. Die HAT (1998:401) definieer holisme soos volg:

> ‘n Filosofiese standpunt wat berus op die beginsel dat die geheel meer as die som van die dele is en die heelal sien as ‘n geheelheid wat uit ‘n groot aantal geheelhede bestaan waaronder verskeie trappe te onderskei is, bv. atome, lewende organismes, persoonlikhede, gemeenskappe – ‘n teorie waarin veral klem gelê word op sintese en skeppende invloede binne die geheel.

Die mens is deel van hierdie groot ekologiese sisteem van die kosmos en kan nie buite die interaktiewe verhouding tot sy omgewing verstaan word nie (Clarkson & Mackewn, 1994:35). Volgens Perls (1973:15) is die mens ‘n entiteit in hulself asook binne hul omgewing. Die menslike liggaam, siel en verstand funksioneer as ‘n onlosmaaklike geheel (Vorster, 2001:19). Daar is ‘n perfekte integrasie van die mens se sintuiglike waarneming, asook liggaamlike, emosionele en kognitiewe funksionering (Henderson & Thompson, 2011:223). Adolessente in ‘n lesbiese ouerhuis kan nie buite hul omgewing verstaan word nie, aangesien alle dele van die mens georganiseer is om in volle samewerking met ondersteuning van die omgewing en die belangrike ander te funksioneer as ‘n holistiese wese.

### 2.3.2 Die Veld

Die veld verwys na die omgewing of konteks waarbinne 'n persoon funksioneer. 'n Persoon kan nooit in isolasie gesien word nie, maar moet altyd beskou word as 'n geïntegreerde deel van 'n groter geheel (Henderson & Thompson, 2011:223). Volgens Yontef (1993:125) is die veld 'n geheel waarbinne al die komponente in verhouding met mekaar staan. Elke deel van die veld het 'n invloed op die ander dele, en daarom kan geen aspek in isolasie geplaas word nie. Die veld is uniek en veranderlik. Die veld is nooit rigied nie (Verster, 2009:68) en verandering vind as gevolg van die interaksies tussen die onderskeie dele van die veld plaas. Binne die gesin sal ouers gevolglik 'n invloed op adolessente uitoefen, wat op hul beurt weer hul ouers sal beïnvloed. Die veld word ook voortdurend verander deur sosiale en kulturele invloede. Die lesbiese ouerhuis, soos enige ouerhuis, vorm 'n unieke veld waarbinne adolessente ontwikkel. Wanneer adolessente in kontak is met die uiterlike omgewing of veld, beteken dit dat hulle sowel bewus is van die uniekheid van hul lesbiese ouerhuis, as van dit wat binne hierdie veld plaasvind en hoe dit die adolessent beïnvloed. Indien die adolessente bewus is van hoe hulle persoonlik dink, voel en optree binne die uniekheid van hul lesbiese ouerhuis, kan gesê word dat die adolessente in kontak met hul innerlike veld is. Die veld is 'n kragtige invloed op die adolessente se ontwikkeling in totaliteit (Bednarova, 2008:18).

### 2.3.3 Organismiese selfregulering

Gestaltteorie is 'n positiewe humanistiese perspektief (Henderson & Thompson, 2011:223). Volgens Perls beskik elke lewende organisme oor 'n natuurlike vermoë tot selfregulering (Clarkson & Mackewn, 1994:48). Inherent aan die mens is daar basiese behoeftes wat bevrediging vereis; hierdie behoeftes kan fisies, emosioneel, sosiaal, spiritueel of intellektueel van aard wees (Blom, 2004:11). Die individu is egter afhanklik van die omgewing om hierdie behoeftes te bevredig. Indien die individu deur middel van interaksie met die omgewing in staat is om bewuste behoeftes te bevredig, ontstaan 'n voltooide gestalt en selfregulering vind plaas (Prochaska & Norcross, 2000:166). Behoeftebevrediging is egter 'n voortdurende proses; wanneer een behoefte bevredig is en 'n voltooide gestalt vorm, ontstaan daar nuwe behoeftes wat bevrediging vereis. Individue sentreer hul ervaring,

fantasieë, energie en aksies rondom 'n spesifieke behoefte totdat bevrediging plaasgevind het (Clarkson & Mackewn, 1994:49).

Wanneer bevrediging plaasgevind het, ervaar die individu tevredenheid en balans totdat 'n nuwe behoefte ontstaan en 'n volgende selfreguleringsiklus van vooraf begin (Clarkson & Mackewn, 1994:49). Organismiese selfregulering is 'n holistiese proses waartydens 'n natuurlike integrasie van die individu se denke, gedrag en emosies plaasvind ten einde behoeftes suksesvol uit die omgewing te bevredig (Yontef, 1993:138). Bewustheid van behoeftes is van deurslaggewende belang vir die individu se vermoë tot organismiese selfregulering (Yontef, 1993:139). Volgens Woldt en Toman (2005:86) word keuses dikwels gemaak met minimale bewustheid teenwoordig. Innerlike bewustheid is 'n spontane proses en is uniek aan elke individu; eksterne regulering word gewoonlik afgedwing op die individu vanuit die omgewing (Blom, 2004:18).

Dit is noodsaaklik vir die ontwikkeling van 'n gesonde sin vir die self dat adolessente binne 'n lesbiese ouerhuis bewus sal wees van die uniekheid van hul ouerhuis en terselfdertyd bewus sal wees van alternatiewe moontlikhede ten einde spontane keuses uit te oefen ten opsigte van die bevrediging van hul unieke innerlike bewustheid en behoeftes. Indien die bewustheid van alternatiewe moontlikhede afwesig is, kan eksterne regulering vanuit hul ouerhuis aanleiding gee tot verwarring in hul soeke na identiteit. Effektiewe selfregulering dui op die adolessent se vermoë om te onderskei tussen wat positief uit die omgewing is en benut kan word om persoonlike groei te bevorder, en om dit wat skadelik is te kan verwerp (Clarkson, 2004:22). Hierdie stelling impliseer dat adolessente oor die vermoë moet beskik om dit wat goed is vir hulle uit hul lesbiese ouerhuis by hul daaglikse lewe te integreer, en dit wat skadelik is te verwerp. Organismiese selfregulering help die adolessent om deur middel van behoeftebevrediging innerlike balans te verkry wat positief bydra tot die ontwikkeling van hul sin vir die self.

### 2.3.4 Bewustheid

Bewustheid is kognitief, emosioneel en sensories en vind plaas wanneer ‘n persoon spontaan kan bepaal wat hy doen, voel en beplan (Butler-Bowdon, 2007:219). Volgens Yontef (1993:203) is bewustheid:

> A form of experiencing. It is the process of being in vigilant contact with the most important event in the individual environment field with sensorimotor, emotional, cognitive and energetic support.

Bewustheid omsluit die begrip en kennis van die omgewing, aanvaarding van verantwoordelikheid vir keuses, self-kennis, self-aanvaarding en die vermoë om kontak te maak met die omgewing, ander persone en die self (Yontef, 1993:144). Perls (soos aangehaal deur Clarkson & Mackewn, 1994:44) beskryf bewustheid as die individu se vermoë om in kontak te wees met sy eie bestaan, om waar te neem wat rondom en binne-in hom/haar gebeur, om kontak te maak met die omgewing, ander persone en die self; om te verstaan wat hy/sy emosioneel, sensories en kognitief ervaar en hoedat hy/sy in die onmiddellike oomblik reageer. Volgens Mackewn (2004:114) bring bewustheid persone in kontak met hul eie behoeftes en emosies en stel hulle in staat om verantwoordelikheid te aanvaar vir wie hulle is en wat hulle doen. Aanvaarding van verantwoordelikheid vir die self impliseer die vermoë om te reageer op die verwagtinge, wense, fantasieë en optredes van die self en ander.

Die navorser beskou bewustheid as die hoeksteen van die Gestaltteorie wat die individu lei tot begrip vir die self en ander. Hierdie bewustheid stel adolessente in staat om hulself van ander te onderskei. Dit is ‘n komplekse proses wat deur Joyce en Sills (2006:27) in drie sones verdeel word, naamlik die binneste sone, middelste sone en buitenste sone. Die binneste sone verwys na die wêreld van die adolessent waarvan ander nie bewus is nie. Dit sluit aspekte soos spiersametrekking en ontspanning, hartklop en asemhaling asook die belewenis van emosies in. Die buitenste sone behels die bewustheid van kontak met die wêreld waarin die adolessent hom-/haarself bevind. Dit sluit gedrag, spraak, handeling en sensoriese bewustheid in. Die middelsone bestaan uit denke, herinneringe, fantasieë en verwagtinge. Hierdie sone tree op as bemiddelaar tussen die binneste en buitenste

sones, en verwys na die maniere hoe adolessente sin maak van interne en eksterne stimuli.

Die belangrikheid van hierdie bewustheid van die self vorm die hartklop van die Gestaltteorie, wat bewustheid verder omskryf as ‘n voortdurende sensoriese, affektiewe en kognitiewe proses (Yontef, 1993:140). Die proses sluit die waarneming van eie en ander se gedrag in, wat aanleiding gee tot die maak van keuses in die hier-en-nou. In hierdie verband verwys Perls (1992:64) na die “*Now and How*”, wat hy as die kern van Gestaltterapie beskou. Die *nou* verwys na alles wat bestaan in die huidige oomblik. Die behoefte, emosie en gedrag wat op die voorgrond is, beïnvloed die huidige funksionering en moet *nou* hanteer word om die Gestalt te voltooi (Yontef, 1993:18). Dit is belangrik om te onthou dat net ‘n bewuste gestalt tot verandering kan lei (Verster, 2009:72.).

Volgens Grobler (2006:33-34) is vryheid gesetel in hierdie verandering dat die adolessent se bewustheid van sy/haar eie identiteit lei tot die bewuswording van “dit is wie ek is en dit is goed”. Hierdie vryheid is van kardinale belang in die vorming van identiteit, want dit laat adolessente toe om te word wie hulle is. Verder stel dit hulle in staat om nie te probeer wees wie hulle nie is nie. Hierdie bewustheid vorm die fundamentele organiseringsbeginsel in Gestaltterapie, en verwys na die paradoksale teorie van verandering (Kirchner, 2000). Brownell (2003) definieer *paradoksaal* soos volg: deur ten volle te aktualiseer wat jy op enige oomblik is, kan jy word wat jy nie is nie. Kortliks gestel sê die paradoksale teorie van verandering dat verandering plaasvind wanneer iemand word wie hy/sy is en nie wanneer hy/sy probeer om te word wie hy/sy nie is nie. Die paradoksale teorie van verandering maak nie net bewustheid die roete vir aksie nie, maar gee ‘n filosofie te kenne van hoe bewustheid verband hou met verandering. Hierdie verband is dat hoe meer iemand probeer verander, hoe meer bly hulle dieselfde, en juis deur dit te eien of daarmee te identifiseer, word verandering bewerkstellig (Yontef, 2004).

Volgens die navorser stel verhoogde bewustheid adolessente in ‘n lesbiese ouerhuis in staat om met verskillende opsies en keuses te eksperimenteer en alternatiewe gedragswyses uit te toets, ten einde te word wie hulle regtig wil wees en nie wie die

omgewing vereis hulle moet wees nie. Oaklander (2006:59) ondersteun hierdie siening, en wys daarop dat bewustheid aanleiding daartoe gee dat adolessente besit neem; met ander woorde, hulle raak bewus van dinge waaroor hulle beheer het en ook van hul persoonlike keuses. Dit stel hulle in staat om verantwoordelikheid te aanvaar vir hul eie gedrag, gedagtes en gevoelens. Volgens die navorser sluit hierdie verantwoordelikheid aan by die vryheid waarna Grobler (2006:33) verwys, en stel dit die adolessente uiteindelik in staat om in 'n voortdurend veranderende omgewing selfregulerend op te tree, getrou aan die bewustheid van hul unieke behoeftes, begeertes en gevoelens. Die navorser is van mening dat bewustheid van sowel adolessente se innerlike behoeftes, begeertes en potensiaal as deeglike bewustheid van eksterne gesins- en omgewingsinvloede noodsaaklik is vir gesonde identiteitsontwikkeling. Net indien adolessente met sekerheid weet wie hul persoonlik is en hulself van die veld kan onderskei sonder hindernisse, kan hulle 'n selfbewustheid ontwikkel wat hul identiteit kan bevorder. Adolessente moet presies weet wie hulle is en wie hulle nie is nie om 'n gesonde sin vir self te ontwikkel.

Adolessente met 'n hoë vlak van bewustheid van hul behoeftes en omgewing kan konsentreer om hul bewustheid gefokus te hou, sonder dat die fokus verskuif word deur eise van die omgewing. Die adolessente sal ook kan onderskei tussen oplosbare en onoplosbare konflikte in die omgewing (Thompson, Rudolph & Henderson, 2004:185). Volgens die navorser sal dit adolessente toerus om uit die omgewing te integreer wat positief en opbouend is, asook om te verwerp wat skadelik is. Hierdie integrasieproses laat die adolessente toe om te identifiseer met al hul belangrike funksies (idees, emosies en gedrag), en om verbaal erkenning daaraan te gee (Thompson *et al*., 2004:199; Yontef, 1993:140). Bewustheid laat die adolessente toe om 'n sin vir die self te ontwikkel by wyse van waarneming, eksperimentering, integrering en eiening. Vanuit die Gestaltperspektief word bewustheid gesien as 'n vergestalte van emosionele gesondheid en lewenslus (Henderson & Thompson, 2011:224). Volgens die navorser vorm dit die vertrekpunt vir die adolessente se vorming van 'n eie identiteit en die ontwikkeling vir 'n unieke sin vir die self.

### 2.3.5 Kontak en kontakgrensmodifikasies

Volgens Yontef en Jacobs (2000:305) verwys kontak na die bewustheid van wat huidig gebeur, oomblik tot oomblik. Kontakmaking vind plaas sodra die organisme die omgewing benut om behoeftes te bevredig (Blom, 2004:19). Kontak vind in die hier-en-nou plaas, en kan gesien word as die sensasie van gedeelde eienaarskap tussen die individu en die omgewing (Zinker, 1998:73). Dit is noodsaaklik dat die individu bewus is van persoonlike emosies en ervarings ten einde die kontakmakingsproses te bevorder (Zinker, 1998:67).

Binne die kontakmakingsproses vind dialoog plaas. Dialoog is meer as bloot ‘n verwisseling van verbale inligting, maar is enige iets wat energie in die kontakmakingsproses bewerkstellig (Verster, 2009:83). Die belangrikste aspek van dialoog is die verhouding waarbinne kontak tussen persone plaasvind. Volgens Philippson (1998:4) kan daar tussen twee dialogiese verhoudings onderskei word, naamlik:

- "I-it": Dit is ‘n verhouding van subjek-objek en word gebruik om ‘n doel te bereik, byvoorbeeld om inligting in te win by ‘n persoon.

- "I-thou": Die "I-thou"-verhouding vind plaas wanneer twee mense mekaar werklik ontmoet vir ‘n vlietende oomblik waarbinne hulle mekaar se bestaan erken, herken, verstaan en aanvaar sonder dat daar ‘n doel nagestreef word. ‘n I-thou verhouding kan nie doelbewus geskep word nie, maar deur aanvaarding, warmte, ware omgee en egtheid kan ‘n platform daargestel word om ‘n I-thou-oomblik moontlik te maak.

‘n Verhouding ontstaan as gevolg van kontak en deur kontak. Deur kontak groei en ontwikkel individue en is hulle dan in staat om ‘n eie identiteit te vorm deur hulself van die omgewing te onderskei (Verster, 2009:83).

Vanuit die Gestaltbenadering word daar na die kontakgrens verwys as die funksie van die veld wat differensiasie moontlik maak (Yontef, 1993:126). Hierdie grense stel

die individu in staat om hom-/haarself te onderskei van die omgewing en ook ander persone binne die omgewing (Yontef, 1993:136). Die kontakgrens word beskou as die punt waar die individu die self kan onderskei van die nie-self; met ander woorde, dit wat deel van die self is en dit wat vreemd vir die self is (Blom, 2004:19). ‘n Persoon bestaan deur die self van ander te onderskei en ook om die self met ander te verbind (Delport, 2011:8). Goeie kontak met die omgewing impliseer die neem van risiko’s deur uit te reik na ander en terselfdertyd persoonlike grense te ontdek (Yontef, 1993:141).

Volgens Blom (2004:19) is die doel van kontakgrense tweeledig, naamlik: om kontak tussen individue moontlik te maak, en ook om individue in staat te stel om outonomie te behou. Hierdie kontakgrense is uiters belangrik vir die adolessent se bereiking van persoonlike identiteit (Blom, 2004:19). Vanuit die Gestaltperspektief is die vermoë van die individu om kontak te maak met die omgewing op ‘n spontane, kreatiewe en doelbewuste manier van groot belang in die ontwikkeling van die self. Spontaniteit dui op die vermoë om ten volle teenwoordig te wees by die kontakgrens, met volle bewustheid van die self en die omgewing (Woldt & Toman, 2005:33). Volgens die navorser is hierdie kontakmakingsproses noodsaaklik vir adolessente om hul eie behoeftes te bevredig deur kontakmaking en toepaslike ontrekking van die omgewing, want daardeur kan groei plaasvind wat weer lei tot die ontwikkeling van hul sin vir self en die bereiking van hul volle potensiaal. Die kontakmakingsproses verloop egter nie altyd sonder steurings of hindernisse nie (Jacobs, 2007:63). Sodra kontakgrense tussen die self en ander onduidelik, verlore of ondeurdringbaar raak, vind daar ‘n versteuring in die onderskeid tussen die self en ander plaas; ‘n hindernis in beide kontak en bewustheid (Yontef, 1993:142). Hierdie steurings of hindernisse kan die adolessent se ontwikkeling van identiteit en die sin vir self negatief beïnvloed, want dit lei tot gevoelens van onvoltooidheid en ontevredenheid, wat spontane interaksie tussen die self en die omgewing demp (Clarkson, 2004:64; Jacobs, 2007:70) Vervolgens word aandag geskenk aan die kontakgrensmodifikasies wat moontlik die adolessent se identiteitsontwikkeling kan beïnvloed:

- *Samevloeiing* vind plaas wanneer die skeiding en onderskeid tussen die self en die omgewing so vaag word dat die grens verdwyn (Blom, 2004:137). Samevloeiing bring mee dat daar nie positiewe kontak tussen die self en ander kan plaasvind nie. Die individu verloor kontak met die self en laat dan toe dat hy/sy deur ander individue of die omgewing beheer word (Yontef, 1993:142; Aronstam, 1992:638). Die navorser stem saam met Blom (2006:35) dat die adolessente wat kontak met die self verloor het, dikwels 'n swak selfbeeld het, wat weer daartoe lei dat hierdie adolessente almal tevrede wil stel, in so 'n mate dat hulle alles sal doen wat ander van hulle verwag. Hulle maak dus soveel van die omgewing deel van hulself dat hulle nie langer onderskeid kan tref tussen wat deel van hulself en deel van die omgewing is nie. Die navorser is van mening dat samevloeiing in die lesbiese ouerhuis moontlik kan aanleiding gee dat adolessente hul ouers se seksuele oriëntasie aanneem sonder om hul uniekheid en alternatiewe uit die omgewing te oorweeg. Hierdie kommer word ook deur Stanton en Maier (2005:124) in hul boek *Die huwelik in die spervuur* geopper.

- *Isolasie* vind plaas wanneer die grens tussen die self en ander so ondeurdringbaar word dat daar nie kontak tussen die self en die omgewing kan plaasvind nie (Blom, 2004:137). Isolasie kan plaasvind wanneer adolessente gevoelens van skaamte, woede en haat teenoor hul ouerhuise ervaar, wat aanleiding gee tot onttrekking vanuit die gesin. Adolessente in lesbiese ouerhuise kan moontlike gevoelens van onttrekking ervaar as gevolg van stereotipering, verwerping en haat vanuit die samelewing teenoor hul lesbiese ouers (Reyneke, 2007:41).

- *Projeksie* is die verwarring van die self en ander, wat veroorsaak word deur die weergee aan die omgewing wat eintlik waarlik aan die self behoort. Projeksie is die verbeelding dat ons eie ongewenste gevoelens aan iemand anders behoort (Yontef, 1993:142). Die disfunksionaliteit van projeksie kan gesien word wanneer adolessente hul eie persoonlike ervarings ontken, gebruik maak van leuentaal, hul emosies ontken en weier om verantwoordelikheid vir hul eie gedrag te aanvaar (Woldt & Toman, 2005:33). Hulle blameer dan eerder ander vir die onaangenaamhede in hul eie lewens. Die navorser is van mening dat projeksie

by die adolessent in die lesbiese ouerhuis kan plaasvind wanneer die adolessente gebruik maak van leuentaal wanneer hulle gekonfronteer word met ‘n situasie wat hulle kan blootstel aan kritiek; of hulle kan gebruik maak van aggressiewe gedrag omdat hulle eintlik kwaad is oor hul persoonlike omstandighede. Volgens Oaklander (2006:193) kan projeksie ook positief gebruik word om adolessente te help wat moeilik oor hul eie emosies praat. Projeksies is ‘n voorstelling van hierdie adolessente se innerlike wêrelde. Dit bied ook aan die adolessente ruimte om die verwagtinge wat ander aan hulle stel, uit te sorteer, en dit bied aan die adolessente ‘n geleentheid om te ontvlug wanneer hulle nie gereed is vir kritiek en verwerping nie (Van Wyngaard, 2009:75).

- *Introjeksie* kan beskryf word as die proses waardeur die self elemente vanuit die omgewing inneem sonder enige diskriminasie of uitsluiting. Hierdie ongekritiseerde aanvaarding belemmer persoonlike ontwikkeling, aangesien introjeksie lei tot gedrag wat deur die omgewing verwag word en spontaniteit beperk (Yontef & Jacobs, 2000:315). Volgens Oaklander (2006:58) veroorsaak introjeksie dat adolessente dit glo wat ander van hulle sê en foutiewe inligting oor hulself internaliseer sonder om dit te verwerk. Die navorser is van mening dat die internalisering van foutiewe inligting die adolessent se persoonlike groei sal belemmer en die ontwikkeling van die sin vir self negatief sal beïnvloed. Assimilasie is die teenoorgestelde van ‘n introjek, en vind plaas wanneer die adolessent aspekte en inligting vanuit die omgewing inneem met behoud van die aspekte en inligting wat bruikbaar is en verwerping van wat negatief is (Yontef, 1993:137). Assimilasie is noodsaaklik vir die adolessente se ontwikkeling van die sin vir self omdat dit ‘n gesonde manier van kontakmaking is. Assimilasie stel die adolessent in staat om houdings, oortuigings, idees en gedrag krities te oorweeg en nie net blindelings te aanvaar nie. Die adolessent kan deur assimilasie internaliseer wat positief vir die self is en verwerp wat die self se groei kan stuit of belemmer (Blom, 2004:22; Oaklander, 1997:187; Yontef, 1993:137)

- *Defleksie* behels die wegdraai van direkte kontak met persone of aspekte van die omgewing. Dit kan die vermyding van indirekte toenadering of die vermyding van kontak met ander persone insluit (Blom, 2004:138). Defleksie vind plaas wanneer

adolessente gebeure wegkaats van die self en 'n gebrek aan bewustheid en manipulering van die omgewing toon (Woldt & Toman, 2005:163). Adolessente deflekteer op verskeie maniere, onder andere om te fokus op die behoeftes van ander mense eerder as op hul eie behoeftes (Yontef, 1993:138). Die navorser is van mening dat adolessente wat nie in staat is om hul eie behoeftes te bevredig nie, 'n onvoltooidheid ontwikkel. Hierdie adolessente verloor hulself en onderbreek die proses van groei (vergelyk Carroll & Oaklander, 1997:187). Indien adolessente in lesbiese ouerhuise verwerping, uitsluiting en stereotipering vanuit die omgewing beleef, kan hul deflekteer deur oormatig op die behoeftes van ander te fokus ten einde sodoende aanvaarding te verwerf. Dit hou die gevaar van konformiteit in.

Die kontakgrensmodifikasies het verskeie gevare voorgehou wat moontlik adolessente in lesbiese ouerhuise se identiteitsontwikkeling nadelig kan beïnvloed of strem. Hierdie studie wil 'n positiewe bydrae lewer ten opsigte van sulke adolessente se identiteitsontwikkeling. Die navorser is van mening dat kennis en begrip op elke moontlike terrein ingewin moet word om positiewe hulpverlening te bevorder, en daarom word daar vervolgens aandag geskenk aan die Gestaltperspektief op die self.

### 2.3.6 Teorie van die self

Die self word binne die Gestaltteorie verduidelik in terme van verskeie Gestaltkonsepte soos *holisme*, *kontak*, *bewustheid* en *selfregulering*, wat 'n bydrae lewer tot die persoon se ontwikkeling van die sin vir self. Die navorser gaan net kortliks hierdie konsepte verduidelik omdat dit reeds vroeër in die bespreking breedvoerig hanteer is.

Die self binne die Gestaltteorie verwys na die persoon se sisteem van kontak (Yontef, 1993:330). Die self kan volgens Perls (soos aangehaal deur Brinich & Shelley, 2002:93) nie in isolasie of buite die veld gesien word nie. Hoe groter 'n persoon se bewustheid is, hoe groter word die persoon se interaksie met die omgewing, sodat organismiese selfregulering kan plaasvind. Hiervolgens kan die self gesien word as 'n ontwikkelende funksie van die dinamiese, altyd veranderende

veld van verhoudings. Hierdie bewustheid stel die individu egter in staat om die self van die omgewing te onderskei (Woldt & Toman, 2005:33).

Binne die Gestaltteorie word die mens as ‘n holistiese organisme beskou wat nie in aparte dele opgebreek kan word nie, maar as ‘n holistiese eenheid funksioneer (Brinich & Shelley, 2002:94). Die holistiese eenheid sluit die individu in totaliteit in met sintuie, liggaam, emosies en intelligensie.

Die self word onderskei van die omgewing deur kontakgrense (Blom, 2004:113). Die funksie van die self is om kontak te bewerkstellig met die omgewing ten einde persoonlike behoeftes suksesvol te bevredig. Nadat behoeftebevrediging plaasgevind het, moet die individu ook oor die vermoë beskik om van die omgewing te onttrek en kontak te verbreek (Woldt & Toman, 2005:31). Persoonlike selfregulering geskied wanneer die self op so ‘n wyse kontak met die omgewing bewerkstelling dat behoeftebevrediging suksesvol kan plaasvind en die voltooiing van ‘n gestalt kan geskied (Zinker, 1994:66).

### 2.4 DIE PASTORAAT EN GESTALTTEORIE

‘n Skildery kan net tot stand kom indien al die belangrike komponente komplimenterend bymekaar gebring word. Op ’n soortgelyke wyse kan ‘n multidissiplinêre benadering, soos met hierdie studie die geval, alleenlik tot sy reg kom indien die basisteorie en paradigmatiese perspektief komplimenterend bymekaar gebring word. Die finale produk is net moontlik as daar ‘n suksesvolle wisselwerking tussen die Pastoraat en die Gestaltteoretiese perspektief kan plaasvind. So ‘n wisselwerking is alleen moontlik omdat die Pastoraat op gelyke voet met die sosiale wetenskappe staan sonder om sy eie teorieë en vertrekpunte in dié van die sosiale wetenskappe te laat opgaan (Strydom, 2011;195). Die Pastoraat maak dus gebruik van metodes en tegnieke van die Gestaltteorie en narratiewe benadering, met behoud van die Pastoraat se eie teorieë en vertrekpunte.

Die navorser is van mening dat, hoewel die narratiewe benadering en die Gestaltteorie uit verskillende dissiplines ontstaan het, die navorser tog sekere ooreenkomste kan raaksien. Die navorser stem saam met Delport (2011:12) dat

beide die benaderings meer as net berading is. Dit verwys eerder na die wyse hoe ‘n individu die werklikheid konstrueer. Die narratiewe benadering verwys na ‘n vasgeloopte verhaal en die Gestaltteorie na ‘n onvoltooide gestalt. Die alternatiewe verhaal en ‘n generatiewe oomblik bring ‘n deurbraak in die narratiewe benadering en ‘n “I – Thou” oomblik wat dieselfde uitkoms binne die Gestaltteorie bring.

Die navorser is daarvan oortuig dat die twee benaderings komplimenterend gebruik kan word vir hierdie studie. Die eksperimente en metodes van die Gestaltteorie kan gebruik word om ‘n groter bewustheid van die dominante verhaal by die individu te bewerk en sodoende kan aan alternatiewe moontlikhede/verhale oorweging geskenk word. Die onvoltooide gestalt of vasgeloopte verhaal kan deur die tegnieke van die narratiewe benadering tot nuwe moontlikhede gebring word, en die bewusmaking van kontakgrensmodifikasies kan die stem word vir onverwoorde verhale. Beide benaderings het ‘n holistiese mensbeskouing, en die navorser is van mening dat die twee benaderings mekaar kan komplimenteer in die onthulling van die adolessent se lewensverhaal binne die lesbiese ouerhuis ten einde al die adolessent se belewenisse te verhaal. Terwyl die Gestaltteorie en narratiewe benadering komplimenterend aangewend kan word, is dit belangrik om in die multidissiplinêre benadering ook te let op die perspektiwiese verskil tussen die antropologie in die Pastoraat en die antropologie in die psigologie (Louw, 1999b:298).

Die Gestaltteorie het ‘n humanistiese mensbeskouing, wat beteken die mens word in die sentrum van die universum geplaas. Die antwoorde en oplossings vir probleme moet binne die mens self gesoek word (Brunsdon, 2011). Die fokus binne hierdie mensbeskouing val volgens Milner en O’Byrne (2002:23) op die “identification, validation and strengthening of clients’ inner resources”. Adolessente in ‘n lesbiese ouerhuis sal volgens hierdie beskouing self verantwoordelik wees vir persoonlike groei, probleemoplossing en ontwikkeling. Indien die adolessente enige hindernisse of steurnisse in hul lesbiese ouerhuise ervaar, sal die probleme in hulself opgelos moet word. Die navorser is van mening dat dit oplossings beperk tot persoonlike insig en moontlikhede.

Binne die Pastoraat gaan dit om die mens vanuit ‘n verhouding met God, die teologiese betekenis van die ontmoeting en kommunikasiegebeure tussen God en die mens, asook die uitwerking van hierdie gebeure op die verstaan van die mens (Louw, 1999a:5). Die pastorale antropologie stel ondersoek in na die mens se oorsprong, natuur en samestelling, spesifiek in vergelyking met God (De Beer, 2009: 54). Volgens Louw (2004:31; 1999a:20) is die mens ‘n etiese wese, wat deur die Gees van God bemagtig is met die vrug van die Gees. So word die mens se lewenskwaliteit bepaal deur die werking van die Heilige Gees. Die navorser het juis die Pastoraat as vertrekpunt gekies omdat dit haar geloofsoortuiging is dat die mens alleen sin en betekenis in die lewe kan vind binne ‘n verhouding met God.

Individue se verhouding met God bepaal ook hul interpersoonlike verhoudings en hul verhouding met die self. Hierdie studie het ten doel om adolessente in lesbieseouerhuise se lewensverhale op so ‘n wyse te verken dat insig verkry kan word waarin hulle hul persoonlike sterktes kan vind en ontwikkel. Die navorser is van mening dat elke persoon wat voor ‘n hindernis of steurnis te staan kom, onmeetbare oplossingsmoontlikhede in God kan vind. Selfs ‘n vasgeloopte lewensverhaal kry nuwe rigting en betekenis in die lig van die heilsgeskiedenis. Dit gee ‘n ander dimensie aan identiteitsontwikkeling, soos wat Paulus dit tereg in Filippense 4:13 voorhou: *“Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee”.*

‘n Tweede verskil tussen die basisteorie en die paradigmatiese perspektief is te vinde in die eskatologiese perspektief van die Pastoraat, wat die lewensdoel en eindbestemming van die mens raak (Brunsdon, jaar:bl). Binne die pastorale antropologie begin ware lewe met verbondenheid aan Jesus Christus (Burger, 2006:14). Hierdie verbondenheid hou onmiddellik die eskatologiese beloftes van God in, naamlik dat die onsekerhede, onvoltooidhede en gebrokenheid van hierdie lewe gaan verdwyn met die wederkoms van Jesus Christus (Lemmer, 2006:21). Met hierdie eskatologiese verwagting besef die mens dat daar meer is om voor te lewe as net die hier-en-nou. Dan ontstaan die wete dat sin en betekenis nie daarin lê om iets van die lewe te verwag nie, maar juis om te weet dat die lewe iets van die individu verwag (De Beer, 2009:60; Frankl, 1975:7). Die eskatologiese verwagting spreek oor die kern van menswees, naamlik die mens in verhouding met God, en

ook oor menslike moontlikhede ten einde verandering van lewe in Christus te ontdek (Louw:1999a:156). Die navorser is van mening dat die eskatologiese verwagting by elke mens ‘n wesenlike verandering in hul lewensproses, lewenskwaliteit en lewensvaardighede teweeg kan bring. Adolessente in lesbiese ouerhuise wat dalk vasgeloop in hul huislike omstandighede voel, kan nuwe sin, hoop en aansporing vind in die eskatologiese beloftes van God. Die besef dat die lewe groter is as net die huidige ervaring, verbreed horisonne, skep hoop en motiveer die mens om ten spyte van omstandighede gelowig vol te hou met die lewensreis.

Binne die humanistiese vertrekpunt van die Gestaltteorie word daar groot klem geplaas op die ervaring van die individu wat in die huidige oomblik sosiaal gekonstrueer word. Lewensdoel en eindbestemming word dus gereduseer tot die hier-en-nou (Groothuis, 2000:21). In hierdie lig beskryf Payne (2000:208) die doel van terapie bloot as die sogenaamde “enrichment of life – to enrich life with joyful activities”. Die navorser sal die Gestaltteoretiese beginsels aanwend om die adolessente met lesbiese ouers te help om die bewustheid van hul huidige belewenisse en ervarings te verhoog, en sodoende hul selfkennis/insig te verbeter. Die navorser meen dat die bewustheid in die hier-en-nou net betekenis vind wanneer dit die adolessent help om die huidige belewenis of situasie binne die verhaal van God te posisioneer om alternatiewe te oorweeg en groter sin in die toekoms saam met God te vind.

Volgens Denton (2010:72) behoort daar noue skakeling tussen sosiale wetenskappe en die Pastoraat te wees, omdat die verskil tussen die twee dissiplines perspektiwies van aard is. ‘n Perspektief van beide die Pastoraat, Gestaltteorie en narratiewe benadering is ’n holistiese beskouing wat daarop gemik is om die totale welsyn van die adolessent in ‘n lesbiese ouerhuis te bevorder. Denton (2010:73) wys verder daarop dat die Pastoraat en Gestaltteorie binne spanverband met mekaar kommunikeer ten einde die totale welsyn van die adolessent te bevorder. Die Pastoraat handel vanuit ‘n Christelike geloofsperspektief, terwyl beide die Gestaltteorie en narratiewe benadering vanuit ‘n fenomenologiese en empiriese perspektief handel. Terwyl die Gestaltteoretiese perspektiewe en narratiewe benadering gebruik word om die adolessent in die lesbiese ouerhuis se totale

belewenis (fisies, emosioneel, kognitief en geestelik) te verlig, bied die Pastoraat met behoud van sy eie teorieë en vertrekpunte ‘n Christelike geloofsraamwerk waarbinne die navorser die adolessent in ‘n lesbiese ouerhuis kan konseptualiseer. Dit is belangrik dat die Pastoraat nie in hierdie verband sy vertrekpunte sal vind in die mens self nie, maar geanker sal bly in die Woord as God se openbaring aangaande Homself aan die mens. Die Pastoraat as basisteorie kan op bogenoemde gronde met sukses van die Gestaltteorie en narratiewe benadering gebruik maak om volgens die navorser ‘n verdieping in die ondersoek na adolessente se identiteitsontwikkeling in ‘n lesbiese ouerhuis teweeg te bring. Identiteitsontwikkeling is nie een-dimensioneel nie, maar omsluit ‘n kaleidoskoop van bydraende faktore en ontwikkelingsmylpale; derhalwe is dit ook noodsaaklik om aandag te skenk aan adolessensie as ‘n ontwikkelingstadium. Die navorser het in die ontwikkelingsteorie van Erikson ‘n raamwerk vir hierdie studie gevind.

# Hoofstuk 3
# Die Lesbiese Ouerhuis

*Jou gesin is nie jou keuse nie. Hulle is God se*
*geskenk aan jou, soos jy aan hulle.*
*- Desmond Tutu -*

## 3.1 INLEIDING

Talle skrywers is dit eens dat die gesin as ‘n uiters belangrike basis dien vir menslike ontwikkeling. So, byvoorbeeld, stel Groenewald (2005:5) die gesin voor as die laboratorium waar al die bestanddele deur die onderskeie familielede saamgevoeg word om die basis vir identiteitsvorming vas te lê. Barber *et al*., (2005:7) meen verder dat die gesin die laboratorium vorm vir die sosiale, psigologiese, akademiese, biologiese en geestelike ontwikkeling van die gesinslede. Lamanna en Riedmann (2009:3) beklemtoon die kernrol van die gesin soos volg:

> In every society, the family has been the primary agency to provide for the child’s biological needs and development into an integrated person capable of living in society and of maintaining and transmitting its culture.

Die woord *gesin* kan ‘n verskeidenheid van definisies en betekenisse verteenwoordig, en daarom is dit belangrik om dit te omskryf. Dekades gelede is die gesin gedefinieer as *’n vader, moeder en kinders* (Kottak, 2008:410; Thatcher, 2007:5; Roopnarine & Gielen, 2005:6; De Wet, 2003:145). In resente literatuur word die woord *gesin* omskryf in terme van onderskeid wat getref word rakende tipes gesinne, soos byvoorbeeld kerngesinne, hersaamgestelde gesinne, enkel-ouer gesinne, multikulturele gesinne, gay gesinne en nog meer (Strong *et al*., 2011:10; Thatcher, 2007:4; Gerber, 2005:11).

Hierdie gesinsdiversiteit het aanleiding gegee tot heelwat kontroversiële vrae, stellings en die herdefiniëring van gesinne binne die postmoderne milieu. In hierdie

verband is Williams (2004:16) van mening dat gesinne nie gedefinieer moet word op grond van *wie hulle is nie,* maar eerder op grond van *wat hulle doen*. Volgens Williams (2004:16) word gesinsdinamiek bepaal deur die interaksies en verhouding wat daagliks tussen gesinslede plaasvind. Die individue binne ‘n gesin sal mekaar derhalwe wedersyds beïnvloed, terwyl die gesin in die groter geheel waarbinne hulle funksioneer ook ‘n wedersydse invloed op ander gesinne het (Geldenhuys, 2007:80; Viljoen, 2005:47). Met die woord *gesin* word daar dan ‘n doelbewuste keuse gemaak om nie te dink aan ‘n spesifieke *groep* of *sisteem* nie, maar eerder aan die unieke funksionering, ontwikkeling en aard van ‘n primêre eenheid van mense, die eerste kring van nabyheid (Gerber, 2005:11; Müller 2002:13).

Die navorser is van mening dat geen enkele definisie van ‘n gesin die volle kompleksiteit daarvan insluit nie, en stem daarom saam met Gerber (2005:11) wat meen dat die unieke verhaal van elke gesin die hart en siel van die gesin blootlê. Die gesin word ook nie as ‘n objek van behandeling beskou nie, maar as ‘n buigbare entiteit bestaande uit mense wat betekenis met mekaar deel (Heyns, 2010:46; Geldenhuys, 2007:80). Vir die doel van hierdie studie, wat fokus op die adolessent in die lesbiese ouerhuis se ontwikkeling van die sin vir self, is dit noodsaaklik om die funksionering en posisionering van die lesbiese gesin binne ‘n Westerse samelewing – waarbinne heteroseksuele verhoudings steeds voorkeur geniet – te omskryf, te ondersoek en te verstaan (Lubbe, 2005:34).

In hierdie hoofstuk skenk die navorser aandag aan die volgende aspekte van belang ten einde die lesbiese ouerhuis te posisioneer en te verduidelik: Die belangrikheid van die gesin, die oorsprong van die gesin, veranderende gesinne en die lesbiese ouerhuis.

## 3.2 DIE BELANGRIKHEID VAN DIE GESIN

Skrywers oor die gesin kom al hoe meer tot die slotsom dat die gesin onvervangbaar is in die sosialiseringsproses van die mens (Larney, 2009:25; Wagner-Ferreira, 2008:20; De Wet, 2003:154; Strydom, 2001:58). Malaka (2005:10) beskryf die onvervangbare belang van die gesin soos volg:

> The family is the most basic institution in any society. It is the centre and source of man's civilisation. Its nature can best be described on the basis of the purposes it fulfills in human society. The family is the most important 'molecule' in any society. It maintains the continuity of society by producing new individuals in each generation and by passing on through these new members physical life, knowledge, customs, traditions and intellectual, emotional and spiritual endowments.

Die Suid-Afrikaanse Departement van Sosiale Ontwikkeling het in 2004 'n konsepplan saamgestel wat fokus op 'n stabiele familielewe (Amoateng *et al*., 2004:1-87). Hierdie verslag (2004:12) ondersteun die klem wat Malaka (2005:10) plaas op die belangrike rol wat die gesin in die samelewing vervul. Volgens die verslag kan die konsep "gesin" beskryf word as die primêre bron/fondasie waaruit individuele ontwikkeling plaasvind. Die gesin kan verder gesien word as die boustene wat gesonde en stabiele gemeenskappe in die samelewing vorm. Volgens die verslag (2004:16) word die rol van die gesin in die volgende vier kernaspekte vervat:

1. Die gesin vorm die belangrikste bron van sosiale ondersteuning vir al die familielede, asook die basis vir die ontwikkeling van morele waardes, wat die adolessent in staat stel om te onderskei tussen reg en verkeerd. Die gesin kweek respek vir die self en ander, skep begrip vir die swakkeres en bepaal die ingesteldheid van die gesinslede teenoor geweld en ander sosiale knelpunte.
2. Die gesin vorm ook die primêre opvoedingsbron, wat veral aan adolessente die geleentheid bied om op te kyk na verantwoordelike ouers wat kan leiding gee en as rolmodelle kan optree. Dit is veral hierdie ouers wat op hul beurt 'n belangrike rol speel in die wyse waarop adolessente sosiaal, fisiek, emosioneel en geestelik ontwikkel.
3. Die gesin is ook verantwoordelik om in die ekonomiese en materiële behoeftes van die lede te voorsien en 'n veilige omgewing te skep.
4. Gesinne is verder noodsaaklik in gemeenskappe, omdat dit positiewe, gesonde en gebalanseerde waardes kweek wat mense regdeur hul

ontwikkelingsfases beïnvloed om goeie landsburgers te wees en goeie verhoudinge na te streef.

Volgens hierdie verslag (2004:10) toon internasionale studies dat funksionele gesinne daartoe bydra dat:

- Kinders en adolessente skool toe gaan en opvoeding kry.
- Skolastiese prestasies verhoog word.
- Kinders en adolessente se selfbeeld en selfvertroue verhoog en dat hulle ‘n positiewe toekomsverwagting koester.
- Daar ‘n beduidende afname is in gedragsprobleme, aggressie, misdaad en misbruik van middels by kinders en adolessente.
- Daar ‘n toename in werksproduktiwiteit is.
- Stresvlakke verlaag en minder stresverwante siektes aangemeld word.
- ‘n Basis geskep word waar die individu die vermoë aanleer om krisisse en uitdagings meer doeltreffend te hanteer.
- Ouer persone langer leef en beter lewenskwaliteit ervaar.
- Gemeenskappe met groter sorg en verantwoordelikheid omsien na siek en gestremde familielede in hul midde.

Uit die bogenoemde bespreking is dit duidelik dat die impak van die gesin op die totale ontwikkeling van die adolessent groot is. Hierdie gesinsinvloed kan nie beperk word tot een ontwikkelingstadium nie, maar sluit die totale ontwikkeling van ‘n persoon in (Gous & Gous, 2009:63). Tydens die ontwikkelingstydperk vorm die interne kring van die gesin die geskikte oefenterrein vir die sosiale aanpassing van

die kind en later die adolessent. Dit is hier waar hulle leer om harmonieuse verhoudinge te bewerkstellig met hul meerderes, gelykes en minderes en waar adolessente self ook 'n bepaalde plek in die klein gemeenskap inneem (Dean, 2010:23).

Harmonieuse gesinsverhoudinge is essensieel in die ontwikkeling van adolessente se persoonlikheid asook hul intellektuele, emosionele en geestelike ontwikkeling (De Jager, 2010:110; Dean, 2010:23; Louw & Louw, 2007:325; Coetzer, 2005:75; Hanekom, 2000:32). Die wyse waarop adolessente hul selfwaarde ontwikkel, is nou verbind met die wyse waarop adolessente tuis behandel en geëvalueer word (Collins, 2011:186). Die ouers en gesin het ook 'n direkte invloed op die adolessente se identiteitsontwikkeling. Die adolessente sou in hul vroeëre ontwikkeling met hul ouers en gesinslede identifiseer en hul gedrag naboots. Later modelleer hulle hul gedrag op die gedrag van volwassenes vir wie hulle 'n bewondering het. Hulle knoop ook portuurverhoudings aan en worstel dan om 'n eie selfkonsep te ontwikkel; om hulle uniekheid, waardes en identiteit te vestig. Vir baie adolessente kan die tydperk van selfondersoek angstigheid en verwarring teweeg bring (Collins, 2011:186). Adolessente het hul gesinne nodig om hulle in hierdie proses van selfontdekking (moreel, emosioneel en geestelik) te ondersteun (Kottak, 2010:310; Louw & Louw, 2007:325; Gouws *et al*., 2000:68).

Indien die gesin die nodige ondersteuning bied, beskou adolessente die gesin as 'n plek om te behoort, en word gesinstradisies en ervaringe gestoor as 'n argief van herinneringe (Lamanna & Riedmann, 2009:13). Hierdie argief vorm die basis vir die ontwikkeling van sowel 'n gesins-identiteit as 'n persoonlike identiteit. Mellor en Mellor (2001:32) meen in hierdie verband dat die adolessent se gesinservaringe die belangrikste boustene vir identiteitsontwikkeling is. Mellor en Mellor (2001:32) en Hanekom (2000:32) is van mening dat kinders en adolessente alles wat binne hul gesinne gebeur so intens opneem soos op 'n bandopnemer. Later in hul lewens kan eksterne of interne gevoelens hierdie "opname" herroep en terugspeel. 'n Glimlag, 'n geur, 'n frons, 'n stemtoon, spesifieke situasies, sekere gebeure en ander invloede kan so 'n "opname" herroep. Adolessente dink, voel, tree op, lyk en klink dan net

soos die belangrike rolspelers in hul gesinne, waarbinne die opnames gemaak is (Mellor & Mellor, 2001:32; Hanekom, 2000:32).

Uit die bespreking is dit duidelik dat die gesin ‘n noodsaaklike rol in die totale ontwikkeling en vorming van kinders en adolessente vervul. Binne die gesin word die eerste hegte en intieme verhoudings gesluit, wat die basis vir toekomstige sosiale ontwikkeling en verhoudings vorm. Die gesin modelleer ook sosiale rolle en individuele identiteite. Die gesin bied ‘n bron van ekonomiese, emosionele, intellektuele en geestelike ondersteuning en sekuriteit (Strong *et al*., 2011:12; De Jager, 2010:111; Coetzer, 2005:75). Die gesin is een van die belangrikste boustene van die groter wêreld, en daarom is die navorser van mening dat veranderende gesinne ‘n direkte invloed op die totale samelewing tot gevolg het. Dit is derhalwe vir hierdie studie, wat ‘n positiewe bydrae wil lewer tot adolessente in ‘n lesbiese ouerhuis se ontwikkeling van die sin vir self, nodig om die veranderinge waaraan hulle in die moderne gesinne onderwerp word, te ondersoek, asook die ontstaan en plek van die lesbiese ouerhuis te verstaan.

## 3.3 DIE OORSPRONG VAN DIE GESIN

Volgens Heyns (1986:192) is die gesin ‘n skeppingsordinansie wat soos volg beskryf kan word:

> Die gesin is die resultaat van God se Skeppingswoord en juis dit vorm ‘n fundamentele verskil met alle ander samelewingsverbande wat die historiese produk is van God se Voorsieningswoord. As skeppingsordinansie besit die gesin ‘n unieke karakter wat nie deur menslike bemoeiing verander kan word nie, maar slegs deur God se Skrifgeworde Woord genormeer word.

Hierdie beskouing van Heyns rakende die gesin neem onmiddellik die oorsprong van die gesin terug na die skeppingsverhaal soos dit gevind word in Genesis 1:26-28. Westermann (1974:148) wys reeds meer as vyf dekades terug daarop dat geen ander gedeelte in die hele Ou Testament soveel belangstelling uitgelok het en so ‘n stroom literatuur laat verskyn het soos Genesis 1:26-28 nie. Hy skryf in hierdie verband:

> What is striking is that one verse about the person almost unique in the Old Testament has become the center of attention in modern exegesis, whereas it has no such significance in the rest of the Old Testament and, apart from Ps. 8, does not occur again.

Vandag is teoloë (Larney, 2009:9; Dreyer, 2008:487; De Villiers 2007:111) dit eens dat die verstaan van die mens, die huwelik en gesin nie buite God se skeppingsdoel kan geskied nie. Volgens Larney (2009:9) is dit egter belangrik om ag te slaan op die wyse waarop die Skrif in hierdie verband gebruik kan en mag word. Vorster (2008:464-465) stel die volgende as noodsaaklike uitgangspunte in die gebruik van die Skrif om te besin oor die gesin:

- Binne ‘n openbaringshistoriese hermeneutiese benadering gaan dit oor die goddelike inspirasie van die Skrif, die eenheid daarvan en die teenwoordigheid daarin van deurlopende temas soos die Verbond, die Koninkryk van God en dies meer.

- Binne die verband van die Skrif ontplooi hierdie temas teen die agtergrondstafereel van die historiese en kulturele milieu van die Skrif. Gedeeltes van die Skrif moet dus binne die raamwerk van die volledige openbaring verstaan word.

- Daarom moet daar ‘n duidelike onderskeid gemaak word tussen die histories-beskrywende in die Skrif en die preskriptiewe daarin, waar veral laasgenoemde dit leen tot die formulering van duidelike (etiese) beginsels wat na die huidige deurgetrek kan en moet word.

Van der Walt (2008:9) wys verder daarop dat sommige Christene die Bybel *privatiseer* en ‘n ander groep die Skrif weer *monopoliseer* en dit is die belangrikste redes waarom die Bybel dan nie antwoorde kan bied op eietydse sosiale vraagstukke nie. Hy verduidelik dit soos volg (Van der Walt, 2008: 9-10):

- Persone wat die Skrif *privatiseer* is van mening dat die Woord van God slegs betekenis het vir die persoonlike en kerklike lewe en nie vir die hele samelewing nie. Volgens die reformatoriese tradisie word hierdeur egter te min van die Bybel verwag, want die mens se hele lewe is religieus bepaald. Die Skrif maak appèl op die mens se hele lewe. Die vraag is dus nie *of* nie, maar *hoe* die Skrif lig bied op sosiale vraagstukke soos, in hierdie studie, adolessente binne 'n lesbiese ouerhuis se ontwikkeling van die sin vir self.

- Wanneer persone die Skrif *monopoliseer* wil hulle weer alle afleidings vanuit die Skrif maak. Op so 'n wyse word die Skrif óórvra, te veel word daarvan verwag en daar word in Biblisisme verval. As voorwetenskaplike boek mag die Bybel nie as 'n handboek vir die ontwerp van sosiale teorieë gebruik word nie. Dan word daar te veel van die Skrif verwag. Die Bybel praat byvoorbeeld oor politiek, maar nie op politologiese wyse nie; oor die huwelik, maar nie in sielkundige terme nie; oor kinderopvoeding, maar nie as 'n opvoedkundige nie. In die Skrif gee God dus nie volledige voorskrifte vir die samelewing nie. Die rede volgens Van der Walt (2008:10) is dat God sy wil ook in die skepping openbaar en Christene die skepping self (gesin, staat, bedryf, ensovoorts) moet bestudeer om die wetmatigheid daarin op te spoor, sodat hulle reg kan opvoed, regeer, sake doen en leef.

Van der Walt (2008:12) benadruk dit dat daar baie versigtig met die Skrif omgegaan moet word ten einde antwoorde op eietydse vraagstukke te kan gee. In die skeppingsopenbaring ontdek 'n mens die *objektiewe* of konstante wil van God, terwyl die Skrifopenbaring die *subjektiewe* kant blootlê; dit wil sê, hoe mense reg of verkeerd op Sy skeppingsordeninge gereageer het. Hierdie menslike reaksies het verder plaasgevind in 'n bepaalde tyd, omstandighede en kultuur. Wat in die Skrif staan, kan dus nie onveranderd op die eietydse samelewing toegepas word nie. Van der Walt (2008:12) wys daarop dat norme vir vandag in die lig van die norme van destyds afgelei moet word en op so 'n wyse geformuleer word dat God se liefdesgebod gestalte kry vir 'n spesifieke samelewingsverband in spesifieke omstandighede.

Met die bogenoemde bespreking in gedagte, is dit belangrik vir die verstaan van die skeppingsverhaal dat dit nie as ‘n feitlik historiese verslag van die skepping van die hemel en die aarde gesien moet word nie, maar as deel van die oergeskiedenisverhale (Du Plessis, 2006:8). Die klem val nie op die wyse waarop alles tot stand gekom het nie, maar op die boodskap dat God Skepper is en dat die mens in ‘n bepaalde verhouding tot Hom en die skepping staan (Botha, 2005:122). Die vertelling is meer gesentreer rondom die hede as die verlede. Dit wil die mens van God se teenwoordigheid hier en nou en van Sy troue sorg verseker, eerder as wat dit gegewens wil gee oor wat in die verre verlede gebeur het (König, 2001:99). Die Genesis verhaal wil nie ‘n wetenskaplike bewyslewering van die skepping voorhou nie, maar het ten doel om God se besondere verhouding met die mens as beelddraer van God te kommunikeer (Du Plessis, 2006:9).

Oor die betekenis daarvan dat die mens na die beeld van God geskape is, is daar uiteenlopende menings, wat nie vir die doel van hierdie studie bespreek gaan word nie. Die navorser gaan vir die doel van hierdie studie met Cobb (2005:180) se verduideliking oor die mens as beeld van God volstaan. Cobb (2005:180) wys daarop dat die doel van die Genesisverhaal is om die besondere verhouding wat God tussen Hom en die mens gestel het, te beklemtoon. In teenstelling met die dierewêreld, word die mens nie geskep om net te bestaan nie, maar as God se verteenwoordiger met ‘n taak op die aarde te leef. Cobb (2005:180) beklemtoon dat daar nie algemeen geldende afleidings oor die wese van die mens uit hierdie teks gemaak mag word nie. Die teks beskryf die aksie van die skepping en nie die aard en wese van die mens nie.

God het die mens anders geskape as die diere. Die mens is geskep met ‘n spesifieke verantwoordelikheid (Labahn & Lehtipuu, 2010:88). Die gedagte van heers oor die diereryk en wees vrugbaar, bewoon en bewerk, word in Genesis 1:26-28 in baie noue verband met die gedagte van die mens as beeld van God gebruik (König, 2001:99). Anders as in die Babiloniese en Sumeriese verhale, waar die doel van die mens is om die laste van die gode te dra, is die mens in die skeppingsverhaal op die wêreld gerig (Kurtz, 2012:100; Moore, 2004:53). Die mens

kry ‘n alledaagse taak; die mens is God se vennoot ten opsigte van die res van die skepping (Kurtz, 2012:100; König, 2001:102).

Ten spyte van die besondere plek wat die skeppingsverhaal aan die mens toeken, is dit ook duidelik dat die mens nie die einddoel van alles is nie (Labahn & Lehtipuu, 2010:93; Moore, 2004:53). Die verhaal eindig nie op die sesde dag hier op die aarde nie, maar wel op die sewende dag waardeur God se rus uitgebeeld word. Die mens vind hiervolgens nie die sin van bestaan in die verantwoordelikheid, bestaan en werk wat op die aarde aan hom/haar toegesê is nie, maar in God (Kurtz, 2012:100; Wolterstorff & Cuneo, 2010:291). Die boodskap van die skeppingsverhaal is om die almag van die Skepper op so ‘n wyse te kommunikeer dat die mens daardeur getroos kan lewe en sterwe. Die skepping word hierdeur “geonsakraliseer” (Van Zyl, 2008:32; Stowell, 2002:174). God is nie in die skepping vasgevang nie, maar alle gevaarlike magte (in die duisternis en in die watermassa) is oorwin deur die Skeppergod (Heymans, 2008:110; Eller, 2007:51). Net so is die mens ook nie God nie. Die mens is ‘n skepsel in die skepping, ‘n beelddraer en verteenwoordiger van God wat ‘n taak in die wêreld namens God moet uitvoer. Die mens vind lewensin net wanneer hy/sy rus in God gevind het (Heymans, 2008:110; Moore, 2004:53; Stowell, 2002:174).

Die mens as beelddraer van God impliseer dat die mens die hoogtepunt van God se skeppingswerk is en as sodanig in staat is om God se opdragte te ontvang en uit te voer (De Beer, 2008:34; Botha, 2005:121). In Genesis 1:28 gee God die opdrag aan die mens om vrugbaar te wees, meer te word en die aarde te bewoon. Larney (2009:26) wys daarop dat die opdrag tot vrugbaarheid en voortplanting nie ‘n toevallige byvoeging by die skepping van die mens is nie, maar dit onlosmaaklik daaraan verbind as die eksklusiewe domein van die huwelik. Om te vermeerder en die aarde te vul is ‘n voorvereiste om oor die aarde te heers en voortplanting is ’n vereiste voorwaarde om die aarde met mense te vul (Cobb, 2005:180). Die komplementariteit van man en vrou is volledig verskans en verseker in die goddelik gesanksioneerde opdrag om oor die totaliteit van die skepping te heers (Erasmus, 2010:19; Botha, 2005:122). Juis in die skepping van man en vrou as onderling intiem en in die daarstelling van die huwelik as grondslag van die gesin, stel God die gesin

as basiese boublok van die gemeenskap daar. Wat die huwelik en die gesin is, is nie die resultaat van ‘n toevallige sameloop van omstandighede nie, maar deel van God se plan vir die wêreld (Erasmus, 2010:65; Thatcher, 2007:105). In die strukturering van Sy skepping is daar ‘n duidelike volgorde en planmatigheid. Uit hierdie fundering van die skepping is dit duidelik dat die gesin die mees basiese en fundamentele instelling van die samelewing is (Strydom, 2001:59).

Terwyl die instelling en oorsprong van die gesin deel is van die skeppingsordinansie van God, is die doel van hierdie eenheid tussen man en vrou om kinders te verwek en te versorg tot volwassenheid (Potgieter, 2007:78; Strydom, 2001:58). Die versorging het sowel fisiese as emosionele en geestelike versorging behels (Dykstra, 2005:99; Maré,1996:4). Hierdie mees basiese gesinstipe, soos in die skeppingsordonansie gevind, is die sogenaamde kern- of nukleêre gesin. Die kerngesin bestaan hoofsaaklik uit ‘n man en ‘n vrou, wat in die huwelik verbind is, saam met hulle onmiddellike nakomelinge (Thatcher, 2007:5).

Hoewel die gesin ‘n Godgegewe is, is dit ook mensgemaak (Dykstra, 2005:98; Osmer & Schweitzer, 2003:272). Dat mense tot mekaar aangetrokke is, trou, voortplant en so sorg vir die voortgang van die menslike geslag, is ‘n Godgegewe en ‘n roeping (Potgieter, 2007:78). Om ‘n eenheid binne die gesin te vorm, is die noodgedwonge konsekwensie van die mens se geskapenheid. Aan die ander kant is die formasie van daardie eenheid (gesin) nie ‘n bevel van God nie, maar ‘n menslike skepping (Roopnarine & Gielen, 2005:6; Müller, 2002:12). Die mens se betrokkenheid en keuses van gesinsamestellings het sedert die skepping drastiese veranderinge en groeiprosesse ondergaan en daarom is dit nodig om ook aandag te skenk aan die veranderinge wat gelei het tot die veelheid van gesinsvorme in postmoderne samelewings.

### 3.4 VERANDERENDE GESINNE

Die vorming van groepe mense wat op ‘n besondere manier aan mekaar verbonde is, het deur die eeue plaasgevind en die woorde *gesin* of *familie* is daarvoor gebruik (Müller, 2002:12). Gesinne of families, as ‘n sosiale konstruksie, is ‘n baie diverse en aanpasbare verskynsel ten opsigte van hul samestelling en funksionering (Nel,

2004:1). Verder het die konsep van gesin sedert die skepping tot die postmoderne samelewing ‘n groot ontwikkelingsproses ondergaan (Roopnarine & Gielen, 2005:5). Elke kulturele konteks (hetsy dit die Joodse, Griekse of Romeinse wêreld was) het uiteenlopende sieninge rondom gesinsamestellings en funksionering gehuldig (Sanders, 2002:117). Dit is verder belangrik om die duidelike kultuur-historiese verskille wat tussen die Antieke wêreld en die postmoderne Westerse wêreld bestaan in ag te neem, want hierdie diverse kultuurkontekste het ‘n groot invloed op die ontwikkeling, samestelling en funksionering van gesinne (Kottak, 2010:290; Nel, 2004:1).

Die navorser is van mening dat, ongeag die ontwikkelingsproses waardeur die gesin deur die eeue gegaan het, die Bybel steeds waardevolle riglyne bied om sekere waardes waarvolgens Antieke gesinne geleef het, te identifiseer en toe te pas op die huidige verstaan van gesinne. Daarom gaan daar oorsigtelik aandag geskenk word aan die ontwikkeling van gesinne binne die Bybel, alvorens die postmoderne tendense van gesinne bespreek gaan word.

### 3.4.1 Gesinne in die Bybel

Die gesin soos omskryf in die Ou Testament het oor die algemeen anders gelyk as die gesinne van vandag. Vanuit die Bybel word dit duidelik aangetoon dat families nie net beperk was tot die ondersteuning en begeleiding van die kerngesin nie, maar hulle het veral gefokus om hul verantwoordelikheid teenoor die groter sosiale gemeenskap na te kom (Van der Watt & Thesnaar, 2005:5). Die eerste Mediterreense wêreld was in alle opsigte ‘n familie-gesentreerde wêreld. Families het nie net die persoon se posisie in die samelewing bepaal nie, maar was ook die primêre ekonomiese, religieuse en opvoedkundige eenheid waarin mense geleef het. Die familie was die werkgewer, opvoeder en kerk (Nel, 2006:1; Van der Watt, 2000:166). Binne hierdie familie-gesentreerde leefwêreld sou dit nie vreemd gewees het as God se opdrag sou lui dat kinders deur die uitgebreide familie of gemeenskap opgevoed moes word nie, want die volk van God was nomadies en behuising in afsondering en met privaatheid was nie algemeen nie. Tog was dit steeds die opdrag van God dat ouers in hierdie soort leefstyl die opvoedingswerk moes verrig (De Wet, 2003:182).

In teenstelling met die gebruike in ander Nabye-Oosterse beskawings en verhale, word die huwelik in die Bybelse geskiedenis as basis vir die samelewing voorgehou. Die intergeslagtelike eenheid tussen man en vrou word beklemtoon, en as direk voortvloeiend uit hierdie verhouding word melding gemaak van die gesin se lewensonderhoud, kulturele aktiwiteite en sosiale verantwoordelikheid. Dit stel die huwelik as basis vir die verdere ekonomiese en sosiale ontplooiing van die mensdom (Frymer-Kensky, 1998:277).

In aansluiting by die bekende kulture waartussen die volk hulle bevind het, toon die verhouding tussen man en vrou in die Ou Testament ook van die begin af ‘n sterk patriargale karakter (Sanders, 2002:117). Dit beteken dat die hoof van die familie, die patriarg, vir almal verantwoordelik was en hulle almal moes beskerm. Die familie in die Ou Testament was ‘n ware huis of tuiste wat as liefdesgemeenskap sy voelers uitgestoot het na almal wat onder dieselfde dak gewoon het (Thatcher, 2007:27). Die basis van die patriargale sisteem was die ingesteldheid van familiegenote op mekaar se belange. Die familie, onder hoofskap van die patriarg, het mekaar gehelp, versorg en beskerm (Strydom, 2001:62).

‘n Fundamentele verantwoordelikheid van die gesin was om God se insette en verordeninge aan die nageslagte oor te dra. Deuteronomium 6:5-6 is ‘n voorbeeld van dié Goddelike opdrag:

> Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag. En hierdie woorde wat Ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan.

Volgens Du Plessis (2006:13) kan daar reeds in die verhaal van die eerste gesin, soos beskryf in Genesis 4, die vernietigende effek van die sondeval op sowel die mens as die gesin duidelik opgemerk word. Louw (1989:35) wys hoedat die sorgsame verbintenis van gesinne en familielede teenoor mekaar verbrokkel dwarsdeur die geskiedenis van die Ou Testament. Reeds in die tyd van die aartsvaders word disfunksionaliteite en gebrokenheid binne gesinne voorgehou, en

God moet as't ware telkens ingryp om dit te herstel (Frymer-Kensky, 1998:279). Wat egter belangrik is, is dat God deur die geskiedenis van die Ou Testament getrou bly en die gebrokenheid van individue, gesinne en die volk Israel met genade omarm om die behoud van Sy betrokkenheid en verhouding met die mens te verseker (Thatcher, 2007:15).

In die Nuwe Testament vind daar egter 'n belangrike ontwikkeling ten opsigte van die gesin en familie plaas (Wagner-Ferreira, 2008:27). Volgens Nel (2004:2) word daar basies twee begrippe gebruik vir die familie en konsepte wat daaraan verwant is. Die een is *patria,* wat genealogies verstaan moet word; met ander woorde, familie in terme van herkoms. Die ander term is *oikos* (*Familia* in Latyn) wat dui op die huishouding of huisgesin, wat in die Nuwe Testamentiese wêreld mense as familie beskou as hulle verwant is aan mekaar vanweë geboorte of huwelik, oor 'n gesamentlike herkoms beskik of wanneer hulle een huishouding gedeel het. Daarom is selfs die slawe onder die gesag en beskerming van 'n spesifieke gesinshoof geplaas (Nel, 2006:3). Laasgenoemde verwys na 'n uitgebreide familiegroepering en nie na die kerngesin nie.

Met die optrede van Jesus word gevind dat Hy by verskeie geleenthede, soos byvoorbeeld in Matteus 10:21 en vers 34-36, gelowiges opgeroep het om te kies tussen hul natuurlike familie en hul lojaliteit aan Hom (Joubert, 2002:238). So word die kerk (*ekklesia*) voorgestel in familiale terme as die nuwe *oikos.* Die nuwe verwantskap wat mense as familie saamgevoeg het, word vervang met 'n nuwe bloedverwantskap, naamlik die bloed van Christus wat mense (gelowiges) as broers en susters in een groot familieverband saambind. As deel van God se huishouding word die familie 'n heiligdom in die kleine (Louw, 1989:38). Dit is egter belangrik om in hierdie verband te verstaan dat die doel van die Christelike kerk nie was om natuurlike families op te breek nie. Die doel is eerder om gelowiges te help onderskei dat die geestelike familie – die verhouding waarin 'n persoon met God en sy medemens staan – 'n baie belangrike fondament is, en selfs belangriker as 'n natuurlike familie kan wees as laasgenoemde die geestelike groei van 'n persoon strem en toewyding aan God nadelig beïnvloed (Du Plessis, 2009:280). Die lewe binne die nuwe huishouding of familie van Jesus is nie maklik en vanselfsprekend

nie, maar iets wat die bekering van mense vra en sterk geestelike dissipline vereis (Wagner-Ferreira, 2008:29).

Die oomblik wanneer gelowiges wedergebore word, word hulle deel van God se familie. Hierdie *weergeboorte* is in baie opsigte selfs meer betekenisvol as die bloedverwantskap wat daar met ‘n aardse familie bestaan (Kempis, 2004:27). Die *weergeboorte* bring die gelowige in ‘n besondere verhouding met God. Die Heilige almagtige God neem die berouvolle sondaar aan as Sy kind en word dan *Vader* van die gelowige (Wagner-Ferreira, 2008:29). God as Vader hou vir die mens ‘n ryk belofte in met vele kante. Wanneer Jesus God aanspreek, gebruik Hy die Aramese woord *Abba.* Dit kan met die woord *Pappa* of *Vader* vertaal word en as teken van vertroue en sekerheid beskryf word. Dit gee die belewenis van nabyheid, intimiteit, sagtheid, geborgenheid, veiligheid en die gevoel van versorging (Clasen, 2001:18; Burger, 1997:15).

Die sentrale tema van die Vader-kind-verhouding in die Nuwe Testament is dié van onvoorwaardelike liefde soos Johannes 3:16 dit tereg voorhou:

> Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Die unieke van God se liefde lê daarin dat dit ‘n genadige liefde is. Dit is onverdiend. Gelowiges weet dat daar niks in hulle is wat die liefde van God verdien nie (Wagner-Ferreira, 2008:30). Hierdie kwaliteit kry veral gestalte in die intieme ruimte van die gesin. Om hieraan gehoor te gee, word daar in die Nuwe Testament doelbewus wegbeweeg van ‘n patriargie/matriargie wat hiërargies en neerdrukkend van aard is teenoor sekere lede, en word daar meer na ‘n intergeneratiewe benadering beweeg (Van der Watt & Thesnaar, 2005:87). Dit spreek veral die konsepte van *geslagtelikheid, gelykheid* en *uniekheid* aan.

Binne die Bybelse verstaan van geslagtelikheid word verwys na man en vrou wat as gelykes, hoewel uniek, geskape is na die beeld van God. Dit word nie van mans, vrouens of kinders verwag om hul uniekheid prys te gee binne die

gesinsverhoudinge nie. Elkeen beskik egter oor unieke gawes en kwaliteite wat nodig is vir die voortbestaan van die familie. Hul posisie en funksie in die familie word eerder bepaal deur hul bydrae en uniekheid as hul geslagtelikheid. Hul interafhanklikheid van mekaar is derhalwe belangriker as hul selfstandigheid (Du Plessis, 2009:287; Wagner-Ferreira, 2008:26; Van der Watt & Thesnaar, 2005:87). Die navorser vind dat daar in die Bybel groot klem geplaas word op die unieke karakter van man en vrou, wat 'n komplimenterende funksie binne die gesinsfunksionering bewerk. Binne die lesbiese ouerhuis is daar egter 'n afwesigheid van die vaderfiguur en sal alternatiewe rolverdelings ondersoek moet word om die leemte te vul (Marks, 2012:745).

Hoewel daar verskillende gesinsvorme bestaan en binne elke gesinsvorm unieke uitdagings is, is dit egter belangrik om te verstaan dat die liefde van God nie eksklusief van aard is nie, maar alle ouderdomme en die verskeidenheid van mense insluit. Elke mens, klein en groot, is na die beeld van God geskape. Kinders en adolessente is ook volledig mens en word nie eers mens as hulle volwasse is nie. So beklee alle lede van die gesin (dit sluit in kinders, bejaardes en gestremdes) 'n volwaardige plek in die samelewing en word deur God se liefde omvou (Van der Watt & Thesnaar, 2005:87). Liefde is 'n sentrale Bybelse opdrag en soos wat God die mens liefhet, verwag Hy dat die mens Hom sal liefhê, met sy hele hart en sy hele siel, al sy krag en sy verstand (Chan, 2010:125). Hierdie opdrag word duidelik verwoord in Matteus 22:37-39:

> En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

Dit verwag 'n totale verbintenis van die mens aan God as Vader. Hierdie verbintenis word eerste ingeoefen in die intimiteit van die gesin en daarna kan dit na buite teenoor alle mense uitgeleef word (Wagner-Ferreira, 2008:25). In hierdie lig gesien, word die gesin die ideale ruimte van onvoorwaardelike liefde waarbinne die gesinslede kan groei en ontwikkel (Van der Watt & Thesnaar, 2005:87). Volgens verskeie skrifgedeeltes, soos onder andere Matteus 18:5-7 en Efesiërs 6:1-4, is die

Bybel afwysend teenoor enige vorm en gesag binne die gesin wat individue se groei sou belemmer of verhoudinge sou skaad.

Uit die voorafgaande bespreking vind die navorser dit duidelik dat dit moeilik mag wees vir postmoderne families om hulle in te rig soos die families van die antieke wêreld van die Bybel. Daarvoor verskil die ekonomiese en sosiale omgewings van die postmoderne tyd net eenvoudig te veel van die Bybelse tyd. Aan die anderkant vind die navorser dat postmoderne gesinne beslis kan leer van die waardes waarvolgens Bybelse gesinne en families geleef het. Die Bybelse voorbeeld wat voorgehou word in wederkerige liefde, hulpbronne wat gedeel word, ‘n klem op harmonie, eenheid en wedersydse respek asook vergifnis, is vandag steeds belangrik vir gesinne en families. Verder is dit vir die navorser opvallend dat in beide die Ou Testament en die Nuwe Testament daar duidelike melding gemaak word ten opsigte van die beperkinge van die gesin. Strydom (2001:63) sluit hierby aan wanneer hy daarop wys dat die gesin, soos in die Bybel voorgehou, ‘n brose eenheid is wat aan die beperkinge van mense en die verbindingslyne van die samelewing uitgelewer is. In die Ou Testament kom die besondere plek van die gesin juis na vore in die wyse waarop God in verhouding staan met die volk Israel. In God se verhouding met die volk stel Hy ‘n sterk onderlinge verbondenheid tussen gesinslede as ‘n voorwaarde vir oorlewing en die effektiewe funksionering van die gesin in die breër gemeenskap (Grant, 2000:14).

In die Nuwe Testament word die gesin binne die terapeutiese gemeenskap van die gemeente as God se groot huisgesin en heiligdom geabsorbeer (Nel, 2006:1; Van der Watt & Thesnaar, 2005:87). Die gevolge van hierdie intieme koppeling van gesinsverhoudinge aan dié tussen God en sy kerk, dra daartoe by om die waardigheid van die gesinslewe en die roepingsbesef van gesinslede te verhoog. Dit word ook duidelik in Jesus se bediening waar hy vrouens, kinders en bediendes intrek in Sy familie (Marais & Marais, 2002:37). Jesus hou nie ‘n ideale familie voor nie, maar ‘n ideale verlossing vir elke individu wat tot Hom nader. Hierdie verlossing is nie net uit sonde nie, maar tot kindskap, tot gemeenskap met God (Marais & Marais, 2002:39). Gesinsverhoudinge vind dus slegs sin in God se verlossingswerk

deur Jesus Christus en Sy betrokkenheid in die lewe van gelowiges, deur die teenwoordigheid van die Heilige Gees (Van der Watt & Thesnaar, 2005:79).

Dit is duidelik dat die Bybel anders praat oor gesinne as wat vandag met gesinne bedoel word, daarom kan daar nie net reguit lyne getrek word tussen die Bybelse en hedendaagse gesinne nie. Verder is daar geen sprake van ‘n lesbiese ouerhuis in die Skrif te vind nie, hoewel dit een van die vorme van ‘n postmoderne gesin is. Die doel van hierdie studie is om riglyne daar te stel vir adolessente wat grootword in lesbiese ouerhuise se gesonde ontwikkeling van die sin vir self. Vir hierdie doel sal dit nodig wees om vas te stel watter Bybelse waardes steeds relevant en toepaslik op postmoderne gesinne is. Sulke waardes kan eers onderskei word wanneer die karakter, tendense en uitdagings van die postmoderne gesinne begryp word. Vervolgens word aandag geskenk aan die gesin in ‘n postmoderne samelewing.

### 3.4.2 Die gesin in ‘n postmoderne wêreld

Uit die literatuur blyk dit dat die verskillende paradigmatiese tydvakke in die wêreldgeskiedenis en die politieke, sosiale en ekonomiese omstandighede wat eie daaraan is, onmiskenbare invloede op die huwelik en die gesin uitgeoefen het (Strong *et al*., 2011:11; Du Plessis, 2009:254; Lamanna & Riedmann, 2009:11; Larney, 2009:52; Thatcher, 2007:9). Om ‘n historiese oorsig oor die ontwikkeling van die gesin te gee, sluit egter ‘n groot aantal probleme in. In die eerste plek is die tydsverloop waarin die geskiedenis van die gesin afgespeel het, uiteenlopend en divers. Die bronne vir ‘n ontleding is ook nie besonder uitgebrei en sistematies nie (Block, 2003:34). Tweedens is die keuse van verteenwoordigende tydperke, gemeenskappe of beskawings wat ‘n ontwikkelingslyn daarstel, uiters kompleks. Daar is byvoorbeeld groot spronge van die vroeë Christendom na die Middeleeue, en daarvan weer na die Industriële Revolusie (Larney, 2009:35). Daarom het die navorser besluit om te fokus op die invloede wat die huidige postmoderne tydvak op die gesin uitoefen. Die postmoderne tyd moet vir hierdie doel behoorlik gedefinieer word en die belangrikste kenmerke daarvan, wat op die gesin inwerk, moet onderskei word.

Die algemene wyse waarop die samelewing van die laat twintigste eeu deur baie skrywers getipeer word, behels die postmoderne era, die postmoderne samelewing of gewoon die postmodernisme (Niemandt, 2007:20). *Postmodern* word nie net gebruik as ‘n begrip wat ‘n nuwe tydvak aandui nie, maar as ‘n totale paradigmaverskuiwing (Müller, 2002:19). Die voorvoegsel *post-* dui daarop dat ‘n voorafgaande era verbygegaan het. Die postmodernisme staan inderdaad teenoor die modernisme (Du Plessis, 2009:252). Die postmodernisme kan ‘n groot verskeidenheid van vorme aanneem, en word geken deur begrippe soos *veranderlike denke, konstruksionisme, kritiese realisme* en *dekonstruksionisme* (Janse van Rensburg, 2000:5). Die postmodernisme bevraagteken die kritiese bewustheid en denke van die modernisme. Verder kritiseer die postmodernisme die fragmentasie van realiteit en reduksionisme (Thomas, 2005:500). Dit is ‘n grootse poging om die betekenis wat die modernisme verloor het, te herstel en holisties oor die lewe en bestaan op aarde te besin. Die postmodernisme poog om elke aspek te beskryf as deel van ‘n groter geheel (Botha, 2004:19). Aspekte word uit verskeie oogpunte bespreek, en die postmodernisme volg dus nie ‘n sistematiese denkpatroon nie, maar eerder ‘n wye perspektief om soveel as moontlik betekenisse vir een spesifieke aspek te oorweeg (Labuschagne & Nel, 2010:2).

Postmodernisme kom tot uiting in ‘n lewensinstelling wat kan varieer van speelsheid aan die een kant tot onverskilligheid en die verheerliking van die uitleef van instinkte aan die ander kant (Müller, 2002:19). Dit is ‘n lewensbenadering wat nie skrik vir onsekerheid en paradoks nie, maar dit juis omhels. In nie-filosofiese kringe is die begrip *postmodernisme* maar eers die afgelope twee dekades bekend. Die wortels van postmodernisme strek egter veel dieper, en daarom kan postmodernisme beskryf word as ‘n golf wat reeds deur die eeue opgebou het om vandag op die strand uit te spoel om die hedendaagse kognisies, denkraamwerke en bestaan te beïnvloed (Du Toit, 2007:1; Labuschagne & Nel, 2010:2). Postmodernisme het gevolglik ook gelei tot spanning en polarisasie in die samelewing, die staat, die kerk en selfs binne families, wat veral vir hierdie studie belangrik is. Volgens Müller (2002:20) is van die belangrikste veranderinge wat plaasvind:

- *Die ineenstorting van ‘n enkele geloofsisteem.*

  Daar bestaan nie meer ‘n universele konsensus oor wat waarheid is nie. Die huidige situasie is eerder vergelykbaar met ‘n mark waar al die verskillende geloofsisteme uitgestal word met die oog op publieke gebruik. So neem die gesin ook ‘n groot verskeidenheid van vorme aan sonder enige kritiese besinning oor die uitwerking daarvan op kinders en adolessente.

- *Die geboorte van ‘n wêreldkultuur.*

  Vanweë die impak van Globalisasie en die tegnologiese vooruitgang, word die wêreld kleiner en sterf plaaslike kulture met ‘n bepaalde lewensuitkyk, tradisies en gebruike uit, aangesien dit vervang word met ‘n kunsmatige kultuur soos voorgehou deur die media. Binne hierdie kunsmatige kultuur neem stresvlakke en aanverwante spanningstoestande jaarliks toe (Joubert, 2009:17). Joubert (2009:17) wys verder daarop dat, hoewel die lewenstandaard van mense toeneem in die postmoderne wêreldklimaat, lewensgeluk afneem, en dit beïnvloed die ontwikkeling en welstand van gesinne in die algemeen.

- *Die ontwikkeling van ‘n nuwe polarisasie.*

  Die uiteinde van bogenoemde is die ontstaan van konflik tussen die plaaslike kulture en die ontwikkelende wêreldkultuur, wat alles en almal inslurp. Konflik ontstaan oor aspekte soos gemeenskaplike waarhede, waardes, opvoeding, morele ontwikkeling, ensovoorts (Du Plessis, 2009:253). Hierdie konflik en botsende opinies wek gevoelens van onsekerheid en angstigheid by mense. Veral adolessente worstel met vrae soos: *Wat is reg en wat nie? Na wie moet ons luister en na wie nie?* (Joubert, 2009:21).

Al hierdie verskynsels is aanwesig in die huidige Westerse wêreld en het ‘n definitiewe invloed op die totale samelewing. Daar kan breedvoerig hierop gefokus word, maar dit is veral die invloed op die gesinslewe wat aandag verlang vir die doel van hierdie studie en in hierdie gedeelte verken gaan word.

*3.4.2.1 Die invloede van postmodernisme op die gesin*

Een van die belangrikste veranderinge wat die moderne gesin ondergaan het, is die verandering in gesinstrukture (Kottak, 2010:290; Larney, 2009:59; Lamanna & Riedmann, 2009:14; Kottak, 2008;409). Die kerngesin is tradisioneel beskou as ‘n gesin wat bestaan het uit ‘n werkende vader, ‘n tuisteskeppende moeder en afhanklike kinders (Kottak, 2010:287; Kottak, 2008;410; Maré, 1996:6). Binne hierdie konvensionele kerngesin het daar duidelike grense bestaan tussen die private en die openbare, tussen huis en werk en tussen ouers en kinders. Daar was ook duidelike grense betreffende die geslagtelike rolle wat die onderskeie ouers vervul het. Die vader is beskou as die gesagdraende party in die gesinseenheid. Sy gesag is as absoluut beskou (Larney, 2009:59; Strydom, 2001:54; Maré, 1996:4).

Die postmoderne gesin, daarteenoor, is baie meer vloeibaar en aanpasbaar en blootgestel aan druk van buite (Balswick & Balswick, 2006:187). Volgens Lamanna en Riedmann (2009:11) hou die postmoderne wêreld ‘n groot verskeidenheid van verskillende gesinstrukture voor en individue kan self ‘n keuse uitoefen in watter strukture hulle hul ookal gemaklik vind. Daar bestaan nie meer objektiewe maatstawwe om gesinne te definieer nie. Binne hierdie denkraamwerk kan elkeen wat hom-/haarself in ‘n primêre groepering bevind, daarin lewensvervulling vind, daardie groepering funksioneel ervaar vir die uitlewing van persoonlike behoeftes, en na die groepering as *gesin* verwys (Srong *et al*., 2008:11; Thatcher, 2007:9; Müller, 2002:13). In hierdie verband wys Du Plessis (2009:254) daarop dat soveel as dertig verskillende gesinsvorme voorkom.

Amoateng *et al*., (2004:1) verwys na die volgende strukture wat net voorkom binne die sogenaamde *saamgestelde gesin.* Daar kan onderskei word tussen:

- ‘n man met kinders wat trou met ‘n vrou (wat nog nooit getroud was nie) sonder kinders;

- ‘n vrou met kinders wat trou met ‘n man (wat nog nooit getroud was nie) sonder kinders;

- ‘n geskeide vrou met kinders wat trou met ‘n geskeide man met kinders;

- ‘n wewenaar en weduwee met kinders wat hertrou;

- geskeide ouers / ouers wie se eggenoot oorlede is, wat trou en waarvan hul kinders reeds volwasse is.

Daar kan nog verder onderskei word tussen enkel-ouer gesinne, tradisionele gesinne (pa, ma en kinders), lede van dieselfde geslag wat kinders aanneem en ‘n gesin vorm, kinders wat deur grootouers grootgemaak word en so kan die lys aangaan.

Op ekonomiese gebied het daar ook groot gesinsveranderinge plaasgevind. Osmer en Schweitzer (2003:276) is van mening dat die nywerheidsomwenteling ‘n groot rol gespeel het, aangesien dit die man se werksplek weggeskuif het van die huis na die fabriek, die myn of die kantoor. Dit het tot gevolg gehad dat die man se betrokkenheid by die funksionering van die gesin ook baie ingekort is. Hierdie inkorting het ontstaan as gevolg van die lang tye wat mans afwesig is van die huis met werksverpligtinge elders. Ander faktore wat bydra tot die afwesigheid van mans in ’n gesinsverband, sluit egskeiding, buite-egtelike geboortes, enkel-ouerskap, huweliksvryheid, kunsmatige bevrugting en die kultuurdruk van die postmoderne tydperk in (Van Niekerk, 2005:1). Navorsing bevestig dat die afwesigheid van die man as vader in die gesinsfunksionering verreikende probleme tot gevolg het (Van Niekerk, 2005:2; De Wet, 2003:162; Marais & Marais, 2002:19). Armoede en die algemene afname in die welstand van kinders is van die belangrikste gevolge daarvan.

‘n Verdere aspek wat op ekonomiese gebied genoem kan word, is vrouens se toetrede tot die arbeidsmag (Marais & Marais, 2002:20). Vroue se invloed is in alle sektore van die arbeidsmag te sien en faktore soos globalisering het meegebring dat vroue nie meer net werk om families te onderhou nie, maar om werksbevrediging te kry, hul eie drome uit te leef en vir vervulling (Du Plessis, 2009:255; Balswick & Balswick, 2006:187). Vroue se toetrede tot die arbeidsmag lei tot groter

onbetrokkenheid by die emosionele, sosiale en geloofsopvoeding van hul kinders (De Wet, 2003:165). Kinders word deur plaasvervanger-versorgers soos dagsorg, kleuterskole, skole en koshuise versorg en opgevoed. Vroue beleef ook groterwordende druk op ekonomiese, sosiale en psigiese gebied, wat gepaard gaan met ‘n strewe na mag en sukses (Lanmanna & Riedmann, 2009:313). Dit blyk verder of hulle slagoffers van hul eie skedule word, wat bepaalde skuldgevoelens ten opsigte van hul betrokkenheid by hul kinders teweegbring (De Wet, 2003:166). Met die aanvaarding van ‘n beroep kry ‘n vrou boonop ‘n dubbele werkslading, naamlik dié van beroepsvrou en tuisteskepper (Strong *et al*., 2011:390). Beide hierdie rolle verg inspanning en verantwoordelikheid, wat lei tot rolverwarring en rol-onsekerheid. Al die bogenoemde faktore, tesame met die prestasie-gedrewe samelewing, het die gesin ‘n nog meer kwesbare instelling gemaak as voorheen (Müller, 2002:14).

#### *3.4.2.2 Die postmoderne gesin in ‘n krisis*

Verskeie teoretici is dit eens dat die postmoderne gesin in die Westerse samelewing in ‘n krisis is (Wogaman, 2009:83; Dreyer, 2008:483; Dreyer, 2007b:625; Van Niekerk, 2005:1; Mudi, 2002:3). Die kwesbaarheid van die gesin word veral waargeneem in die hoë egskeidingsyfer wêreldwyd, maar ook plaaslik (Dreyer, 2008:4). Daar is ook ‘n toename in buite-egtelike verhoudings en permissiwiteit, waardeur mans en vrouens poog om die geweldige emosionele spanning wat die prestasie-gedrewe samelewing teweegbring, deur oppervlakkige seksuele verhoudings te bevredig (Dreyer, 2007a:262). Barna (2011:48) beklemtoon die volgende realiteite wat vir die veranderinge van die gesinsamestellings in die Westerse wêreld beduidend is:

- Gesinne word nie meer gevestig op die emosionele en seksuele intimiteit tussen ‘n man en vrou wat die verwekking van kinders moontlik maak nie. Gesinne is veel eerder die produk van eksperimentering, gedeelde belange, plesier en selfverwesenliking.

- Vir vroue is swangerskap ook nie meer direk verwant aan die huwelik nie, maar ‘n teken van fertiliteit, fisiese gesondheid, lewenslus en status.

- Die huwelik word verskraal tot die bevrediging van onmiddellike behoeftes, sonder enige langtermyn verbintenis.

- Egskeidings word as deel van die normale lewensloop gereken en die gevolge word as oorleefbaar voorgehou.

- Huwelike word eers oorweeg nadat ‘n kwalifikasie behaal is, met verskeie seksuele verhoudings geëksperimenteer is, daar in ‘n beroep gevestig is, en dalk ‘n kind of twee gebore is.

- Daar word meer gefokus op onmiddellike behoeftebevrediging as op langtermyn gevolge van besluite soos gesondheid, loopbaankeuses, geloof, leefstyl en kinders.

Daar het ‘n radikale transformasie in die samelewing plaasgevind, wat onafwendbare veranderinge in die gesin teweeggebring het (De Villiers, 2007:120). Die volgende statistiek van die Amerikaanse sensus wat reeds in 2000 gedoen is (Focus on the family, 2001:2), weerspieël hierdie transformasie soos volg:

- ‘n Toename van 72% enkel-ouer gesinne.

- ‘n Ooreenstemmende toename in die ongetroude status van enkel-ouers.

- 25% van alle huishoudings het enkelouers.

- 33% van babas word buite die huwelik gebore.

- Die aantal saamwoon-paartjies het van 1968 – 1998 met 1000% toegeneem.

- Die voorkoms van homoseksuele gesinne neem daagliks toe.

- Baie vroue verkies om kinders buite die huwelik te verwek en om alleen die verantwoordelikheid van ouerskap te dra.

Bogenoemde faktore bring ekstra spanning op gesinne en veral op kinders en adolessente binne die postmoderne gesinne. Die uitdaging wat aan hulle gestel word, is dat hulle emosioneel vinniger moet aanpas by al die veranderende omstandighede, en dit lei dikwels tot negatiewe gedragspatrone (Lamanna & Riedmann, 2009:318).

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat die lesbiese ouerhuis een van die vele gesinsvorme is wat binne die postmodernistiese klimaat gebore is. Die toekoms van die postmoderne gesinne word nie rooskleurig geskets nie, maar daar word eerder na ‘n morele en gesinskrisis verwys, wat aandag en bespreking op die hoogste politieke, kerklike, opvoedkundige en sosiale vlak van die samelewing ontlok (Joubert, 2009:28; Wogaman, 2009:83; Van Niekerk, 2005:51). Die krisis binne die gesin word hoofsaaklik vanuit die verandering van die struktuur van die gesin waarin pa’s al hoe meer afwesig word, gesien (Jordaan, 2005:103; Pleck & Masciadrelli, 2004:258). Die afwesigheid van die vaderfiguur dra nie by tot die fisieke, emosionele en geestelike welsyn van kinders nie, en derhalwe hou die sosiale wetenskappe die afwesige vaderfiguur voor as die sleutelrolspeler in die postmoderne gesinskrisis (Barna, 2011:44; Jordaan, 2005:104; Van Niekerk, 2005:51).

Binne die lesbiese ouerhuis is die afwesigheid van ‘n vaderfiguur ook ‘n brandende knelpunt. Vir die navorser is dit duidelik dat die invloed van die postmodernisme op die gesin ‘n beroep doen op die samelewing tot diepe nadenke en verantwoordelike besluitneming en optrede. Die statistiek skilder ‘n morbiede prentjie, maar ook die motivering om probleme aan te spreek. Daar word vervolgens aandag geskenk aan die lesbiese ouerhuis as ‘n eietydse gesin.

## 3.5 DIE LESBIESE OUERHUIS

Homoseksualiteit, en hier spesifiek die lesbiese ouerhuis, is steeds ‘n sensitiewe saak wat vanuit ‘n groot verskeidenheid vertrekpunte en oortuigings benader word

(Tasker & Patterson, 2007:9; Perlesz & McNair, 2004:129). Lubbe (2005:48) verduidelik dat lesbiese gesinne oor dekades heen stelselmatig gegroei en toegeneem het tot waar dit vandag erkenning geniet binne die groot verskeidenheid van postmoderne gesinstrukture. Die stemme vanuit die samelewing het egter nog nie stilgeword rondom die homoseksuele debat nie. Daar is soms ‘n oorheersende gevoel van futiliteit oor die gesprek omdat dit dreig om in ‘n sirkelredenasie vasgevang te wees (Butler, 2004:14). Aan die een kant is anti-gay groepe wat hulle beroep op duidelike uitsprake in die Skrif. Aan die anderkant is die liberale sienings vanuit die humanistiese oorwegings wat ‘n totale verwerping van vorige standpunte eis (Stanton & Maier, 2005:10). Terwyl die stemme steeds vanuit alle hoeke opklink, is die lesbiese ouerhuis ‘n werklikheid wat al hoe meer sy verskyning maak en noodgedwonge aandag vra (Tasker, 2010:35; Švab, 2007;43; Clarke, 2002:210).

In vergelyking met die navorsing wat handel oor die heteroseksuele gesinne, bestaan daar baie min navorsing oor homoseksuele gesinne (Strong *et al.*, 2011:490; Lubbe, 2007:260; Patterson, 2002:5). Volgens Patterson (2002:5) het die eerste artikels en navorsing oor kinders in homoseksuele gesinne eers in die sewentigerjare begin. Hierdie eerste navorsing toon groot gebreke en die redes wat daarvoor aangevoer word, is onder andere dat die meeste van hierdie navorsing gedoen is op homoseksuele paartjies uit die middel- tot hoë sosiale klas in die samelewing en dus nie die breë homoseksuele gemeenskappe insluit nie. Brown *et al*., (2009:229) wys ook daarop dat homoseksuele gesinne, net soos in die geval van heteroseksuele gesinne, ‘n uiteenlopende verskeidenheid van gesinstrukture aanneem, wat verder beïnvloed word deur kulturele, sosiale en godsdienstige verskille. Hierdie verskeidenheid van gesinstrukture het ook ‘n invloed op die uitkomste van navorsing.

Die navorsing wat handel oor kinders het aanvanklik gefokus op die vergelyking van kinders uit lesbiese ouerhuise en kinders wat by geskeide heteroseksuele moeders grootword (Strong *et al.*, 2011:490; Lamanna & Riedmann, 2009:198; Patterson, 2002:5). Navorsing op lesbiese gesinne toon steeds ‘n groot leemte ten opsigte van adolessente se ontwikkeling binne die lesbiese ouerhuis, omdat die meeste navorsing op jonger kinders van toepassing was (Marks, 2012:745; Strong *et al.*,

Lamanna & Riedmann, 2009:198; Lubbe, 2007:269; Patterson, 2002:5). Tasker en Patterson (2007:9) wys egter daarop dat navorsing op homoseksuele gesinne oor die afgelope dekade kwantitatief en kwalitatief gegroei het en dat dit al hoe meer lig werp op die funksionering van hierdie gesinne.

Groenewald (2005:3) en Mudi (2002:2) wys tereg dat die meeste navorsing gewy word aan disfunksionaliteite binne die gesin en relatief min navorsing tot dusver gedoen is oor faktore wat kan bydra tot gesonde/normale gesinsfunksionering. Met die bogenoemde bespreking in gedagte, word die noodsaaklikheid van hierdie studie onderskryf. Die navorser wil graag 'n positiewe bydrae maak ten opsigte van adolessente in lesbiese ouerhuise se ontwikkeling van die sin van die self. Ten einde die doelwit van die studie te bereik, is 'n volledige beskouing van die lesbiese ouerhuis noodsaaklik. Hierdie beskouing het nodig om op sowel die sterktes as die swakhede van sulke gesinne te fokus.

### 3.5.1 Kinders in die lesbiese ouerhuis

Volgens Strong *et al.*, (2011:490) is dit steeds moeilik om vas te stel presies hoeveel kinders in Amerika deur lesbiese ouers grootgemaak word. Lamanna en Riedmann (2009:198) meen dat die vestiging van lesbiese gesinne so toeneem dat daar reeds met die ingang van die derde millennium na 'n "gay baby boom" verwys is. Hulle toon in hierdie verband aan dat daar teen die jaar 2000 reeds 34,3% van lesbiese paartjies met kinders gevestig was in Amerika. Die meeste van hierdie kinders is gebore terwyl die moeder in 'n heteroseksuele huwelik was, waarna sy na afloop van 'n egskeiding in 'n lesbiese verhouding toegetree het (Thatcher, 2007:8). Lesbiese paartjies kan kinders aanneem, in pleegsorg neem, swanger word deur beplande seksuele omgang met 'n man, waartoe albei vrouens ingestem het, met die uitsluitlike doel om swanger te word, of hulle kan gebruik maak van kunsmatige inseminasie (Lamanna & Riedman, 2009:199; Patterson, 2002:6; McNair *et al.*, 2002;40). In Suid-Afrika het die vestiging van lesbiese gesinne stadiger plaasgevind as in die res van die Westerse wêreld. Eers in 1998 het die eerste lesbiese ma (biologiese ma) toesig oor haar kind gekry na haar egskeiding (Lubbe, 2007:266).

Gesinshowe in verskeie lande het hoofsaaklik drie primêre vrese voorgehou in die oorweging om kinders in die sorg van homoseksuele paartjies te plaas (Wogaman, 2009:106; Lubbe, 2007:261; Patterson, 2002:8). Die eerste vrees het gehandel oor die moontlikheid dat die ontwikkeling van kinders se seksuele identiteit beperk sal word in 'n lesbiese of homoseksuele ouerhuis. Tweedens is gevrees dat die persoonlike ontwikkeling van die kinders benadeel sal word. Die derde vrees het gehandel oor die kinders se sosiale ontwikkeling (Weber, 2011:18; Wogaman, 2009:106; Lubbe, 2007:261; Patterson, 2002:8). Daar word vervolgens aandag geskenk aan die uitkomste van beskikbare navorsing in hierdie verband.

*3.5.1.1 Die seksuele identiteit van kinders in die lesbiese ouerhuis*

Drie aspekte van belang is ondersoek om vas te stel hoe 'n lesbiese ouerhuis die ontwikkeling van 'n kind se seksuele identiteit beïnvloed, naamlik: geslagsidentiteit, wat verwys na 'n persoon se persoonlike identifikasie as manlik of vroulik; geslagsrol-identiteit, wat verwys na die verskillende rolle wat 'n persoon in die huis, werkplek of wyer sosiale omgewing aanneem en wat met manlikheid en vroulikheid geassosieer word; en laastens 'n persoon se seksuele oriëntasie, wat verwys na die persoon se keuse vir 'n seksuele verhouding, met dieselfde geslag of die teenoorgestelde geslag (Sutfin *et al*., 2007:502; Tasker & Patterson, 2007:21).

- *Geslagsidentiteit*
  In studies op kinders tussen die ouderdom van 5 en 14 jaar wat grootword in 'n lesbiese ouerhuis, is bevind dat hul geslagsidentiteit dieselfde ontwikkel as dié van kinders en adolessente wat in heteroseksuele ouerskapverhoudings grootword. Al hierdie kinders het aangedui dat hulle gelukkig is met hul geslag en dat hulle geen begeerte het om die teenoorgestelde geslag te wees nie. Daar was geen tekens van geslagsidentiteitsverwarring in die ondersoekgroep nie (Tasker & Patterson, 2007:22; Clarke, 2002: 211-212; Mooney-Somers & Golombok, 2000:122).

- *Geslagsrol-identiteit*
  Volgens Shaffer en Kipp (2007:618) en Johnson en O'Connor (2001:146) blyk dit dat kinders in lesbiese ouerhuise dieselfde ontwikkeling toon wat hul

geslagsrol-identiteit betref as kinders en adolessente in heteroseksuele ouerskapverhoudings. In die ondersoekgroep is gevind dat kinders in die lesbiese ouerhuis dieselfde gunsteling speelgoed, TV-programme en ander aktiwiteite geniet as kinders in heteroseksuele gesinne (Tasker & Patterson, 2007:22). Daar is wel gevind dat dogtertjies wat in ‘n lesbiese ouerhuis grootword meer daarvan hou om rof te speel, soos byvoorbeeld om te stoei en met trokke en trekkers te speel, as hul portuurgroep in heteroseksuele gesinne (Patterson, 2002:9).

Daar is nie verskille in seuntjies se speelvoorkeure gevind nie, maar daar is wel gevind dat seuntjies van lesbiese ouers minder aggressiewe gedrag toon en minder deelneem aan rowwe spel-aktiwiteite as seuntjies uit heteroseksuele gesinne (Sutfin *et al*., 2007:510).

Sutfin *et al.* (2007:505) wys egter daarop dat heteroseksuele ouers meer geneig is om hul kinders se kamers ooreenkomstig volgens geslagsrolle in te rig. Dogtertjies se kamers sal gewoonlik pastelkleure wees en temas soos vlindertjies, feetjies en poppies sal gebruik word as dekor, terwyl seuntjies se kamers weer met primêre kleure soos rooi en blou versier sal word en temas soos karre, diere en aksiefigure as dekor gebruik sal word. Kinders in heteroseksuele gesinne word op hierdie wyse gedurig blootgestel aan geslagsrolle soos tradisioneel in die sosiale omgewing voorgestel word. Die teendeel is by lesbiese ouers gevind (Sutfin *et al*., 2007:505). Kinderkamers in lesbiese ouerhuise is meer neutraal, sonder prominente temas, ingerig. Uit hierdie navorsing is gevind dat lesbiese ouers nie duidelike onderskeid tref tussen geslagsrolle nie, en dat kinders binne lesbiese ouerhuise ook nie dieselfde onderskeid tussen manlike en vroulike geslagsrolle tref as hul portuurgroep in heteroseksuele gesinne nie.

Die studie van Sutfin *et al*., (2007:501-5011) het ‘n belangrike nuwe bydrae tot die verstaan van kinders se geslagsrol-identiteit in die lesbiese ouerhuis teweeggebring. Hoewel vorige studies geen beduidende verskille in die ontwikkeling van kinders se geslagsrol-identiteit in lesbiese ouerhuise en

heteroseksuele gesinne gevind het nie, toon hierdie studie dat daar wel subtiele verskille bestaan (Crowl *et al*., 2008:389). Daar is gevind dat ouers se houdings ten opsigte van geslagsrolle die ontwikkeling van geslagsrol-identiteit by kinders beduidend kan beïnvloed. Kinders en adolessente uit lesbiese ouerhuise toon dieselfde liberale beskouing van geslagsrolle as hul ouers, terwyl kinders en adolessente uit heteroseksuele gesinne geneig is om ‘n meer tradisionele beskouing van geslagsrolle te eerbiedig (Tasker, 2010:38; Crowl *et al*., 2008:389).

- *Seksuele oriëntasie*

  In al die studies oor die seksuele oriëntasie van kinders in lesbiese ouerhuise, is gevind dat die meeste van die kinders hulself as heteroseksueel beskryf (Tasker, 2010:39; Dew & Myers, 2000:45). Daar is wel gevind dat die kinders meer bereid sal wees om in homoseksuele verhoudings betrokke te raak as hul portuurgroep in heteroseksuele gesinne (Patterson, 2002:11).

*3.5.1.2 Persoonlike ontwikkeling*

Volgens Tasker (2010:35) toon navorsing dat die ontwikkeling van kinders en adolessente in lesbiese ouerhuise nie verskil van kinders en adolessente in heteroseksuele ouerskapgesinne ten opsigte van hul persoonlikheidsontwikkeling, kognitiewe ontwikkeling en psigologiese welstand nie. Navorsing is dit eens dat die algemene ontwikkeling van kinders en adolessente nie primêr beïnvloed word deur die seksuele oriëntasie van die ouers nie, maar wel deur die kwaliteit van ouer-kind-verhoudings (Tasker, 2010:39; Telingator & Patterson, 2008:1366; Švab, 2007:51; Patterson, 2002:13; Mooney-Somers & Golombok, 2000:122).

*3.5.1.3 Sosiale ontwikkeling*

Sosiale ontwikkeling hou direk verband met adolessente se ontwikkeling van vaardighede en gedrag wat hulle in staat stel om goed aan te pas in die samelewing en sosiale aanvaarding te geniet (Henderson & Thompson, 2011:37). Vir adolessente is die aanvaarding binne hul sosiale omgewing van uiterste belang (Grobler, 2006:36). Binne die Gestaltteorie word na die sosiale of eksterne omgewing as die *veld* verwys (Mackewn, 2004:48). Die veld beïnvloed die totale

ontwikkeling van ‘n individu en kan onder geen omstandighede buite rekening gelaat word nie (Joyce & Sills, 2006:24). Henderson en Thompson (2007:37) wys daarop dat ouers die grootste invloed uitoefen op kinders se sosiale ontwikkeling van geboorte tot volwassenheid, deurdat ouers leiding gee ten opsigte van optrede teenoor ander.

Uit die literatuur is dit duidelik dat kinders en adolessente in lesbiese ouerhuise veral uitdagings ervaar ten opsigte van hul sosiale ontwikkeling (Amato, 2012:774; Tasker & Patterson, 2007:19; Tasker & Golombok, 2005:185; Perlesz & McNair, 2004:133). Kinders en adolessente wat in lesbiese ouerhuise grootword is outomaties deel van die homoseksuele dispuut wat voortdurend aan die gang is en word dikwels blootgestel aan stigmatisering en etikettering in sommige sosiale omgewings (Lubbe, 2005:63). Die volgende kwelpunte, met betrekking tot die sosiale ontwikkeling van adolessente in lesbiese ouerhuise, het na vore gekom uit verskeie navorsing:

- *Verwerping deur familie en vriende*

  Daar is gevind dat lesbiese ouers kritiek en verwerping kan ervaar vanuit sowel hul eie familie as hul lesbiese vriendekring (Perlesz & McNair, 2004:133; Dew & Myers, 2000:51). Die verwerping vanuit hul lesbiese vriendekring ontstaan gewoonlik as gevolg van verskillende uitgangspunte binne die lesbiese gemeenskappe met betrekking tot ouerskap en ook as gevolg van jaloesie (Eggebeen, 2012:1366). Lesbiese ouers meld dat verwerping deur familie en vriende aanleiding gee tot isolasie en beperkte sosiale ondersteuning in terme van ouerskap (Brown *et al*, 2009:241). Die gebrek aan sosiale ondersteuning veroorsaak ‘n groot tekort aan rolmodelle waaraan hulle hul kinders kan blootstel (Tasker & Patterson, 2007:19). Arney en Scott (2010:164) beskou die afwesigheid van sosiale rolmodelle in kinders se ontwikkeling as ‘n ernstige probleem. Hulle is van mening dat die afwesigheid van rolmodelle kinders onder druk plaas om noodwendig nie-tradisionele sosiale rolle aan te neem, wat aanleiding gee tot identiteitsverwarring (Arney & Scott, 2010: 164). Kinders en adolessente van lesbiese ouers, wat aan die verwerping van hul lesbiese ouers deur familie en vriende blootgestel is, ervaar emosies van aggressie, onsteltenis,

teleurstelling, hartseer en onsekerheid (Eggebeen, 2012:1366; Perlesz & McNair, 2004:133; Mooney-Somers & Golombok, 2000:121).

- *Ingesteldheid van onderwysers*

Die soeke na geskikte kleuterskole en skole vir kinders en adolessente uit lesbiese ouerhuise blyk problematies te wees (Eggebeen, 2012:1366; Brown *et al*., 2009:240). Volgens Dew en Myers (2000:50) is die grootste rede vir hierdie probleem dat onderwysers homofobies en bevooroordeeld is teenoor lesbiese ouers. ‘n Studie waarby meer as 400 onderwysers betrek is, het getoon dat 80% van hierdie onderwysers ‘n negatiewe beskouing handhaaf teenoor lesbiese ouers (Dew & Myers, 2000:51). Robitaille en Saint-Jacqeus (2009:433) wys daarop dat ‘n negatiewe ingesteldheid van onderwysers kan lei tot direkte of indirekte stigmatisering. Direkte stigmatisering vind plaas wanneer kinders of adolessente openlik gespot, verneder of verkleinneer word omdat hul ouers homoseksueel is. Indirekte stigmatisering vind plaas wanneer gesprekke oor homoseksualiteit plaasvind (in die klas of op die skoolgrond), en die kinders en adolessente wat by homoseksuele ouers grootword stille toehoorders van die negatiewe uitsprake moet wees (Robitaille & Saint-Jacqeus, 2009:433). Die gevolg van hierdie negatiewe ingesteldheid van skole en onderwysers is dat lesbiese ouers minder betrokke is in skoolaktiwiteite, ‘n passiewe ingesteldheid teenoor hul kinders se akademiese ontwikkeling inneem en dat hulle hul lesbiese ouerskap ‘n geheim hou (Brown *et al*., 2009:240).

- *Portuurgroepverhoudings in die skool*

Die belangrike rol wat identifisering van adolessente met die portuurgroep speel, word deur verskeie skrywers en dissiplines beklemtoon (Berger, 2011:442; Swartz *et al*., 2011:92; Shaffer & Kipp; 2007:654). Volgens Hyde en Delamater (2008:337) het die samelewing se ingesteldheid teenoor homoseksualiteit ‘n besliste invloed op sowel die sosiale as die portuurgroepverhoudings van adolessente wat by lesbiese ouers grootword.

Dit wil voorkom dat, hoewel houdings en gesindhede besig is om stadig te verander, homoseksualiteit steeds in die heteroseksuele samelewings as verkeerd en onaanvaarbaar beskou word (Kottak, 2010:301; Hyde & Delamater, 2008:337; Švab, 2007:52; Butler, 2004:188). Die negatiewe houdings en ingesteldhede teenoor homoseksualiteit gee aanleiding tot diskriminering, stigmatisering en stereotipering van sowel homoseksuele persone as die kinders en adolessente wat by hulle grootword (Marks, 2012:745; Hyde & Delamater, 2008:337; Perlesz & McNair, 2004:130).

Perlesz en McNair (2004:133) wys daarop dat adolessente uit vrees vir verwerping en stigmatisering dit besonders moeilik vind om openlik oor hul lesbiese ouerhuis te praat binne die skoolomgewing. Robitaille en Saint-Jacqeus (2009:434) het in hul navorsing oor die stigmatisering van kinders en adolessente wat by homoseksuele ouers grootword, gevind dat adolessente verkies om onderwerpe oor hul gesin te vermy of om die ware identiteit van hul gesin te ontken deur na hul ouers se huweliksmaats te verwys as blote vriende. Hierdie adolessente het ook getuig dat hulle nooit vriende oornooi na hul huise nie en hul bes doen om hul ouers van die skoolaktiwiteite weg te hou. Dit is vir hulle belangriker om sosiale stigmatisering te voorkom as om aan alledaagse sosiale gebeure en byeenkomste deel te neem (Robitaille & Saint-Jacqeus, 2009:434).

Die navorser is van mening dat, indien adolessente hul lesbiese ouerhuis geheim sou hou, dit tot innerlike konflik aanleiding kan gee, omdat hulle dan ‘n geheime rol moet vertolk; dié van iemand wat hulle nie werklik is nie. Joyce en Sills (2006:37) wys daarop dat persone nie optimaal kan groei en ontwikkel as hulle probeer voorgee wie hulle nie werklik is nie. Hierdie vrees vir verwerping en onderdrukking van gesins-identiteit kan moontlik problematies wees vir adolessente in lesbiese ouerhuise se vorming van ‘n eie identiteit en ‘n gesonde sin vir self.

- *Problematiek rondom die definiëring van die lesbiese ouerhuis*

Kinders en adolessente wat by lesbiese en gay ouers grootword vind dit problematies om hul gesinne te definieer en te beskryf (Brown *et al*., 2009:240). Švab (2007:51) is van mening dat die definisie van lesbiese en gay gesinne problematies is omdat dit die tradisionele rolle van moederskap en vaderskap moet omskryf en vervat binne die afwesigheid van hetsy 'n vader of 'n moeder in die gesin. Verder word kinders in 'n heteroseksuele verhouding verwek deur seksuele intimiteit, terwyl dit nie moontlik is binne lesbiese en gay gesinne nie. Derhalwe is die beskrywing van die kind se verwekking en herkoms ook meer kompleks in die gemelde gesinne (Švab, 2007:51; Perlesz & McNair, 2004:134)

### 3.5.2 Positiewe aspekte van lesbiese ouers

Lubbe (2007:261) wys daarop dat daar baie min inligting bestaan oor die wyse waarop lesbiese gesinne funksioneer en hulself organiseer binne 'n oorheersend heteroseksuele samelewing. Volgens Lubbe (2007:268) wil dit voorkom of lesbiese ouers meer versorgend, met groter verdraagsaamheid en met minder aggressiewe gedrag teenoor hul kinders optree as wat heteroseksuele ouers doen. Die navorser is van mening dat so 'n veralgemening nie sonder behoorlike navorsing en ondersoek gemaak kan word nie.

Daar is gevind dat lesbiese ouers die verdeling van gesinsverantwoordelikhede en take baie meer regverdig verdeel as wat die geval in heteroseksuele gesinne is. Dit verhoog die kwaliteit van hul gesinsverhoudinge en skep meer tyd om met die kinders te spandeer (Telingator & Patterson, 2008:1366). Dit bevorder positiewe emosionele ervarings by die betrokke partye en dra by tot gevoelens van tevredenheid (Lubbe, 2007:269; Patterson, 2002:13).

Dit wil verder voorkom dat kinders uit lesbiese ouerhuise minder krities en veroordelend teenoor ander persone optree en meer verdraagsaam optree teenoor persoonlikheidsverskille en diversiteit (Švab, 2007:49; Perlesz & McNair, 2004:134).

### 3.5.3 Kritiek teen lesbiese ouerskap

Volgens Lamanna & Riedmann (2009:199) neem die verhoudingskwaliteit in 'n lesbiese verhouding drasties af na die geboorte van 'n baba. Die redes wat hulle aanvoer is tweeledig: die nie-biologiese ma in die verhouding beleef gevoelens dat sy "*less of a mother"* is*.* Die tweede rede vir spanning in die verhouding is dat die nie-biologiese ma so betrokke en ondersteunend tot die versorging van die baba toetree, dat die biologiese ma bedreig voel en dit aanleiding gee tot konflik (Lamanna & Riedmann, 2009:199).

Binne 'n lesbiese ouerhuis word so wel manlike as vroulike geslagsrolle uitgeleef. Dit skep die indruk by kinders dat vrouens enige taak kan verrig sonder enige beperkinge (Johnson & O'Connor, 2001:146). Die benadering van moderne feministe, dat *mammas goeie pappas* kan wees en *pappas goeie mammas* kan wees, is egter ongegrond (Stanton & Maier, 2005:134). Die navorser stem saam met Stanton en Maier (2005:134) dat die twee geslagte verskillend is en elkeen is noodsaaklik – kultureel en biologies – vir die optimale ontwikkeling van die mens.

Johnson en O'Conner (2001:146) wat die boek, *For lesbian parents,* vanuit hul persoonlike ervaring as lesbiese ouers geskryf het, erken dat die afwesigheid van die vaderfiguur in die lesbiese ouerhuis 'n belangrike knelpunt is. Hulle meen in hierdie verband: "No matter how many males are in your child's life, no matter how many grandfathers, uncles, godfathers, troop leaders, whatever, there is no father living in the house." Die afwesigheid van die man as vaderfiguur het kommerwekkende gevolge op die totale ontwikkeling en welsyn van kinders. Dit word deur verskeie navorsers bevestig (Barna, 2011:34; Jordaan, 2005:135; Van Niekerk, 2005:3; Stanton & Maier, 2004:135). Die ouderdom van die kind waartydens die afwesigheid van die pa voorkom het verskillende invloede op die kinders se ontwikkeling, wat 'n breedvoerige bespreking vereis. Die navorser gaan net 'n paar van die belewenisse van adolessente waar die vaderfiguur afwesig was in spesifiek die adolessente stadium uitlig, omdat hierdie studie op adolessente fokus. Stoop (2004:133-141) beskryf die volgende belewenisse van adolessente waar die vaderfiguur in die adolessente stadium afwesig was.

Die verskillende moontlike belewenisse van dogters is:

- Hulle is geneig tot eetversteurings soos anoreksie en bulimie;
- die moontlikheid van die skyn van vroegtydige en onnatuurlike volwassenheid waarin hulle volwasse gedrag openbaar, maar innerlik verward en onvolwasse is;
- hulle kan vrese ten opsigte van hul seksualiteit ontwikkel, wat tot die onderdrukking van seksuele gevoelens of die uitleef daarvan met mansfigure op 'n naïewe wyse kan lei;
- die voorkoms van depressie, jeugmisdaad, skolastiese probleme en vatbaarheid vir groepsdruk;
- tipiese romantisering en idealisering van die afwesige pa kan voorkom; iets waarmee geen ander mansfiguur kan kompeteer nie;
- die seën van die vader bly 'n hunkering wanneer hulle die oorgang van adolessensie na volwassenheid bereik.

Die volgende is moontlike belewenisse wat seuns ervaar:

- Hulle kan ervaar dat hulle die stryd teen passiwiteit (tipiese voorkoms van adolessente seuns) verloor, sonder die aanmoediging van pa's. Dit kan tot substansmisbruik, kompulsiewe dobbelgewoontes, seksuele promiskuïteit en 'n algemene ervaring dat hulle nie invoeling met hul emosies is nie, lei;
- die ervaring van onvermoë om sukses by die skool of die werk te behaal;
- die voorkoms van die lewenslange adolessent, en optrede soos 'n tiener met betrekking tot sport, seks of hoë risiko aktiwiteite;

- ‘n ervaring van onvermoë om hulle aan ‘n vrou te verbind, omdat hulle bevrees is dat sy beheer sal verkry of hul keuses sal beperk;

- hulle kan ‘n stryd teen gesag en gesagsfigure voer. Hulle kan oorwegend passiewe, passief-agressiewe of rebellerende gedrag toon;

- hulle ervaar ‘n onvermoë en hunkering na die seën van die vader met die oorgang van adolessensie na volwassenheid.

Volgens Stoop (2004:133-141) spreek hierdie belewenisse vanself dat die afwesigheid van die vaderfiguur noodlottige gevolge in gesinne kan aanneem en ‘n besliste kwelpunt ten opsigte van die lesbiese ouerhuis is.

Marks (2012:745) en Perlesz en McNair (2004:135) wys verder daarop dat daar ‘n groot uitdaging aan lesbiese ouers gestel word om binne ‘n heteroseksuele samelewing met bepaalde voorbehoude en kritiek, ‘n gesinsomgewing te skep waarin kinders en adolessente kan grootword en ‘n gesonde identiteit, selfbeeld en sin vir self kan ontwikkel. Die navorser stem saam met Telingator en Patterson (2008:1367) dat die hulpverleningsprofesies ‘n groot rol kan speel en ՚n bydrae kan lewer om lesbiese gesinne te ondersteun, by te staan en te help om hul ervaringe te deel, hul uitdagings te bespreek en hul probleme te oorkom, ten einde ‘n omgewing te skep waarin hul kinders maksimaal kan groei en ontwikkel.

**3.6 SAMEVATTING**

Die gesin speel ‘n kardinale rol in die totale ontwikkeling en sosialiseringsproses van kinders en adolessente. Die gesin kan gesien word as die boustene wat gesonde en stabiele gemeenskappe in die samelewing vorm. Die gesin is essensieel in die ontwikkeling van adolessente se persoonlikheid asook in hul intellektuele, emosionele en geestelike ontwikkeling.

Talle teoloë is dit eens dat die verstaan van die mens, die huwelik en die gesin nie buite God se skeppingsdoel kan geskied nie. Tog verskil gesinne in die postmoderne

samelewing radikaal van gesinne in die Bybelse tyd, en daarom kan wat in die Skrif staan, nie onveranderd op die eietydse gesinne toegepas word nie.

Die Ou Testamentiese gesinne het ‘n sterk patriargale karakter gehad en was nie net gefokus op die ondersteuning en begeleiding van die kerngesin nie, maar het ook daarop gefokus om hul verantwoordelikheid teenoor die groter sosiale gemeenskap na te kom.

Binne die Nuwe Testament vind ‘n klemverskuiwing plaas. Jesus daag Sy tydgenote uit om te kies tussen hulle natuurlike familie en hul lojaliteit aan Hom. Die verwantskap wat mense as familie saamgevoeg het, word vervang met ‘n nuwe bloedverwantskap, naamlik die bloed van Christus wat gelowiges as broers en susters in een groot familieverband saambind, naamlik God se huishouding of gesin.

Verskillende tydsgrepe en die politieke, sosiale en ekonomiese omstandighede wat eie daaraan is, het onmiskenbare invloede op die huwelik en gesin uitgeoefen. In die postmoderne samelewing is daar ‘n verskeidenheid gesinstrukture, en individue kan self ‘n keuse uitoefen in watter gesinstruktuur hulle die gemaklikste kan funksioneer om gelukkig te wees.

Die lesbiese ouerhuis is een van die gesinstrukture binne die postmoderne samelewing. Net soos in die geval van heteroseksuele gesinne, kan lesbiese gesinne ‘n verskeidenheid strukture aanneem, wat beïnvloed word deur sosio-ekonomiese, kulturele, sosiale en godsdienstige verskille.

Hoewel navorsing oor die lesbiese gesin oor die afgelope dekade kwantitatief en kwalitatief gegroei het, toon navorsing oor die lesbiese gesin in Suid-Afrika steeds leemtes, en bied ‘n wye navorsingsveld om die funksionering van die gesin beter te verstaan en te omskryf.
Hierdie studie het ten doel om ‘n positiewe bydrae te lewer ten opsigte van die adolessente wat in ‘n lesbiese gesin grootword se ontwikkeling van ‘n gesonde sin vir self.

# Hoofstuk 4
# Adolessensie as Ontwikkelingstadium

*Wie is ek? Is ek dan werklik die mens wat almal sê ek is? Of is ek dit wat net ek van myself weet? - Dietrich Bonhoeffer -*

## 4.1 INLEIDING

Volgens Sigelman en Rider (2009:2) kan ontwikkeling as die sistematiese veranderinge en kontinuïteit in die individu, tussen konsepsie en die dood, omskryf word. Adolessensie is die ontwikkelingstadium tussen middelkinderjare en volwassenheid. Die middelkinderjare verloop relatief gelykmatig in die sin dat kinders hulle besig hou met skool, sport, stokperdjies en vriende (Sharman *et al*., 2007:172; Berk, 2002:410). Gedurende adolessensie vind daar egter ingrypende veranderinge plaas ten opsigte van ontwikkeling by die kind (Swartz *et al*., 2004:74). Adolessensie is volgens Coleman en Hagell (2007:3) een van die mees komplekse en intensiewe periodes van ‘n individu se lewe wat deur ‘n groot verskeidenheid fisiologiese, emosionele, kognitiewe en sosiale veranderinge gekenmerk word. Hierdie komplekse tydperk word nie alleen as ‘n oorgangsfase van kindwees na volwassenheid gesien nie, maar as ‘n multidimensionele stadium van ontwikkeling (Van Wyk, 2011:41).

Wanneer babas gebore word, is hulle klein, hulpelose wesens wat totaal en al van hul ouers se versorging afhanklik is vir die bevrediging van hul behoeftes. Oor die volgende 18 tot 22 jaar ontwikkel hulle van hulpelose babas na onafhanklike individue, elkeen met hul eie unieke persoonlikheid, karakter en identiteit (Van Wyk, 2011:41). Die navorser het gevind dat teoretici verskil in hul menings oor hoe ontwikkeling van die individue oor die lewenspan plaasvind. Sommige teoretici soos Furlong (2009:3) en Woodward (2002:144) is van mening dat adolessente geleidelik en gemaklik oor ‘n periode ontwikkel sonder dat daar dramatiese veranderinge op ‘n spesifieke tydvak plaasvind. Ander teoretici soos Erikson (1968:16) en Piaget (1950)

is weer van mening dat adolessente se ontwikkeling binne ‘n bepaalde chronologie plaasvind, waar spesifieke mylpale bereik moet word op spesifieke tye in die lewe. Coleman en Hagell (2007:3) beskou albei die bogenoemde benaderings as waardevol en is van mening dat, hoewel ontwikkeling aaneenlopend plaasvind, daar tog sekere tye in ‘n kind se lewe is waar spesifieke vaardighede aangeleer word, en adolessensie verteenwoordig een van hierdie kritieke periodes.

Volgens Furlong (2009:3) het die sosiale ouderdommerkers vir die oorgang van een ontwikkelingstadium na ‘n volgende hul normatiewe krag verloor. Hy dui daarop dat die grense tussen verskillende ontwikkelingstadiums heeltemal vervaag het en dat ouderdom nie meer ‘n aanduiding vir ‘n ontwikkelingstadium is nie. Die aanvang, tydsduur en oorgang van kinderjare, adolessensie, volwassenheid en bejaardheid word nie langer deur ouderdom bepaal nie, maar eerder deur die individu se uitvoering van persoonlike keuses (Furlong, 2009:3). Verder is dit volgens Meyer (2004:152) kenmerkend dat adolessensie, wat in die verlede gestrek het van geslagsryping tot die ontwikkeling van sekerheid van identiteit in die Westerse kultuur, oor ‘n veel langer periode strek weens sekulêre verskynsels, verlengde opleidingsperiodes en finansiële afhanklikheid.

Hoewel daar verskillende sieninge onder teoretici heers aangaande die aard en wyse van ontwikkeling, word die adolessente periode steeds in die meeste kulture en literatuur erken en beskryf as die mees komplekse oorgangstydperk in die lewensloop van die mens (Swartz *et al.*, 2011:87; Frydenburg, 2008:1; Myers, 2008:116; Swartz *et al*., 2004:73). Gouws *et al.,* (2010:5) is van mening dat adolessensie moontlik die belangrikste ontwikkelingstydperk in die individu se lewe is . Die meeste literatuur wat op adolessente se ontwikkeling en verandering fokus, fokus op fisiologiese, kognitiewe en psigososiale veranderinge wat tydens adolessensie plaasvind (Gouws *et al.,* 2010:5; Coleman & Hagell, 2007:5; Louw *et al*., 2004:388; Morris & Maisto, 2002:418).

Vir die doel van hierdie studie gaan die navorser ook fokus op adolessente se geloofsontwikkeling. Die belangrikheid van geloofsontwikkeling tydens adolessensie word deur Pienaar (2002:47) benadruk as hy oordeel dat die identiteitsontwikkeling

van adolessente nie behoorlik begryp kan word sonder die nodige insig in die gees, innerlike en bewussyn van die adolessent nie. Tydens adolessente se soeke na identiteit streef hulle na ‘n dieper en persoonlike verhouding met God (Gouws *et al*., 2010:139). Furlong (2009:413) sluit hierby aan, en wys verder daarop dat adolessente se geloofsontwikkeling ‘n beduidende rol speel in al die ander ontwikkelingsareas van adolessensie soos persoonlike identiteit, sosiale verhoudinge, morele ontwikkeling en psigologiese welstand. Die fisiologiese, kognitiewe, psigososiale en geloofsontwikkeling wat tydens adolessensie plaasvind, word vervolgens bespreek.

## 4.2 FISIOLOGIESE ONTWIKKELING

Tydens adolessensie vind komplekse fisiologiese veranderinge plaas. Elke adolessent is egter ‘n unieke individu, met unieke intellektuele, emosionele en persoonlikheidskwaliteite en vermoëns; daarom word die fisiologiese veranderinge nie deur almal dieselfde ervaar nie (Gouws *et al*., 2010:6). Vir elke adolessent is dit ‘n unieke uitdaging en ervaring (Koen, 2008:49). Fisiologiese ontwikkeling vind binne elke adolessent se unieke omgewing, kultuur en subkultuur plaas, wat die adolessent se ervaringe beïnvloed (Swartz *et al*., 2011:87). By fisiologiese ontwikkeling is veral puberteit en groeiversnelling van belang.

Tydens die eerste aantal jare van adolessensie vind die volgende puberteitsveranderinge plaas, wat universeel by adolessente voorkom: vinnige liggaamlike groei, hormoonveranderinge, toenemende seksuele behoeftes en die bereiking van geslagsrypheid. Die opvallende liggaamlike veranderinge gaan by die adolessent dikwels gepaard met gevoelens van sowel verwondering, trots en vreugde as onsekerheid, skaamte en weersin (Santrock, 2010:468; Louw *et al*., 2004:393). Liggaamlike veranderinge wat dus vir sommige adolessente ‘n uitdaging is en hulle stimuleer, is vir ander oorweldigend en stresvol. Dit blyk dat die uitkoms van die ontwikkelingstaak afhanklik is van hoe goed die adolessent ingelig en daarop voorberei is. Gesinsfaktore en die teenwoordigheid van risikofaktore soos dwelm- en alkoholmisbruik, wanvoeding en oordraagbare siektes, speel ook hier ‘n deurslaggewende rol (Van Wyk, 2011:43; Sigelman & Rider, 2009:146).

Puberteit begin toenemend op ‘n vroeër ouderdom en adolessente bereik op ‘n vroeër ouderdom hul volwasse lengte. Hierdie versnelde groeipatroon staan as sekulêre neiging bekend (Koen, 2008:50). Dit word toegeskryf aan gesonder diëte, beter mediese sorg, verbeterde higiëne en minder kindersiektes as gevolg van immunisasie (Santrock, 2010:470). As gevolg van die sekulêre neiging gebeur dit gedurende die laaste dekades meer dikwels dat daar ‘n gaping tussen die ouderdom van biologiese en psigososiale rypwording bestaan (Koen, 2008:50). Dit beteken dat die adolessent biologiese volwassenheid bereik voordat psigososiale volwassenheid bereik word. Sodoende ervaar adolessente geweldige druk om soos volwassenes op te tree, terwyl hulle nog nie daarvoor gereed is nie (Ginsberg & Gekonge, 2004:358; Swartz *et al*., 2004:75). Van Wyk (2011:44) wys daarop dat die druk om volwasse rolle aan te neem die kans op negatiewe uitkomste en identiteitsverwarring by adolessente verhoog.

Volgens Santrock (2010:471) is daar merkwaardige individuele en kulturele verskille in adolessente se aanvaarding en reaksies op die fisiologiese veranderinge in hul liggaamlike voorkoms. Daar is gevind dat vroeë ontwikkeling by die meeste adolessente seuns, ongeag kulturele agtergrond, gevoelens van trots, positiewe liggaamspersepsie en positiewe gemoedstoestande tot gevolg het. Hierdie vroeë ontwikkeling toon ook ’n sterk verband met hoër skolastiese prestasies, leierskap en positiewe sosiale interaksies met die portuurgroep (Myers, 2008:117).

Vroeë ontwikkeling by adolessente dogters word egter nie met dieselfde positiwiteit en trots verwelkom as by die seuns nie. Meisies is veral geneig om hul aantreklikheid aan hul gewig te koppel. Die mees algemene stereotipe in die Westerse kultuur is dat ‘n skraal bou en klein heupe by meisies die mooiste is (Myers, 2008:117). Vroeë ontwikkeling by meisies het die teendeel tot gevolg. Vroeg ontwikkelde meisies is gewoonlik korter en geneig tot ‘n gesette liggaamsbou. Dit het ‘n verlaagde selfbeeld en negatiewe selfevaluering tot gevolg (Santrock, 2010:471).
Hoewel daar kulturele verskille in hierdie verband bestaan, blyk dit dat die norme van aantreklikheid stabiel bly en dat aantreklike persone baie voordele geniet in sosiale situasies, meer aandag kry en voortdurend deur hul kultuur beloon word. Dit blyk dat aantreklike adolessente seuns en dogters die meeste voordele verkry (Beyers,

2005:14; Morris & Maisto, 2002:418). Hulle toon meer selfvertroue en selftevredenheid. Dit kan dus afgelei word dat aantreklike adolessente (seuns) wat vroeg ontwikkel of tydig ontwikke (dogters) die minste stres ten opsigte van hul veranderende liggame ervaar. Fisiologiese ontwikkeling en selfaanvaarding is ‘n belangrike beslissende faktor vir die ervaring van psigologiese welstand en die ontwikkeling van ‘n eie identiteit by adolessente (Warnke, 2007:120; Boshoff, 2002:103; Woodward, 2002:102)

Weens die liggaamlike ontwikkeling tydens puberteit raak adolessente toenemend bewus van hul seksualiteit en hierdie ontwaking word deel van hul interpersoonlike verhoudings (Beyers, 2005:13). Tydens hierdie fase ontdek adolessente hul seksuele oriëntasie en moet hulle die belangrike ontwikkelingstaak bemeester om hul seksuele behoeftes op sosiaal aanvaarbare wyses te bevredig (Nairne, 2003:390; Boshoff, 2002:102).

In elke kultuur bestaan daar bepaalde waardes en opvattinge rondom die uitleef van seksuele behoeftes (Essed *et al*., 2005:2; Nairne, 2003:391). Weens die ontwikkeling van voorbehoedmiddels en verbeterde mediese behandeling van seksueel oordraagbare siektes, het die moontlikheid van sogenaamde ‘vrye seks’ na vore getree. Dit veroorsaak spanning tussen tradisionele seksuele beskouings en die moderne beeld van seksuele vryheid (Pienaar, 2002:120). Veelvuldige seksuele maats word gesien as ‘n teken van gesofistikeerdheid en gewildheid (Comiskey, 2010:177). Alhoewel seksuele aktiwiteit beskou word as ‘n normale gevolg van liggaamlike ontwikkeling by adolessente , is hulle dikwels nog nie emosioneel gereed om verantwoordelike besluite te neem of die implikasie van hulle gedrag te besef nie (Koen, 2008:52). Derhalwe word adolessente toenemend blootgestel aan die negatiewe gevolge van die beoefening van ‘vrye seks’, naamlik: tienerswangerskappe, druk om aborsies (sonder ouertoestemming) te laat uitvoer en die gevaar om seksueel-oordraagbare siektes soos gonorree, genitale herpes, sifilis en MIV/VIGS op te doen (CQ Researcher, 2012:237). Die gevolg is skuldgevoelens, gevoelens van verleentheid, angs, depressie en onsekerheid oor die hantering van die situasie (Koen, 2008:52).

Gesien in die lig van die bogenoemde probleme, is dit noodsaaklik dat adolessente sal leer om hul seksuele behoeftes op ‘n sosiaal aanvaarbare manier te bevredig. Dit is belangrik dat adolessente begelei sal word om hul seksuele behoeftes so te kanaliseer dat dit tot gesonde ontwikkeling sal bydra sonder om probleme te skep (Sigelman & Rider, 2009:144; Koen, 2008:53). Die CQ Research (2012:238) het in hierdie verband bevind dat, hoewel die samelewing, skool en portuurgroep adolessente beïnvloed, die ouerhuis en ouers se voorbeeld die sterkste invloed uitoefen op adolessente se besluite ten opsigte van seksuele gedrag. Dit is juis in verband met adolessente se seksuele ontwikkeling binne lesbiese ouerhuise waaroor die meeste kommer uitgespreek word (Švab, 2007:51; Lubbe, 2007:269). Die vraag ontstaan of adolessente uit lesbiese ouerhuise meer geneig is om self homoseksueel te wees as adolessente uit heteroseksuele gesinne (Solodnikov & Chkanikova, 2010:42).

Daar is uiteenlopende menings en navorsingsuitkomste in die verband van adolessente se seksuele ontwikkeling binne lesbiese ouerhuise. Sommige navorsers is van mening dat daar geen beduidende verskille bestaan tussen adolessente in lesbiese ouerhuise en adolessente in heteroseksuele ouerhuise se seksuele ontwikkeling en oriëntasie nie (Telingator & Patterson, 2008:1365; Pawelski, 2006:13). Ander navorsers is weer van mening dat daar merkwaardige verskille bestaan, en meen dat adolessente in lesbiese ouerhuise dikwels verwarring ervaar ten opsigte van hul geslagsrolle en seksuele oriëntasie. Laasgenoemde navorsers meen verder dat adolessente uit lesbiese ouerhuise meer geneig is om self homoseksueel te wees as adolessente uit heteroseksuele ouerhuise (Hansen, 2009:2; Cameron, 2006:5). Schumm (2010:732) wys verder daarop dat veral dogters uit lesbiese ouerhuise meer geneig is om self ‘n homoseksuele oriëntasie aan te neem as adolessente van beide geslagte wat by gay vaders of heteroseksuele ouers grootword.

Volgens Beyers (2005:22) speel die selfbeeld van adolessente ‘n belangrike rol wanneer gekyk word na seksuele gedrag. In hierdie opsig kan adolessente moontlik seksuele maats kies juis om aanvaar te word en hul selfbeeld te verhoog. Binne sowel pro-homoseksuele navorsing as anti-gay literatuur is navorsers dit eens dat

stigmatisering en verwerping dikwels aanleiding daartoe gee dat persone met ‘n homoseksuele oriëntasie gevoelens van lae selfwaarde, eensaamheid, verwerping en wanhoop ervaar. Adolessente wat by lesbiese ouers grootword word outomaties aan hierdie stigmatisering en etikettering blootgestel (Van Gelderen, 2012: 21; Schumm, 2010:732; Solodnikov & Chkanikova, 2010:58; Telingator & Patterson, 2008:1366; Reyneke, 2007:41; Lubbe, 2007:262). Daar bestaan egter steeds nie voldoende navorsing oor presies watter faktore (sosiaal, emosioneel, geneties of modellering) daartoe aanleiding gee dat adolessente binne homoseksuele ouerhuise meer geneig is om self ook ‘n homoseksuele oriëntasie aan te neem nie. Tog blyk dit dat die seksuele voorkeure van ouers en hul modellering van seksuele gedrag ‘n belangrike rol speel in die seksuele ontwikkeling van adolessente (Schumm, 2010:737; Beyers, 2005:19). Volgens verskeie navorsers toon die studies oor die ontwikkeling van kinders en adolessente binne lesbiese ouerhuise steeds groot gebreke en moet daar nog baie navorsing gedoen word in hierdie verband om die ware effek van die genoemde ouerskap op die seksuele ontwikkeling van kinders en adolessente te bepaal (Marks, 2012:748; Elsevier, 2012:1; Tasker, 2010:39; Schumm, 2010:737; Švab, 2007:51).

## 4.3 KOGNITIEWE ONTWIKKELING

Gedurende identiteitsontwikkeling tydens adolessensie vind daar ‘n komplekse, multidimensionele interaksie plaas tussen die kognitiewe, sosiale en persoonlikheidseienskappe van die individu (Louw *et al.*, 2004:435). Die kognitiewe ontwikkeling van die adolessent speel ‘n belangrike rol in dié sin dat dit die interaksie tussen die verskillende komponente organiseer en integreer. Jean Piaget het op die gebied van kognitiewe ontwikkeling seker die belangrikste bydrae tot die sielkunde gelewer (Eysenck, 2009:337; Watts *et al*., 2009:325; Thomas, 2005:187). Volgens Piaget word die mens se verstandelike of kognitiewe funksionering beskou as ‘n wyse van interaksie met die omgewing, wat ‘n belangrike oorlewingsfunksie verrig. Piaget is verder van mening dat kognitiewe ontwikkeling deur ‘n komplekse interaksie tussen genetiese, psigiese en omgewingsfaktore bepaal word. Piaget verdeel die mens se kognitiewe ontwikkeling in vier periodes (Eysenck, 2009:338; Watts *et al*., 2009:328; Thomas, 2005:198), naamlik:

- Die sensories-motoriese periode (van geboorte tot 2 jaar).
- Die pre-operasionele periode (ongeveer 2 tot 7 jaar).
- Die periode van konkrete operasies (ongeveer 7 tot 11 jaar).
- Die formeel-operasionele periode (vanaf ongeveer 11 jaar).

Hierdie genoemde fases word deur opeenvolgende strukture gekenmerk, wat met mekaar integreer namate ontwikkeling plaasvind. Volgens Piaget bereik kinders tydens adolessensie die fase van formeel-operasionele denke, wat dan ook die laaste fase van kognitiewe ontwikkeling is (Watts *et al*., 2009:338; Thomas, 2005:208). Die kenmerke van formeel-operasionele denke is:

- Die vermoë om abstrak te redeneer.
- Om hipoteties te dink oor wat moontlik is en nie net wat werklik is nie.
- Relativisties en nie net absolutisties te dink nie.
- Multidimensionele denke. Dit behels dat adolessente daarvan bewus word dat ander ook 'n mening oor hulle het. Gevolglik word dit vir adolessente belangrik wat ander van hulle dink. Adolessente begin om hul standpunte, byvoorbeeld oor waardes, met ander standpunte te vergelyk.
- Metakognisie. Dit beteken 'n toename in introspeksie, selfbewustheid en intellektualisering, wat 'n vorm van egosentrisme tot gevolg het. Adolessente skep vir hulle 'n gehoor, byvoorbeeld dat almal sal raaksien dat hul klerestyl volgens die mode is. Adolessente glo ook in persoonlike fabels soos dat hulle unieke individue is, want niemand het nog ooit so liefgehad soos hulle nie (Van der Watt, 2001:36).

Volgens Piaget is kognitiewe ontwikkeling nie net ‘n kwessie van ryping (ontwikkeling van die senuweesisteem) nie, maar interaksie met die sosiale omgewing en die ervaring van oorsaak en gevolg, wat persoonlike houdings en gedrag tot gevolg, het speel ‘n belangrike rol (Siegler *et al*., 2011:130; Hook *et al.*, 2004:179). Adolessente se biologiese, psigologiese en sosiale eienskappe moet ook in ‘n gegewe konteks beskou word, wat bydra tot hul suksesvolle kognitiewe ontwikkeling (Myers, 2008:119).

Adolessente se kognitiewe ontwikkeling verbeter hul vermoë om inligting te verwerk en te berg in ‘n groot mate. Adolessente se geheue verbeter byvoorbeeld in so ‘n mate dat hulle baie meer inligting kan berg as tydens die kinderjare (Sharman *et al*., 2007:171). Hul probleemoplossingsvaardighede, wat die kognitiewe vermoë vereis om heen en weer te beweeg tussen inligting wat so pas geënkodeer is en dit wat vroeër in hul geheue geberg is, verbeter tot so ‘n groot mate dat hulle in staat is om probleme beter te hanteer en op te los (Eysenck, 2009:343). Verder kan adolessente se geheue ook nou soveel inligting berg dat hulle, in teenstelling met kinders, ‘n groot aantal moontlikhede kan oorweeg ten einde ‘n probleem op te los (Van der Westhuizen, 2008:7). Wanneer adolessente dus kognitief goed ontwikkel, kan daardie adolessente positiewe gevoelens oor die self ervaar, omdat hulle meer keuses kan oorweeg, meer geleenthede kan erken, beter na hulself kan omsien en hul omgewing beter kan bestuur (Van Wyk, 2011:45; Boshoff, 2002:97).

Die kognitiewe ontwikkeling van adolessente wat in lesbiese ouerhuise grootword, blyk normaal te wees en toon nie beduidende verskille met dié van adolessente wat by heteroseksuele ouers grootword nie. (American Academy of Pediatrics, 2013:827; Tasker & Patterson, 2007:24; Perlesz & McNair, 2004:135). Verskeie navorsers het egter gevind dat adolessente wat by hul getroude biologiese ouers grootword, akademies beter presteer op skool, hoër motivering en selfvertroue toon en ‘n positiewer toekomsverwagting het as kinders in enkel-ouer en homoseksuele ouerhuise (Bukatko & Daehler, 2012: 533; Siegler *et al*., 2011:310; Diz, 2007:3; Rauch, 2005:1).

Volgens Tasker en Patterson (2007:18) is een van die redes waarom adolessente uit lesbiese ouerhuise moontlik laer akademiese prestasies behaal op skool dat lesbiese ouers minder betrokke is by skoolaktiwiteite as gevolg van hul vrees vir verwerping en stigmatisering. Diz (2007:6) sluit hierby aan wanneer sy meen dat adolessente uit lesbiese ouerhuise akademies beter sal presteer wanneer die heteronormatiewe samelewing ‘n groter openheid en aanvaarding teenoor homoseksuele ouers sal toon.

Namate adolessente se kognitiewe vermoëns ontwikkel en uitbrei, ontwikkel hulle ook morele begrippe en waardes wat as riglyne vir hul gedrag kan dien en hul emosionele ontwikkeling steun. Daar is ‘n sterk verband tussen morele en emosionele ontwikkeling en die adolessente se kognitiewe ontwikkeling (met spesifieke verwysing na die bereiking van formeel-operasionele denke). Die morele ontwikkeling van adolessente gaan vervolgens bespreek word.

### 4.3.1 Morele ontwikkeling

Adolessente se nuutgevonde kognitiewe vaardighede help hulle om vraagstukke rakende identiteit, die samelewing, bestaansreg, oordeel, moraliteit, vriendskap en geloof te oordink en daaroor te besin (Swartz *et al*., 2011:89). Kognitiewe ontwikkeling hou op hierdie wyse verband met morele ontwikkeling, die ontwikkeling van sosiale kognisies en inligtingprosessering (Sigelman & Rider, 2009:202). Ten einde suksesvol aan te pas binne die samelewingsisteem, moet ‘n persoon ‘n waardesisteem ontwikkel wat met die samelewing se waardesisteem ooreenstem (Thomas, 2005:429). Moraliteit verwys dus na die proses waardeur adolessente beginsels aanleer wat hulle in staat stel om bepaalde gedrag as ‘reg’ en ander gedrag as ‘verkeerd’ te beoordeel. Hulle is dan in staat om hul eie gedrag in terme van hierdie beginsels te rig (Nairne, 2003:127).

Moraliteit is nie die gevolg van ‘n enkelvoudige sielkundige proses nie, maar moet beskou word as ‘n komplekse multidimensionele fenomeen wat die integrasie van kognitiewe, sosiale en persoonlikheidskomponente verg (Eysenck, 2009:368). Die intra-psigiese komponente moet ook binne die konteks van geskiedkundige en sosio-kulturele omstandighede beskou word. Dit is belangrik om in ag te neem dat

die morele ontwikkeling en waardesisteem van die adolessent al die ander ontwikkelingstake beduidend sal beïnvloed, met spesifieke verwysing na die ontwikkeling van volwasse verhoudinge met lede van beide geslagte en geslagsrolle, asook die soeke, aanleer en aanvaarding van sosiaal aanvaarbare en verantwoordelike gedrag (Watts *et al*., 2009:399; Pienaar, 2002:97).

Goeie morele ontwikkeling speel ‘n rol in identiteitsontwikkeling. Morele onrypheid en onvolwassenheid word gekenmerk deur egosentrisme (‘n onvermoë om ‘n saak vanuit ‘n ander se perspektief te beskou) en heteronorme aanvaarding van ander se waardestelsels (die individu staan onder die outoriteit van ander en het nie hul eie oortuigende waardesisteem nie). Dit volg dus logies dat sulke persone, wat in die laaste kategorie val, onsekerheid toon, swakker aanpas en selfs tot misdaad in staat kan wees (Louw *et al*., 2004:424; Boshoff, 2002:94). Volgens Eysenck (2009:367) is ouers ook die belangrikste rolmodelle in kinders en adolessente se morele ontwikkeling en vestiging van ’n waardesisteem; omdat adolessente ouermodelle naboots is hul gedrag in die lewensituasies waarin hulle hulself bevind, niks anders as ‘n vertoonvenster na hul ouerhuis nie.

Adolessente se toenemende vermoë om hipotesties-deduktief te redeneer, stel hulle egter toenemend in staat om gesin-, sosiale, politieke en religieuse stelsels krities te evalueer. Hierdie kritiese evaluasie help adolessente om hul eie menings en waardestelsel te vestig (Hook *et al*., 2004:188). Adolessente is egter geneig om teorieë oor ideale gesinne, samelewings en ideologieë te konstrueer sonder om realiteit in ag te neem (Swartz *et al*., 2011:255). Hul idealistiese denke lei daartoe dat hulle hulself en hul persoonlike omstandighede baie krities evalueer. Dit veroorsaak dat hulle toenemend introspektief en analities word (Hook *et al*., 2004:188). Hierdie selfevaluering van persoonlikheids-, en gesinskenmerke lei dikwels tot selfkritiek, veral as hulle vind dat hulle nie aan die samelewing en portuurgroep se eise voldoen nie. Adolessente wat daarvan bewus word dat hul omstandighede anders kon gewees het, ervaar dikwels gevoelens van depressie en ontevredenheid (Louw *et al.,* 2004:429).

Uit verskeie navorsing blyk dit dat adolessente uit lesbiese ouerhuise dikwels verkies om hul gesinsidentiteit ‘n geheim te hou (Chamberlin, 2010:8; Tasker & Patterson, 2007:19; Telingator & Patterson, 2008: 1366). Telingator en Patterson (2008:1366) wys daarop dat die geheimhouding van hul gesinsidentiteit plaasvind uit vrees vir verwerping, spot en stigmatisering. Hierdie vrese is vir die adolessente geweldig pynvol en beïnvloed hul morele en emosionele ontwikkeling ingrypend. Onlangse navorsing deur Elsevier (2012:1), ‘n wêreldleier in mediese en wetenskaplike navorsing, het in hierdie verband gevind dat adolessente en jong volwassenes wat by homoseksuele ouers grootgeword het, meld dat hulle meer verhoudingsprobleme het en meer geneig is om betrokke te raak in risikogedrag en kriminele oortredings as adolessente wat by beide hul biologiese ouers grootgeword het.

Dit wil vir die navorser voorkom of die emosionele ontwikkeling en welstand van adolessente uit lesbiese ouerhuise moontlik die meeste geraak word deur sosiale stigmatisering en diskriminasie teen lesbiese ouerhuise. Emosionele ontwikkeling gaan vervolgens bespreek word.

### 4.3.2 Emosionele ontwikkeling

Hierdie kognitiewe vaardighede wat adolessente in staat stel om gesinswaardes en ander waardes te bevraagteken, lei tot belangrike keuses en besluitneming, wat hul toekoms gaan affekteer (Koen, 2008:58). Besluite moet geneem word rakende hul vriendskappe, intimiteit, beroep, voorkoms, identiteit, hoë-risikogedrag en geldbesteding. Adolessente ervaar derhalwe ook dikwels meer komplekse emosies soos verleentheid, vrees vir verwerping, skuld, skaamte en angstigheid, omdat hulle neig om krities op hulself te fokus (Louw *et al*., 2004:440). Verder is adolessente se emosionele belewenisse ‘n komplekse interaksie tussen pubertale en sosiale invloede (Pienaar, 2002:128). Verskeie faktore speel ‘n rol by die hantering van adolessente se emosies en hul besluitnemings, soos die mate van stres wat ervaar word, die beskikbaarheid van weerstandshulpbronne, hanteringsmeganismes en -vaardighede, asook die mate van psigologiese welstand en lewenstevredenheid (Koen, 2008:73).

Dit wil voorkom of die interaksie tussen die emosionele belewenisse en die sosiale verwagtinge ten opsigte van adolessente in lesbiese ouerhuise die grootste uitdaging aan hierdie adolessente stel en derhalwe ook hul emosionele ontwikkeling beïnvloed (Elsevier, 2012:1; Chamberlin, 2010:9; Van Gelderen, 2012:21; Robitaille & Saint-Jacqeus, 2009: 432; Tasker & Patterson, 2007:19; Clarke *et al*., 2004:19). Adolessente wat gedurig moet hoor dat hul lesbiese ouers abnormaal, sondig en immoreel lewe, internaliseer hierdie menings en beskou dan ook hul gesinne as abnormaal en selfs soms as verwerplik (Robitaille & Saint-Jacqeus, 2009:432). Adolessente beleef sodoende innerlike konflik - aan die een kant ervaar hulle liefde en respek vir hul lesbiese ouers en aan die ander kant ervaar hulle vrees en angs vir verwerping, spot, stigmatisering en uitsluiting (Clarke *et al*., 2004:19).

Telingator en Patterson (2008:1366) meen die feit dat adolessente uit lesbiese ouerhuise daagliks gekonfronteer word met anti-gay opmerkings en menings, kan lei tot gevoelens van eensaamheid, isolasie en verwerping. Solodnikov en Chkanikova (2010:58) sluit hierby aan en wys daarop dat hierdie adolessente kan voel die samelewing sal hul ouers en hulself nooit verstaan nie, daarom is dit beter om sosiaal te onttrek en geïsoleerd te bly sover moontlik. Die ervaring van botsende gevoelens en innerlike konflik kan moontlik hul besluitnemingsprosesse en sin vir self beïnvloed (Eggebeen, 2012:776).

Hoewel adolessente neig om krities op hulself te fokus en die selfkritiek soms komplekse emosies tot gevolg het, wil dit blyk of adolessente uit lesbiese ouerhuise hoër vlakke van stres ervaar en gevolglik laer vlakke van psigologiese welstand rapporteer (Amato, 2012:773; Brown *et al*., 2009:231; Clarke *et al*., 2004:19). Navorsers is dit eens dat verskeie faktore aanleiding daartoe kan gee dat adolessente uit lesbiese ouerhuise hoër stresvlakke ervaar (Amato, 2012:772; Brown *et al*., 2009:233). Die vrees vir stigmatisering en verwerping as gevolg van hul ouers se lesbiese verhouding is een van die redes vir hul ervaring van negatiewe emosies (Brown *et al*., 2009:231; Patterson, 2005:5).

Dit is egter belangrik om te besef dat die meeste navorsing op die ontwikkeling van adolessente in lesbiese ouerhuise gedoen is op kinders en adolessente wat in

heteroseksuele huwelike gebore is (Robitaille & Saint-Jacqeus, 2009:422; Tasker & Patterson, 2007:11; Parke, 2003:6). Hierdie adolessente is blootgestel aan die trauma van die egskeiding van hul biologiese ouers, wat opsigself ‘n negatiewe effek op hul totale emosionele belewenis tot gevolg het (Amato, 2012:773; Patterson, 2005;12; Golombok *et al*., 2003:30; Parke, 2003:6; Dew & Myers, 2000:51). Die “uitkom” van hul biologiese ma as homoseksueel gaan ook meestal met skok en ontnugtering gepaard, wat nie deur die kinders en adolessente alleen verwerk moet word nie, maar ook deur die breër familie van oorsprong. Dit lei dikwels tot verwerping deur familie en vriende en isolasie (Amato, 2012:773; Brown *et al.*, 2009:237; Patterson, 2005:5; Parke, 2003:6).

Dit blyk verder uit verskeie navorsing dat, hoewel die bogenoemde faktore die emosionele ontwikkeling van adolessente uit lesbiese ouerhuise grootliks beïnvloed, die ingesteldheid, houdings en psigologiese welstand van die lesbiese ouers ‘n deurslaggewende rol speel (Perlesz & McNair, 2004:135). Patterson (2005:12) wys in dié verband dat adolessente laer vlakke van stres ervaar en ‘n hoër selfbeeld ontwikkel in lesbiese ouerhuise waar die ouers openhartig en eerlik oor hul seksuele oriëntasie is en gesonde sosiale funksionering en interpersoonlike verhoudinge handhaaf. Navorsing deur die Amerikaanse Akademie vir Pediaters (2013:828) ondersteun Patterson (2005:12) se bevindinge, en wys daarop dat adolessente in lesbiese ouerhuise waar beide ouers betrokke is by die opvoeding van die kinders, verantwoordelikhede deel, emosionele ondersteuning aan die adolessente bied en ‘n positiewe ingesteldheid teenoor die lewe openbaar, oor die algemeen gesonde emosionele ontwikkeling en psigologiese welstand ervaar. Volgens hierdie navorsing speel sowel die kwaliteit van die ouers se verhouding met mekaar as hul verhouding met die adolessente ook ‘n kardinale rol in die emosionele ontwikkeling van die adolessente. Ekonomiese sekuriteit, die sekerheid van ‘n langtermyn verbintenis tussen die ouers en sosiale hulpbronne, word ook beskou as belangrike bepalers van die emosionele gesondheid van adolessente wat in lesbiese ouerhuise grootword (Pediatrics, 2013:828; Eggebeen, 2012:777; Patterson, 2005:12).

Faktore soos die bogenoemde geestestoestand van gesinslede, gesinsverhoudings, en ‘n tekort aan emosionele ondersteuning, kan ‘n belangrike invloed uitoefen op die

totale ontwikkeling van die adolessent (Watts *et al*., 2009:289; Moller, 2006:39; Barnard, 2005:5). Aan die ander kant dra emosionele gesondheid daartoe by dat adolessente sosiaal goed aanpas en tevredenheid met die self en ander ervaar (De Klerk & Le Roux, 2004:7). Emosionele gesondheid behels 'n unieke stel vermoëns, eienskappe en vaardighede soos emosionele-selfbewustheid, selfbeeld, selfgelding, probleemoplossingsvaardighede, empatie, sosiale verantwoordelikheid, buigbaarheid, hantering van stres, geluk en optimisme (Van der Westhuizen, 2008:22). Verder kan gesonde emosionele ontwikkeling individue in staat stel om hul volle potensiaal te bereik (De Klerk-Weyer & Le Roux, 2008:11). Indien adolessente se kognitiewe, morele en emosionele ontwikkeling op peil is, sal hulle 'n positiewe selfbeeld en identiteit ontwikkel, maar adolessente wat voortdurend hul eiewaarde moet bewys of vernedering ervaar, sal gevoelens van onbekwaamheid en minderwaardigheid ervaar (Sigelman & Rider, 2009:325; Beyers, 2005:6).

Kognitiewe ontwikkeling, wat morele en emosionele ontwikkeling insluit, vind egter nie geïsoleerd plaas nie, maar moet in die sosiokulturele konteks geplaas word, waar adolessente die nodige vaardighede bekom om oor hulself, ander en die wêreld te dink (Sigelman & Rider, 2009:203). Vervolgens gaan die psigososiale ontwikkeling van die adolessent bespreek word.

## 4.4 PSIGOSOSIALE ONTWIKKELING

Psigososiale ontwikkeling tydens adolessensie fokus op identiteit, gesinsverhoudings en sosiale verhoudings. Hierdie ontwikkeling kan nie in isolasie plaasvind nie, maar vir die adolessente is hul vereenselwiging met hul eksterne omgewing of *veld* van uiterste belang (Grobler, 2006:36). Hierdie veld maak deel uit van die organisme (persoon) wat binne die Gestaltperspektief as 'n geheel gesien word (Joyce & Sills, 2006:24). Die term *veld* verwys letterlik na elke objek, situasie en verhouding wat bekend is en op een of ander wyse 'n invloed kan hê op die ervaring, denke en gedrag van die adolessent (Joyce & Sills, 2006:24). Identiteit, gesinsverhoudings en sosiale verhoudings word vervolgens afsonderlik bespreek as deel van die veld waarbinne die adolessent se psigososiale ontwikkeling plaasvind.

### 4.4.1 Identiteitsontwikkeling

Identiteitsvestiging word as een van die belangrikste ontwikkelingstake van adolessensie gesien, aangesien adolessente gekonfronteer word met die verantwoordelikheid om hulself as't ware te vind, asook om te besluit watter rol hulle in die samelewing gaan vervul (Beyers, 2005:6). Woodward (2002:1) benadruk die feit dat identiteitsontwikkeling binne 'n spesifieke omgewing/veld plaasvind en beskryf dit soos volg:

> Who am I? It looks like a question that cannot be answered without some reference to you, us and them; to the other people with whom I have contact. Who I am is closely interwoven with ideas about the society in which I live and the views of others who also inhabit that same social context. Identity matters, but how and why it matters depends on time and place and on specific historical, social and material circumstances.

Warnke (2007:245) sluit hierby aan wanneer hy daarop wys dat identiteit deel vorm van 'n spesifieke konteks en dat identiteit dus net verstaan kan word as deel van die spesifieke konteks. Volgens Peacock en Theron (2007:62) kan identiteit soos volg beskryf word:

> The concept *identity* is derived from the Latin word *idem* which means *the same*. It refers to the ability of an object to remain consistent or to form unity, or as in the case of the adolescent, uniqueness and sameness. The actual process of identity achievement is a multifaceted configuration of social and self representations.

Identiteit verwys met ander woorde na die individu se bewustheid van hom-/haarself as 'n onafhanklike, unieke persoon met 'n spesifieke lewensdoel en bepaalde plek in die samelewing (Louw *et al.,* 2004:429). Sigelman en Rider (2009:325) wys op hul beurt weer daarop dat identiteit nie aan 'n individu gegee word nie, maar adolessente moet hul hulpbronne en risikofaktore evalueer en besluit hoe om dit te gebruik ten einde 'n unieke identiteit te vorm. Erikson (1968:17) sluit by hulle aan wanneer hy meen dat 'n geïntegreerde identiteit nie sonder moeite en deelname aan

die kant van die adolessent verkry kan word nie. Die navorser beskou Erikson se bydrae in die verband van adolessente en identiteitsontwikkeling as 'n nuttige teorie vir hierdie studie, wat hoofsaaklik fokus op adolessente se ontwikkeling van die sin vir self (soos bespreek onder 4.4.1.3) en die vestiging van 'n unieke identiteit binne die lesbiese ouerhuis. Sy positiewe mensbeskouing het ook groot byval by die navorser gevind, en vervolgens gaan Erikson se teorie bespreek word.

*4.4.1.1 Die ontwikkelingsteorie van Erikson*

Die psigososiale ontwikkelingsteorie van Erikson blyk steeds 'n belangrike teorie vir identiteitsontwikkeling binne die adolessente stadium te wees (Chapman, 2011; Sigelman & Rider, 2009:325; Thomas, 2005:86; Pienaar, 2002:82). Volgens Chapman (2011) is Erikson se teorie vandag steeds relevant vanweë sy positiewe mensbeskouing dat elke mens die toekoms as 'n geleentheid kan sien om te groei en te ontwikkel sonder om toe te laat dat die gebeure van die verlede skuld, beperkings en spyt veroorsaak. Erikson se teorie het veral die ontwikkeling van kinders en adolessente wyd belig, en sy teorie is maklik toepasbaar op alledaagse lewensomstandighede. Boeree (2009:9) sluit hierby aan wanneer hy meen dat Erikson se teorie vir mense die geleentheid bied om deur krisishantering te groei tot groter selfbewustheid, met die voorbehoud dat mislukkings nie die einde van die lewe beteken nie, maar juis groei stimuleer deur ervaring en leer te bewerk.

Erikson word ook geag as die eerste ware lewenspan-ontwikkelingsielkundige (Meyer *et al.*, 2003:186). Volgens Erikson is psigologiese ontwikkeling 'n produk van die interaksie tussen rypwordingsprosesse en biologiese prosesse, asook die samelewingsvereistes en sosiale magte wat in die alledaagse lewe voorkom (Arlene & Harder, 2009:1). Erikson het die lewensloop in agt stadiums ingedeel, waarvan elkeen gekenmerk word deur 'n krisis. Die individu moet hom-/haarself ten opsigte van die twee teenoorgestelde pole oriënteer (Watts *et al*., 2009:286; Thomas, 2005:90; Louw *et al*., 2004:53). Die agt stadiums is:

- Basiese vertroue teenoor wantroue (sintese: hoop); eerste lewensjaar.
- Outonomie teenoor skaamte en twyfel (sintese: wilskrag); tweede lewensjaar.

- Inisiatief teenoor skuld (sintese: doelgerigtheid); drie tot ses jaar.

- Arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid (sintese: bekwaamheid); ses jaar tot puberteit.

- Identiteit teenoor identiteitsverwarring (sintese: betroubaarheid); adolessensie.

- Intimiteit teenoor isolasie (sintese: liefde); vroeë volwassenheid.

- Generatiwiteit teenoor stagnasie (sintese: wysheid); volwassenheid.

Erikson se aanname dat sosiale kragte 'n groot rol in die ontwikkeling speel, is veral 'n belangrike bydrae tot die verstaan van ontwikkeling (Pienaar, 2002:82). 'n Belangrike bydrae van sy teorie is ook die prinsiep van epigenese. Hierdie beginsel is gebaseer op 'n embriologiese model, waarin elke stadium 'n unieke rypwording het wat in 'n mens se gene (genetiese bloudruk) vasgestel is (Chapman, 2011). Sy siening is ook nie reduksionisties nie, omdat hy aanvoer dat die funksionerende geheel nie gereduseer kan word tot die dele waaruit dit oorspronklik gevorm is nie. As 'n funksionerende eenheid is die mens veel meer kompleks as die dele waaruit hy/sy bestaan. Dit is ook belangrik om in ag te neem dat Erikson se ontwikkelingsfases en take nie afgesonderde situasies is nie, maar wel op 'n kontinuum van ontwikkeling en sielkundige funksionering gesien moet word (Watts *et al.*, 2009:282; Thomas, 2005:95).

Volgens Erikson is die oplossing van elke stadium gevestig in 'n sintese van die twee pole of krisisse. Elke krisis word ontlok deur 'n spesifieke wyse van interaksie tussen die individu en die sosiale omgewing (Erikson, 1968:16). Aan die een kant bring die ryping van die individu mee dat hy/sy oor nuwe behoeftes en nuwe moontlikhede beskik en aan die ander kant stel die samelewing sekere ooreenstemmende vereistes en bied sekere moontlikhede. Die oplossing van elke krisis is egter nie eenvoudig geleë in die keuse van die positiewe pool nie, maar eerder in 'n sintese (die kombinasie van twee teenoorgesteldes op 'n hoër vlak) tussen die twee pole

(Louw *et al*., 2004:53; Pienaar, 2002:84). ‘n Nuwe lewensituasie kom so tot stand, waaruit twee teenoorgestelde pole van die volgende stadium weer ontstaan. Wanneer die krisis van een stadium suksesvol opgelos is, lei dit tot die hantering van die daaropvolgende krisis. Nogtans moet al die krisisse in elke stadium vanuit ‘n ander perspektief opnuut opgelos word. Dit beteken dat al die teenstellings eintlik deur die hele lewe teenwoordig is, hoewel daar tydens elke stadium ‘n ander krisis op die voorgrond staan.

Die eerste vyf ontwikkelingstadiums van Erikson geskied grootliks in die kinderjare (vanaf geboorte tot en met adolessensie), terwyl die laaste drie ontwikkelingstake in die volwasse stadia plaasvind. Aangesien die teikengroep van hierdie studie adolessente is, word op daardie ontwikkelingstadium gefokus, met spesifieke verwysing na identiteitsontwikkeling.

Erikson het veral bekendheid verwerf met sy werk oor die adolessent se identiteitskrisis, wat die sentrale probleem van hierdie stadium (identiteit teenoor rolverwarring) is. Die adolessent se taak is om ‘n gevoel van identiteit te verkry (Watts *et al*., 2009:282; Thomas, 2005:93; Louw *et al*., 2004:55). Hierdie gevoel behels drie komponente:

- Die persoon se sekerheid oor sy/haar karaktereienskappe. Hier word die vraag gevra: “Wie is ek?”

- Die persoon se sekerheid oor sy/haar sosiale identiteit. Die vraag: “Tot watter groep of groepe behoort ek?” word hier gevra.

- Die persoon se sekerheid oor sy/haar waardes en ideale. Hier word die vraag gevra: “Wat wil ek in die lewe bereik?”

Die ideale oplossing vir hierdie identiteitskrisis lê in die sintese tussen die twee pole, identiteit en rolverwarring (Erikson, 1968:54). Erikson noem hierdie sintese “betroubaarheid”. Volgens Erikson moet die adolessent reeds oor basiese vertroue, outonomie, inisiatief en arbeidsaamheid beskik om identiteitsontwikkeling suksesvol

aan te pak en te volvoer (Watts *et al*., 2009:297). Betroubaarheid beteken dat individue seker moet wees van hul identiteit, maar hulle moet ook weet dat daar ander identiteitskeuses is wat hulle kon maak en dat daar dus ook ander moontlikhede ten opsigte van identiteit binne hulself is (Thomas, 2005:93). Die adolessente se identiteitskrisis is ‘n tydelike periode van bevraagtekening, eksperimentering en eksplorering. Erikson verwys na hierdie periode as ‘n *moratorium* waartydens die samelewing adolessente die geleentheid bied om hulself en hul rolle as jong volwassenes te definieer (Boshoff, 2002:88).

Volgens Erikson moet die volgende take bemeester word om ‘n eie identiteit te vorm: egosintese, sosio-kulturele identiteit, geslagsrolidentiteit, beroepsidentiteit en ‘n eie waardestelsel. Die suksesvolle hantering van hierdie take sal ‘n identiteitsgevoel vestig en sowel ‘n gevoel van getrouheid gee as selfsekerheid meebring. Indien hierdie take nie suksesvol uitgevoer word nie, lei dit tot identiteitsverwarring. Dit kan lei tot angs, apatie en swak aanpassing. Identiteitsverwarring kan ook manifesteer as ‘n vooruitbesliste of negatiewe identiteit (Chapman, 2011; Erikson, 1968:112). ‘n Vooruitbesliste identiteit ontstaan wanneer die individu voortydig op sy/haar identiteit besluit. Hierdie identiteit is gewoonlik gebaseer op ander se verwagtinge van die individu, terwyl die individu nie self met die rolle identifiseer nie. ‘n Voorbeeld van ‘n vooruitbesliste identiteit is wanneer adolessente ‘n spesifieke beroepskeuse maak slegs omdat dit hul ouers se ideaal is. ‘n Negatiewe identiteit beteken dat adolessente ‘n identiteit vorm wat botsend is met hul kulturele waardes en verwagtinge, soos in die geval van dwelmmisbruikers en jeugmisdadigers (Swartz *et al*., 2004:77).

#### *4.4.1.2 Identiteitsvorming*

James Marcia (1966:551) het besluit om op twee aspekte van identiteitsontwikkeling wat deur Erikson geïdentifiseer is, te fokus, naamlik *krisis* en *verbintenis* (Swartz *et al*., 2011:90). Die term *krisis* verwys volgens hom na betekenisvolle oomblikke in individue se lewens waar hulle deur sekere aspekte van hul identiteit gekonfronteer word en hierdie aspekte dan verder ondersoek. *Verbintenis* verwys weer na die aan- of afwesigheid van keuses, spesifiek gerig op die aspekte en terreine wat vir identiteitsontwikkeling relevant is (Marcia, 1966:554). Deur hierdie proses van

beweging tussen *krisis* en *verbintenis* word daar van adolessente verwag om 'n eie standpunt ten opsigte van die gemeenskapwaardes te formuleer, wat tot gevolg sal hê dat hulle verantwoordelikheid aanvaar vir hulself en hul eie gedrag (Kail & Cananaugh, 2007:341).

Marcia se model, wat bestaan uit vier identiteitstatusse, kan sinvol aangewend word om adolessente se identiteitsvorming te verstaan (Swartz *et al*., 2011:90; Kail & Cananaugh, 2007:341; Soenas *et al*., 2004:4). Die volgende statusse word onderskei:

- *Identiteitsbereiking:*
  Wanneer 'n persoon reeds voor krisisse te staan gekom en waardes bevraagteken het, en hierdie vrae opgelos het deur die neem van besluite, het die persoon 'n eie identiteit bereik. Hierdie persoon word dan nie langer gerig deur die verwagtinge van ander nie.

- *Vooruitbesliste identiteit:*
  Die adolessent het op hierdie stadium nog geen krisisse ervaar nie, maar reeds verbintenisse gevorm. Die invloed van die gesin blyk hier 'n belangrike rol te speel.

- *Identiteitsmoratorium:*
  Binne hierdie status is die adolessent steeds besig om te eksperimenteer met alternatiewe in kritieke areas, maar kan nog nie die probleme oplos nie. Dit is 'n baie belangrike status, aangesien die adolessent worstel met die neem van besluite om uiteindelik 'n unieke identiteit te ontwikkel.

- *Identiteitsverwarring:*
  Die adolessent is hier nog nie met identiteitskrisisse gekonfronteer nie en het ook nog geen keuses gemaak nie.

Adolessente beweeg gewoonlik tydens laat-adolessensie van identiteitsverwarring na identeitsbereiking (Louw *et al*., 2004:433). Hoewel dit oor die algemeen aanvaar

word dat adolessente hul identiteitsontwikkeling in die vooruitbesliste of identiteitsverwarringstatus begin en daarna na die moratoriumstatus beweeg voordat hulle uiteindelik die identiteitsbereikingstatus bereik, ontwikkel identiteit nie altyd in die presiese volgorde nie (Kail & Cananaugh, 2007:341). Identiteitsontwikkeling is dus nie noodwendig 'n lineêre proses nie, maar adolessente kan wissel tussen die verskillende statusse totdat hulle 'n finale identiteit bereik het (Koen, 2008:64). Volgens Sigelman en Rider (2003:296) is dit belangrik om te besef dat sowel identiteitsmoratorium as identiteisbereiking tydens laat-adolessensie en vroeë-volwassenheid aanduiders van positiewe ontwikkeling is. Vooruitbesliste identiteit en identiteitsverwarring is meer problematies en word gewoonlik bemoeilik deur negatiewe gesinsomstandighede, groepsdruk en sosiale faktore. Warnke (2007:246) wys in hierdie verband dat, alhoewel identiteitsontwikkeling 'n universele vereiste van adolessensie is, dit deur die sosio-kulturele konteks beïnvloed word. Coleman en Hagell (2007:7) toon verder aan dat adolessente tans langer neem om hul identiteitsontwikkelingsproses te voltooi. Die rede hiervoor is eerstens dat adolessente aan veel meer geleenthede en keuses as vroeër blootgestel word, en tweedens dat tegnologiese en sosiale veranderinge so vinnig plaasvind dat aanpassing al hoe meer kompleks en ingewikkeld raak. Dit blyk dus dat die ontwikkeling van 'n stabiele identiteit in die huidige kontemporêre Westerse wêreld 'n al groterwordende uitdaging aan adolessente bied (Frydenburg, 2008:15).

Die omgewing waarbinne hedendaagse adolessente hulself bevind, word gekenmerk deur tegnologiese verandering, waar innovasietegnologie, industriële vooruitgang en toenemende druk op persoonlike vlak en veranderinge binne gesinstrukture kenmerkend is (Greenberg & Weber, 2008:24; Mortimer & Larson, 2002:175). Alhoewel hierdie eise nie noodwendig nuut is nie, is die ondersteuningstelsels wat in die verlede bestaan het, nie noodwendig meer geldig nie. So is bevind dat een uit elke vyf gesinne in Suid-Afrika hersaamgestel of binne die strukture van enkel-ouerskap funksioneer (RSA, SA-Statistiekdiens:2000). Verder is daar in 'n debat wat in die media tussen akademici en kerkleiers gewoed het (Die Burger, 2006), toegegee dat die hedendaagse samelewing 'n sekulêre aard aanneem. Dit wil sê die proses om nie noodwendig aan 'n bepaalde orde of groep te behoort nie, maar eerder na 'n gelykvormige aard in alle opsigte te streef. Te midde van hierdie

sekulariteit bevind adolessente hulle getrou aan ontwikkelingsdinamika in ‘n soeke na identiteit (Erikson, 1968:32).

*4.4.1.3 Die vestiging van ‘n sin vir self*

Adolessente se evaluering van die self, persoonlike kwaliteite, sterktes en talente staan sentraal in hul ontwikkeling van ‘n sin vir self (Shaffer & Kipp, 2007:475). Die sin vir self beïnvloed al die aspekte van adolessente se ontwikkeling en hul psigologiese welstand (Henderson & Thompson, 2011:45). Adolessente se ontwikkeling van ‘n sin vir self beïnvloed ook hul identiteitsontwikkeling. Namate hul sienings, beskrywings en definiëring van die self verander, word hul eie uniekheid bevestig en stel dit hulle in staat om ‘n persoonlike identiteit te bereik (Louw *et al*., 2004:437).

Die sin vir self verwys na adolessente se algehele evaluasie van die self en sluit gevoelens van geluk, tevredenheid en selfaanvaarding in (Manning, 2007:11). Adolessente evalueer hulself vanuit verskillende dimensies, soos vanuit hul gesinne, hegte vriendskappe, romantiese verhoudings, akademiese prestasies en toekomsverwagtinge, wat hul uiteindelike sin vir self vooraf gaan en bepaal (Berk, 2012:602). Volgens Whitney-Thomas en Moloney (2001:377) is adolessente se ontwikkeling van ‘n sin vir self ‘n komplekse proses van introspeksie, evaluering van besluite wat hulle geneem en foute wat hulle gemaak het en die voortdurende beoordeling van hul interaksie met die belangrike ander in hul lewens. Shaffer en Kipp (2007:475) sluit hierby aan en meen dat die komplekse proses van die ontwikkeling van ‘n gesonde sin vir self en ‘n gevoel van selfwaarde reeds tydens die babajare begin en grootliks beïnvloed word deur die gehegtheidsbande wat daar tussen die baba en sy/haar primêre versorger gesluit word. Oaklander (1988:280) beskryf die invloed van gehegtheidsbande en die ouer-kind-verhouding op die ontwikkeling van ‘n sin vir self soos volg:

> A Baby is not born with bad feelings about himself. All babies think they are wonderful. How a child feels about himself after a time, however, is certainly determined to a great extent by the early messages he gets

about himself from his parents. In the final analysis though, it is the child himself who translates those messages to himself.

Hoewel die sin vir self ontwikkel vanaf geboorte, bereik dit ‘n kritieke periode tydens adolessensie as gevolg van adolessente se toenemende kognitiewe vermoëns (Kiesling *et al.,* 2006:256). Adolessente se vermoë om hipoteties-deduktief te redeneer, stel hulle in staat om bestaande sosiale stelsels en beskouings krities te evalueer ten einde hul eie opinie daaroor te konstrueer (Louw *et al.,* 2004:429). Deur die kritiese ondersoek en evaluering van sosiale waardes, norme, sienings en rolle, vorm adolessente hul persoonlike teorieë rakende belangrike aspekte soos hul gesinne, die samelewing en wêreldbeskouinge (Berger, 2011:414; Bosacki & Ota, 2000:209). Bosacki (2001:211) is van mening dat adolessente hul eie teorieë, beskouinge en denke toets, ontwikkel en verfyn deur dit in hul eie lewenstories oor te vertel binne hul gesinne, portuurgroep en breër sosiale omgewing. Deur die vertel en oorvertel van hul stories, word adolessente toenemend bewus van hulself (Bosacki, 2001:211; Bosacki & Ota, 2000:209).

Adolessente se toenemende selbewustheid word veral beïnvloed deur hul sensitiwiteit vir ander persone se siening, opinie en evaluering van hulself (Shaffer & Kipp, 2007:476). Hul selfwaarde word grootliks bepaal deur die boodskappe wat hulle uit die sosiale omgewing ontvang met betrekking tot hul voorkoms, vermoëns, prestasies en gewildheid (Berger, 2011:439-444). Volgens Blom (2004:113) stel die evaluering van die self, wat plaasvind deur persoonlike ondersoek en evaluasie asook deur evaluasie en beoordeling van ander, die adolessent in staat om onderskeid te tref tussen die aspekte wat deel uitmaak van die self en die aspekte wat nie deel vorm van die self nie. Sodoende onderskei adolessente, deur ‘n komplekse proses van interaksie tussen die self en sosiale omgewing/veld, die self van die eksterne omgewing/veld (Blom, 2004:113).

Louw *et al*. (2004:438) meen dat die komplekse proses van selfbeoordeling aanleiding gee tot die volgende veranderinge in adolessente se selfbeskrywing:

- Adolessente fokus al hoe meer op psigiese eienskappe en minder op fisiese eienskappe in hul selfbeskrywings.

- Hulle beskrywings van die self raak minder konkreet en meer abstrak, soos byvoorbeeld: "*Ek is gemotiveerd*" of "*Ek is liberaal*".

- Met adolessente se toenemende bewustheid van ander se opinies oor hulself, sluit hul selfbeskrywings al hoe meer van hul eie sosiale vaardighede in.

- Adolessente is ook in staat om 'n meer geïntegreerde en samehangende beskrywing van die self te gee as jonger kinders.

Volgens Neff en Mcgehee (2009:225) gee die veranderinge in adolessente se selfevaluering en die kompleksiteit van die vorming van 'n gesonde sin vir self dikwels aanleiding tot emosionele probleme tydens adolessensie. Adolessente ervaar intense druk om akademies te presteer, fisies aantreklik te wees, aanvaar te word deur die regte portuurgroep of kliek, en om die regte moreel-etiese besluite te neem. Hierdie druk gee dikwels aanleiding tot negatiewe selfevaluasie en 'n lae selfbeeld (Neff & Mcgehee, 2009:225; Impett *et al*., 2008:723; Whitney & Thomas, 2001:377). 'n Lae selfbeeld en negatiewe sin vir self word verbind met emosionele toestande soos depressie, angs, selfbeserende gedrag en selfs selfmoord (Berk, 2012:602). Die ontwikkeling van 'n gesonde sin vir self word verder beïnvloed deur sosiale faktore soos gewildheid, prestasies en aanvaarding aan die een kant, en stigmatisering, verwerping en afkeur deur die portuurgroep aan die ander kant (Impett *et al*., 2008:724).

Bosacki (2001:218) is van mening dat, wanneer die kompleksiteit van die ontwikkeling van die sin vir self en al die aspekte wat 'n invloed daarop uitoefen in oënskou geneem word, gesê kan word dat, solank as wat mense lewe, hulle gevorm word. Mense leer van hul liggame, hul emosies, hul bewustheid en hul ervaring, en deur hierdie leerproses word die sin vir self gevorm en geslyp deur die lewe in geheel (Bosacki, 2001:218). In hierdie verband meen Van Gelderen (2012:21) dat sosiale stigmatisering en homofobie 'n besliste invloed uitoefen op adolessente in lesbiese ouerhuise se ontwikkeling van 'n gesonde sin vir self en die bereiking van 'n persoonlike identiteit. Vir die gesonde ontwikkeling van die sin vir

self, is dit nodig dat adolessente se bewustheid verhoog word, sodat hulle kan fokus op alle aspekte wat die leerproses kan bevorder of strem (Bosacki, 2001:219). Volgens Blom (2004:113) kan adolessente met ‘n gesonde sin vir self se bewustheid in die hier-en-nou hulle in staat stel om selfs foute en teleurstellings te beskou as geleenthede waaruit hulle kan leer en groei.

*4.4.1.4 Bevordering van die ontwikkeling van ‘n sin vir self*

Adolessente se ontwikkeling van ‘n sin vir self berus hoofsaaklik op die bevrediging van twee primêre behoeftes, naamlik: ‘n behoefte aan aanvaarding en liefde en ‘n behoefte aan ‘n gevoel van bevoegdheid (Blom, 2004:114). Violet Oaklander (1997:298) het ses aspekte gedefinieer wat van belang is om adolessente se gesonde ontwikkeling van die sin vir self te bevorder. Vir die doeleindes van hierdie studie bespreek die navorser vyf van die ses aspekte wat betrekking mag hê op die adolessente se ontwikkeling van ‘n sin vir self:

- *Definiëring/beskrywing van die self*
  Om adolessente te bemagtig is dit nodig dat hulle hulself sal ken. Daar is verskillende maniere om hierdie selfkennis te verbreed. Die navorser is van mening dat Bosacki (2001:211) se voorstelling van die vertel en oorvertel van hul lewensstories om die self te evalueer en uit te brei, vir adolessente ‘n effektiewe moontlikheid bied om selfkennis uit te brei en nuwe aspekte van die self te ontdek.

- *Die ervaring van ‘n mate van beheer en kontrole*
  Adolessente het ‘n toenemende behoefte na onafhanklikheid en selfstandigheid. Om onafhanklikheid en selfstandigheid te bereik, is dit nodig dat hulle oor doeltreffende probleemoplossingsvaardighede beskik, wat hulle in staat stel om die take van adolessensie te bemeester en te bereik. Deur die bereiking van doelwitte, ervaar hulle ‘n mate van beheer en bevoegdheid wat hul sin vir self versterk. Dworkin *et al.* (2003:17) sluit hierby aan, en meen dat adolessente hulself graag wil sien as “the agents of their own development and change.”

- *Die reg tot keuses*

  Adolessente moet toegelaat word om met verskillende moontlikhede te eksperimenteer, ten einde hul persoonlike besluite te neem. Elke mens se lewe word gerig en gelei deur besluitnemingsprosesse en die uitoefening van keuses. Wanneer adolessente 'n gesonde sin vir self ervaar, sal hulle in staat wees om deurdagte keuses uit te oefen ten opsigte van aspekte soos groepsdruk, seks, dwelms, morele waardes en so meer.

- *Die stel van grense en beperkinge*

  Volgens Oaklander (1997:301) behels goeie en effektiewe ouerskap die daarstelling van duidelike grense waarbinne adolessente veiligheid en sekuriteit kan ervaar ten einde 'n gesonde sin vir self te ontwikkel. Wanneer grense swak gedefinieer is of weggelaat word, ervaar adolessente angs en onsekerheid, en hierdie ervarings kan hul ontwikkeling van 'n sin vir self strem en belemmer.

- *Die vermoë om humor en verbeelding te benut*

  Die benutting van humor en fantasieë kan gebruik word om 'n gemaklike atmosfeer te skep, waarbinne adolessente met vrymoedigheid hul ware self kan wees, sodat hul bewustheid kan verhoog en hul 'n vermoë tot selfregulasie kan ontwikkel. Volgens Pienaar (2004:7) verwys humor na die lagwekkende, geestigheid, skerts of komieklikheid van alledaagse lewensituasies, wat gekenmerk word deur verrassende teenstellings, paradokse en speelsheid. Humor stel die mens in staat om die teenstrydighede van die lewe asook die aard van die menslike natuur met sagtheid en meegevoel te benader, en sodoende 'n beter begrip daarvoor te ontwikkel (Pienaar, 2004:7). Van Niekerk en Van der Westhuizen (2004:151) sluit hierby aan, en meen dat humor noodsaaklik is vir die ontwikkeling van 'n individu, maar ook vir die geestesgesondheid van 'n samelewing. Volgens die outeurs dui die ontwikkeling van 'n humorsin op persoonlike groei en ontwikkeling (Van Niekerk & Van der Westhuizen, 2004:152).

Die ontwikkeling van ‘n gesonde sin vir self is ‘n holistiese proses wat al die aspekte van die adolessent insluit, naamlik: kognitiewe, emosionele, konatiewe, fisiologiese en spirituele aspekte (Bosacki, 2001:213). Hoewel persoonlikheidseienskappe ‘n beduidende rol speel in die ontwikkeling van ‘n sin vir self, blyk dit dat die aanvaarding en ondersteuning van die belangrike ander in adolessente se lewens die belangrikste invloed uitoefen op hul sin vir self (Russell & Bakken, 2007:13; Eggleston, 2001:1). Teoretici is dit eens dat die invloed van die portuurgroep toeneem in adolessensie, maar wys daarop dat die invloed van die ouerhuis steeds die belangrikste rol speel in adolessente se algehele ontwikkeling, identiteitsvestiging en die ontwikkeling van hul sin vir self (Frydenburg, 2008:105; Coleman & Hagell, 2007:21; Myers, 2008:121; Russell & Bakken, 2007:13; Morris & Maisto, 2002:424; Woodward, 2002:51).

Adolessente se maatstawwe vir aantreklikheid, gewildheid, moraliteit, godsdiens en lewensbeskouings word geslyp in hul ouerhuise. Hul optredes is niks anders as ‘n vertoonvenster van hul ouerhuise nie. Die navorser stem saam en is van mening dat ouerskap oorvloei na elke aspek van adolessensie en uiteindelik ‘n bepalende rol speel in die wyse hoe hulle na hulself, ander en die wêreld kyk. Louw (2005:714) bevestig hierdie mening en benadruk die belangrikheid van die gesin as onmiddellike omgewing van die adolessent. Hy wys daarop dat die adolessente hulself evalueer en hul sin vir self vorm aan die hand van hul onmiddellike omgewing, naamlik hul ouerhuise.

### 4.4.2 Gesinsverhoudings

Een van adolessente se belangrikste ontwikkelingstake is om hul verhoudings binne die gesin te herdefinieer ten einde ‘n persoonlike identiteit te ontwikkel (Gouws *et al*., 2010:86; Müller, 2002:64). Ten einde hierdie ontwikkelingstaak suksesvol te bemeester, moet adolessente hulle sielkundig van die ouers losmaak. Hierdie ontwikkelingsproses word gedefinieer as die individuasieproses, en gaan met toenemende outonomie, individualiteit, eksplorasie en ‘n differensiasie tussen die self en ander gepaard (Berk, 2012:541; Van der Watt, 2001:56). Soms word hierdie individuasieproses as baie stresvol deur sowel adolessente as hul ouers ervaar as

gevolg van toenemende spanning en konflik tussen adolessente en hul ouers (Sigelman & Rider, 2009:448).

Baie van die konflik wat tussen ouers en adolessente ontstaan, hou verband met die adolessent se toenemende strewe na outonomie/onafhanklikheid (Berk, 2012:541; Louw *et al.,* van 2004:451). Adolessente se intense strewe na outonomie kan vir ouers ‘n groot frustrasie teweegbring, en tot gevolg hê dat ouers strenger beheer probeer toepas (Santrock, 2010:537). Ouers verwag dat adolessente steeds hul raad sal vra en sal uitvoer; meer tyd met die gesin sal spandeer en sal doen wat volgens die ouers as korrekte gedrag beskou word (Mellor & Mellor, 2001:73). Die adolessente het egter die ouer-kind-verhouding nodig as verwysingsraamwerk ten einde sekere aspekte van die self van hul ouers te skei en sodoende in ‘n eie identiteit te inkorporeer.

Dit is belangrik om daarop te let dat konflik tussen adolessente en hul ouers dus nie noodwendig negatief is nie. Deur te leer hoe om hulself te handhaaf in ‘n konfliksituasie, leer adolessente hoe om keuses te maak, besluite te neem en verantwoordelikheid vir hul keuses te neem. Deur die argumentasie kan hulle bewus word van waardes en norme, asook meer kennis en begrip van die wêreld rondom hulle verkry. Sodoende kan psigologiese welstand bevorder word omdat die adolessent vaardighede slyp en aanleer. Derhalwe speel ouers ‘n belangrike rol in die onafhanklikheidswording van die adolessent (Gouws *et al*., 2010:86; Van der Watt, 2001:66). Mattheus (2002:47) noem dat sowel die adolessent as die ouer ambivalensie ten opsigte van outonomie ervaar. Die adolessent wil graag soos ‘n volwassene hanteer word, maar verlang soms na die sorgelose dae van kindwees. Die ouer, aan die ander kant, besef die belangrikheid van die adolessent se onafhanklikheidswording, maar wil ook hul kind teen pyn en teleurstelling beskerm. Die ouer hanteer dus soms die adolessent soos ‘n kind, maar met tye soos ‘n volwassene ( Karniol, 2010:93; Müller, 2002:63).

Die optrede van ouers speel ‘n belangrike rol in die onafhanklikheidswording van adolessente. Duidelike, liefdevolle grense laat ouderdomstoepaslike outonomiteit toe en laat ook ruimte vir adolessente om binne gesinsgrense met hul identiteit te

eksperimenteer en groei te fasiliteer (Berk, 2012:542). Volgens Vivier (2003:46) word suksesvolle individuasie bemeester wanneer die individu in die emosionele intensiteit van die gesin kan bly sonder om daardeur skade te lei. Dit impliseer ‘n sekere hoeveelheid emosionele beheer en emosionele objektiwiteit sonder affektiewe afstomping of emosionele afsnyding van belangrike ander. In die atmosfeer van liefdevolle en begripvolle gesinsverhoudings, rapporteer ouers positiewe verhoudings met hul adolessente en meld dat hul adolessente se meer volwasse optredes ‘n verdieping in die ouer-kind-verhouding teweegbring (Bukatko & Daehler, 2012:518; Sigelman & Rider, 2009:449).

Die belangrikheid van gehegtheidsbande met die ouers en die ontwikkeling na outonomie tydens adolessensie blyk uit die volgende aanhaling van Santrock (1996:188): “It has been said that there are only two lasting bequests that we can leave our offspring – one is roots, the other wings.” In gesinne waar adolessente ‘n sterk gehegtheid aan hul ouers beleef en waar goeie ouer-kind-verhoudings gevestig word, toon adolessente gewoonlik ‘n sterker gevoel van identiteit, ‘n beter selfbeeld, beter sosiale bevoegdheid, beter emosionele aanpasbaarheid en minder gedragsprobleme (Van Wyk, 2011:62; Gluck *et al.*, 2008:471). Dit is veral die gesin wat aan adolessente ‘n veilige en ondersteunende konteks bied waarbinne hierdie vaardighede aangeleer en beoefen kan word (Bukatko & Daehler, 2012:518; Van der Watt, 2001:56).

Volgens Vivier (2003:46) kan ouers egter ook ‘n nadelige invloed hê op adolessente se verkryging van outonomie. Wanneer ouers voortdurend in konflik is, swak verhoudings met die adolessente handhaaf, by misdaad en kriminele oortredings betrokke is, van onreëlmatige dissiplinering gebruik maak of afwesig is, sal adolessente by afwykende portuur- of risikogedrag betrokke raak (Van Wyk, 2011:62). Adolessente wat in sulke negatiewe kontekste grootword, word ontneem van hulpbronne om gesonde outonomie te verkry (Marthinus, 2005:18). Individuasie en gehegtheid word derhalwe as komplimentêre prosesse beskou (Van der Watt, 2001:56). Die ouers se aspirasies, ondersteuning en verwagtinge speel aan die een kant ‘n baie belangrike rol, terwyl die adolessente se persoonlikheidseienskappe,

weerbaarheid, alledaagse ervaringe en ambisies aan die ander kant ook ‘n deurslaggewende rol speel (Coleman & Hagell, 2007:21).

In hierdie verband wys Coleman en Hagell (2007:21) daarop dat ouers in die postmodernistiese tydvak begeer om ‘n groter vryheid te geniet ten opsigte van gesinskeuses, gesinsamestellings en die uitleef van hul seksualiteit, terwyl adolessente hul behoeftes na gesinstabiliteit en konstante rolmodelle in die gesin bekend maak. Oswald en Kuvalanka (2008:1052) en Robitaille en Saint-Jacqeus (2009:432) sluit hierby aan in hul navorsing oor lesbiese ouerskap, en wys daarop dat hoewel kleiner kinders nie probleme ervaar met hul ouers se seksuele oriëntasie nie, adolessente en jong volwassenes dit wel problematies vind. Adolessente en jong volwassenes uit lesbiese ouerhuise meld dat hulle alles in hul vermoë sal doen om die seksualiteit van hul ouers ‘n geheim te hou, veral om sosiale stigmatisering te voorkom (Robitaille & Saint-Jacqeus, 2009:432).

Collins (2005:330) noem verder in hierdie verband dat die openheid wat rondom homoseksuele oriëntasie heers wel sekere persone tot die gevolgtrekking laat kom dat homoseksualiteit nie alleenlik “goed” is nie, maar dat dit hulle nie minderwaardig teenoor persone met ‘n heteroseksuele oriëntasie behoort te laat nie. Volgens Collins ervaar die meerderheid persone met ‘n homoseksuele oriëntasie egter nog steeds skuldgevoelens oor hul homoseksuele neigings en gedrag, hulle voel verwerp en eensaam in ‘n oormeerderheid heteroseksuele samelewing, hulle ervaar dikwels gevoelens van hopeloosheid en innerlike gevoelens van woede en gebrekkige eiewaarde (Collins, 2005:330). Sulke ervarings kan ‘n patroon van sosiale of emosionele onttrekking en depressie skep. Die moontlikheid van verwerping word net nog groter en dit weerhou hulle dus daarvan om hul eie gevoelens of identiteit aan te toon (Omoto & Kurtzman, 2006:245; Anthonissen & Oberholzer, 2001:157).

Terwyl die lesbiese ouers die bogenoemde emosies ervaar, word hul adolessente ook outomaties aan al die vraagstukke, uiteenlopende kommentaar en kritiek blootgestel, en hulle moet dieselfde emosionele prosesse deurwerk ten einde hulself te definieer in ‘n heteronormatiewe samelewing (Švab, 2007:53). Daarteenoor word gevoelens van aanvaarding, veiligheid en begrip in homoseksuele groepe ervaar, en

dit lei tot die ontstaan van homoseksuele gemeenskappe. Berk (2012:553) wys daarop dat adolessente wat in groot stede woon, maklik groepe kan vind wat soos hulself uit lesbiese ouerhuise kom, maar in plattelandse omgewings is dit egter baie moeilik en in sommige gevalle onmoontlik. Hierdie adolessente hunker dan na ondersteuningstelsels wat hulle sal verstaan en kan begelei na sosiale en selfaanvaarding (Van Gelderen, 2012:22). Uit die bespreking blyk dit dat, hoewel die gesin ‘n bepalende rol speel in die identiteitsontwikkeling van die adolessent, die invloed van die wyer sosiale omgewing in hierdie verband ook nie onderskat en buite rekening gelaat kan word nie (Berk, 2012:553; Beyers, 2005:10).

### 4.4.3 Sosiale verhoudings

Adolessente se ontwikkeling word deur die interaksie tussen die unieke eienskappe van die adolessente en die unieke eienskappe van hul gesinsomgewing en wyer sosiale omgewing bepaal en beïnvloed (Koen, 2008:77). Hierdie dinamiese interaksie tussen die individu en die omgewing kan óf bevorderend óf stremmend op die ontwikkeling van die adolessente inwerk (Landreth, 2002:62). Tydens adolessensie vind daar veral twee belangrike veranderinge binne die sosiale omgewing van adolessente plaas: adolessente begin eerstens meer tyd saam met hul portuurgroep deurbring en tweedens word romantiese verhoudings geskep (Swartz *et al*., 2004:80; Morris & Maisto, 2002:422).

#### *4.4.3.1 Die portuurgroep*

Adolessente het ‘n dringende behoefte om “te behoort”. Hulle sosiale ontwikkeling word daarom gekenmerk deur ‘n toenemende belangstelling in en betrokkenheid by, die portuurgroep, wat ‘n groep gelykes is (Louw *et al.*, 2004:454). Waar die verhouding tussen die ouer en kind, wat gesag betref, meestal vertikaal of hiërargies in struktuur is, is adolessente se onderlinge verhoudinge merendeels horisontaal of gelyk (Gouws *et al*., 2010:91; Van der Watt, 2001:70). Portuurgroepverhoudings bied bevrediging van emosionele behoeftes, die geleentheid vir sosialisering en dien as inligtingsbron vir adolessente (Boshoff, 2002:99). Verder verskaf die portuurgroep aan adolessente ‘n belangrike oefen-omgewing waarbinne hulle sosiaal-verantwoordelike gedrag kan oefen en kan leer om verantwoordelike keuses te maak en op aanvaarbare wyses op te tree (Sorenson, 2007:2; Newman & Newman,

2003:309). Die portuurgroep dien op hierdie wyse as ‘n klankbord vir die adolessent, en dra daartoe by dat adolessente die oorgang kan maak van ‘n ouer-afhanklike na ‘n onafhanklike individu en uiteindelik volwassenheid kan bereik met kognitiewe, emosionele, morele en gedrags-outonomie. Die portuurgroep dra by tot adolessente se ontwikkeling van volwasse interpersoonlike en intieme verhoudinge en verskaf ook veelvoudige invloede wat adolessente help voorberei vir die kompleksiteit van die volwasse wêreld (Jeong *et al* 2009: 1; Koen, 2008:80).

‘n Ander belangrike aspek van portuurgroepverhoudinge is die vriendskappe wat tydens adolessensie gesluit word. Portuurgroepverhoudinge, tydens adolessensie, se aard en struktuur is meer gestruktureerd en eksklusief as tydens die kinderjare (Santrock, 2010:541). Vriendskappe word gevorm op grond van gemeenskaplike aktiwiteite en lojaliteit, terwyl hierdie vriendskappe ook toenemend gekenmerk word deur sielkundige eienskappe, soos gedeelde persoonlikheidstipes, karaktertrekke, waardes, belangstellings, houdings en sienswyses wat met hul eie ooreenstem (Koen, 2008:81). Verder word adolessente se vriendskappe gebaseer op begrip vir mekaar, emosionele gehegtheid, vertroue en opregte belangstelling in mekaar se alledaagse behoeftes en aktiwiteite, wat die gevolg is van adolessente se groter behoefte aan intimiteit en selfonthulling (Santrock, 2010:541). Indien adolessente onsuksesvol is in die sluit van hegte vriendskappe, ontwikkel hulle ‘n gevoel van eensaamheid en lae selfwaarde (Van der Westhuizen, 2008:25). Die teenoorgestelde is waar vir adolessente wat meer sosiaal is en pro-sosiale gedrag toon. Vriendskappe lewer vir hierdie adolessente ‘n positiewe bydrae ten opsigte van kameraadskap, sosiale vergelyking, intimiteit, belangstellings, houdings, motivering en emosionle ondersteuning. Terwyl gevoelens van psigologiese welstand en positiewe selfagting bevorder word, word ook die intense behoefte om ‘te behoort’ bevredig (Berk, 2012: 625; Van der Watt, 2001:71).

Uit die navorsing blyk dit dat adolessente uit lesbiese ouerhuise se portuurgroepverhoudinge normaal ontwikkel, behalwe dat adolessente die ware identiteit van hul lesbiese ouerhuis geheim hou (Tasker & Patterson, 2007:19; Pawelski *et al*., 2006:11; Patterson, 2005:11). Hierdie geheimhouding geskied as gevolg van hul vrees vir verwerping en uitsluiting uit die portuurgroep (Tasker &

Patterson, 2007:19; Clarke *et al.,* 2004:20). Terwyl die portuurgroep ‘n omgewing van vertroue en begrip behoort te wees, sodat adolessente hulself kan onthul en ontdek, word dit vir die adolessente uit lesbiese ouerhuise ‘n moontlike risiko vir verwerping en uitsluiting. Die langtermyn gevolge van die verswyging van adolessente uit lesbiese ouerhuise se gesinsidentiteit, is nog nie in diepte ondersoek nie (Marks, 2012:748; Eggebeen, 2012:777; Tasker & Patterson, 2007:19; Golombok *et al.,* 2003:28). Dit wil egter voorkom of portuurgroep-diskriminasie lei tot die ontstaan van klieks gevorm bestaande uit adolessente uit minderheidsgroepe soos minderbevoorregte adolessente, ander- rassige adolessente of adolessente uit homoseksuele ouerhuise (Bukatko & Daehler, 2012:556; Berk, 2012:626; Solodnikov & Chkanikova, 2010:58). Grootboom (2007:129) wys in hierdie verband dat die vorming van sulke geïsoleerde klieks daartoe aanleiding gee dat adolessente lae selfwaarde ontwikkel en gevoelens van beperktheid, isolasie en onreg ervaar. Vanuit hierdie klieks vorm daar gewoonlik romantiese verhoudings wat vervolgens bespreek gaan word.

*4.4.3.2 Romantiese verhoudings*

Een van die belangrikste verskuiwings wat tydens adolessensie plaasvind, hou verband met die ontstaan van romantiese verhoudings (Louw *et al.,* 2004:461). Romantiese verhoudings word veral belangrik wanneer die adolessent van vroeë adolessensie na laat adolessensie oorbeweeg (Sorensen, 2007:1). Romantiese verhoudings neem verskillende vorme en fasette tydens adolessensie aan en daarom is dit moeilik om die werklike aard en omvang van die romantiese verhoudings se invloed op die adolessente te bepaal (Koen, 2008:82). Volgens Moscolo (2009:1) speel romantiese verhoudings ‘n belangrike rol in die adolessent se ontwikkeling van die sin vir self, selfwaarde en selfbeeld. Dit is juis binne hierdie verhoudings waar adolessente die antwoorde vind op vrae soos: “Is ek aantreklik?” en “ Is ek aanvaarbaar?”. Verder bevorder romantiese verhoudings die adolessent se sosiale status en populariteit.

Sorensen (2007:1) onderskei tussen gesonde romantiese verhoudings en risiko verhoudings. Sy meen gesonde romantiese verhoudings word gekenmerk deur ope kommunikasie, hoë vlakke van vertroue en ‘n verbintenis tussen adolessente wat

min of meer ewe oud is. Gesonde romantiese verhoudings bevorder adolessente se identiteitsontwikkeling, interpersoonlike verhoudinge en verskaf wedersydse emosionele ondersteuning (Sorensen, 2007:2). Risiko verhoudings stel adolessente bloot aan fisiese mishandeling en risiko seksuele gedrag. Hierdie verhoudings lei tot die adolessent se belewenis van negatiewe emosies soos angs, depressie, verwerping en eensaamheid, wat lae selfwaarde en selfbeeld tot gevolg het (Darling & Cohan, 2002:4).

Navorsing deur Crockett en Randall (2006:763) het gewys dat ouerhuise die belangrikste opleidingsveld vir die vestiging van romantiese verhoudings tydens adolessensie is. Ouers is adolessente se belangrikste rolmodelle; deur observasie van hul ouers se huweliksverhouding, konflikhantering en gedragspatrone vorm adolessente bepaalde verwagtinge en gedragspatrone vir hul eie romantiese verhoudings. Volgens Stanton en Maier (2005:120) behoort lesbiese ouers, soos heteroseksuele ouers, ook ‘n belangrike invloed uit te oefen op hul kinders se gedagtes en verwagtinge ten opsigte van romantiese verhoudings. Tasker (2010:36) sluit hierby aan, en wys daarop dat adolessente uit lesbiese ouerhuise nie geslagsrolle duidelik definieer nie en, hoewel die meeste heteroseksuele verhoudings aanknoop, hulle bereid is om ook homoseksuele verhoudings aan te knoop.

Adolessente se ontwikkeling kan nooit in isolasie plaasvind nie, en uit die bostaande bespreking oor die psigososiale ontwikkeling van die adolessent is daar spesifiek gefokus op die gesins-, portuurgroep- en romantiese verhoudings wat ‘n bepaalde invloed op adolessente se identiteitsontwikkeling uitoefen. Dit is egter belangrik om te besef dat elke sosiale omgewing weer gerig word deur spesifieke politieke, ekonomiese en godsdienstige instellings en beskouings (Henslin, 2010:524; Gouws *et al.*, 2010:138; Furlong, 2009:413). Hierdie instellings en beskouings vorm die sambreel waaronder individue tot unieke identiteite ontwikkel. Henslin (2010:525) wys op die kardinale rol wat godsdiens speel in mense se soeke na persoonlike identiteit en sin en betekenis in die lewe. Volgens hom bied godsdiens antwoorde op vrae soos die doel van die lewe, waarom daar swaarkry en seer in die wêreld is en die mens se ewigheidsbestemming.

Godsdiens plaas die doel van menswees, in teenstelling met diere, in ‘n goddelike plan en domein (Henslin, 2010:525; Gouws *et al.*, 2010:138; Furlong, 2009:413). Uit persoonlike ervaring kan die navorser getuig dat godsdiens, en spesifiek die Christelike geloof, as maatstaf en rigtingwyser, beslis betekenis aan die lewe gee en bepalend is van ‘n mens se totale lewensbeskouing, waardesisteem, besluitnemings en identiteit. Die navorser is van mening dat adolessente se identiteitsontwikkeling onvoltooid sal wees indien die invloed van die Christelike geloof buite rekening gelaat sal word, en derhalwe sal Godsdiens vervolgens bespreek word as ‘n bepaler van identiteit.

## 4.5 GELOOFSONTWIKKELING

Alasdair MacIntyre (2009:9) meen in verband met geloof dat elke mens, ongeag kultuur, antwoorde soek op vrae oor die natuur en doel van die mens se bestaan: *In watter verhouding staan die mens teenoor die skepping? Oor watter mag beskik die mens in die natuurlike, sosiale en geestelike dimensies van die lewe? Hoe moet die mens reageer op lyding en die dood? Wat beteken dit om ‘n sinvolle lewe te lei?* Hierdie vrae is sedert die vroegste tye in die meeste kulture vanuit die godsdienstige oortuigings beantwoord (Murphy & Knight, 2010:1). Dit is dan juis binne hierdie geestelike wêreld waarin die mens homself bevind, waar die groot metafisiese vraag, *Wat sit agter alles wat is?,* of anders geformuleer: *Wat was daar aan die begin?,* gebore is. Die veronderstelling is dat ‘n antwoord op die vraag terselfdertyd ‘n antwoord op die vraag na die aard van ‘n uiteindelike werklikheid is (Murphy & Knight, 2010:2; Jordaan & Jordaan, 1998:829).

Om antwoorde op sulke vrae te kry, is om ‘n voorstelling te konstrueer. Soos reeds gemeld, is God en gode sleutelkonstruksies in die verlange om te weet wat sit agter alles wat is (Henslin, 2010: 524). Uit die geskiedenis sien ons duidelik dat die mens van die vroegste tye af soek na ‘n God of gode, want die vakuum (*wat was daar aan die begin?*) vra om gevul te word. Religie of afgodediens in al sy variasies en vorme is ‘n pertinente deel van die mens se geskiedenis (Alberts, 2002:13). Volgens Brinkman (Brinkman & Keulen, 2003:9) is daar geen groep mense op aarde wat nie een of ander vorm van godsdiens beoefen nie. Brinkman is van mening dat daar by

elke mens die wete bestaan dat daar 'n God of goddelike wese moet bestaan wat binne die konteks van geloof of spiritualiteit aanbid word.

Uit die literatuur (Asano, 2005:36; Venter, 2004:24; Brinkman & Keulen, 2003:213; Kocur, 2003:216; Botha, 2001:67) is dit duidelik dat die verstaan van die *self* en die ontwikkeling van *identiteit* nie 'n losstaande konstruk is nie, maar eerder binne 'n komplekse patroon van ontwikkelingsdinamika gevind word, wat gebore is uit die mens se soeke na betekenis en sin in die lewe. In hierdie verband het Frankl (1963:45) 'n groot bydrae gelewer met sy waarnemings in die Nazi konsentrasiekampe, waar opgemerk is dat sommige individue oor die vermoë beskik om bo omstandighede uit te styg. Volgens Frankl (1963:46) is hierdie vermoë juis gesetel in die sin van die lewe. Woodward (2002:138) meen dat daar, binne die postmoderne Westerse kultuur, weens onsekerheid wat ontstaan as gevolg van die geweldige snelle veranderinge en transformasies op byne elke lewensterrein, die soeke na sekerheid 'n klimaks bereik het. Volgens Murphy en Knight (2010:212); Willard (2009:95) en Müller (2002:107) kan die duidelikste voorbeeld van sin en sekerheid in die lewe gevind word in geloof – die onwrikbare wete dat daar 'n God is wat objektief bestaan, buite en bo mense se belewing.

Louw *et al*., (2004:473) sluit hierby aan, en meen dat adolessente se houdings teenoor geloof en godsdiens 'n wesenlike invloed uitoefen op hul morele gedrag, lewenswaardes en identiteitsontwikkling. Vir die doel van hierdie studie gaan die navorser spesifiek fokus op die Christelike geloof as die vertrekpunt vir die adolessent se ontwikkeling van identiteit. Vanuit die Christelike geloof bestaan die ingesteldheid volgens König (2001:103) dat mense se begripsontwikkeling oor hulself nooit werklik tot sy reg sal kom alvorens hulle besef dat hulle in verhouding tot God staan nie. 'n Verhouding met God is dus nie iets bykomend nie, maar is 'n absolute noodsaaklikheid om volkome mens te wees (Murphy & Knight, 2010:212; Willard, 2009:3; König, 2001:103).

Binne die adolessente stadium, waarin 'n soeke na identiteit absoluut op die voorgrond staan, speel godsdiens en geloofskeuse 'n deurslaggewende rol (Du Rand-Smit, 2007:10; Le Roux 2001:85). Daar is geen ander tyd in die mens se lewe

waarin hy/sy so sterk deur die godsdiens aangespreek word as juis in die adolessensietydperk nie, (Du Rand-Smit, 2007:10). Volgens Gouws *et al.* (2000:116) maak adolessente hulle van die kindergeloof los. Wat hulle vroeër van ander geleer en aanvaar het, moet nou hul eie word. Dit vind plaas deur ‘n besluitneming vir of teen die vestiging van ‘n transendente verhouding met God of opperwese, wat religieuse praktyke soos gebed, verhoudings met ander, die samelewing en natuur, morele waardes, die doel en sin van die lewe en ‘n lewensfilosofie insluit (Fisher, 2000:39). Die adolessent verwerf so ‘n ‘godsdienstige identiteit’ (Lemmer, 2005:8).

Die adolessent se godsdiens is ook blootgestel aan die kritiese houding wat hierdie stadium kenmerk. Godsdienstige gebruike, byvoorbeeld kerkgang, word bevraagteken. Vorms, tradisies en norms word bevraagteken. Die gesag van die Bybel en selfs die bestaan van God word deur baie adolessente bevraagteken (Botha, 2001:67). Vir die adolessent kan dit maklik voorkom asof die wetenskaplike feite met die Bybelse gegewens bots. Wat egter die saak verder bemoeilik, is die verskillende stemme wat uit die godsdienswêreld opklink. Die adolessent wonder of almal reg kan wees. Indien wel, hoe word dit verklaar dat almal reg kan wees terwyl hulle in baie gevalle direk mekaar weerspreek en teenoor mekaar staan (Horak, 2007:7)?

Die een oorheersende probleem waarmee die adolessent dus op godsdienstige gebied worstel, is twyfel. Godsdienstige twyfel by die adolessent kan van intellektuele of morele aard wees. Langs die verstandelike weg word die godsdienstige opvattings ontleed, en vanuit die skynbare *chaos en warboel* van teologieë, menings en oortuigings moet die adolessent ‘n vaste vertrekpunt bereik ten einde sy eie geloofsposisie te bepaal (Du Rand-Smit, 2007:10). Die adolessent binne ‘n lesbiese ouerhuis word nie alleen met al die teologiese verskille op godsdienstige gebied gekonfronteer nie, maar moet ook ‘n besluit neem rondom die debat oor homoseksualiteit wat midde-in die kerk gebore is. Volgens Potgieter (2007:18) het die siening van die kerk oor homoseksuele verhoudings oor die laaste drie dekades dramaties verander. Die kerk se historiese standpunt oor homoseksualiteit het daarna verwys dat homoseksuele praktyke en verhoudings teenstrydig met die wil van God is, soos dit in die Bybel verwoord is. Vandag is daar

egter verskillende interpretasies, en sommige teoloë is van mening dat verskillende vorme van seksuele oriëntasie regverdig is. Dit beteken dat daar nie net 'n heteroseksuele oriëntasie is nie, maar ook 'n homoseksuele oriëntasie; 'n logiese gevolg van so 'n standpunt is natuurlik dat daar ook 'n bi-seksuele oriëntasie is (Lemmer, 2005:129; Potgieter, 2007:18). Volgens Comiskey (2010:36) stel hierdie eietydse seksuele beskouings geweldige hoë eise aan adolessente ten einde geloofsekerheid te bekom en sin te vind in die lewe en menswees.

Furlong (2009:416) wys daarop dat adolessente se geloofsontwikkeling ten nouste verbind is met die geloofsoortuigings en houdings van hul ouers. Hy beskou die ouerhuis as die fondament van adolessente se geloofsontwikkeling, en meen dat adolessente die godsdienstige identiteit van hul ouers aanneem. Vir adolessente in lesbiese ouerhuise kan die vorming van 'n godsdienstige identiteit moontlik uitdagend en gekompliseerd wees (Dahl, 2011:26). Hoewel die kerk se standpunte oor die afgelope drie dekades aansienlik verander het, geniet heteroseksualiteit steeds voorkeur en word homoseksualiteit in godsdienstige kringe nog dikwels as verwerplik, sondig en ongehoord beskou (Dahl, 2011:22; Smith, 2000:1). In hierdie verband het Dahl (2011:22) gevind dat homoseksuele persone konflik ervaar tussen hul persoonlike en godsdienstige identiteit, en derhalwe hulself distansieer en losmaak van godsdienstige aktiwiteite, kerk en geloof. Skaamte en skuldgevoelens as gevolg van vooroordeel en verwerping deur godsdienstige persone en die kerk laat geweldige negatiewe emosies in homoseksuele persone se lewe posvat (Fairtlough, 2008:524).

Fairtlough (2008:524) is van mening dat adolessente wat in lesbiese ouerhuise grootword, dikwels net soveel, en soms meer, aan negatiewe ervarings van stigmatisering en verwerping blootgestel word. Dahl (2011:17) sluit hierby aan, en wys daarop dat adolessente in lesbiese ouerhuise botsende emosies kan ervaar in die ontwikkeling van 'n godsdienstige identiteit, as gevolg van al die sosiale invloede wat moontlike struikelblokke van twyfel, skuld en minderwaardigheid tot gevolg kan hê. Adolessente in lesbiese ouerhuise voel soms dat hulle 'n keuse moet maak tussen algemeen geldende geloofsoortuigings en hul ouers. Hierdie botsende sentimente kan lei tot gevoelens van onsekerheid en twyfel (Smith, 2000:2).

Aan die ander kant word adolessensie oor die algemeen gekenmerk deur ‘n soeke na spirituele ervaring, vervulling en sekerheid – veral in ‘n tydperk waar geloof as ‘n spirituele hawe vir konflikte en onsekere tye kan dien (Henslin, 2010:82; Gouws *et al.,* 2000:116). In die lig hiervan kan adolessente in lesbiese ouerhuise, net soos adolessente in enige ander ouerhuise, moontlik juis sekerheid, veiligheid en beskerming vind in die vestiging van ‘n geloofsverhouding met God hul Skepper en die ontdekking van hul identiteit in Christus as Verlosser en Saligmaker (Gouws *et al*., 2010:143).

Die positiewe invloed wat geloofsekerheid en Godsdiensbeoefening op adolessente se algehele ontwikkeling het, word algemeen deur ontwikkelingsielkundiges erken (Gouws *et al*., 2010:143; Furlong, 2009:416; Louw *et al.,* 2004:473; Newman & Newman, 2003:312). In hierdie verband is daar deur verskeie navorsing gevind dat gelowige adolessente groter morele verantwoordelikheid toon; hulle sien die toekoms as voorspelbaar en seker, is minder angstig en ervaar meer sekerheid. Hulle is ook minder geneig om negatiewe emosies soos hartseer, twyfel en misverstand te ervaar, en meld groter tevredenheid met hul fisiese voorkoms as adolessente wat nie gelowig is nie (Berk, 2012:617; Bukatko & Daehler, 2012:470; Gouws *et al*., 2010:143; Furlong, 2009:416). Oor die algemeen ervaar gelowige adolessente positiewe selfwaarde, psigologiese welstand en lewenstevredenheid (Furlong, 2009:416; Boshoff, 2002:95; Pienaar, 2001:97). Christelike geloofsekerheid blyk derhalwe ‘n belangrike hulpmiddel in die ontwikkeling van ‘n eie identiteit en gesonde sin vir self te wees. Geloofsekere adolessente weet wie hulle is en leef doelgerig om hul missie in die lewe te volvoer (Gouws *et al*., 2010:144; Furlong, 2009:417).

## 4.4 SAMEVATTING

Ter opsomming kan dit beklemtoon word dat die adolessente stadium gekenmerk word deur ingrypende veranderinge op byna elke lewensterrein; fisies, sosiaal, moreel, emosioneel, kognitief en persoonlikheid. Hierdie veranderinge het ‘n direkte invloed op die adolessent se ontwikkeling van identiteit en die vestiging van hom-

/haarself as ‘n unieke, onafhanklike persoon met ‘n spesifieke plek in die samelewing.

Individuele faktore soos liggaamlike voorkoms en kognitiewe vaardighede speel ‘n belangrike rol in die adolessent se algehele ontwikkeling, waartydens die adolessente gekonfronteer word met sekere uitdagings soos die neem van belangrike besluite ten opsigte van verhoudings, waardes en beroepe wat hul toekoms affekteer.

Adolessente se ontwikkeling vind ook nie geïsoleerd plaas nie. Hul interpersoonlike verhoudings, soos hul interaksies met ouers en portuurs sowel as die wyer sosiale konteks, oefen ook ‘n belangrike invloed op hul identiteitsontwikkeling uit. Dit blyk dat ouer-kind-verhoudinge en gesinsfaktore die belangrikste invloed uitoefen op ‘n adolessent se identiteitsontwikkeling en die verkryging van ‘n eie waardesisteem.

Geloofsekerheid speel ook ‘n belangrike rol in adolessente se ontwikkeling en bepaal hulle ingesteldheid teenoor die lewe en die sin van die lewe; derhalwe kan geloofsekerheid nie oor die hoof gesien word in die daarstelling van riglyne om ‘n adolessent in ‘n lesbiese ouerhuis se ontwikkeling vir die sin van self te bevorder nie. Die navorser beskou identiteitsontwikkeling en die ontwikkeling van ‘n gesonde sin vir self as ‘n uiters komplekse en delikate proses wat nie beperk kan word tot enkele losstaande aspekte nie, maar holisties beskou moet word ten einde die adolessente binne hul spesifieke en unieke kontekste te verstaan.

Navorsers se opinies, bevindinge en menings oor die ontwikkeling van adolessente in lesbiese ouerhuise is uiteenlopend en soms selfs weersprekend van aard. Dit wil vir die navorser voorkom of bepaalde sentimente deur verskillende navorsers gehuldig word, en dat twee groepe duidelik binne die literatuur onderskei kan word, naamlik pro-homoseksuele navorsers en anti-gay navorsers. Daar bestaan steeds ‘n behoefte aan objektiewe navorsing met betrekking tot die ontwikkeling van kinders en adolessente in lesbiese ouerhuise, en daarom beskou die navorser hierdie studie as ‘n positiewe bydrae in die verband. In die volgende hoofstuk word die navorsingsmetodologie en empiriese resultate van die studie bespreek.

# Hoofstuk 5
# Navorsingsmetodologie en Empiriese Resultate

*Om mense lief te hê, beteken om hulle te sien*
*soos God hulle bedoel het om te wees.*
*- Feodor Dostojewski -*

## 5.1 INLEIDING

Die voorafgaande hoofstukke in hierdie studie vorm 'n belangrike teoretiese agtergrond van die studie. In Hoofstuk 1 is 'n inleidende fokus op die navorsingsvraag, navorsingsdoelwitte en navorsingsontwerp geskets. In Hoofstuk 2 is die konseptuele raamwerk van die studie blootgelê, wat daarop dui dat die pastoraat as basisteorie in hierdie studie 'n normatiewe karakter dra, terwyl die Gestaltteoretiese perspektief as paradigmatiese perspektief 'n beskrywende karakter dra. In Hoofstukke 3 en 4 is verslag gedoen van 'n literatuurstudie wat oor die lesbiese ouerhuis en die adolessent se ontwikkeling van die sin vir self handel. In hierdie hoofstuk word die navorsingsmetode en resultate uiteengesit.

Hierdie studie was kwalitatief van aard en semi-gestruktureerde onderhoude is gebruik, wat aan die deelnemers die geleentheid gebied het om hul ervarings van die lesbiese ouerhuis met die navorser te deel. Terselfdertyd het dit aan die navorser die geleentheid gebied om 'n beter begrip en uitgebreide kennis te bekom rakende die adolessente se ontwikkeling van die sin vir self binne die lesbiese ouerhuis.

## 5.2 NAVORSINGSMETODE

### 5.2.1 Steekproefneming

In hierdie studie is twee groepe deelnemers by die populasie ingesluit, naamlik nege adolessente (waarvan sommiges sibbe uit dieselfde gesin was) wat van 'n baie vroeë ouderdom in 'n lesbiese ouerhuis grootgeword het, en hul ses lesbiese ouerpare. Die navorser het gebruik gemaak van doelgerigte, selektiewe asook

sneeubal steekproefneming. Met sneeubal steekproefneming was die deelnemers behulpsaam om ander deelnemers (vriende en kennisse) vir insluiting in die steekproef te verwys.

Dit was ‘n moeilike proses om uiteindelik die steekproef saam te stel. Die navorser het ondervind dat lesbiese ouers, en selfs die adolessente, nie in alle gevalle bereid was om daaroor te praat nie. So het twee ouerpare en onderskeidelik drie adolessente aanvanklik ingewillig om aan die studie deel te neem en onttrek kort voordat die eerste onderhoud sou plaasvind. In een van die lesbiese gesinne wat aan die studie deelgeneem het, was twee van die drie adolessente dogters bereid om deel te neem, terwyl die middelste sussie geweier het om oor haarself of haar lesbiese ouerhuis te gesels. Solodnikov en Chkanikova (2010:42) voer die volgende redes aan wat navorsing met homoseksuele ouerpare bemoeilik: Die eerste en mees problematiese rede vir hierdie navorsing is die toeganklikheid en beskikbaarheid van deelnemers. Homoseksuele groepe is gewoonlik geslote vir navorsers, omdat hierdie minderheidsgroepe nie hul private seksuele verhoudings met heteroseksuele persone wil bespreek nie. Die soektog na homoseksuele persone wat met ‘n gesin begin het, is nog meer kompleks omdat hulle verkies om die identiteit van hul gesin privaat en ‘n geheim te hou. Dit noodsaak navorsers om gebruik te maak van klein kwalitatiewe steekproewe om insae in homoseksuele gesinne te verkry en sodoende hul leefwêreld te verken (Solodnikov & Chkanikova, 2010:42). Die volgende deelnemers het ingewillig om aan hierdie studie deel te neem:

**Tabel 1: LYS VAN ADOLESSENTE DEELNEMERS**

| **Deelnemers** | **Geslag** | **Ouderdom** | **Sibbe** |
|---|---|---|---|
| Adolessent 1 | Manlik | 15 | Ouer broer |
| Adolossent 2 | Vroulik | 16 | Twee jonger susters |
| Adolossent 3 | Vroulik | 14 | Twee ouer susters |
| Adolossent 4 | Vroulik | 19 | Jonger broer |
| Adolossent 5 | Manlik | 17 | Ouer suster |
| Adolossent 6 | Manlik | 17 | Jonger broer |
| Adolossent 7 | Manlik | 14 | Ouer broer |
| Adolossent 8 | Manlik | 14 | Jonger broer |
| Adolossent 9 | Vroulik | 15 | Geen |

**Tabel 2: LYS VAN DEELNEMENDE OUERS**

| Deelnemers | Verwantskap | Ouderdom | Kinders |
|---|---|---|---|
| Ouer 1 | Biologiese Ma | 48 | Twee Seuns |
| Ouer 2 | Metgesel Ma | 47 | Geen |
| Ouer 3 | Metgesel Ma | 30 | Geen |
| Ouer 4 | Biologiese Ma | 42 | Drie Dogters |
| Ouer 5 | Biologiese Ma | 40 | Seun en Dogter |
| Ouer 6 | Metgesel Ma | 38 | Geen |
| Ouer 7 | Aanneem Ma | 50 | Seun en Dogter |
| Ouer 8 | Aanneem Ma | 50 | Geen |
| Ouer 9 | Biologiese Ma | 34 | Twee Seuns |
| Ouer 10 | Metgesel Ma | 50 | Twee Seuns |
| Ouer 11 | Biologiese Ma | 40 | Dogter |
| Ouer 12 | Metgesel Ma | 38 | Geen |

Daar het dus vyf adolessente seuns en vier adolessente dogters uit onderskeidelik ses lesbiese gesinne aan die studie deelgeneem. Van die adolessente was sibbe. Sewe van die twaalf ouers was biologiese ma's uit vorige heteroseksuele huwelike en die oorblywende vyf vrouens het geen eie kinders gehad nie.

### 5.2.2 Data-insameling

Data is ingesamel deur semi-gestruktureerde onderhoudvoering met die adolessente en hul lesbiese ouers. Die onderhoude is met die toestemming van die deelnemers op DVD en op 'n diktafoon opgeneem. Omdat die navorser nie aan die deelnemers bekend was nie, het sy eers 'n aanvangsontmoeting met die adolessent en die ouers gereël. Tydens hierdie ontmoeting het die navorser haarself aan hulle bekend gestel en al die noodsaaklike inligting rakende die studie aan hulle meegedeel. Die deelnemers is die geleentheid gegee om vrae te vra en alle onsekerhede uit te klaar, waarna afsprake met die adolessente en hul ouers gereël is. Die mees geskikte tyd en plek vir die deelnemers is ten alle tye in ag geneem (Kvale & Brinkmann, 2009:85).

Die meeste deelnemers het verkies dat die onderhoude in die privaatheid van hul eie huise moes plaasvind, en die navorser het dit gerespekteer. Slegs Adolessent 1 en sy ouers het dit verkies om na die navorser se kantoor te kom vir die onderhoudvoering. Die navorser het met elke adolessent ‘n semi-gestruktureerde onderhoud van ongeveer een uur gevoer. ‘n Tweede ontmoeting is dan gereël, waartydens die adolessent gevra is om ‘n collage te maak om sy/haar sin van self uit te beeld, en nog ‘n gesprek van ongeveer een uur het plaasgevind. Die navorser het ook met elke ouerpaar ‘n semi-gestruktureerde onderhoud van ongeveer een uur gevoer. Alle onsekerhede of onduidelikhede is tydens ‘n daaropvolgende telefoniese gesprek met die onderskeie deelnemers uitgeklaar en die data is bevestig.

Die onderhoudskedule met die adolessente het die volgende ses vrae ingesluit:

- Vertel my hoe julle gesin funksioneer.
- Vertel my van jul verhoudings met mekaar in die gesin.
- Vertel my van jou posisie in die gesin.
- Hoe sien jy jouself binne die gesin?
- Wat is vir jou positief aan jul gesin?
- Wat is vir jou negatief of problematies aan die gesin?

Die onderhoudskedule met die ouers het die volgende sewe vrae ingesluit:

- Vertel my hoe julle gesin funksioneer.
- Vertel my van jul verhoudings met mekaar in die gesin.
- Vertel my van die adolessent se posisie in die gesin.

- Hoe sien julle julself binne die gesin?

- Wat is vir julle positief aan jul gesin?

- Wat is vir julle negatief of problematies aan die gesin?

- Wat sou julle as riglyne aanbeveel om die gesonde ontwikkeling van die sin van self van adolessente in lesbiese ouerhuise te bevorder?

Die vrae is in die onderskeie semi-gestruktureerde onderhoude aan die adolessente en die lesbiese ouers gestel. Die adolessente en ouers se antwoorde kon sodoende met mekaar vergelyk word. Omdat die navorser van semi-gestruktureerde onderhoudvoering gebruik gemaak het, was dit ook moontlik om opvolgvrae na aanleiding van die spesifieke onderhoud te vra. Dit het gesorg vir meer inligtingryke data (Kvale & Brinkmann, 2009:85).

Tydens die opvolgonderhoude met die adolessente het die navorser van hulle gevra om 'n collage van hulself te maak. Die collage was 'n artistiese voorstelling van hulself deur gebruik te maak van tydskrifprentjies wat vasgeplak is op 'n prentoppervlak. Na aanleiding van die collage is die volgende agt vrae gestel:

- Vertel vir my hoe jy jouself sien.

- Vertel my van jou sterkpunte.

- Vertel my wat jy as jou swakpunte beskou.

- Vertel my hoe jy oor jouself voel.

- Vertel my hoe jy jouself in jou vriendekring sien.

- Vertel my hoe jy jouself in die skool en wyer sosiale omgewing sien.

- Vertel my meer van jou toekomsdrome.

### 5.2.4 Data-analise

Creswell (2009:185-190) se data-analise spiraal vir data ontleding is gevolg vir die prosessering, interpretering en integrering van inligting. Om die data meer toeganklik en interpreteerbaar te maak, is die onderhoude eers getranskribeer. Die data-analise spiraal van Creswell het hierop gevolg. Die volgende stappe, soos uiteengesit in Schurink *et al.* (2011:397-423), is gevolg in die proses van data-analisering:

Bestuur of organisering van data: Data-analise het tydens die aanvangsontmoeting begin en is voortgesit tydens elke daaropvolgende onderhoud. Alle toestemmingsvorms is versamel en in ‘n lêer geplaas. Veldnotas is bygehou na elke onderhoud. Die onderhoude is getranskribeer nadat die onderhoudvoering plaasgevind het en is in ‘n lêer georganiseer. Die collages is ook ingeneem en in die lêer geplaas.

- Lees en skryf van notas: Die navorser het herhaaldelik deur die getranskribeerde onderhoude gelees. Tydens hierdie proses het die navorser enige vooroordele en aannames tersyde gestel. Dit het aan die navorser ‘n meer holistiese beeld van die versamelde data gegee en voorlopige temas is aangeteken.

- Genereer, kategorieë, temas en patrone: Die proses van kategorisering behels volgens Schurink, Fouché en De Vos (2011:410) dat die navorser moet soek na veralgemeenbaarheid in die omstandighede van die gekose studie. Die navorser soek dus nie na uitgeputte en onderling uitgesluite kategorieë nie, maar identifiseer eerder opvallende, betekenisvolle en gegronde kategorieë, soos voorgehou deur die deelnemers in die studie. Deur die herhaaldelike deurlees van die data is die data opgebreek in kleiner, meer bruikbare temas, wat gebruik is om die finale narratief van die deelnemers te

skryf. Die navorser het verskillende kleure penne gebruik om die data te merk; sodoende is verwante temas geïdentifiseer.

- Enkodering van data: Die verskillende temas is verder verken deur data te merk wat verwant is aan dieselfde tema om sodoende temas te beperk en subtemas te vorm.

- Toetsing van begrippe en soeke na alternatiewe verduidelikings: Data is geanaliseer vir bruikbaarheid in die spesifieke studie, en die vraag is gevra of die data moontlik met ‘n ander verduideliking in die navorsing self kan skakel. Data wat uit die onderhoude gespruit het, is ook aan die hand van relevante literatuur gekontroleer.

- Voorlegging en visualisering van die verslag: Volgens Schurink, Fouché en De Vos (2011:418) integreer die kwalitatiewe navorser die stem van die deelnemer in die navorsingsverslag. Dit vind plaas deur direkte aanhalings van die deelnemers by die verslag in te sluit, wat ‘n rykheid van inligting aan die data verleen. Hierdeur word die leser nie alleen direk in die milieu en konteks van die studie ingeneem nie, maar verkry ook ‘n subjektiewe gevoel van die deelnemers se leef- en ervaringswêreld.

### 5.2.5 Indeling van temas

Die volgende hooftemas en subtemas, saamgevat in tabelformaat, is uit die semi-gestruktureerde onderhoude met die adolessente en hul ouers, asook uit die opvolgonderhoude met die adolessente waartydens die collages bespreek is, bepaal:

**Tabel 3: VERDELING VAN DIE TEMAS**

| | |
|---|---|
| **Hooftema 1** | **Ouerskapsrolle** |
| *Subtema 1.1* | *Ouers word gesien as 'n ma en haar metgesel* |
| *Subtema 1.2* | *Ouers word gesien as twee ma's* |
| *Subtema 1.3* | *Ouers word gesien as 'n ma wat die vaderrol vertolk en 'n ma wat die moederrol vertolk* |
| **Hooftema 2** | **Onderlinge gesinsverhoudinge** |
| *Subtema 2.1* | *Die verhouding tussen die adolessent en sy/haar biologiese ouer* |
| *Subtema 2.2* | *Die verhouding tussen die adolessent en sy/haar metgesel lesbiese ouer* |
| *Subtema 2.3* | *Die verhouding tussen aangenome adolessente en hul lesbiese ouers* |
| *Subtema 2.4* | *Die verhouding tussen adolessente en sibbe* |
| **Hooftema 3** | **Die adolessent se omskrywing van die self** |
| *Subtema 3.1* | *Omskrywing van die self as unieke persoon* |
| *Subtema 3.2* | *Omskrywing van die self in die lesbiese gesin* |
| *Subtema 3.3* | *Omskrywing van die self binne die portuurgroep* |
| *Subtema 3.4* | *Omskrywing van die self binne sosiale verhoudings* |
| *Subtema 3.5* | *Omskrywing van die emosionele self* |
| *Subtema 3.6* | *Persoonlike besluitneming en verantwoordelikheid* |
| *Subtema 3.7* | *Toekomsverwagtinge* |
| **Hooftema 4** | **Faktore wat die sin vir self beïnvloed** |

| | |
|---|---|
| *Subtema 4.1* | *Die lesbiese gesin* |
| *Subtema 4.2* | *Geloof* |
| **Hooftema 5** | **Positiewe aspekte van die lesbiese gesin** |
| *Subtema 5.1* | *Gesinsverhoudings* |
| *Subtema 5.2* | *Persoonlike groei* |
| *Subtema 5.3* | *Geloofslewe* |
| **Hooftema 6** | **Negatiewe aspekte van die lesbiese gesin** |
| *Subtema 6.1* | *Stigmatisering en vrees vir verwerping* |
| *Subtema 6.2* | *Konflik* |
| *Subtema 6.3* | *Finansiële tekorte* |
| *Subtema 6.4* | *Die afwesigheid van die vaderfiguur* |
| **Hooftema 7** | **Aanbevole riglyne van die ouers** |
| *Subtema 7.1* | *Onvoorwaardelike liefde en aanvaarding* |
| *Subtema 7.2* | *Wees getrou aan jouself* |
| *Subtema 7.3* | *Sekuriteit* |
| *Subtema 7.4* | *Vertroue en eerlikheid* |
| *Subtema 7.5* | *Geloof en gebed* |
| *Subtema 7.6* | *Privaatheid* |

## 5.3 BESPREKING VAN RESULTATE

Die resultate is opgedeel in sewe hooftemas wat uit die vrae van die semi-gestruktureerde onderhoude na vore gekom het en twee-en-twintig subtemas, en word vervolgens breedvoerig bespreek.

### 5.3.1 Hooftema 1: Ouerskapsrolle

Die ouerskapsrolle van die ouers binne die lesbiese ouerhuise, wat die dinamika en funksionering van die gesin beïnvloed en sodoende ook die ontwikkeling van kinders en adolessente raak, het na vore gekom. Die adolessente en die lesbiese ouers het die funksionering van hul gesinne op verskeie maniere beskryf. Daar is besondere klem op die uniekheid van elke gesin geplaas. Die deelnemers het die rolle van die lesbiese ouers op die volgende drie wyses onderskei:

***Subtema 1.1: Ouers word gesien as ‘n ma en haar metgesel***

Die meeste van die adolessente, behalwe adolessent 6 en adolessent 7, is gebore terwyl hul biologiese ma’s in ‘n heteroseksuele huwelik of verhouding was. Na die egskeiding van hul biologiese ouers, is hulle in die sorg van hul biologiese ma’s geplaas, wat toegetree het tot ‘n lesbiese verhouding. Die lesbiese ouerpaar bestaan met ander woorde uit die biologiese ma (BM) en haar metgesel (MM).

Vier van die nege adolessente (Ad 1, Ad 4, Ad 5, Ad 9) het deurgaans verwys na hul *ma* en die *ander vrou.* Hulle beskryf hul gesinne as ‘n enkel-ouer gesin en beskou die *ander vrou* as ‘n blote toevoeging tot die gesin op grond van die verbintenis tussen hul ma en die *ander vrou.* Hulle verduidelik ook dat hulle haar nie sien as ‘n ouer in enige hoedanigheid nie en dat hulle haar slegs aanvaar ter wille van hulle biologiese ma. Een adolessent verduidelik hul gesin soos volg: *“As jy ‘n prentjie in jou kop voorstel, sal dit my ma, my broer en ek wees en dan, dan sy is metgesel. Sy’s nie deel van die familie nie. Soos my swaer hy’s ok nie eintlik deel van die familie nie, hy’s nie bloedfamilie nie, maar ons aanvaar hom. Maar ek en my broer sukkel om haar te aanvaar innie hele familie wat daar is.”* (Ad 1).

Uit ‘n ander adolessent se beskrywing van hul gesin se funksionering, is gemengde gevoelens op die volgende wyse gereflekteer: *“Ek wil haar nie eintlik hier hê nie, sy is soos, sy irriteer my en sy is baie mislik, sy sê goed wat liewer kon gebly het. Maar aan die anderkant wil ek haar ook hier hê, want my ma, sy kan nie, ek wil nie hê my ma moet alleen doodgaan of enige iets nie. So ek wil hê sy moet hier bly vir my ma se omstandighede ook.”* (Ad 9).

Lubbe (2007:270) bevestig dat een van die grootste uitdagings vir kinders en adolessente wat in lesbiese ouerhuise grootword, die definiëring van hul gesin en gesinsfunksionering is, omdat nie albei die ouers biologiese ouers is nie. Solodnikov en Chkanikova (2010:56) sluit hierby aan en meen dat daar by adolessente ‘n jaloesie en antagonisme teenoor hul biologiese ma se homoseksuele vriendin ontstaan, omdat hulle tot die besef kom dat daar geen biologiese of bloedverbintenis tussen hulle en die *ander vrou* bestaan nie, en binne die normatiewe heteroseksuele verhoudings is kinders verwek deur beide hul biologiese ouers.

Uit die onderhoude met die lesbiese ouers is die beskrywing en belewenis van die adolessente bevestig. Dit blyk egter uit die bevindinge dat die verswakte verhoudinge tussen die adolessente en hul metgesel-ouer nie noodwendig ontstaan as gevolg van die adolessente se jaloesie ten opsigte van hul biologiese ma nie, maar dat die metgesel-ouers onbekwaam en onseker voel in hul hantering van die adolessente. In hierdie verband het drie van die nie-biologiese ma’s hul ongemak ten opsigte van hul vriendin se kinders bekend gemaak en hulself glad nie as ouers van die adolessente beskou nie: “*Ek ken nie kinders nie. Ek was altyd so. Nooit in ‘n ander tipe verhouding as ‘n gay verhouding nie en ek ken nie kinders nie. Ek verstaan hulle nie. Sukkel baie met my humeur. Ek was baie onregverdig, kwaai en het my woede op die adolessent uitgehaal.”* (MM1).

‘n Ander ouer stel haar verhouding met die adolessente van die biologiese ma soos volg: “*Ek is nie die pa vir die kinders nie. Ek wou nooit hulle pa gewees het nie. Ek wil nie die plek van hulle pa volstaan nie. Ja – ek is nie hulle pa nie.”* (MM3).

Perlesz en McNair (2004:134) bevestig dat die nie-biologiese lesbiese ouers hul gesinne as problematies beskou. Hierdie ma's is van mening dat hulle nie weet waar presies hulle in die gesin inpas nie, hoe om teenoor die kinders op te tree met betrekking tot dissipline en verantwoordelikheid nie, en sosiaal uitgesluit voel by organisasies soos die skool, kerk en sportklubs. Hierdie onsekerhede gee aanleiding tot verswakte verhoudings tussen die nie-biologiese ouer en die kinders en adolessente, en dit veroorsaak ook konflik, spanning en verwarring in die gesin (Perlesz & McNair, 2004:135).

***Subtema 1.2: Ouers word gesien as twee ma's***

Uit die semi-gestruktureerde onderhoude het drie van die adolessente hul gesinne beskryf as 'n gesin met twee ma's. Hierdie deelnemers het daarvan getuig dat hulle gelukkig is om by twee ma's groot te word. Die adolessente het gesê dat hulle enige tyd met enige een van die twee ma's sal gesels as hulle probleme ondervind of raad nodig het. Hulle het verder gemeld dat beide ma's vroulike rolle vertolk en dat daar nie 'n opmerklike verskil tussen die twee ma's bestaan nie. Die adolessente het ook daarvan getuig dat hierdie ouers mekaar in alle huishoudelike take behulpsaam is, en dat hulle besonder sensitief is vir mekaar se behoeftes en dikwels mekaar tegemoet kom in die verdeling van huishoudelike pligte. Hierdie adolessente het met gemak en tevredenheid oor hul gesinsfunksionering gesels. Die adolessente het dit soos volggestel: "*Ons sal met haar oor enige iets gaan praat, as my ma nie hier is nie, sal ek met haar gaan praat oor wat ek met my ma wou praat. So sy is half soos my tweede ma...."* (Ad 3).

*"Ons verhouding is baie goed. Ons doen altyd alles saam. Ek sal altyd met haar gaan praat as iets my pla, want sy is nie so kwaai soos my ma nie en sy kan 'n mens makliker verstaan."* (Ad 8).

Die lesbiese ouers van bogemelde adolessente het hul ouerskap as 'n spanpoging beskou en dit bevestig dat hulle mekaar probeer help en ondersteun op alle moontlike maniere. Hulle beskryf hul verhouding met die adolessente as openhartig en liefdevol. Hierdie ouers beskryf hul ouer-wees soos volg: *"Daar is nie 'n pa nie.*

*Daar is nie 'n man in die huis nie. Dit is Mamma en Mamma. Ja, en ons werk altwee saam in die kombuis, sonder rusies. Ons bak saam, ons kook saam en net so werk ons saam in die garage, want ons is baie lief vir houtwerk."* (MM 4).

*"Ek sal sê dat ons huishouding niks anders is as wat 'n normale huishouding is nie, behalwe vir die feit dat ons twee vrouens is. Ons funksioneer nog steeds soos 'n gewone huishouding, behalwe die samewerking deel is anderster as in 'n heteroseksuele huwelik. In ons relationship, waar ons twee vrouens is, word alles saam gedoen. Ek kan ook vir jou sê dat hulle [MM2] absoluut as 'n ma-figuur sien en hulle trust haar naas my die meeste, as ek dit so kan stel."* (BM 2).

Tasker en Patterson (2007:28) bevestig dat lesbiese ouerhuise oor die algemeen op twee maniere funksioneer. In die een groep is beide die lesbiese ouers betrokke by die kinders. Hulle deel ouerskap- en huishoudelike pligte eweredig. In die ander groep is die biologiese ma hoofsaaklik verantwoordelik vir die opvoeding en betrokkenheid by die kinders. Die ander ouer ervaar dit in hierdie gesinne moeilik om met die kinders oor die weg te kom of om met hulle kwaliteit verhoudings te vestig. Adolessente vaar beter in lesbiese ouerhuise waar die ouers goed oor die weg kom, nie baie gespanne is nie en huishoudelike pligte eweredig verdeel (Bukatko & Daehler, 2012:546; Perrin, 2002:343).

***Subtema 1.3: Ouers word gesien as 'n ma wat die vaderrol vertolk en 'n ma wat die moederrol vertolk***

Die twee adolessente wat deur hul lesbiese ouers aangeneem is, het 'n unieke vertolking van hul gesinsfunksionering. Hulle beskou die een ouer as die pa in die gesin en die ander ouer as die ma. Verder getuig hulle daarvan dat die pa-ma hulle alles geleer het wat 'n pa sou doen, soos byvoorbeeld tuinwerk, die herstel van hul motorfietse, elektriese bedrading en hoe om met meisies te werk. Hierdie ouer het ook aktiwiteite soos visvang, motorfiets ry, rugby, krieket en so meer met hul meegemaak en is baie gewild onder hul vriende. Hulle beskryf hul ma-ma as die rustiger een in hul gesin, wat kosmaak en hulle leer hoe om hulself binne die huis te versorg. Hulle beskou hul gesin as tweeledig, en voel deur hierdie twee ouers ten

volle toegerus vir die lewe. Adolessent 6 beskryf sy ouers soos volg: "*Beter as enige ander huisgesin, want ek bedoel ek leer 'n klomp goeters, omdat dit 'n ma en nog 'n ma is. Ek bedoel [AO1] vat die rol van 'n pa en man en dan is daar nog 'n ma ook ... so ek dink ek kry dit dubbeld as ek so kan sê."*

Adolessent 7 verduidelik op sy beurt soos volg: *"Hulle het my so baie van die lewe geleer. [AO1] het my leer krieket speel, motorfiets ry en tuinwerk doen. [AO2] het my geleer om kos te maak en hoe om my emosies te hanteer. Alles wat 'n pa en ma my sou leer."*

Aanneem-ouer 1 bevestig haar vaderrol in hul gesin soos volg: *"Ek dink ek het die vermoë om te kan dink soos seuns en die belangstelling. Wat ek bedoel daarby is, 'n seun is vir my baie, ek dink hy soek 'n vriend wat kan doen waarin hy belangstel. Ek dink hy kry dadelik 'n like, soos 'n eer vir jou en hou baie van jou, want jy kan motorfiets ry, jy kan visvang, jy kan goed sport doen. Ek dink dit is omdat ek baie sportief is en omdat ek tot in hulle wêreld kan daal, ek dink dit is wat 'n pa sou doen, ek dink so ... "*

Aanneem-ouer 2 beskryf hul onderskeie rolle soos volg: *"Ek dink dit gaan oor haar belangstellings, soos sport en sy praat ook harder as ek. Sy het 'n baie meer outoritêre stemtoon as wat ek het. Sy is die ekstrovert, meer as ek. Ek is 'n introvert. Ek dink van my kant af, omdat ek rustiger en sagter is, is hier 'n gevoel van vrede en rustigheid in die huis en ek dink hulle koester dit. Ek dink ons is net bevoorreg om so 'n goeie kombinasie te wees."*

Vanuit die literatuuroorsig blyk dit dat, wanneer 'n lesbiese paar saam besluit het om kinders aan te neem, hul ouerskap die positiefste ervaar. Die rede vir hul positiewe ervarings is dat hulle reeds voor die aanneming die geleentheid het om gesamentlike en deurdagte besluite te neem oor hul ouerskaprolle en verantwoordelikhede, en die implikasies wat ouerskap vir hul verhouding sal inhou. Hierdie voorbereidingsproses vir die aanneming van kinders stel hulle in staat om die vreugde van ouerskap te deel, onvoorwaardelike liefde aan die kinders te openbaar, en ingeligte besluite te

neem in die beste belang van die kinders en hul verhouding (Brown, Smalling, Groza & Ryan, 2009:243).

Hoewel aanneem lesbiese ouers ouerskap volkome deel, blyk dit dat ouerskaprolle ‘n wye verskeidenheid van vorme kan aanneem binne die lesbiese gemeenskap, soos wat ook onder heteroseksuele gesinne voorkom (Švab, 2007:48). Vanuit die literatuuroorsig (Tasker & Patterson, 2007:28; Švab, 2007:48; Perlesz & Mcnair, 2004:135) en die navorsingsbevindinge blyk dit dat die ouerskaprolle nie die primêre rol speel in kinders en adolessente se ontwikkeling nie, maar dat die kwaliteit van die ouer-kind-verhouding van kardinale belang in die verband is.

### 5.5.2 Hooftema 2: Onderlinge gesinsverhoudinge

Soos wat gesinsverhoudinge binne heteroseksuele gesinne van gesin tot gesin verskil, bevestig die data dat dit ook die geval is in lesbiese gesinne. Vanuit die data is die volgende subtemas onder gesinsverhoudinge onderskei:

**Subtema 2.1:** ***Verhouding tussen die adolessent en sy/haar biologiese ouer***

Sewe adolessente is steeds in die sorg van hul biologiese ma’s binne die lesbiese ouerhuis. Die meeste van hierdie adolessente getuig dat hulle ‘n nabye verhouding met hul biologiese ma’s het. Adolessent 9 gee ‘n breedvoerige beskrywing oor haar nabye verhouding met haar biologiese ma: “*Ek en my ma is baie close. Ons sê partykeer, ons is soos sussies, want ons hou van presies dieselfde musiek, dieselfde kos en als. So partykeer sê ons ja, ons siel was een en toe is dit nou uitmekaar uit, so ons is sussies of so iets. Ek en my ma is baie close, ek is rêrig baie lief vir haar.”*

Die adolessente vertel verder dat hulle hul ma met enige iets sal vertrou en dat hulle met haar oor enige iets sal praat. Adolessent 2 beskryf hierdie verhouding soos volg: “*Ek is oop met my ma oor alles, ons het ‘n baie open relationship, ons kan oor enige iets praat. So ons is soos best friends, regtig.”*

Adolessent 8 het baie emosioneel geraak toe die navorser hom gevra het om haar van sy verhouding met sy ma te vertel. Hy het soos volg geantwoord: “*Ek is baie lief*

*vir my ma-hulle en ek sal haar vir niks verruil nie. As een van hulle iets moet oorkom sal ek ... "* Hy het erg begin huil en die navorser moes hom eers kans gee om te kalmeer. Daarna het sy hom gevra of hulle eerder die onderhoud moet staak, maar hy het geantwoord dat dit nie nodig is nie, hy is net baie bang dat hy een van hulle kan verloor. Dit het ‘n hele rukkie geneem voordat hy regtig weer gemaklik was. Die navorser het probeer om geen druk op hom te plaas nie en het daarom nie die vrees vir verlies in diepte nagevors nie.

Al die biologiese ma’s het getuig van hul liefde vir hul kinders en dat hulle deurentyd poog om in die beste belang van hul kinders op te tree. Twee van die ouers het baie emosioneel geraak terwyl hulle oor hul kinders gepraat het: *“Kyk ek wil nie onderskeiding maak tussen my twee kinders nie. Hulle altwee beteken vir my die wêreld, ek sal enige iets vir hulle doen. Ek sal tot in die hel gaan baklei as dit moet.”* (BM 3).

‘n Ander ma beskryf haar en haar kind se verhouding soos volg: *“Ek is van my kant, ek is baie, baie close met [haar]. Dit voel vir my ons is een. Ek kan baie vinnig iets aanvoel of ek sal onmiddellik weet as sy af is of as sy iets wegsteek of as daar fout is. Ek voel baie na aan haar. Ek geniet elke sekonde wat ek saam met haar spandeer. Sy revive my soul, sy maak my siel lewendig voel, ek weet nie hoe om dit te beskryf nie, maar ek voel worth saam met haar.”* (BM 5).

Die positiewe verhouding tussen biologiese lesbiese ma’s en hul adolessente word ondersteun deur Bukatko en Daehler (2012:546), wat daarop wys dat biologiese ma’s se verhouding oor die algemeen warm, versorgend en liefdevol bly, ongeag of hul in ‘n heteroseksuele of lesbiese verhouding is. Tasker en Patterson (2007:11) sluit hierby aan, en meen dat biologiese lesbiese ma’s groter buigbaarheid toon ten opsigte van dissipline en huisreëls, groter verdraagsaamheid en openheid toon ten opsigte van hul kinders se seksuele ontwikkeling, en oor die algemeen nie stereotipiese vroulike geslagsrolle modelleer nie. Navorsing toon verder dat die verhouding van die biologiese ma en haar kinders of adolessente egter gekompliseerd is as gevolg van die egskeiding, die oorbeweeg van ‘n

heteroseksuele verhouding na ‘n lesbiese verhouding, en die hersamestelling van die gesin binne ‘n lesbiese ouerskapverhouding (Dew & Myers, 2000:50).

Hoewel dit uit die navorsing blyk dit dat die adolessente se verhoudings met hul biologiese ma’s gesond, baie heg en openhartig is, verwys hulle wel na die moeilike fases in hul ma-dogter verhouding, maar dat hulle dit kon uitsorteer. Die dinamika van die polariteite binne hierdie verhoudings het na vore gekom. Adolessent 2 het vertel dat haar pa baie *anti-gay* is en dat hy haar op ‘n gegewe tyd so beïnvloed het teen haar ma dat sy oorweeg het om van haar ma af weg te gaan. Sy vertel dat dit vir haar en haar ma baie moeilik was, en sy verwys na dit as die “*dark stage*” van hul verhouding. Adolessent 2 vertel verder dat dit haar sin vir self beïnvloed het. Sy was skaam en verleë oor haar ouers se egskeiding en oor die “ander vrou” in haar ma se lewe. As gevolg van haar hartseer wou sy onttrek van die realiteit van haar lesbiese ouerhuis en sy wou alles doen om haar pa tevrede te stel. Sy het nie geweet waar pas sy in nie: *“Ek was altyd skaam daaroor. Ek wou nooit vir mense sê, my ma is so of so nie en ook nie wie nie. Dan het ek stilgebly, want ek wou nie met hulle baklei nie.”*

Sy voel verleë wanneer sy vertel dat haar ma in die “*dark stage*” net aangehou het om aan haar onvoorwaardelike liefde te bewys en dat dit haar gehelp het om haar eie verwarring en emosies uit te sorteer. Sy het genoem dat: “*As ek nou na my ma kyk, sien ek nie twee vrouens nie, ek sien net twee mense wat mekaar gelukkig maak. En hierso in hierdie huis is ek gelukkig. As jy hier instap is dit net joyful, dit is regtig net ons is gelukkig.”* Wat egter van belang is vir hierdie studie, is dat die polariteite Adolessent 2 se sin vir self beïnvloed het, eers deur negatiewe emosies en onsekerheid oor haarself, maar uiteindelik het dit aanleiding gegee tot haar persoonlike groei en ontwikkeling. Sy stel dit soos volg: *“Soos een ding wat my ma-hulle my geleer het, is dat jy nie mag judge nie. Kom ek sê nou my ma en pa het nooit geskei nie, ek was in een huis met twee ouers, ek sou baie anders gewees het. Ek sou baie meer judgemental gewees het oor ander mense as ek nie in ‘n gay-huis grootgeword het nie.”* (Ad 2).

Adolessent 4 het vertel dat daar ook ‘n baie onsekere tyd in haar lewe was, waartydens sy nie kon vrede maak met haar ma se lesbiese verhouding nie. Sy het aanhou wens dat haar pa en ma kon versoen. Sy het in hierdie verband gesê: “*Dit het my nogals gevang. So daarso was die onsekerheid baie groot gewees, tot en met ons vrede gemaak het daarmee dat dit nie meer so kan wees nie, ma en pa kan nie weer saam nie. So dit het my nogals geruk, maar ja, soos ek sê ek het vrede gemaak daarmee.”* Sy vertel verder dat haar en haar ma se verhouding in die moeilike tyd bietjie skipbreuk gely het. Sy het eers gehuiwer voordat sy bietjie meer daaroor gedeel het: “*Dit was... ek kan dit nie rêrig vertel nie. Dit wat ek weet en al beleef het, is dit, daar is ‘n spasie waar ek my ma so bietjie mis, daardie ma-en-dogter-spasie.”* Hoewel sy met die navorser gedeel het dat haar verhouding met haar ma intussen baie verbeter het en dat hul al baie nader aan mekaar is, vertel sy dat sy steeds onsekerheid en vrees in haarself ervaar: *“Ek is nog steeds so, ek sal nie maklik praat nie. Ek sal eers sit en dink wat ek verkeerd gedoen het, wat die probleem kon veroorsaak. So dit is maar daardie gevoel jy raak bang, jy weet nie watter kant toe nie”.*

Die onderskeie ouers het erken dat hul egskeiding opsigself vir die gesin traumaties was en dat hul *uitkom* as homoseksueel bygedra het tot gevoelens van onsekerheid, spanning en verwarring wat deur die kinders en adolessente ervaar word. Die biologiese ma’s verduidelik dit soos volg: *“Sy kon nie verstaan hoekom is ma dié kant en pa dié kant nie, so dit was vir haar ‘n baie groot aanpassing. Wat sleg is, is partykeer as ons met haar praat, selfs vandag nog, sal sy eerder sê: ‘Ek gaan my pa bel’ of ‘Ek gaan my pa vra’”* (BM 3).

*“Ja om terug te kom na die kinders toe, aan die begin was dit moeilik. Ek dink dit is maar ‘n kwessie van dit was vir hulle vreemd en hulle was bang dat die ander vrou my van hulle sal wegtrek. En toe het ek net vir hulle gewys dat dit nie gaan gebeur nie. Ek het vir hulle gesê dat die Here my voorbeeld is, hoe ek hulle moet lief wees vir my kinders en ek gaan altyd daar wees vir hulle. En dit is hoe hulle dit aanvaar het en beter geword het.”* (BM 2).

Heyns (2010:18) is van mening dat ‘n egskeiding nie alleen as ‘n persoonlike krisis beskou kan word nie, maar dat dit ‘n gesinskrisis tot gevolg het. Hierdie krisis kan as ‘n bedreiging of ‘n uitdaging vir die onderskeie gesinslede bestempel word. Sou die egskeiding die kinders en adolessente se basiese behoeftes, status en identiteit bedreig, mag hulle angs en onsekerheid ontwikkel, wat hulle ontwikkeling van ‘n sin vir self kan strem. Wanneer die krisis as ‘n uitdaging beskou word, kan die kinders en adolessente met behulp van die ouers hulself herorganiseer en op die positiewe aspekte van die hersaamgestelde gesin fokus;, dit kan lei tot probleemoplossing en persoonlike groei (Heyns, 2010:18). Die adolessente se reaksie op die krisis hang af van hul persoonlike eienskappe, persepsies van die verskillende verhoudinge en die ondersteuningsraamwerk waarbinne hulle hulself bevind (Groenewald, 2002:30).

Vanuit die navorsingsbevindinge is die ervaring van ‘n egskeidingskrisis vir die adolessente wat in ‘n lesbiese ouerhuis moes aanpas, dieselfde as vir adolessente wat in ‘n heteroseksuele hersaamgestelde gesin moes aanpas. Volgens Patterson (2005:13) speel die psigologiese welstand en ingesteldheid van die biologiese ma, ongeag homoseksueel of heteroseksueel, die belangrikste rol in die adolessente se aanpassing en hantering van die egskeidingskrisis. Indien die biologiese ma gemaklik is oor haar seksuele oriëntasie, die adolessente toelaat om in verhouding met hul biologiese vader te bly en met warmte en liefde teenoor die adolessente optree, is die adolessente geneig om ‘n positiewe sin vir self te ontwikkel en psigologiese welstand te ervaar (Patterson, 2005:13).

**Subtema 2.2: Die *verhouding tussen die adolessent en sy/haar metgesel lesbiese ouer***

Die reaksies van die adolessente op die versoek van die navorser om hul verhouding met die metgesel lesbiese ouer te beskryf, was uiteenlopend van aard. Drie van die adolessente (Ad 2, Ad 3, Ad 8) het hul verhouding met die metgesel lesbiese ouer as byna dieselfde as hul biologiese ma ervaar. Hulle het haar vertrou met persoonlike sake en probleme, en is ook vir haar baie lief. Hul beskrywings was

soos volg: "*Ons is almal net so baie gemaklik om haar en sy laat ons almal gemaklik voel met mekaar en gelukkig met mekaar, so dit is baie lekker"* (Ad 2).

*"Ons het nog altyd van haar gehou"* (Ad 3). *"Ons verhouding is baie goed, ons doen altyd alles saam en ek gaan praat met haar oor alles"* (Ad 8).

Twee van die adolessente (Ad 1, Ad 9) wat na die metgesel lesbiese ouer binne die gesinsfunksionering as die "ander vrou" verwys het, het vertel dat hul verhouding met haar baie sleg is. Hulle het ook onderskeidelik verwys na voortdurende konflik en spanning in die verhouding. Albei hierdie adolessente het gevoelens van onredelikheid, onregverdigheid en aggressiewe gedrag van die metgesel lesbiese ouer ervaar. Beide het daarvan melding gemaak dat die konflik gewoonlik oor huishoudelike take ontstaan wat hulle moes verrig en dan het dit nie aan haar standaarde voldoen nie. Die geringste versuiming van die adolessente se kant af sal tot 'n uitbarsting aanleiding gee, wat selfs dae lank ongemaklikheid en spanning kan veroorsaak. Hulle het ondermeer genoem: *"Uhh ... meer konflik. Ja, baie meer konflik met mekaar. Ek weet nie, ander kere baklei ons dan is sy 'n week kwaad oor die simpelste goed. Ja, sê nou ek moet die skottelgoed was en ja, daar is 'n klein plekkie op die rand, dan sal sy verskriklik kwaad word. Dan baklei sy en skree sy" (Ad 1).*

*"Ja ek wil nie eintlik eers met haar praat nie. Want ons was eenkeer net soos by die huis en ons het TV gekyk en so en toe raak sy kwaad oor wasgoed wat nog op die draad was. En ons almal het vergeet dat daar wasgoed op die draad was. Toe sê my ma sy sal dit gaan doen, toe raak sy kwaad daaroor en toe kom haal sy dit op my uit. En ja, toe huil ek net. Toe sê sy vir my ek is useless, omdat ek nie help in die huis nie"* (Ad 9).

Een van die metgesel ouers het die spanning en konflik tussen haar en die adolessent soos volg verwoord: *"Ek het baie met hom baklei. Sommer oor alles. Ek het verwag hy moet soos 'n volwassene optree. Goed moet reg wees. Hy kon nie, want hy was net 'n kind" (MM 2).* 'n Ander metgesel ouer het ook die swak verhouding tussen haar en die adolessent bevestig: *"Ons verhouding is swak, eerlik,*

*swak, regtig. Ja-nee, ek dink sy is 'n tweeling en ek is 'n skerpioen en ons kom glad nie oor die weg nie, dit kan ek eerlik sê"* (MM 12).

Hierdie spanning en konflik het die adolessente se ontwikkeling van die sin vir self op verskillende wyses beïnvloed. Adolessent 1 vertel dat hy gespanne raak wanneer sy biologiese ma verwag dat hy met die metgesel ouer moet gaan vrede maak. Hy onttrek hom dan van die gesinsaktiwiteite en probeer om homself met sy eie dinge besig te hou. Hy verduidelik dit soos volg: *"Ek sal dit ignoreer tot dit oorgaan, maar my ma sal altyd kom en sê ek moet gaan vrede maak. Ek weet nie, ek stress altyd as ek dit moet gaan doen. Soos elke dag kom ek by die huis, dan sit ek daar en probeer van haar af wegbly"* (Ad 1).

In hierdie verband erken 'n metgesel ouer, met spyt, dat haar aggressie 'n besliste invloed op die adolessent se ontwikkeling van die sin vir self gehad het: *"Ek dink dat hy meer vrymoedigheid sou hê as ek nie so kwaai was nie. Soos ek sê, dit het hom stil gemaak. Eenkant. Hy sal baie op sy eie doen. Dit het gemaak dat hy nie net spontaan teenoor my kan optree nie"* (MM 1).

Van die biologiese ouers het ook hul kommer bekend gemaak oor die feit dat die verhouding tussen hul kinders en hul lesbiese lewensmaat nie goed is nie. Hulle stel dit soos volg: *"Ek dink die ding wat die meeste konflik in ons verhouding veroorsaak is [die adolessent]. My metgesel se verwagtinge en my verwagtinge rondom [haar] verskil en dit veroorsaak konflik"* (BM 5).

*"Ek en my metgesel baklei baie oor die kinders. Sy verstaan hulle glad nie. Sy wou hê hulle moet oornag grootword. Sy wou hê hulle moes dink en optree soos grootmense. Hulle kon nie. Ek wou haar verduidelik dat hulle verstandelike en emosionele ontwikkeling was nog net vier of tien of vandag sestien jaar oud. Nie groot nie. Hy is nog 'n kind. 'n Tiener wat homself moet vind. Hy moet nog sy eie identiteit ontwikkel"* (BM 1).

Adolessent 9 meen dat die konflik haar op 'n manier sterker gemaak het en dat sy dit kan ignoreer: *"Ek stel my so in, soos enige kommentaar wat sy vir my lewer, ek ignore dit net, want ek weet wie ek is en wat ek wil word. So as sy my afbring, dan weet ek net, want iemand het vir my gesê: 'As iemand jou probeer afbring, moet jy net weet, jy is eintlik bo hulle, want hulle wil jou onder hulle kry dat hulle jou kan rule.' So ek sluit my net daar uit."* Sy vertel egter verder dat ander belangrike persone, soos haar ma en vriend, se geluk vir haar belangriker is as haar eie en dat sy haar geluk sal opoffer om te sien dat haar ma gelukkig is: *"En moenie dat jou ego die oorhand kry nie, wees liewer soos teruggetrokke en maak seker jou ma en pa is gelukkig en as hulle gelukkig is, behoort jy ook gelukkig te wees. As jy nie gelukkig is nie, beteken dit jy lief daardie persoon nie eintlik baie nie, want jy wil die gelukkigste wees en dat daardie persoon swaarkry. Hulle geluk moet bo joune wees en dan maak dit vir jou saak as hulle gelukkig is, want dan beteken dit als vir jou"* (Ad 9).

Die ander twee adolessente wat ook na die "*ander vrou"* verwys, sê dat, alhoewel hulle haar nooit as 'n ouer sal aanvaar nie, tyd die verhouding tussen hulle tog beter gemaak het. Daar is nie regtig konflik tussen hulle nie. Hoewel hulle ook nie 'n hegte verhouding met haar ervaar nie, baklei hulle selde indien wel. Hulle vertel verder dat hulle haar na verloop van tyd aanvaar het as 'n "*soort vriend*", ter wille van hulle ma se geluk. Een van die adolessente het genoem: "*Dit het 'n rukkie gevat om haar te aanvaar, want dit was swaar vir my. En toe, na ek weet nie hoe lank nie, toe begin ek maar aanvaar dit is nie my keuse nie. Dit is my ma s'n en ek kan niks daaraan doen nie, so ek moet maar saam met haar lewe ... "(Ad 5),*

*"Aan die begin was dit moeilik vir my, omdat ek haar nie geken het nie en ek dink dit was omdat die feit dat ons nog so klein was toe dit gebeur het. Maar soos wat ons ouer geword het en haar beter leer ken het, het ons dit aanvaar en het dit vir ons makliker begin raak, want ons het beter oor die weg begin kom"* (Ad 4).

Volgens Rohrbaugh (2006:295) is die hoofoorsaak vir konflik tussen kinders en adolessente en die metgesel lesbiese ouer gewoonlik die metgesel ouer se eie onsekerheid en onbekwaamheid as ouer. Die outeur is verder van mening dat die metgesel ouer dikwels vrees dat die biologiese ouer die kinders en adolessente se

belange bo haar belange sal stel en haar selfs kan verwerp as gevolg van die kinders en adolessente. Volgens Short *et al.* (2007:17) blyk dit uit bestaande navorsing dat daar veral onderskeid gemaak kan word tussen twee verskillende lesbiese ouerskap benaderings, naamlik die lesbiese ouerpare wat verantwoordelikhede deel en albei by die kinders en adolessente betrokke is aan die een kant, en die benadering waar die biologiese ouer alleen verantwoordelikheid vir die kinders en adolessente aanvaar aan die ander kant. In die laasgenoemde gesinne ontstaan daar groter aanpassingsprobleme asook verhoogde spanning en konflik in die gesinsverhoudinge. Short *et al.* (2007:17) is van mening dat daar nog baie min navorsing in verband met die ingesteldheid van metgesel lesbiese ouers teenoor die gesin in geheel gedoen is. Golombok *et al* (2003:31) en Perrin (2002:5) wys daarop dat, wanneer albei die lesbiese ouers hul eie onsekerhede met betrekking tot hul homoseksuele oriëntasie en verhouding met mekaar uitgesorteer het en selftevredenheid ervaar, daar nie beduidende konflik tussen die metgesel ouer en die adolessente nie. In laasgenoemde gesinne vaar die kinders en adolessente in alle opsigte van aanpassing en ontwikkeling die beste.

Vanuit die literatuur word die navorsingsbevindinge verder bevestig dat, net soos in heteroseksuele gesinne, daar uiteenlopende gesinsverhoudings- en dinamika bestaan in lesbiese ouerhuise. Die kwaliteit van die ouers se verhouding met mekaar en met die adolessente, die mate van konflik en finansiële druk of welstand is alles faktore wat adolessente se algehele ontwikkeling en ontwikkeling van die sin vir self beïnvloed (Perrin & Siegel, 2013:1377; Tasker & Patterson, 2007:11; Patterson, 2005:13). Daar word talle aanduidings in die literatuur gevind dat goeie gesinsverhoudinge die ontwikkeling van ‘n gesonde sin vir self en onafhanklike identiteit fasiliteer. Aan die ander kant gebeur dit dat adolessente wat gereelde konflik met hul ouers ervaar, verkleineer of gekritiseer word, gevoelens van minderwaardigheid, min selfvertroue en ‘n negatiewe selfkonsep ontwikkel (Berger, 2011:273; Tasker, 2010:36; Shaffer & Kipp, 2007:506; Shaffer, 2002:430). Samevattend kan dit gestel word dat die gesonde ontwikkeling van adolessente se sin vir self in die dinamiek van die ouer-kind-verhouding geleë is.

**Subtema 2.3: Die *verhouding tussen die aangenome adolessent en sy/haar lesbiese ouers***

Die navorser het gevind dat, van al die adolessente, die adolessente wat deur hul lesbiese ouers as peuters aangeneem is, hul lesbiese ouerhuis die positiefste beleef en beskryf. Hulle het albei ouers lief en beskryf hul verhoudings met beide ouers as liefdevol, oop, vol grappe en baie naby. Hulle maak ‘n duidelike onderskeid tussen hul ouers se funksionering en rolverdeling in die gesin, en verwys sodoende na een ouer as die vaderfiguur en die ander ouer as die *mamma*. Adolessent 6 beskryf sy verhouding met sy ouers soos volg: “*Ek weet nie hoe om ons verhouding te beskryf nie. Ons maak grappe met mekaar, ons irriteer mekaar so ‘n bietjie en dan lag ons vir mekaar, so aan. Maar ons maak baie jokes met mekaar, altyd, meeste van die tyd.”* Adolessent 7 hou dit kort en kragtig: “*Ek dink ek pas nogals goed in die familie, want ons almal verstaan mekaar goed.”*

Die aanneem-ouers bevestig hul positiewe gesinsverhoudinge en beskryf hul verhouding soos volg: *“Kyk ons probeer die humor in ons lesbiese gesin insit en die ander ding is, ons is eerlik oor ons gay verhouding en dit is vir die seuns normaal om vriende oor te bring, want ons is nice mense.”* (AO 1).

Die navorsing van Tasker en Patterson (2007:18) stem ooreen met die waarneming van die navorser dat die aangenome kinders meer positiewe ervarings van hul lesbiese ouerhuis het as kinders wat uit ‘n heteroseksuele huwelik gebore is. Volgens Brown, Smalling, Groza & Ryan (2009:242) is die rede hiervoor dat lesbiese ouers wat saam op ouerskap besluit, gemakliker en meer openhartig oor hul homoseksuele oriëntasie praat en dit nie geheim hou nie. Hierdie openhartigheid maak dit ook vir hul kinders en adolessente makliker om te aanvaar en daaroor te kommunikeer. Hierdie ouers blyk ook meer betrokke te wees by hul kinders se skoolaktiwiteite en sosiale ontwikkeling (Tasker & Patterson, 2007:18; Pawelski, 2006:12). Soos reeds genoem, dra hierdie positiewe ouer-kind-interaksie by tot die adolessente se ontwikkeling van ‘n gesonde sin vir self.

**Subtema 2.4: Die *verhouding tussen adolessente en hul sibbe***

Die meeste adolessente het spontaan melding gemaak van hul verhouding met hul broers en susters as ‘n onlosmaaklike deel van hul lewe. Net een adolessent is ‘n enigste kind. Volgens haar het sy gemengde gevoelens oor broers en susters. Party dae dink sy dit sal baie lekker gewees het om ‘n broer of ‘n suster te hê, maar ander dae dink sy weer dit is lekkerder om alleen te wees, want dan word jy bederf: *“Ek dink dit sal nogal lekker wees om ‘n boetie of ‘n sussie te hê, want ek sal nogal lekker met hulle kommunikeer en hulle kan help waar hulle hulp nodig het, soos met hulle huiswerk en so. Maar ander dae dan dink ek net dit is beter om die enigste kind te wees, want dan is daar nie iemand wat jou kan irriteer nie. Dit is lekker om die enigste kind te wees, maar ook nie lekker nie, want jy kry soos al die moeilikheid, maar jy kry ook soos, jy word ook bederf”* (Ad 9).

Vir twee van die adolessente was hul broer en suster onderskeidelik die grootste vertroueling in hul lewens. Hulle het ook hierdie onderskeie verhoudings as die belangrikste in hul lewens beskryf. Beide hierdie adolessente het vir die navorser gesê dat hulle oor enige iets met die betrokke broer/suster sal gesels. Hulle voel dat dit die persone is wat hulle die heel beste verstaan en waarmee hulle alles kan deel: *“Nee, soos ek en sy ons weigh dieselfde en ons het dieselfde soos lengte en soos ons trek mekaar se klere aan en ons slaap in dieselfde kamer. En soos ons praat baie soos, soos ons sal met mekaar praat soos wat het jy by die skool gedoen, hoe was die eksamen? Ek sal tot haar huiswerk vir haar doen”* (Ad 3). Die ander adolessent stel dit soos volg: *“Ek praat die maklikste met my broer. Ek praat oor alles met hom, soos hoe my dag was; oor my meisie en goed, oor wat ek in sport gedoen het; of my dag goed of sleg was. Dit voel vir my gemaklik om met hom te praat. Dit voel of hy my verstaan”* (Ad 7).

Al die ander adolessente het vertel van hul broers en susters en al die dinge wat hulle saam doen en ook van die normale konflik tussen hulle, maar dit nie as die belangrikste verhouding in hul lewens voorgehou nie.

Die literatuur ondersteun die belangrike rol wat sibbe in mekaar se lewens speel, en wys daarop dat positiewe verhoudings tussen sibbe 'n belangrike bron van sosiale ondersteuning bied (Vickers, 2010:22). Hierdie onderlinge verhoudings met sibbe dra by tot die vermindering van angs in aanpassingsituasies soos verandering van skool, egskeiding van ouers en so meer. Veral ouer sibbe oefen 'n belangrike invloed op die ontwikkeling van jonger sibbe uit. Hulle tree as rolmodelle op, tree ondersteunend op in die aanleer van nuwe vaardighede soos sportaktiwiteite en skoolaktiwiteite, en toon groter begrip as volwassenes vir die jonger sibbe se belewenisse oor die algemeen (Shaffer & Kipp, 2007:612; Shaffer, 2002:553).

### 5.5.3 Hooftema 3: Die adolessent se omskrywing van die self

Vir die navorser was dit baie opvallend dat al die adolessente, sonder een uitsondering, meer gemaklik en ontspanne geraak het tydens die onderhoudvoering die oomblik toe die verskuiwing van die gesinsfunksionering en verhoudings na die adolessent self gemaak is. Hulle het met 'n groter entoesiasme begin gesels oor hul belangstellings, vriende, sport, skoolaktiwiteite en sosiale bedrywighede. Hulle het ook hul toekomsverwagtinge en wêreldbeskouing met die navorser gedeel. Al die adolessente het gesê dat dit vir hulle aangenaam was om die collages te maak en om oor hulself na te dink.

#### *Subtema 3.1: Omskrywing van die self as 'n unieke persoon*

Soos reeds genoem, het die adolessente spontaan en gemaklik oor hulself gepraat. Dit was vir die navorser opvallend hoedat hul liggaamstaal, geselstrant en gemoed ligter en gemakliker geword het toe die fokus van hul gesin na hulself verskuif het. Verder was dit vir die navorser duidelik uit al die gesprekke rondom die self dat al nege die adolessente hulself al deeglik ondersoek het om hulself te plaas binne hul gesin, sosiale omgewing en portuurgroep. Hulle kon almal 'n breedvoerige omskrywing van die self weergee en het insig getoon in hul sterk sowel as swak persoonlikheidseienskappe.

*"Ek hou van drama en goeters, sport ook. Ek hou van hokkie en krieket, nie so baie van rugby nie. Ek sien myself as 'n persoon wat gemaklik is met homself, in die eerste plek en wat grapperig is, musikaal is. Wat belangrik is vir my is dat my vriende my sien soos wat ek is en van my hou soos wat ek is"* (Ad 1).

*"I think that what makes me unique is the fact that I'm not afraid to be myself. The people I surround myself with are also a part of what makes me unique, because they are people that you will never find anywhere else. I am a little more mature than my peers because I had to learn to be independent at a very young age. It was a rough time in my life but it has given me experience that most people will never encounter. I have emotional strength that most people only develop later in their adult lives. I have two sisters that are not quite emotionally stable and as their old sis they rely on me as a source of comfort and advice. To be honest, when I look back and I think about what makes us unique, the answer is everything. I honestly don't think there is anyone else that knows us well enough to know exactly what we do, but my family are the people that contributes to my uniqueness"* (Ad 2).

*"Ek is maar, vir myself is ek net daarso om, ek is 'n mens wat omgee vir mense, ek sal uit my pad uitgaan om hulle te laat lag as hulle ongelukkig voel. Ek sal probeer daar wees vir hulle as hulle my nodig het. Ek sal die vriend wees vir hulle wat hulle ondersteun as hulle deur moeilike tye gaan. Ek is ook nie 'n mens wat stilsit en niks doen nie. Ek hou daarvan om besig te wees. Ek hou daarvan om goed te doen, soos kuier en so aan"* (Ad 5).

*"Die een ding nou is ek hou van kuns, soos kreatiewe kuns, ja ek laaik dit. Ek is mal oor sweets, veral tjoklits... en dan is ek ook mal oor tegnologie en ek kan dit goed handle. Ek hou daarvan om games te speel en ek is 'n bok vir sports. En dan is daar mos die kreatiwiteit. Dit is nou ek is mal oor fashion en almal sê ek kan ou klere laat splinternuut lyk en my klere pas altyd by my. Ek hou baie van kleur en dan die styl, amal sê ek het goeie styl en ek dink ook so. Die liefde is vir my 'n hoogtepunt. Ek is mal daaroor om liefdevol te wees en dit wys ook dat ek daar sal wees vir die persoon wat my nodig het"* (Ad 9).

Die adolessente kon almal ook hul swakpunte identifiseer en gemaklik daaroor gesels. Hulle het dit soos volg verduidelik: *"Daar is baie swakpunte. Ek is nie baie sportief nie. Ons hou van dans, maar ons is nie rêrig in hokkie of enige iets nie. Ek is nie baie slim nie, ek is maar average. Ja, en ek kan kwaad raak. Maar as ek kwaad raak, sal ek soos my sussies ignoreer, want daar is geen punt om met hulle te baklei nie, daarom ignoreer ek hulle maar"* (Ad 3).

*"My swakpunte is sport, ek hou glad nie van sport nie. Ek sal dit doen, maar ek sal nie altyd in 'n span kom nie, ek is nie so goed daarin nie. So dit is nou nie een van my beste punte wat ek het nie. En 'n ander swak punt is om soos te baklei. Ek sal as jy my nou rêrig, rêrig kwaad maak dan sal ek jou dalk 'n hou of twee gee, maar anderster sal ek jou maar net uitlos en ignore. Geduld is ook een van my swakpunte. Ek het rêrig nie geduld nie"* (Ad 8).

*"Ek sal sê om partykeer met respek te sukkel, soos met my ander vriende, as hulle nie vir my respek het nie, sal ek ook nie vir hulle hê nie. Wat eintlik verkeerd is. Ek moet hê. En dan sal ek sê ek raak baie vinnig kwaad, soos ek het 'n baie kort humeur. Maar die ergste is my kort humeur. Ek raak verskriklik vinnig kwaad oor die kleinste goedjies"* (Ad 6).

Die self behels die persoon in sy totaliteit; met ander woorde, al die aspekte waarmee die self identifiseer, byvoorbeeld fisiese voorkoms, naam, behoeftes, rolle, waardes, vermoëns en swakpunte (Shaffer & Kipp, 2007:506). Adolessente met 'n gesonde sin vir self is ten volle bewus van die self in die hier-en-nou en is in staat om hulself te beskryf in terme van *"Dit is wie ek is"* en *"Dit is wie ek nie is nie."* (Woldt & Toman, 2005:182). Vanuit die navorsingsbevindinge blyk dit dat die adolessente in staat is om hulself te beskryf in terme van talente, belangstellings, persoonlikheidseienskappe en swakpunte. Die bevindinge dat adolessente uit lesbiese ouerhuise se algehele psigologiese ontwikkeling nie beduidende verskille toon met die ontwikkeling van adolessente in heteroseksuele huwelike nie, word deur die literatuur ondersteun (Barlow, 2013; Golombok, *et al.*, 2003:26; Mcnair, Dempsey, Wise & Perlesz, 2002:48).

Volgens Woldt en Toman (2005:182) is dit egter van groot belang om ‘n holistiese perspektief van die adolessente binne hul unieke veld te verkry. In hierdie verband blyk dit uit die literatuuroorsig dat adolessente uit lesbiese ouerhuise die stigmatisering en verwerping vanuit die heteronormatiewe samelewing moet hanteer en dit die hoof moet bied ten einde hul uniekheid en identiteit te ontwikkel. Dit blyk verder dat die kwaliteit van gesinsverhoudings ‘n belangrike rol speel in die hantering van hierdie struikelblokke, en uiteindelik die uitkoms van die adolessente se ontwikkeling van ‘n eie identiteit en bepaling van ‘n sin vir self (Amato, 2012:771; Chamberlin, 2010:10; Patterson, 2005:13). Die adolessente se omskrywing van die self binne hul lesbiese gesinne gaan vervolgens bespreek word.

**Subtema 3.2 Die omskrywing van die self in die lesbiese gesin**

As reaksie op die versoek om van hulself in die gesin te vertel, het agt (Ad 1, Ad 3, Ad 4, Ad 5, Ad 6, Ad 7, Ad 8, Ad 9) van die adolessente begin lag. Dit was baie interessant dat al agt van die adolessente hulself as grapmakers, *fun* en vol pret beskryf het. Hierdie agt het ook gesê dat hulle in hul onderskeie vriendekringe die een is wat altyd probeer om die ander vriende op te beur. Hulle is nie bang om ‘n grap van hulself te maak nie en sal maklik iets snaaks aanvang as hulle “*gedare”* word: *“Ek sal myself beskryf soos ek is baie fun, ek is mal oor avonture. My pelle sê ek is funny, loud, mal, maar als in ‘n goeie manier. En hulle sê ek is baie vriendelik en liefdevol en as iemand my respekteer, dan respekteer ek hulle” (Ad 9).*
*“Grapperig. Ek sal altyd uittartend wees met ‘n grap of spelerig wees of grappies maak dat ‘n mens lag tot die dood”* (Ad 4).

*“Ek is altyd die enetjie, snaakse enetjie in my groep, die ene wat al die goed sal doen wat die ander nie sal doen nie. Ek sal nou nie sê, domgoed doen nie, maar die goed doen wat die ander te skaam of te bang is om te doen. In die huisgesin is ek ook altyd die een wat kan grappe maak die heeldag, en die mense uithaal, maar soos in ‘n goeie uithaal, verstaan soos met grappe”* (Ad 6).

Die ouers het ‘n breë omskrywing van elke adolessent gegee. Hierdie omskrywings van die ouers het ten nouste aangesluit by die adolessente se selfbeskrywings: *“Hy*

*is verskriklik outgoing, I love myself, baie selfvertroue. Hy is 'n goeie leier. Sy boetie kry partykeer swaar onder hom, want hy is weer teruggetrokke. Hy is die sport-outjie, maar baie teruggetrokke"* (BM 4).

*"She is very special and unique in her own way as well. She is always happy and she has got something to share and she is always smiling and she is always you know, she is lots of fun, you know she is lots of fun"* (MM 2).

*"Kyk ons probeer die humor in ons gay verhouding en gesin sit. Ons maak grappe met die seuns en joke met mekaar. So sal [adolessent] ook nie stilbly nie, hy sal altyd terug joke en grappe maak. Eendag is sy gulp oop, ek sê; 'Maak toe daardie gulp.' Hy sê: 'Nee man, 'n goeie besigheid maak nooit toe nie.' Jy weet ons call a spade a spade, en praat oor alles met mekaar, op 'n ligte manier"* (AO 1).

Hoewel die ouers en adolessente 'n baie positiewe beeld geskilder het oor die adolessente se self binne die lesbiese gesin, het die navorser by al agt hierdie adolessente ook polariteite in hul beskrywings ondervind, wat vrees vir verwerping en onsekerheid oor die self na vore gebring het. Hierdie polariteite is ondermeer soos volg deur die adolessente bekend gemaak: *"Ja, ek is nie rêrig soos ander kinders nie, ek is meer soos, ek doen my werk en alles, maar ek vat nie my probleme kop toe nie. Ek sal sit en dan lag ons maar oor dit. Ek lag maar oor die goed wat sleg is in my lewe, want daar is nie nut om 'n groot issue te maak van goed nie. Ek weet ek is nie 'n perfek nie, ek is nie, dis 'n feit"* (Ad 3).

*"Ja, by die huis was ek anders. Hoe kan ek nou sê, dit was net anderster, want by die skool kan ek soos 'n normale seun aangaan, bietjie stout en sulke goed. Want daarso by die skool kan ek vergeet vir so 'n rukkie wat by die huis aangaan. Dan kom ek terug by die huis en dan weet ek, nee, dit is nog dieselfde. Ja, want dit is nie vir my lekker om te weet my ma is so nie. Sy kon eerder 'n ander man ontmoet het, as wat sy nou die vrou ontmoet het"* (Ad 5).

*"En dan is ek by die huis maar soos 'n normale kind, help waar daar hulp nodig is en probeer om die familie soos beter te maak. Want nou en dan, dan gaan ek en maak*

*hulle skrik, want ek weet hulle het 'n lang dag gehad, maar dan wil ek hulle net herinner dat hulle nou nie hulle stress moet huis toe bring nie. Net 'n bietjie lag, maar dit het ook op 'n manier verkeerd uitgedraai met die tannie-storie. Want sy kom altyd eerste in en dan sê ek: 'Wha!' en toe sê sy ek moet ophou om dit te doen, nou-nou kry sy 'n hartaanval. Toe vat sy dit heeltemal te ernstig op. So ek doen dit glad nie meer nie"* (Ad 9).

Die onderskeie ouers het die polariteite erken en gevoel dat hul homoseksuele verhouding moeilik was vir die adolessente om te hanteer. Die ouers het ook gevoel dat dit 'n bepaalde invloed gehad het op die adolessente se ontwikkeling van 'n sin vir self. Twee van die biologiese ma's het baie emosioneel geraak toe hulle oor die moontlike invloed wat hul lesbiese ouerskap verhouding op die adolessente kon uitoefen, gepraat het. Die volgende aanhalings van die ouers ondersteun die adolessente se verduidelikings: *"Maar my woede het skade gedoen. Hy sal baie meer terughou naby my. Stiller wees, eenkant bly. Ek het hom partykeer dae lank geïgnoreer. Gemaak of hy nie bestaan nie. Ek dink dit het 'n groot invloed op sy persoonlike ontwikkeling gehad"* (MM 1).

*"Hy is baie sag. Dit kos nie baie om sommer net sy hartjie sag te kry nie, hy sal sommer maklik huil, maar hy praat nie maklik nie. Hy is soos sy ma, hulle praat nie baie nie. Jy moet maar aan hom torring om 'n ding uit hom te kry"* (MM 3).

*"Ek dink die gay woord is vir haar soos die woord seks, sy sê dit nie. Ek dink die woord maak haar skaam. Alhoewel sy sê sy is ok met dit en very open en dat sy nie omgee wat mense dink nie, almal kan maar weet, dink ek nie dit is regtig so nie. Ek dink sy is bang vir die feit dat sy deur haar maats gejudge kan word. Sy kan haar wel die sterker een hou en voorgee sy gee nie om nie, ek dink tog sy doen. Ek dink tog sy gee om"* (BM 2).

Terwyl hierdie agt adolessente hulself in die bogemelde polariteite, naamlik grapmakers wat nie bang is om hul naam weg te gooi nie aan die een kant en teruggetrokke, stil en onseker aan die ander kant, omskryf het in hul lesbiese gesin, het adolessent 2 haarself as stil en rustig beskryf: *"Ek hou nie daarvan om uit te*

*gaan saam met baie mense nie. Ek hou meer daarvan om by die huis te bly."* Haar ouers ondersteun (Ad 2) se beskouing dat sy rustig is en nie daarvan hou om in groepe uit te gaan nie: *"Ja, sy is nie in 'n groep nie, sy val bietjie weg in 'n groep. Ek dink sy moet nog definitief 'n bietjie meer social skills ontwikkel. Kyk, sy is baie volwasse, maar sy is nie social nie"* (BM 2).

Vanuit die literatuuroorsig oor die ontwikkeling van adolessente in lesbiese ouerhuise, kon die navorser nie bronne bekom wat spesifiek fokus op die adolessente se ontwikkeling van 'n sin vir self nie. Dit wil vir die navorser voorkom of daar grotendeels in die navorsing gefokus is op die seksuele ontwikkeling van die adolessente, gesinsverhoudinge en die invloed van stigmatisering en verwerping deur die sosiale omgewing. Waar daar wel na die psigologiese ontwikkeling van die adolessente verwys is, was die inligting baie algemeen en het dit nie op verskillende aspekte soos identiteit of 'n sin vir self gefokus nie.

Die navorser moes derhalwe die bogenoemde polariteite in adolessente se omskrywing van die self in die lesbiese gesin aan die hand van beskikbare literatuur in hierdie verband beoordeel. Vanuit die Gestaltperspektief vind adolessente se ontwikkeling van 'n sin vir self nie geïsoleerd plaas nie, maar binne 'n fenomeenveld. Die fenomeenveld verteenwoordig die totaliteit van die adolessente se waarnemings en ervarings (Meyer, Moore & Viljoen, 2000:490). Wanneer adolessente kritiek, pyn of verwerping vanuit die fenomeenveld ervaar, maak hulle gebruik van kontakgrensmodifikasies om hulself van verdere pyn en seerkry te beskerm (Blom, 2004:113). Hierdie kontakgrensmodifikasies kan 'n wye verskeidenheid van vorme aanneem. So kan adolessente humor gebruik om pyn weg te steek, hulle kan onttrek uit sosiale omgewings om hulself teen spot te beskerm, hulle kan ontwykend reageer op vrae oor hul lesbiese ouerhuise en so meer. Daar sal egter 'n in-diepte studie oor kontakgrensmodifikasies moet plaasvind om vas te stel presies wat adolessente in lesbiese ouerhuise gebruik om hulself te beskerm teen stigmatisering en verwerping uit die sosiale omgewing.

***Subtema 3.3: Omskrywing van die self binne die portuurgroep***

Die meeste van die adolessente uit die lesbiese ouerhuise het vertel dat hulle nie hul portuurgroep maklik vertrou nie. Uit vrees vir verwerping en stigmatisering vermy hulle baie sosiale aktiwiteite en behoort die meeste van hulle nie aan uitgebreide vriendskapsgroepe nie. Hulle nooi ook nie maklik vriende oor na hul ouerhuis toe nie. Die adolessente vertel egter dat hulle een of twee vriende het wat hulle genoeg vertrou om hul gesinsidentiteit aan hulle bekend te maak. Die enkele vriendskappe is vir hulle baie belangrik en dit is ook die enigstes wat hulle genoeg vertrou om oor te nooi na hul huis. Die adolessente plaas ook 'n hoë premie op betroubaarheid en voel dat hulle nie enige persoon kan vertrou nie, en derhalwe sal hulle nie teenoor enige iemand hul ware gesinsidentiteit bekend maak nie. Die adolessente het die self soos volg binne hul portuurgroep omskryf:

*"Ek het twee beste pelle. Ek ken hulle al my lewe lank. Ek sal nooit sê my ma is homoseksueel of daar is 'n ander vrou of so iets nie. Daar's twee vriende wat weet en dit is my beste vriend en my ander beste vriend. Enigste twee mense wat weet my ma is homoseksueel. Maar verder nie" (*Ad 1).

*"Die friendship group waarin ek nou is by die skool, ek wil nie daar wees nie, maar ek weet as ek nou nie daar is nie, gaan ek alleen sit by die skool. So ek sit maar daar en ek sê niks nie. Ek is nie close met enige een van hulle nie, want hulle is almal anti-gay. Soos hulle sal sê: 'Jew ... gross, hoe kan 'n mens so wees?' Maar soos ek is nie so nie ... Dan bly ek stil want ek wil nie met hulle baklei nie, want ek weet hulle is baie judgemental, soos erg. Ek het net een seunsvriend wat baie close aan my is. Hy kom slaap by ons oor en ek dink hy weet my ma-hulle is gay, anders is hy baie stupid"* (Ad 2).

*"Kyk jy weet mos wanneer kan jy iemand vertrou, wat jou nie sal seer maak nie, vir wie jy jou secret kan sê. There is only a few people I can trust. Dit is my twee beste vriende en my sussies. Ek weet enige iets kan gebeur ons sal mekaar nooit in die rug steek nie"* (Ad 3).

*“Ek het net een vriend. Ons deel alles, soos ons sal tot geld deel as dit moet. Die ander praat ek nie regtig mee nie, want hulle is lelik met ‘n mens. Hulle is soos boelies, hulle wil nie rêrig met jou praat nie, hulle sal jou net spot en goed”* (Ad 8).

Hoewel die adolessente hul vrees vir stigmatisering en verwerping deur die portuurgroep bekend maak, speel die vriende wat hul kan vertrou ‘n belangrike rol in hul lewens, tot so ‘n mate dat hierdie vriendskappe hulle deur die moeilike tye in hul lewens gedra het. Hulle verduidelik dit soos volg:

*“Hulle ondersteun my baie, want ek ondersteun hulle, dan ondersteun hulle my baie. Hulle verstaan my meer en soos hulle cheer my altyd op. Hulle weet altyd hoe om my te laat lag, want ek laat hulle altyd lag met ‘n grappie, dan vertel hulle dit vir my en dan lag ek weer. So hulle weet net hoe om my te laat lag en te laat vergeet van die pyn en die probleme wat ek het”* (Ad 9).

*“Ek is myself voor hulle. Dit waarin ek glo en wat ek wil hê, dit is ek. So as ek wil hartseer is, sal ek hulle wys, hoor hier, ek is hartseer. As ek gelukkig is sal ek ook vir hulle sê, hoor hier, ek is gelukkig. Ek sal niks vir hulle wegsteek nie”* (Ad 5).

Ontwikkelingsielkundiges (Berk, 2012:605; Bukatko & Daehler, 2012:550; Siegler et al., 2011:520; Louw *et al.*, 2004:454) is dit eens dat portuurgroepverhoudings van kardinale belang is vir die gesonde sielkundige ontwikkeling van adolessente. Volgens Louw *et al.* (2004:457) beoordeel die meeste adolessente hul eiewaarde gemeet aan ander se reaksies, en daarom is hulle afhanklik van die goedkeuring, aanvaarding en ondersteuning van die portuurgroep. Lubbe (2007:263) en Golombok *et al.*, (2003:30) meen in hierdie verband dat adolessente in lesbiese ouerhuise meer probleme ondervind met portuurgroepverhoudinge as adolessente in heteroseksuele gesinne, as gevolg van hul vrees vir stigmatisering en verwerping deur die portuurgroep.

Verder wys Omoto en Kurtzman (2006:245) daarop dat die *geheimhouding* van hul lesbiese ouerhuis die adolessente blootstel aan negatiewe kommentaar oor gays, anti-gay grappe en opmerkings wat hul ouers afkraak en verneder. Hierdie ervarings

laat die adolessent met gevoelens van isolasie en verwerping (Reyneke, 2007:44). Die moontlikheid vir verwerping word net nog groter, en dit weerhou hulle dus daarvan om hul eie gevoelens of ervarings bekend te maak. Hierdie patroon kan volgens Anthonissen en Oberholzer (2001:157) tot 'n gevoel van wanhoop lei, omdat die adolessente onder die indruk kom dat niemand hulle verstaan nie.

Die navorsingsbevindinge van hierdie studie sluit aan by die bogenoemde uitdagings wat adolessente in lesbiese ouerhuise binne die portuurgroep ervaar, en toon verder dat hulle hul gesinsidentiteit geheim hou ter wille van aanvaarding. Volgens Yontef (1993:503) beïnvloed die geheimhouding van hul ware gesinsidentiteit die gesonde ontwikkeling van hul sin vir self, omdat hulle voel hulle word net gedeeltelik aanvaar en hulle moet voortdurend probeer om die portuurgroep tevrede te stel. Die adolessente onderdruk derhalwe hul ware self om die behoefte na aanvaarding deur die portuurgroep te bevredig. Dit kan lei tot gevoelens van minderwaardigheid, selfkritiek en skaamte (Woldt & Toman, 2005:182).

***Subtema 3.4: Omskrywing van die self binne sosiale verhoudings***

Twee van die adolessente het vertel dat hul vrees vir stigmatisering en verwerping as gevolg van hul lesbiese ouerhuis daartoe aanleiding gegee het dat hulle 'n sosiale fobie ontwikkel het. Hulle het verduidelik dat hulle so bang was oor wat mense sal sê, dat hulle nie in sosiale omgewings wou wees nie, maar eerder alleen en eenkant: *"Ek was so  anti-social ek kon nie eers restaurante toe gaan nie, ek het soos 'n fobia gehad. As ons na 'n restaurant toe sal gaan, maar hulle moet my forseer het, my pa-hulle, my ma-hulle sou nie laat ek gaan nie, want my pa-hulle hulle sal my soos na 'n restaurant toe vat dan sal ek huil. En ek sal, dit was vir ons safe en ek soos sit daar en sal so skud en ek sal huil en ek sal sê nee"* (AD 3).

*"Ek was bang om te vertel, want wat sou hulle gedink het van my, was altyd my vraag. Dit het my bang gemaak. Want ek het nie geweet hoor hier as ek by die skool kom, het ek nog 'n maatjie met wie ek speel of gaan ek daar eenkant sit en 'n toebroodjie eet of... Ek het dit nooit geweet nie, dit was altyd my vrees gewees"* (Ad 4).

Die meerderheid van die lesbiese ouers bevestig hierdie sosiale isolasie, en probeer so ver moontlik hul lesbiese oriëntasie ‘n geheim hou ter wille van die adolessente: *“I think unfortunately it is difficult for me especially, because there is a lot of times I feel left out of things, but at the same time it is positive for the kids. It is just to try and keep things more private, as much as you can. So I think for me the keyword is just to stay private as best as what we can for the sake of them, to feel more happy and comfartable where they are”* (MM 2).

Volgens Tasker en Patterson (2007:28) is sosiale isolasie een van die aspekte wat lesbiese ouers en hul adolessente die meeste raak. Die sosiale isolasie het hoofsaaklik twee oorsaaklike redes: Eerstens is homoseksuele persone geneig om te onttrek uit sosiale omgewings waar hulle verwerping en stigmatisering kan ervaar, en tweedens word hulle dikwels deur die heteroseksuele samelewing verwerp (Amato, 2012:773). Hierdie sosiale isolasie lei daartoe dat kinders en adolessente binne lesbiese ouerhuise hoofsaaklik blootgestel word aan homoseksuele gemeenskappe en min sosiale ondersteuning vanuit die heteronormatiewe samelewing ontvang (Amato, 2012:773; Tasker & Patterson, 2007:28).

Solodnikov en Chkanikova (2010:58) is verder van mening dat die genoemde sosiale isolasie aanleiding gee tot die ervaring van innerlike konflik deur die adolessent, omdat adolessente hul eie gesinne probeer posisioneer en verstaan binne ‘n breër sosiale raamwerk. Henderson en Thompson (2011:223) sluit hierby aan, en meen dat adolessente se sin vir self hoofsaaklik twee dimensies het, naamlik ‘n behoefte aan aanvaarding en ‘n behoefte aan gevoelens van bevoegdheid. Indien een van die behoeftes (in hierdie geval die behoefte aan aanvaarding) nie bevredig word nie, sal die adolessente ‘n gefragmenteerde sin vir self ontwikkel; met ander woorde, hulle sal nie oor die waagmoed beskik om hul ware self aan die wêreld of sosiale omgewing te toon nie. Die navorsingsbevindinge van hierdie studie dui daarop dat die adolessente nie die waagmoed het om hul ware gesinsidentiteit as deel van hulself te erken nie.

***Subtema 3.5: Omskrywing van die emosionele self***

Die adolessente het vertel dat hul emosionele belewenisse binne hul lesbiese gesin met die verloop van tyd verander het. Aanvanklik het hulle negatiewe emosies ten opsigte van hul lesbiese ouerhuis beleef, maar namate hulle dit aanvaar het, het hulle belewenisse meer positief geword. Dit blyk egter dat, hoewel die meeste van hulle hul lesbiese ouerhuise met verloop van tyd aanvaar en selfs as gelukkig ervaar, hulle steeds verwerping uit die breër sosiale gemeenskap vrees. Die adolessente omskryf hul emosionele ontwikkeling soos volg: *"Daardie tyd was dit vir my soos, ek het skaam gekry omdat my ma so is. Ja, ek sal sê dit is nou makliker. Ek het net besef dit is maar die keuses wat hulle gemaak het en ek kan dit nie verander nie. Jy gaan iemand kry wat jou aanvaar vir wie en wat jy is en jou omstandighede verstaan ook. Dit het my laat beter voel oor myself"* (Ad 5).

*"Ek was baie, ek weet nie, daar was trane en daar was bang ... Nee, nou is ek cool, nou is ek reg. Ek is glad nie meer bang vir mense of so iets nie. As iemand mislik is met my, sal ek ook mislik wees. Ek sal vir hulle sê: 'Gaan weg'"* (Ad 3).

*"Hulle het my baie geleer om my selfbeeld te bou, dat ek goed voel oor myself en nie skaam moet wees oor wie ek is nie, oor van waar af ek kom nie. So hulle het my baie gehelp om actually 'n vriendekring te begin en goed oor myself te voel, sou ek sê"*
(Ad 6).

Die lesbiese ouers het ook daarvan getuig dat die adolessente se emosionele belewenisse van die lesbiese gesin met verloop van tyd meer positief geword het. Die ouers verduidelik dit soos volg: *"Dit voel vir my op die oomblik of sy bietjie meer ondervinding het en lewenservaring as haar maats. So vir my dink ek sy is baie volwasse vir haar ouderdom. Sy vat baie verantwoordelikheid en sy weet wat is die regte goed om te doen en wat nie"* (BM 5).

*“Ek het haar by ‘n sielkundige gehad, hulle het met haar gewerk. Sy het spraak- en arbeidsterapie gekry, om haar deur die ergste te trek. Sy is liefdevol en terugetrokke”* (BM 3).

Volgens Heyns (2010:204) kan daar aanvaar word dat kinders en adolessente deur ‘n proses van aanvaarding moet beweeg ten einde ‘n hersaamgestelde gesin te aanvaar. Dit vereis dat die adolessente met hul gedagtes rondom hul biologiese ouers se egskeiding en die lesbiese ouerhuis moet worstel, ten einde te aanvaar dat die nuwe gesinsomstandighede ‘n onveranderbare werklikheid is. Hierdie worsteling stel die adolessente in staat om hul gevoelens van woede, skaamte, verlies en hartseer te herkonstrueer. Sodoende behoort hulle nuwe betekenis aan die onaangename gebeure en omstandighede te gee, ten einde alternatiewe gedagtes en emosies te ontwikkel wat hulle in staat stel om hul nuwe gesin te aanvaar, hul ouers daarvoor te vergewe en die realiteit konstruktief tot hul eie aanpassing en groei te benut. Vanuit die navorsingsbevindinge het die adolessente hierdie aanpassingsproses deurgemaak en in verskeie opsigte daarin geslaag om die realiteit tot hul eie aanpassing en groei te kon benut. Dit is egter vir die navorser duidelik dat al die adolessente nie op dieselfde vlak van aanvaarding is nie en dat hulle steeds besig is om te groei en aanpassings, binne hul unieke ervaringsveld, te maak.

***Subtema 3.6: Persoonlike besluitneming en verantwoordelikheid***

Die adolessente het almal verwys na die belangrikheid van die keuses wat elke persoon in die lewe maak, en almal het ook gevoel dat elke persoon verantwoordelikheid vir sy/haar eie lewe en die uitkomste van besluite moet neem.

*“Hoe jy is, is ‘n keuse wat jy maak. Dit is nogal vir my dat jy kies wie jy wil wees en jou ma kies haar verhouding. Selfs my verhouding met Jesus was ‘n keuse en my Christenskap was ook ‘n keuse. Keuses het vir my dalk die grootste invloed op wie jy is. Die Here het vir ons ‘n vrye keuse gegee, want as jy nie ‘n keuse gehad het nie, was daar nie ‘n doel op die aarde nie. Dan sou jy net gelewe het soos jy moes lewe,*

*soos jou lewe is uitgelê en dit is hoe dit gaan gebeur. Dit sou nie reg wees nie. Jy kan kies of wil jy so wees of so wees of so wees, daar is verskillende opsies"* (Ad 1).

*"Ek sal nie sê my ouers is enige invloed oor hoe ek is nie, ek dink dit is maar hoe ek kies om te wees. My ouers het niks te doen met hoe ek is by die skool nie, as ek mislik is het my ouers niks daarmee te doen nie. Dit is ek. Ek het nou weereens die verkeerde keuse gemaak om mislik te wees en goed, my ouers het niks daarmee te doen nie. Jou ouers kan jou die mooiste maniere in die wêreld leer, maar jy kan nog altyd die verkeerde keuses maak"* (Ad 8).

*"Jy moet besluit, dit is jou eie keuse wat jy wil doen, jy wil so uitdraai of jy wil so uitdraai. 'n Mens kan iemand help tot op 'n punt, dan bly die besluit jou eie. As iemand nie wil hulp aanvaar of luister nie, moet hy maar die keuses en gevolge daarvan dra"* (Ad 5).

Die klem op persoonlike keuses dui op die bereiking van 'n belangrike ontwikkelingstaak tydens adolessensie. Die periode van formeel-operasioneledenke tydens adolessensie stel adolessente in staat om hul eie hipoteses te vorm, dit te ondersoek en te toets, abstrak te dink en hul eie besluite te neem. Hierdie besluitnemingsproses vorm 'n belangrike tree in hul onafhanklikheidswording en ontwikkeling van 'n eie identiteit en sin vir self (Louw *et al.*, 2004:472). Die navorser vind groot aanklank by Frankl (2000:556-557), wat die vryheid van verantwoordelikheid as 'n unieke eienskap van die mens beskou. Vryheid van verantwoordelikheid veronderstel dat mense voortdurend voor keuses gestel word, en dat die mens derhalwe die vryheid het om te kies ten einde persoonlike gedrag te stuur en te rig. Dit beteken verder dat die mens in staat is tot selftransendensie, wat verwys na die menslike vermoë om bo omstandighede uit te styg en persoonlike doelwitte te bereik, sonder om toe te laat dat omstandighede dit verhinder.

Dit is duidelik uit die navorsingsbevindinge dat die adolessente in lesbiese ouerhuise genoodsaak was om na te dink oor hul gesinsomstandighede en die self binne hierdie unieke omstandighede. Die kontrasterende menings, vanuit die heteroseksuele samelewing en die homoseksuele gemeenskappe, oor die

adolessente se ouers se seksuele oriëntasie het daartoe bygedra dat hulle ‘n persoonlike standpunt daaroor moes inneem. Dit blyk verder dat hulle die verantwoordelikheid van hul eie keuses in hul besluitnemingsprosesse vooropstel.

***Subtema 3.7: Toekomsverwagtinge***

Al die adolessente het positiewe toekomsverwagtinge en realistiese toekomsdrome gehad. Wat vir die navorser baie interessant was, is dat – sonder een uitsondering – al nege die adolessente in toekomstige beroepe wil wees waar hulle ander mense se emosionele pyn kan verlig. Die vraag ontstaan derhalwe of dit verband hou met hul eie emosionele belewenisse.

*“I want to have a successful career in the art world but mainly because I want an impact on children and I want to teach them to love themselves the way God loves them. I want to have an effect on spreading Christianity, making charities, traveling the world, giving speeches and helping those in need” (Ad 3).*

*“Op hierdie stadium wil ek graag my kursus in verpleging klaarmaak om ‘n beter salaris te verdien. Verpleging is vir my iets lekkers om te doen, want dan sien ek om na ander. So as ek goed is vir hulle, weet ek hulle sal weer goed wees vir my. Ja, ‘n ding waarvan ek hou om te doen is om ander mense met hul fisiese, emosionele en geestelike pyn te help”* (Ad 4).

*“Ek wil graag beroemd wees. Ek dink dit is net dan ken meer mense jou. Party mense sien jou as ‘n held, ander dink dalk weer jy is nie so wonderlik nie, maar jy het ‘n groot invloed op hulle lewens. Dit is al by die skool so, party van die kleiner kinders, soos my boetie se maats, sal na my toe kom en praat oor wat met hulle gebeur het. Ek het ‘n baie sagte hart vir kinders, veral hulle wat gespot word. Dan wens ek net daar is iets wat ek daaraan kan doen”* (Ad 8).

Volgens Grootboom (2007:51) is ‘n toekomsverwagting ‘n verwysing na ‘n spesifieke moment in tyd wat nog nie bestaan nie. Hierdie verwagting word egter in die hede gevorm, en is derhalwe ‘n refleksie van hoe die huidige omstandighede die

adolessente se realiteit, drome, motivering en toekoms slyp en beïnvloed. Boshielo (2002:4) wys verder daarop dat die adolessente se toekomsverwagting ‘n refleksie is van hul selfbeskouing, wat hul antisipering en aspirasies vir die toekoms bepaal. Dit blyk uit die adolessente se toekomsverwagtinge dat hulle in staat is om positiewe projeksies van die self te maak en geloof in die self het om toekomsdrome te verwesenlik.

### 5.5.4 Hooftema 4: Faktore wat die sin vir self beïnvloed

***Subtema 4.1 Die lesbiese gesin***

Die adolessente het die invloed van hul lesbiese ouerhuis op hul ontwikkeling van ‘n sin vir self verskillend vertolk en verduidelik. Hulle verduidelikings het egter daarop gedui dat hul lesbiese ouerhuis wel in sekere opsigte ‘n beduidende invloed op hul ontwikkeling van hul sin vir self tot op hede gehad het. Die adolessente se verduidelikings was soos volg: *“My gesin waarin ek is, het ‘n baie groot invloed in my lewe gehad. Ek sê net gisteraand vir my ma, as ek nie in die gesin was nie, sou ek baie meer judgemental gewees het. Hierdie gesin het ons baie emotionally laat develop. Ek het meer geleer van verskillende lewenskeuses en hoekom mense sulke besluite maak”* (Ad 2).

*“Die feit dat ons in hierdie gesin is en dat ons ouers geskei is en dat ons ma nou gay is en goed, dit bou ons karakter. Dit maak ons sterker. Dit laat ons sterker word, maak nie saak wat ander mense sê nie, want daar is mense wat opkom na jou toe en jou vra oor jou ma-hulle. Dan sal ek jok, want dit het niks met hulle te doen nie. Dit maak jou half sterker vir whatever in jou lewe gaan gebeur, jy gaan dit kan handle want jy was al deur die meeste sulke goed”* (Ad 3).

“*Dit het ‘n groot invloed op my gehad. Ek was meer teruggetrokke en skaam gewees. Ek het nie geweet hoe hanteer ‘n mens dit nie. Ja, ek het stilgebly en goed en dit het net eendag, toe besluit ek, dit is tot hiertoe, ek gaan nie meer stilbly nie. Dit was nou maar net ‘n kwessie van ek moet begin sterk staan. Dit help nie ek voel die hele tyd sag en dinge gaan nooit regkom as jy sag is nie. So jy moet bietjie half hard wees om die lewe te kan face”* (Ad 4).

*“My ma is defnitief altyd daar vir my. So dit is positief, sy bou my altyd op. Sy vorm my elke liewe dag, ook as daar iets fout gaan of so. Die [metgesel ouer] hoe sy my gevorm het, is sy sê my sleg en goed. Dan ignore ek dit en dan verander ek myself om nie daarop te let of nie op dit te konsentreer nie. So hulle altwee vorm my eintlik positief, maar die een doen positief en die een doen negatief”* (Ad 9).

Die adolessente se beskrywings van hul ervaring van die invloed van hul lesbiese ouerhuis op hul ontwikkeling van ‘n sin vir self, spreek van die hantering van onaangename emosionele belewinge ten opsigte van hul lesbiese ouerhuis, ten einde te groei en hanteringsmeganismes te ontwikkel. Hierdie groei en ontwikkeling van die adolessente sluit ten nouste aan by Heyns (2010:188) se bevindinge dat, wanneer adolessente ‘n aanvaardingsproses deurgeworstel het, hulle vertroue in hul eie vermoëns ontwikkel en ‘n positiewe toekomsverwagting ervaar, omdat hulle tot die besef kom dat groei en ontwikkeling wel in hul eie lewe moontlik is. Dit is juis in die aanvaarding van die lesbiese ouerhuis waar die adolessente daarna streef om stabiliteit, tevredenheid en onafhanklikheid in hulle lewens te bereik (Viljoen, 2005:196; Müller, 2002:107). Deur hierdie proses van aanvaarding en persoonlike groei, ontwikkel hulle die vermoë om op ‘n positiewe wyse met die omgewing, mense, denke en gevoelens om te gaan.

Uit die navorsingsbevindinge blyk dit egter vir die navorser dat, hoewel die adolessente persoonlike groei en ontwikkeling beleef het binne die unieke gesinsdinamika van hul lesbiese ouerhuis, hulle in sommige aspekte disfunksionele hanteringsmeganismes ontwikkel het, soos byvoorbeeld die adolessent wat meld dat sy nie sleg voel om te jok oor haar gesinsidentiteit nie, want haar lewe het niks met die ander mense te doen nie. Nog ‘n voorbeeld spruit uit ‘n ander adolessent se ingesteldheid (soos bespreek onder subtema 2.2) dat die belangrike persone in haar lewe se geluk vir haar ‘n groter prioriteit is as haar eie. Verder meld die adolessente steeds geheimhouding, onttrekking en ontkenning as deel van hul hanteringsmeganismes. Die genoemde hanteringsmeganismes kan hul sin vir self negatief beïnvloed en gevoelens van onbekwaamheid, eensaamheid en lae selfwaarde tot gevolg hê.

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat die lesbiese ouerhuis, soos ook heteroseksuele ouerhuise, vir kinders en adolessente 'n verwysingsbasis vom vanwaar hulle hulself en ander kan evalueer, en dat dit 'n besliste invloed op die totale ontwikkeling van kinders en adolessente het. Ontwikkelingsielkundiges waarsku egter dat daar met versigtigheid gelet moet word op die invloed van ouers en gesinne op die ontwikkeling van kinders en adolessente, omdat 'n wye verskeidenheid van faktore soos temperament, persoonlikheid, sosiale omgewing, intelligensie, ekonomiese faktore en vele meer, ook bydra tot die algehele ontwikkeling van die mens (Berk, 2012:73; Louw *et al.*, 2004:357).

***Subtema 4.2 Geloof***

Al nege die adolessente het in hulle collages verwys na hul geloof. Agt van die adolessente het hul geloof in Jesus Christus beskou as die pantser teen die lewe se storms. Hulle het openlik getuig dat hul geloof hulle deurgedra het deur die moeilikste tye in hul lewens. Verder voel hulle ook dat hul geloof hulle in staat stel om die spot, verwerping en stigmatisering te hanteer. Vyf van hierdie adolessente het hul bekering beskou as die fondasie van hul persoonlikheid en die belangrikste bepaler van hul identiteit:

*"Dit het my lewe verander. Op laerskool het ek nie omgegee wat ek sê of doen nie, maar nou is ek heeltamal anders. Ek is sagter kan 'n mens sê en meer oop. Meer oop bedoelende ek hou nie meer alles terug nie"* (Ad 1).

*"God has a purpose for everyone of His people, but you have to have a relationship with Him in order to find out what it is. I truly believe and know that without God, I am nothing. He is the reason for my being and He is the reason I am who I am. Most people don't realise this but it doesn't always work out for Christians. Life is hard but it's an adventure and it's one that your Heavenly Father wants to share with you. People think that He comes to you and then everything is okey. That is absolute rubbish! The Lord is always there and you have to go to Him"* (Ad 2).

*“Ja ek moet sê toe ek soos nie baie sosiaal en goed was nie, was ek ook nie naby aan die Here nie. Ek het ‘n video gesien oor wat die Here vir ons gedoen het. Hy het dit vir ons gedoen om die reëls en regulasies van ons weg te vat, Hy het vir ons kom sê op watter pad ons moet gaan, maar Hy force jou nooit. Dit is jou keuse. En my verhouding met die Here, dit is net Hy het so baie vir my gedoen en dit is net ongelooflik, ek is so bly, want Hy sal jou nooit judge nie. Hy sal dit nooit doen nie, Hy is altyd daar vir jou. So toe ek nader aan die Here kom, het ek ook meer sosiaal geword”* (Ad 3).

*“Sonder My geloof sou ek nooit geleer het om humble te wees nie en om nie selfsugtig te wees nie en ook nie ‘n groot ego te hê nie. My geloof het my baie gevorm. Ek sal maar sê om positief te wees, moenie glo wat ander mense van jou sê as hulle jou slegsê soos oor die gay verhouding nie. Jy moet net weet dat die Here altyd by jou is en dat Hy altyd daar sal wees vir jou en jou hand sal vashou, maak nie saak waardeur jy gaan nie”* (Ad 9).

Van die ouers het die positiewe verandering wat geloofsekerheid in die adolessente teweeggebring het, soos volg beskryf:

*“Vandat hy Jesus aangeneem het as sy Verlosser, het hy baie rustiger geword. Dit is asof dit in hom ‘n rustigheid gebring het. Vastigheid. Ek weet nie presies hoe om dit te verduidelik nie”* (BM1).

Die positiewe invloed wat Christelike geloofsekerheid op die algemene psigologiese welstand en identiteitsontwikkeling van adolessente het, word deur verskeie navorsers bevestig (Gouws *et al.*, 2010:139; Furlong, 2009:413; Van der Vlies, 2007:92; Louw *et al.*, 2004:473; Müller, 2002:79). Christelike geloofsekerheid dra daartoe by dat adolessente sekere ontwikkelingstake met meer gemak kan afhandel. Christelike geloofsekerheid is ‘n belangrike hulpmiddel in die ontwikkeling van die adolessente se identiteit en sin vir self (Müller, 2002:92). Die geloofsekere adolessente weet wie hulle is en leef doelgerig om hul missie in die lewe te volvoer. Geloofsekerheid vergemaklik die vestiging van sosiale verhoudings, want geloofsekere adolessente is meer inskiklik en maak dus makliker vriende (Müller,

2002:92). Die geloofsekere adolessente toon meer gedissiplineerde gedrag en morele verantwoordelikheid (Boshoff, 2002:95).

Hierdie adolessente sien die toekoms as voorspelbaar en seker. Dit dra by tot die ervaring van sekuriteit, wat angstigheid verminder. Vergifnis en geloofsekerheid herstel emosionele toestande, en sodoende kan probleme/stres/trauma makliker oorkom word (Vickers, 2010:70; Joubert, 2009:221). Samevattend kan gesê word dat Christelike geloofsekerheid deurspoel na al die vlakke van menswees. Emosioneel dra dit by tot innerlike vrede en rig dit elke optrede in verantwoordelikheid om hoopvol en vervuld na more uit te sien.

### 5.5.5 Hooftema 5: Positiewe aspekte van die lesbiese gesin

Die volgende aspekte is deur die adolessente en hul ouers as positiewe punte van hul lesbiese ouerhuise beskou:

***Subtema 5.1: Gesinsverhoudings***

Vyf adolessente het die kwaliteit van hul gesinsverhoudinge as ‘n positiewe aspek beskou, en gemeen dat daar minder konflik in hul lesbiese ouerhuise is as wat hulle dink in ander gesinne is. Op die vraag wat baie positief in die gesin is, het Adolessent 2 onmiddellik soos volg gereageer: *“Alles, alles. Ons baklei regtig min, ons almal. Ek dink nie daar was ooit ‘n groot baklei in ons huis nie. Ons baklei regtig soos glad nie, ooit nie, regtig. As ek nou daaraan dink, ons baklei nooit nie.”*

Al die lesbiese ouers was van mening dat die kwaliteit van hul verhouding met mekaar beter was as in heteroseksuele verhoudings. Die gedeelde huishoudelike pligte en kameraadskap is deur al die ouers hoog op prys gestel: “*I think the fact that our roles are the same, is actually also in a way admirable, because they can see that you know, it is not just one person that would have one role. We do everything together” (MM 2)*

Ouer 8 plaas weer groot klem op hul liefde vir mekaar en verduidelik dit soos volg: *“En die ander ding is, ek en sy is lief vir mekaar en hulle weet dit. Ons maak nie ‘n*

*geheim daarvan nie. Nie net in die kamer nie, verstaan jy? Ek sal na haar toe gaan terwyl sy werk en vir haar 'n drukkie gee en sê: 'Ek het jou lief' en dan loop ek. So hulle sien ons is lief vir mekaar."*

In die verlede het sielkundige literatuur klem gelê op die ontkoppeling van die ouers, die generasiegaping, konflik binne die ouer-kind-verhouding en die problematiek van die onafhanklikheidswording ten opsigte van die sosiale ontwikkeling van adolessente (Louw *et al*, 2004:449; Newman & Newman, 2003:335). Daar het egter 'n belangrike klemverskuiwing in die positiewe sielkunde plaasgevind, en daar is gevind dat gehegtheid aan die ouers adolessente 'n veilige basis bied waarvandaan hulle die wêreld kan verken en die toenemende sosiale eise kan bemeester (Bukatko & Daehler, 2012:518). Verder is gevind dat die ouer-kind-verhouding as buffer dien teen gevoelens van angs, depressie en onsekerheid, wat dikwels ontstaan as gevolg van al die ontwikkelingseise wat gedurende adolessensie na vore kom (Vickers, 2010:65; Bukatko & Daehler, 2012:518). Geborge gehegtheidsbande hou veelreikende gevolge vir adolessente in, byvoorbeeld: hoë selfagting, goeie sosiale verhoudinge, positiewe toekomsverwagtinge, innerlike motivering en 'n gesonde sin vir self (Berk, 2012:619; Furlong, 2009:207; Louw *et al.*, 2004:452).

Newman en Newman (2003:381) wys daarop dat die volgende aspekte noodsaaklik is vir alle kwaliteit gesinsverhoudinge, ongeag of dit 'n heteroseksuele of 'n homoseksuele gesin is: sekuriteit, 'n langtermyn verbintenis tussen die ouers, nabyheid, warmte, vertroue, uitdrukking van liefde, goeie probleemoplossingsvaardighede en sosiale ondersteuning.. In hierdie verband het verskeie navorsing (Švab, 2007:49; Perlesz & McNair, 2004:136) aan die lig gebring dat een van die sterktes van lesbiese ouerskap juis in die kwaliteit van die gesinsverhoudings gesetel is. Die kwaliteit van gesinsverhoudings word verhoog deur die feit dat lesbiese ouers huishoudelike take en verantwoordelikhede eweredig verdeel en baie ondersteunend teenoor mekaar optree. Hulle is ook baie meer empaties as vaders in heteroseksuele gesinne.

***Subtema 5.2: Persoonlike groei***

Die meeste adolessente het op een of ander stadium deur die verloop van die onderhoude vertel hoedat hulle vrae, spot en stigmatisering as gevolg van hul lesbiese ouerhuis moes hanteer. Hulle het gevoel dat dit aanvanklik vir hulle baie moeilik was en dat dit hulle skaam, teruggetrokke, afsydig en minderwaardig laat voel het. Die adolessente is van mening dat hierdie onaangename ervaring van spot en kritiek hulle sterker gemaak het. In die lig hiervan het ses adolessente hul eie persoonlike groei wat plaasgevind het as gevolg van die feit dat hulle in ‘n lesbiese ouerhuis grootgeword het, as ‘n positiewe gesinsaspek beskryf, en hulle was selfs van mening dat dit hulle meer volwasse, sterker en minder bevooroordelend gemaak het as wat hulle in hul portuurgroep ervaar: *“Dit was nou maar net ‘n kwessie van ek moes begin sterk staan. Ek het net geleer om op te staan en oop en eerlik die pad te loop en daar gaan geen probleme wees nie. Want sit ek teruggetrokke, rustig en stil dan hoop gevoelens op en ek maak myself seer en ek maak die mense om my seer. So dit was vir my beter om oop en eerlik te sê: ‘Dit is hoe ek is, dit is my situasie. Hoe gaan julle dit hanteer? Is julle bereid om saam met my daardeur te gaan of moet ek alleen?’ En dit het nogals vir my baie gehelp om deur alles te kom”* (Ad 4).

*“Dit het nogals, hierdie hele ding het ons geleer om nie mense soos te judge nie. Want ons sal vir mense kyk en dink jy is só of jy is só, en dit is wat ons almal doen, maar as jy in ‘n gay huis grootword, leer jy om met mense tevrede te wees, want hulle is nie enigsins beter of slegter as jy nie”* (Ad 3).

Die meeste van die lesbiese ouers het steeds in verband met die adolessente se persoonlike groei hul kommer uitgespreek oor die adolessente se blootstelling aan oordeel, kritiek en verwerping. Hulle voel onseker oor die algemene psigologiese welstand van die adolessente. Die ouers se algemene gevoel is dat hulle enige iets in die stryd sal werp om hul kinders te beskerm, maar besef ook dat dit nie moontlik is nie: *“Ek wens ook ek kon vir almal sê: ‘Hoor hier, ons is gay en so what?’ Maar ter wille van die feit dat ek nie wil hê mense moet hulle judge nie, wil ek dit nie publiek maak nie. Ek wil nie hê die publiek moet dit weet nie, ter wille van hulle. As hulle eendag sterk genoeg is om te sê hulle gee nie om wat ander mense sal sê nie, dan*

*sal ek dit publiek maak. Maar solank hulle nie gereed is nie, sal ek dit nie doen nie. Ek weet sy pretend altyd dat alles reg is, maar ek weet dit is nog nie reg nie"* (BM 2).

*"Dit is ook moeilik vir jou kind om te verduidelik sy ma is gay. Ek en [metgesel-ouer] het altyd probeer om nie die kinders in 'n verleentheid te plaas nie, maar dit is moeilik. Ek weet die seuns hou nie daarvan dat ek gay is nie, maar hulle aanvaar dit ter wille van my geluk*" (BM 1).

Die emosionele ondersteuning en die kwaliteit van die ouer-kind-verhoudings vorm vir die adolessente die belangrikste bron van instrumentele ondersteuning (Vickers, 2010:65). Sterk gevestigde verhoudings binne die gesin, wat met emosionele en sosiale ondersteuning gepaardgaan, lei tot persoonlike ontwikkeling en die gesonde ontwikkeling van die sin vir self (Berger, 2011:273; Shaffer & Kipp, 2007:506; Shaffer, 2002:430). Perlesz en McNair (2004:135) sluit hierby aan, en bevestig dat adolessente wat in lesbiese ouerhuise grootword, waar daar sterk gesinsverhoudings bestaan en emosionele ondersteuning gebied word, geneig is om minder bevooroordelend te wees, groter gemak met diversiteit te toon en groter begrip en aanvaarding vir ander sienings, waardes en voorkeure te toon. Hierdie adolessente toon positiewe ontwikkelingsuitkomste en is in staat om 'n gesonde sin vir self te ontwikkel.

***Subtema 5.3: Geloofslewe***

Vir twee adolessente was die geloofslewe van hul lesbiese ouers die positiefste aspek van hul lesbiese gesin: *"En vir my is dit net die lekkerste as ons net, die positiefste is die feit dat ons saam die Here dien. Dit is vir my die positiefste deel van die gesin"* (Ad 2).

*"My ma is nogal die een wat my ook aangebring het met die Here. Sy is verskriklik groot op Christenskap. En ek vra haar baie vrae. Soos sê nou maar, ek lees die Bybel en ek verstaan dit nie, dan sal sy my verduidelik en dan sê ek: 'Ek verstaan nog steeds nie.' En dan sal sy my deur dit vat en 'n duisend keer oor verduidelik tot*

*ek dit verstaan. Dan sal ek sê: 'Ok, dankie. Ek verstaan dit nou.' So dit is baie, baie goed vir my"* (Ad 1).

Geloof was vir sekere van die ouers ook 'n belangrike aspek om hul gesinne bymekaar te hou en te verseker dat die adolessente weet wat reg en verkeerd is. Hierdie ouers het ook gedeel dat hul persoonlike geloof hulle deur al die omstandighede in hul lewe gedra het en dat dit 'n anker in stormagtige tye bied: *"So ek het vir hulle hoeveel keer al gesê, hulle hoef nie te worry oor kos nie, dit sal altyd daar wees, want die Here is goed vir ons. Hy is en was en sal nog altyd daar wees. En dit is wat ons vir hulle probeer tuismaak, as jy jou kant bring dan sorg die Here vir jou"* (MM 4).

*"Ek kan nog een ding sê, mense moet hulle kinders sterk maak met die Gees van die Here, want dit is al wat jou deur alles kan vat. As jou kind die Gees van die Here in hom het, dan kan hy eventually die judgement hanteer, die verwerping hanteer, alles wat sleg is hanteer, maar sonder die Heilige Gees, gaan hulle genuine seerkry. Baie, baie seerkry"* (BM 2).

*"Sy (adolessent se) geloof is vir hom belangrik. Vir my is dit ook belangrik. Ek het in 'n baie Christelike huis groot geword. My pa en ma is baie gelowig, hulle het ons van God geleer. My seun is baie Christelik. Hy sal my altyd roep as hy iets in die Bybel gelees het wat hy nie verstaan nie. Dan probeer ek hom verduidelik. Dan praat ons daaroor totdat hy beter verstaan. Hy deel ook met my wat vir hom kosbaar is in die Bybel. Ek dink dit bring ons ook baie naby aan mekaar. Ons deel baie dingetjies uit die Bybel en oor ons geloof met mekaar"* (BM 1).

Bestaande literatuur toon groot gebreke ten opsigte van adolessente se geloofsontwikkeling binne 'n lesbiese ouerskapverhouding. Die bronne wat die navorser wel kon vind, is van mening dat homoseksuele verhoudinge steeds 'n morele probleem is, wat sentraal in Teologiese debatte staan en wat tot uiteenlopende antwoorde aanleiding gee. Hierdie onsekerhede het 'n invloed op homoseksuele persone se geloofsontwikkeling, geestelike groei en

kerkbetrokkenheid, wat aan hul kinders en adolessente oorgedra word (Dahl, 2011:17; De Villiers, 2006:2).

Die bevindinge van hierdie studie weerspreek egter die genoemde literatuur, want al die adolessente het geloof as een van die belangrikste aspekte van hul persoonlike ontwikkeling en sin vir self voorgehou, en het geen aanduiding gegee dat hul ouers se seksuele oriëntasie enige invloed op hul geloofsontwikkeling gehad het nie. Sommige van die adolessente, soos gemeld in die bespreking, het selfs gemeen dat hul lesbiese ouers se geloofslewe vir hulle ‘n aansporing was om Christus aan te neem as Verlosser. Vanuit die bevindinge van hierdie studie, blyk geloof ‘n belangrike bepalende faktor te wees vir die hantering van probleme soos stigmatisering, spot en verwerping; en om emosionele groei te fasiliteer en ‘n sin vir self te ontwikkel.

### 5.5.6 Hooftema 6: Negatiewe aspekte van die lesbiese gesin

Die volgende aspekte is deur die adolessente en hul ouers as negatiewe aspekte van die lesbiese gesin voorgehou:

***Subtema 6.1: Stigmatisering en vrees vir verwerping***

Die meeste adolessente het getuig van veroordeling en stigmatisering in ‘n mindere en meerdere mate. Die vooroordeel en etikettering van ander, veral vanuit die portuurgroep en skoolomgewing, wek vrees vir verwerping in hulle op en derhalwe swyg hulle oor hul lesbiese ouerhuis. Hierdie geheimhouding het tot gevolg dat die meeste lesbiese ouers nie betrokke is by die skoolaktiwiteite van hul kinders nie, of dat die biologiese ma skoolbyeenkomste alleen bywoon: *“Ek het al gehoor daar was ‘n meisie wie se ma homoseksueel was, en hulle het haar die heeltyd getart daaroor: ‘Jou ma is les! Jou ma is les! Jou ma is les!’ Dan sal hulle haar spot en goed”* (Ad 1).

*“Dit maak my hartseer as ander hulle judge, want ek weet hoe gelukkig hulle is. En dit is vir my, ek was altyd skaam daaroor, ek wou nooit vir mense sê my ma is so of so nie en ook nie wie nie. So as mense my by die skool vra, sal ek dit nooit admit*

*nie. En soos baie mense by die skool, soos party mense wat in almal se history inkrap, dit is eintlik so snaaks. Hulle sal my kom vra soos in: 'Ek het gehoor jou ma en miss is saam (by die skool is sy mos miss) is dit waar?' dan sal ek sê: 'Nee, nee, sy is ons neighbour'. Dit was die storie wat my ma-hulle gesê het, ons moet antwoord"* (Ad 2).

*"Ja, toe ek in Graad 7 was net toe ek in die skool gekom het, het soos al die onderwysers geweet van wat ek is en wie ek is en so, want soos die onderwysers meng baie in met jou persoonlike lewe. En toe weet hulle ek doen goed in my skoolwerk, maar ek doen nie goed by die skool nie, want ek hou nie van die skool nie. En toe sê een onderwyser vir my, want ek was gewoond aan 'n meisieskool en nie aan 'n gemengde skool nie, as ek nie saam met die seuns uitgaan nie, ek het hulle weggesluit en ek was skaam en goed, toe sê hy vir my gaan jy nou ook 'n lesbeen uitdraai soos jou ma omdat jy met meisies uithang. Hy het dit voor die hele klas gesê"* (Ad 9).

*"Hulle het my boetie baie geterg. Want baie keer vra die juffrouens in die klas, of jy 'n pa het en toe antwoord hy dat hy net twee ma's het. Toe terg hulle hom pouses en stamp hom rond"* (Ad 8).

Die lesbiese ouers het die ervaring van verwerping en stigmatisering bevestig, en hul begeertes uitgespreek dat hulle so ver moontlik die adolessente daarteen wou beskerm:*"Mense oordeel jou altyd, jy weet? Party mense dink ons moet nie eers leef nie. Ons moet brand in die hel. Daar is nie in die lewe plek vir mense wat gay is nie, dit is 'n sonde en ons moet nie bestaan nie. Mense oordeel ons baie vinnig. Dis regtig baie moeilik, vir die kinders ook. 'Wat sal hulle maats dink?' dit maak dat 'n mens alleen is. Jy bly net by jou huis. Dit sou beter gewees het as dit nie so was nie"* (MM 1).

*"Ons wou byvoorbeeld vir die babatjie in 'n kleuterskool gaan sit. Ons stap hier by hierdie kleuterskool in. Ek en [AO 2] met sussie aan die hand. Ek weet nie, die Engelsman sou sê, jy kry die vibe, jo ... Sy kyk ons so op en af en sê: 'Julle kan*

*maar hierdie vorms kry, maar hier is nie plek nie.' Toe vang ons dadelik die vibe"* (AO 2)

*"Soos ons netnou vir jou gesê het, ook die kinders wat dit moeilik vind by die skool as gevolg van maats wat hulle spot en aanvaarding. Dit is wat moeilik is van 'n gay, om 'n gay gesin te wees, mense is teen gays. Ek bedoel ons is nie net 'n gay gesin nie, ons is 'n Christelike gay gesin en om dit vir mense te laat tuisbring of te laat besef, is baie moeilik. Weet jy? Ek het nou al hoeveel keer vir [ander lesbiese ouer] gesê, baie kerke is teen gay huwelike, teen gays"* (MM 4).

*"Teenkanting en stigmatisering het bo-op my geslaan, hoor. Van werkskant af, partykeer kry jy nie jou posisie nie. As ons na funksies toe gaan, in die aande, om kliënte te vat, wil hulle my nie nooi nie en ek het 'n hoë pos by die bank. Nou gaan ek saam met Ouer 12 en dan onmiddellik is dit, 'Watse beeld straal jy uit namens die bank na die kliënte toe?' So om openlik gay te lewe, is baie moeilik. Die kinders ... 'Asseblief ma, moenie eers skool toe kom nie"* (BM 5).

*"Dit is so sad as mens dink dit gaan nie verander nie. Soos [adolessent] nou die dag gesê het, sy het besluit as sy eendag 'n boyfriend kry, wil sy eers weet hoe voel hy oor gay mense en as hy nie van gay mense hou nie, dan moet sy hom nie sien nie. verstaan jy, dis so sad om te dink dat 'n kind moet nou al dink wat gaan my boyfriend eendag van my ma sê. So sonder dat sy dit sê, dink ek moet dit 'n innerlike worry wees vir haar, want sy voel: 'Ek is so lief vir my ma, nou-nou kry ek 'n boyfriend wat ek ook voor lief is en hy gaan nie happy wees met my ma se lifestyle nie. So dit is so sad, dat kinders moet worry oor hul eie lewens, nou al, oor dit wat hulle ouers is"* (BM 2).

*"Ek weet dit is moeilik vir kinders om gay ouers te hê. Ek erken dat my kind al deur baie moeilike tye is met my wat gay is"* (BM 5).

Stigmatisering, spot en verwerping was beslis 'n sentrale tema in die meeste onderhoude met die adolessente en hul lesbiese ouers. Dreyer (2004:195) meen dat stereotipering 'n groot rol speel in die negatiewe persepsies en houdings ten opsigte

van homoseksuele persone. Dit is ‘n bydraende rede tot gays se ervarings dat hulle deur groepe soos die kerk, die werksplek, skole, die staat en ander verwerp word. Die navorser het gevind dat die adolessente wat in ‘n lesbiese ouerhuis grootword, ook hierdie genoemde ervarings beleef en vrees. Daar kan dus aanvaar word dat die samelewing se reaksie op adolessente in lesbiese ouerhuise ‘n impak het op hul ontwikkeling van ‘n sin vir self. Die stigmatisering en etikettering as gevolg van hul ouers se homoseksuele oriëntasie lei tot gevoelens van verwerping en minderwaardigheid. Hierdie gevoelens is nie bevorderlik vir die ontwikkeling van ‘n gesonde sin vir self nie.

Clarke *et al.* (2004:20) wys daarop dat kinders en adolessente wat hoë vlakke van stres en vrees vir verwerping ervaar as gevolg van die seksuele oriëntasie van hul ma, laer vlakke van selfbeeld en eiewaarde toon. Hierdie navorsers spreek hul kommer uit oor die algemene beskouing binne die sielkunde dat kinders en adolessente uit lesbiese ouerhuise oor die algemeen dieselfde ontwikkeling toon as dié in heteroseksuele ouerhuise. Hul navorsing wys op die nadelige effek wat sosiale stigmatisering, etikettering en verwerping op die psigososiale ontwikkeling van kinders en adolessente in lesbiese ouerhuise het (Clarke *et al.*, 2004:21).

***Subtema 6.2: Konflik tussen adolessente en die metgesel-ma***

Van die adolessente het konflik met die nie-biologiese ouer as baie negatief ervaar. “*Om eerlik te wees, die tannie is my probleem, want sy het baie negatiewe gedagtes, nie gedagtes nie, maar soos gevoelens en oordele teenoor ander mense. Sy sal dinge sê wat sy nie weet sy sê nie, maar wat my eintlik baie, baie seer maak. Ek weet nie hoe om dit te stel nie, maar soos sy sal kwaad word oor die kleinste dingetjie en sy sal skree en vloek, tot oor die nuus en goeters, dan is dit nie eers so erg nie”* (Ad 9).

“*Uhh ... Meer konflik. Ja, baie meer konflik met mekaar. Ek weet nie, soos sy het ‘n sielkundige ding, nê? Van haar ma af. Haar ma was baie streng en alles en sy het dit van haar oorgekry. Sy het dit van haar ma af geleer. Baie houdings en dit, baie kwaad en goeters. Sy het met kinders ‘n probleem. Sy is nie kinders gewoond nie.*

*Met my broer ook verskriklik erg. Met my broer was sy baie erg. Nee, nee sy kan nie met kinders oor die weg kom nie. Ek dink my ma het haar geleer om met kinders oor die weg te kom*" (Ad 1).

Die ouers van die bogenoemde adolessente het die konflik as 'n probleem bevestig, en soos volg vertel: *"Dit voel vir my, uit my sienswyse uit, hulle (adolessent en metgesel?) is in kompetisie met mekaar, wat vir my ongesond voel, soos byvoorbeeld ons het gaan bowling speel Sondag, dan wil altwee wen en dan begin die bakleiery. Ek kry die persepsie dat hulle half in kompetisie is met mekaar, vir wat weet ek nie"* (BM 5).

*"Daar is tye wat my metgesel-ouer en adolessente oor die weg kom, regtig, dan verbaas hulle my. Dan sê ek: 'Wow, julle verbaas my!' en dan is daar weer tye wat hulle in mekaar se hare invlieg"* (BM 3).

*"Ek was te kwaai met hulle. Baie onregverdig. Vandag voel ek sleg. Dit het baie konflik in die huis veroorsaak, tussen my en die seuns en ook tussen my en [hulle ma]"*
(MM 1).

Volgens Rohrbaugh (2006:288) is konflik, gesinsgeweld en konflikhantering binne lesbiese verhoudings nog heeltemal te min nagevors. Die redes vir die leemte in navorsing op hierdie terrein is dat lesbiese en gay gemeenskappe nie baie toeganklik is vir sulke navorsing nie. Navorsing wat wel bestaan, vind gewoonlik plaas tydens nagraadse studies en word nie gepubliseer nie, en laastens is lesbiese en gay persone geneig om oor hul gesinskonflikte en probleme te swyg as gevolg van vooroordeel, beperkte ondersteuningsraamwerke en vrees dat hulle toesig oor hul kinders kan verloor (Rohrbaugh, 2006:288).

Uit die beskikbare navorsing blyk dit dat die redes vir konflik in homoseksuele en heteroseksuele gesinne nie in wese verskil nie. Die wyse van konflikhantering toon egter verskille, in die opsig dat vaders/mans meer gebruik maak van lyfstrafmetodes in die dissiplinering van hul kinders en lesbiese ouers meer geneig is om konflik en

dissiplinering verbaal te hanteer (Osche, 2009:16; Rohrbaugh, 2006:291; Solomon *et al.*, 2005:573). Daar kom derhalwe meer gevalle van verbale konflik voor in lesbiese gesinne, soos ook deur die onderskeie adolessente gemeld. Die emosionele implikasies van verbale konflik kan egter nie gering geskat word nie, en het beslis ‘n invloed op die adolessente se ontwikkeling van ‘n sin vir self. Die konflik lei tot gevoelens van mislukking, minderwaardigheid en moedeloosheid. Die adolessente onttrek dikwels uit die ouers se teenwoordigheid en ervaar gevolglik gevoelens van eensaamheid en verwerping.

Uit die navorsing van Golombok *et al.* (2003:29) blyk dit dat konflik meestal ontstaan tussen die nie-biologiese ouer en die kinders of adolessente. Ochse (2009:16) meen dat hierdie konflik meestal ontstaan omdat die nie-biologiese ouer geen gesagsposisie het ten opsigte van die kinders of adolessente nie, daar geen gesinsondersteuning is nie en omdat sy dikwels teenkanting, diskriminasie en oordeel moet hanteer vanuit die breër familiekonteks waaruit die kinders en adolessente kom. Golombok *et al.* (2003:29) wys verder daarop dat die nie-biologiese ouer in lesbiese gesinne oor die algemeen probleme ervaar om ‘n emosionele band met die kinders of adolessente te sluit, en dat dit ook kan aanleiding gee tot konflik en misverstande. Dit is egter belangrik om te besef dat persoonlikheidsfaktore, sosiale vaardighede en temperamentverskille alles in ag geneem moet word wanneer die konflik in enige gesin nagevors word (Ochse, 2009:17; Rohrbaugh, 2006:295; Solomon *et al.*, 2005:572).

***Subtema 6.3: Finansiële tekorte***

Die navorser het tydens die onderhoudvoering met die adolessente en hul ouers gevind dat drie van die ses lesbiese gesinne finansiële tekorte ondervind het. In al drie die gevalle was een van die ouers werkloos. Dit het die adolessente baie gespanne gemaak, en een adolessent was van mening dat dit finansieel met hulle beter sou gaan as daar ‘n vaderfiguur in die gesin sou wees: *“Uhh ... ek weet nie. Dalk sou dit beter gegaan het met die familie as daar ‘n pa was. Want jy weet mos ‘n pa kan finansieel beter sorg. Want ‘n pa kry meer geld, jy weet mos as ‘n vrou. Normaalweg. As ‘n man en ‘n vrou saamwerk sal die man meer verdien. So dit sal*

*beter gegaan het finansieel, met die familie, as daar 'n pa was." (Ad 1).* Die adolessent se opinie is nie gegrond op vorige ervaring nie, want daar was nog nooit 'n vaderfiguur in sy lewe nie.

*"Sy [metgesel ouer] kon nie altyd 'n werk hou nie, so sy is by ons en dan het sy 'n werk en dan na 'n rukkie los sy dit en dan sit sy by die huis. Dan sal sy nie eers, kom ons sê, moeite doen om werk te gaan kry nie. Dan gaan dit swaar met ons. Ek weet nie of sy die moeilikheid gemaak het by die werk nie en of dit die werk is wat nie reg betaal het nie, maar sy het eintlik dat ons swaarkry"* (Ad 5).

Die ouers was baie selfbewus en gespanne oor die finansiële druk: *"Die moeilikste vir my was om te dink dat ek nie vir my kinders kan sorg soos wat ek graag wou nie. Ek het nie die geld en die ondersteuning gehad om dit te doen nie. Ek het in die week vir Ouer 6 gesê, ek voel so alleen, niemand help my nie"* (BM 3).

*"Ja, sien hierdie ding van vanaand is eintlik op 'n verkeerde tyd, op baie verkeerde tyd in ons lewe nou. Want dit is nou seker nie jou besigheid nie, maar ons is nou so finansieel in die moeilikheid, dit is eintlik nou regtig 'n verkeerde tyd om oor sulke goed te praat, want die gemoed is te laag"* (MM 3).

*"Dit is nie altyd maklik nie, dit is regtig nie altyd maklik nie. Finansieel, glad nie, want 'n mens voel jy skiet tekort"* (BM 4).

*"Dit is vir my baie sleg, ek het al hoeveel keer vir [BM 4] gesê, dit is vir my baie sleg as hulle iets vra en ek moet net die heeltyd sê: 'Nee'. Ek kan nie"* (MM 4).

In die Rapport-artikel: *Spoke om die lyf* (2012) skryf Mark Behr dat in Suid-Afrika, net soos in die res van die wêreld, bly vroue dié met die laagste inkomste, beperkte mediese hulp en die minste toegang tot die regstelsel. Volgens hom is dit ook vroue wat die meeste ly onder patriargale liefdes- en geslagskodes. Die verslag van die Europese Unie, gepubliseer op die viering van die Internasionale Dag teen Homofobie (17 Mei 2013), het die diskriminasie teen vroue en homoseksuele persone bevestig.

Van der Walt (2013:10) en Claassens (2013:6) meen verder dat die hetero-normatiewe samelewing van die standpunt uitgaan dat slegs heteroseksuele persone mag bestaan, liefhê en glo. Hierdie ongelyke regte wat steeds bestaan, is veral sigbaar in instellings soos die werkplek, universiteit en die kerk. Claassen (2013:6) wys daarop dat vroue steeds die slagoffers bly van 'n patriargale samelewing, en dat die manlike lede van die gesin steeds bewustelik of onbewustelik deur die samelewing bevoordeel word. Met die diskriminasie teen homoseksuele persone en die bevoordeling van mans in die werkplek, word lesbiese vroue dubbeld geraak, omdat daar in so 'n gesin nie 'n manlike persoon is wat kan bydra tot die gesin se ekonomiese welstand nie. Die diskriminasie teen homoseksuele persone in die werkplek kan 'n moontlike oorsaak wees dat die helfte van die deelnemers in hierdie studie self gebukkend gaan onder finansiële druk as gevolg van die feit dat een van die ouers in elk van die genoemde gesinne werkloos is.

Verskeie navorsers (Berk, 2012:74; Bukatko & Daehler, 2012:531; Siegler *et al.*, 2011:476; Furlong, 2009:47) is dit eens dat ekonomiese druk die kwaliteit van ouerskap beïnvloed. Hulle is van mening dat ekonomiese druk aanleiding gee tot konflik tussen die ouers en gevoelens van depressie tot gevolg het. Hierdie spanning lei tot die onbetrokkenheid van die ouers by hul kinders. In gesinne waar die kinders en adolessente voortdurend bewus is van die ekonomiese druk en spanning van hul ouers, is die kinders en adolessente meer geneig tot depressie, eensaamheid, probleemgedrag en die misbruik van middels (Berk, 2012:74; Siegler *et al.*, 2011:476).

Die navorser is van mening dat die ekonomiese druk waarna die adolessente in hierdie studie verwys as negatiewe aspekte van hul lesbiese ouerhuis, hul sin vir self beïnvloed, omdat dit aanleiding gee tot verwyte en gevoelens van minderwaardigheid. Hierdie gevoelens reflekteer in die volgende woorde van een van die deelnemers: *"Ek wil net 'n hardwerkende mens wees wat vir my familie kan sorg en soos ek het swaar grootgeword, nou wil ek vir hulle soos, ek wil weet as hulle iets nodig het kan ek dit vir hulle voorsien of vir my vrou en ek weet daar is*

*altyd kos in die huis en daar is 'n dak oor hulle kop. Dit was partykeer, want jy wil graag dit hê en dan kan jy dit nie kry nie. So dit was swaar om so groot te word en te weet jy kan net die nodigste koop daar is nie altyd ietsie ekstra nie"* (Ad 5).
In ‘n studie gedoen deur Albelda *et al.* (2009:2) is gevind dat kinders en adolessente in homoseksuele ouerhuise twee maal meer blootgestel word aan finansiële tekorte, en selfs armoede, as kinders in heteroseksuele gesinne. Hierdie finansiële tekorte blyk die adolessente se totale lewensverwagtinge te beïnvloed. Finansiële druk lei onder meer tot onderprestasie in die skool, skoolstaking en onvoorbereidheid om ‘n werk te vind. Verder gee dit ook aanleiding tot gevoelens van desperaatheid, hulpeloosheid en laer selfvertroue by adolessente wat in sulke gesinne grootword, omdat hulle nie ‘n uitkoms vir hulself sien nie (Shaffer & Kipp, 2007:606; Shaffer, 2002:329; Steinberg, 2001:26).

Die navorser is van mening dat hierdie finansiële tekorte nie ‘n geringe invloed uitoefen op die algehele welstand en ontwikkeling van kinders en adolessente in lesbiese ouerhuise nie, en moontlikhede vir ondersteuning en hulp moet ernstig nagevors word ten einde ‘n bydrae te lewer tot die gesonde ontwikkeling van kinders en adolessente in lesbiese ouerhuise.

***Subtema 6.4: Afwesigheid van die vaderfiguur***

Soos reeds gemeld is die meeste adolessente gebore in of net na ‘n heteroseksuele huwelik en het almal dus biologiese vaders. Twee van die adolessente het sedert hul babadae geen kontak met hul biologiese vaders nie. Twee ander adolessente se biologiese ouers is beide oorlede en derhalwe het hulle ook geen kontak met hul pa nie. Die oorblywende vyf adolessente het wel kontak met hul pa’s van tyd tot tyd. Die adolessente se verhoudings met hul pa’s en hul behoeftes aan ‘n pa het gelei tot veelsydige uitkomste tydens die onderhoudvoering.

Van die adolessente beskou die afwesigheid van hul pa’s as ‘n negatiewe aspek van hul lesbiese gesin, en sê ook dat hulle dit baie mis*: “Ekke dink dalk om soos goeters saam met jou pa te doen. Soos ander ouens sal altyd sê: ‘Ek en my pa het gaan quad bike ry of gaan visvang’ of sulke goeters. Ek kan dit nooit doen nie, want ek het*

*nooit 'n pa gehad nie. Daai pa-bond wat hulle het met hulle pa's het, sal ek nooit hê nie. Ek sal dit nooit hê nie. Ekke dink ek mis dit baie" (*Ad 1*).*

*"Ek het daardie pa-seun-tyd gemis, daardie wat hy saam, kom ons sê maar, jou pa vat jou om 'n rugbybal te skop of jou pa vat jou om krieket te speel of jou pa vat jou iewers om iets saam met hom te doen. Dit was nie altyd daar nie"* (Ad 5).

"*Ek dink die hele uitdaging was om te aanvaar dat my pa nie daar is nie. So dit was vir my die uitdaging om te kan kyk of ek saam met dit kan leef of nie. Gaan ek dit vir altyd onthou, hoe my kinderjare was, hoe die omstandighede was, van saam swaarkry en so aan"* (Ad 4).

Die lesbiese ouers het ook die adolessente se behoefte aan 'n vaderfiguur bevestig:
*"Hy mis sy pa baie. O, ja, baie. Hy was nog baie klein, hy het nog by die dagmoeder gebly. Hy het net begin praat en verstaan, toe sê die dagmoeder vir my, hy vra na sy pappa. Ek dink dit is omdat al die kleintjies daar pappas gehad het"* (BM 1).

*"Veral [adolessent] wat so erg  oor haar pa. Die egskeiding het haar omver gegooi. Ek sal sê, altwee my kinders is erg oor hulle pa, maar dit was vir haar die grootste aanpassing sonder haar pa. Sy het dit moeilik gevat, want die hele ding in haar agterkop is tot vandag toe dink ek, is dat ek en haar pa weer bymekaar sal uitkom. Wat glad nie die geval is nie"* (BM 3).

Die gevolge van die afwesigheid van 'n vaderfiguur is in Hoofstuk 4 omvattend bespreek. Wat hier van belang is, is dat lesbiese ouers self die belangrikheid van die vaderfiguur in 'n kind se lewe erken. Volgens Švab (2007:51) en Clarke en Kitzinger (2005:140) poog lesbiese ouers om die vader-kind-verhouding in hul kinders se lewe te vestig deur familielede soos oupas, ooms of neefs te betrek, of deur rolmodelle in die breër sosiale omgewing te identifiseer en betrokke te maak by hul gesinne. Die navorsers wys egter daarop dat bogenoemde rolspelers nooit 'n vader-kind-verhouding kan vervang nie, en dat kinders en adolessente in lesbiese ouerhuise dikwels meld dat hulle na 'n vader-kind-verhouding verlang (Švab, 2007:51; Clarke & Kitzinger, 2005:140).

Die verlange na ‘n vaderfiguur lei tot ‘n onbevredigde behoefte in die adolessente se lewens. Wanneer ‘n behoefte onvervuld bly, kan die gestalt nie voltooi word nie en selfregulering kan nie plaasvind nie. Adolessente wat ‘n onvervulde behoefte na ‘n vaderfiguur het, kan emosionele probleme ontwikkel en disfunksionele gedrag ontwikkel om hul onvervulde behoeftes te bevredig. Onderdrukte behoeftes en emosies lei tot die vorming van ‘n swak sin vir self (Woldt & Toman, 2005:226; Blom, 2004:114; Yontef, 1993:328)

### 5.5.7 Hooftema 7: Die lesbiese ouers se aanbevole riglyne om adolessente se ontwikkeling van ‘n gesonde sin vir self te bevorder

Die ouers het nie breedvoerige riglyne aanbeveel vir die gesonde ontwikkeling van hul adolessente se sin vir self nie. Hulle het almal aanbevelings gemaak deur na enkele belangrike aspekte rakende gesinsverhoudings te verwys. Die navorser gee die ouers se aanbevelings, soos deur hulle voorgehou, onder die volgende subtemas weer. Die navorser gee in Hoofstuk 6 ‘n volledige bespreking ten opsigte van aanbevelings en riglyne vir die ontwikkeling van adolessente se sin vir self in lesbiese ouerskapverhoudings.

***Subtema 7.1 Onvoorwaardelike liefde en aanvaarding***

Die meerderheid ouers het die bewys van onvoorwaardelike liefde en aanvaarding aan die adolessente as ‘n belangrike aspek vir die gesonde ontwikkeling van hul sin vir self beskou. Die ouers het dit ondermeer soos volg verduidelik:

*“Ek sou eerstens sê liefde en respek. Maak nie saak of jy gay is of nie, liefde is baie belangrik en respek vir mekaar. Elke mens verskil en ons moet mekaar aanvaar en respekteer”* (BM 1).

*“Ek sou sê, aanvaarding. Moenie mense oordeel wat jy nie ken nie. Aanvaarding is baie belangrik, om elke persoon ‘n kans te gee in die lewe, maak nie saak wie hy is*

*nie. Hy moet weet hy het ook ‘n plekkie in die lewe. As minder mense so maklik veroordeel, dan sal die lewe vir almal beter wees”* (MM 1).

*“Aanvaarding”* (BM 3).

*“Liefde en aanvaarding, om te sê: ‘Weet jy wat, ek is lief vir jou ongeag wat.’ Verstaan jy, om haar regtig elke dag te wys dat my liefde nie ‘n voorwaarde het nie”* (BM 5).

*“Liefde. Ek probeer elke dag by hulle tuisbring dat ons vir mekaar moet bewys hoe lief ons mekaar het. Ek en [BM] se liefde vir mekaar en vir hulle moet sigbaar wees, sodat hulle kan leer om liefde te bewys aan ons en ook aanmekaar”* (MM 4).

*“Ja, hy moet weet ons het hom lief soos hy is en niks kan dit verander nie. So kwaliteit verhoudings en liefde kan ek sê is die sleutel tot ‘n gelukkige gesin”* (AO 1).

*“Dit is die groot ding om onvoorwaardelik vir hulle lief te wees”* (AO 2).

***Subtema 7.2 Wees getrou aan jouself***

Twee van die ouers het gevoel dat ‘n belangrike riglyn vir die ontwikkeling van ‘n gesonde sin vir self, dat die adolessente getrou moet wees aan hulself; dat hulle nie moet voorhou wat hulle nie is nie:

*“Ek sal eerste sê, wat vir my belangrik is, dat jou kind te alle tye sal weet dat jy is wie jy is en om jou true self te wees. Dat jou kind ook kan wees wie sy is. Dit sal vir jou kind leer om respek te hê vir haarself, haar ouers en ander”* (BM 5).

*“Ek dink die kind moet net hulle self kan wees in daardie tyd van ontwikkeling. Hulle moenie ‘n halwe keuse maak om soos hulle ma of soos hulle pa te wees nie. Ons moet net die voorbeeld stel om hulle te help om reg te ontwikkel en die regte keuses te maak”* (MM 5).

***Subtema 7.3: Sekuriteit***

Van die ouers het sekuriteit as ‘n voorvereiste vir die gesonde ontwikkeling van adolessente se sin vir self beskou:

*“Dan ook sekuriteit, jou kinders moet weet, maak nie saak wat gebeur nie, jy sal altyd daar wees vir hulle”* (BM 1).

*“Daar moet sekuriteit wees, dit is die heel belangrikste, want as daar nie sekuriteit is nie, gaan die adolessente nie hulle potensiaal bereik nie. Hulle gaan glad nie presteer nie, want hulle gaan voel hulle is nie goed genoeg nie. So daar moet sekuriteit wees”* (MM 4).

***Subtema 7.4: Vertroue en eerlikheid***

Wedersydse eerlikheid en vertroue is ook as ‘n belangrike aspek van die gesinsverhoudings wat adolessente se ontwikkeling kan bevoordeel ,voorgehou::
*“Eerlikheid. Praat eerlik met jou kinders. Moenie dinge wegsteek nie. Openbaar jou gevoelens wat jy het”* (BM 3).

***Subtema 7.5: Geloof en gebed***

Geloof as ‘n belangrike determinant vir psigologiese welstand en gesonde ontwikkeling van die sin vir self, is deur verskeie ouers as ‘n riglyn voorgehou:

*“Dan natuurlik geloof. Dit is baie belangrik om jou kinders van God te leer. Geloof is die basis van die lewe, daarsonder sal ‘n gesin nooit bly staan nie.  Kinders moet die Here ken”* (BM 1).

*“Baie bid, want dit is elke dag genade om ‘n ouer te wees. Elke dag is ‘n challenge en elke dag is genade. Die kinders het almal verskillende persoonlikhede en jy kan net met genade en hulp van God die regte dinge doen”* (AO 2).

*"En dan bid ons en ons doen elke aand huisgodsdiens, want die Bybel gee riglyne waarvolgens jy moet lewe. Ons leer ook die adolessente om vir mekaar te bid"* (BM 4).

***Subtema 7.6: Privaatheid***

Een van die ouers het gevoel dat privaatheid adolessente sal beskerm en die geleentheid sal gee om 'n gesonde sin vir self te ontwikkel ten einde hul maksimum potensiaal te bereik:

*"So I think for me the keyword is just to stay private as best what we can, for the sake of the adolescents, to feel more happy and comfortable where they are"* (MM 2).

**5.6 SAMEVATTING**

Die bespreking van die empiriese resultate vorm deel van die data-analise proses. Deur die semi-gestruktureerde onderhoude het die navorser beter insig en begrip verkry vir die adolessente binne 'n lesbiese ouerhuis se ervarings en ontwikkeling van hul sin vir self. Die adolessente se positiewe en negatiewe belewenisse binne die lesbiese gesin kon beter verstaan word. Die navorser het ook beter insig verkry in die adolessente en hul ouers se probleme, uitdagings en bekommernisse as gevolg van hul lesbiese gesin.
Die lesbiese gesin behels verskeie positiewe aspekte, maar ook negatiewe aspekte en uitdagings wat al die gesinslede, insluitend die adolessente, raak. Alhoewel die lesbiese gesin deel uitmaak van die postmoderne gesinstrukture, is daar steeds verskeie uitdagings wat kan lei tot verhoogde spanning, probleme in die gesinsverhoudings en vrees vir sosiale verwerping en stigmatisering. Hierdie aspekte kan die geluk, aanpassing en ontwikkeling van adolessente se psigologiese welstand en sin vir self op velerlei wyses beïnvloed.

Dit blyk verder dat stigmatisering vanuit die gemeenskap steeds 'n groot invloed het op sowel die lesbiese ouers as die adolessente wat in die gesin grootword. Alhoewel die adolessente die behoefte openbaar om hul werklike gesinsidentiteit bekend te

maak, vertrou hulle nie die portuurgroep en ander lede van die sosiale omgewing nie, aangesien neerhalende opmerkings en beledigings steeds gemaak word ten opsigte van lesbiese gesinne. Hierdie geheimhouding van hul gesinsidentiteit plaas onwillekeurig emosionele spanning op die adolessente wat aandag vereis.

Die emosionele druk wat die adolessente as gevolg van hul lesbiese ouerhuise beleef het, het aanleiding gegee tot 'n geloofsverdieping by die meeste van die deelnemers. Hul geloofsverhouding met Christus het hulle in staat gestel om beter begrip vir hulself, hul omstandighede, die lewe en die toekoms te verkry.

Die navorser het ook beter begrip ontwikkel vir die uitdagings wat lesbiese ouers in die oë staar. Die lesbiese ouers het ook hul mening in verband met riglyne vir die gesonde ontwikkeling van die adolessente se sin vir self deurgegee.

Die inligting wat gegenereer is uit die semi-gestruktureerde onderhoude met die adolessente en hul ouers, asook die gesprekvoering rondom die collages van die adolessente, stel die navorser in staat om praktiese riglyne vir die ouers en ander belanghebbendes daar te stel. Hierdie riglyne sal vervolgens in Hoofstuk 6 bespreek word. Die navorser sal ook 'n evaluasie en gevolgtrekking van die navorsingsproses in Hoofstuk 6 uiteensit.

# Hoofstuk 6
# Gevolgtrekkings en Riglyne

*‘n Reis van duisende kilometer*

*begin met die eerste tree.*

*- Chinese Spreekwoord -*

## 6.1 INLEIDING

Die doelstelling van hierdie studie is om die ervaring van lesbiese ouers en adolessente rakende die adolessent se ontwikkeling van die sin vir self binne die lesbiese ouerhuis te ondersoek en te beskryf, ten einde riglyne saam te stel wat aan die ouers en pastorale beraders kan hulp verleen in hierdie verband. Die literatuurstudie, soos voorgehou in Hoofstuk 3 en Hoofstuk 4, en die empiriese resultate in Hoofstuk 5, dui daarop dat adolessente in lesbiese ouerhuise sekere uitdagings die hoof moet bied ten einde ‘n gesonde sin vir self en unieke identiteit te ontwikkel. Hierdie hoofstuk het ten doel om die navorsingsresultate en gevolgtrekkings aan te bied, ten einde aan te dui tot watter mate die doel en doelwitte van die studie bereik is. Aangesien die Pastoraat en teologiese antropologie die basisteorie van hierdie studie, en die Gestaltteorie die paradigmatiese perspektief vorm, sal die riglyne vanuit hierdie teoretiese basis aan ouers en pastorale beraders voorgehou word.

## 6.2 NAVORSINGSVRAAG EN DOELWITTE

Ten einde ‘n begrip rondom die passing tussen die navorsingsprobleem met die gekose metodologie te verkry, is dit belangrik om kortliks weer te verwys na die navorsingsvraag en navorsingsdoelwitte van hierdie studie, soos uiteengesit in Hoofstuk 1. Die volgende navorsingsvraag is gestel:

- Watter nuwe riglyne kan geformuleer en saamgestel word vir lesbiese ouers rakende hulpverlening aan adolessente vir hul gesonde ontwikkeling van ‘n sin vir self binne die unieke gesinsdinamika?

Die navorser is van mening dat die navorsingsvraag beantwoord is. Vanuit die empiriese resultate het dit geblyk dat verskeie aspekte van die lesbiese gesin wel ‘n invloed uitoefen op die adolessente se ontwikkeling van die sin vir self. In die lesbiese gesinne waar albei die ouers betrokke is by die adolessente, huishoudelike pligte eweredig gedeel word en die ouers ‘n kwaliteit verhouding met mekaar en die adolessente het, is die adolessente oor die algemeen goed aangepas, gelukkig en in staat om uitdagings te hanteer ten einde ‘n gesonde sin vir self te ontwikkel. Die positiewe invloed wat Christelike geloofsekerheid op die algehele ontwikkeling van adolessente en ook op die sin vir self het, is deur hierdie studie bevestig.

Aan die ander kant ervaar adolessente konflik en kritiek van die metgesel ouers as stremmend in hul gesin en in hul ontwikkeling van ‘n sin vir self, omdat hierdie konflik vernederend en afbrekend is. Verder word adolessente uit lesbiese ouerhuise dikwels binne ‘n heteronormatiewe samelewing gekonfronteer met stigmatisering, spot en verwerping as gevolg van hul ouers se seksuele oriëntasie. Dit blyk die grootste struikelblok te wees in hul psigososiale ontwikkeling, wat ook hul sin vir self direk beïnvloed omdat hulle skaam, ontkennend en ontwykend op die stigmatisering reageer en hulself onttrek van situasies wat pynlik en vernederend kan wees. Die afwesigheid van ‘n vaderfiguur en finansiële spanning binne lesbiese gesinne, blyk ook vanuit die navorsingsbevindinge stremmend te wees vir die adolessente se gesonde ontwikkeling van die sin vir self.

Vanuit die literatuuroorsig en empiriese resultate kon die navorser riglyne saamstel om aan ouers en pastorale beraders hulp te verleen ten einde adolessente by te staan met die gesonde ontwikkeling van ‘n sin vir self binne die unieke gesinsdinamika van die lesbiese ouerhuis. Hierdie riglyne is ook aan die lesbiese ouers voorgelê vir evaluering en aanbevelings. Die navorser het die aanbevelings van die ouers by die riglyne geïnkorporeer. Sodoende is die navorsingsvraag beantwoord.

Verdere subvrae wat gelei het tot die navorsingsvraag, was die volgende:

- Watter normatiewe perspektiewe bied die hermeneutiese wisselwerking tussen die pastoraal-teologiese antropologie (basisteorie) en Gestaltteorie (paradigmatiese perspektief) aan die adolessent se ontwikkeling van die sin vir self binne die lesbiese ouerhuis?

- Watter perspektiewe bied ander verwante wetenskappe om ŉ beter idee te kry van die gay gesin (met spesifieke verwysings na lesbiese verhoudings), die adolessent as ontwikkelingstadium, en die sin vir self?

- Hoe ervaar lesbiese ouers en adolessente die adolessent se ontwikkeling van die sin vir self binne die lesbiese ouerhuis?

### 6.3 DOELSTELLING EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE

Die doelstelling van hierdie studie was daarop gerig om die ervaring van lesbiese ouers en die adolessente rakende die adolessente se ontwikkeling van die sin vir self binne die lesbiese ouerhuis te ondersoek en te beskryf, ten einde riglyne saam te stel wat aan die ouers en pastorale beraders kan hulp verleen in hierdie verband. Die doelstelling is bereik deur reeds bestaande inligting rakende die lesbiese ouerhuis, adolessensie en die ontwikkeling van die sin vir self, die Pastoraat en teologiese antropologie, die Gestaltteorie en die psigososiale ontwikkelingsteorie van Erikson te beskryf. Hierdie doelstelling is verder bereik deurdat die navorser deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude met die adolessente en hul lesbiese ouers aan hulle die geleentheid gebied het om hul narratief van die lesbiese gesin en aspekte wat die adolessente se ontwikkeling van die sin vir self raak, te deel. Vanuit die literatuuroorsig en empiriese resultate kon die navorser riglyne saamstel om aan ouers en pastorale beraders in hierdie verband hulp te verleen.

Die volgende doelwitte is gestel ten einde die boegenoemde doelstelling te bereik:

- Om vas te stel wat die hermeneutiese wisselwerking tussen die pastoraal-teologiese antropologie (basisteorie) en Gestaltteorie (paradigmatiese perspektief) bied aan die adolessent se ontwikkeling van die sin vir self binne ‘n lesbiese ouerhuis.

Hierdie doelwit, wat betrekking het op die normatiewe taak van Osmer (2008:135), is suksesvol bereik deur die bespreking van die literatuurstudiebevindinge rakende die Pastoraat en Gestaltteorie in Hoofstuk 2. Die normatiewe taak korreleer in baie opsigte met Zerfass, waarin 'n basisteorie geformuleer moet word. Vir die doel van hierdie studie het die navorser Osmer se take en Zerfass se basisteorie gekombineerd gebruik om die bogenoemde doelwit te bereik. Voldoende literatuur kon geraadpleeg word ten einde die Pastoraat as basisteorie en die Gestaltteoretiese perspektief as paradigmatiese perspektief te omskryf as die teoretiese paradigma van hierdie studie. Sodoende is die vraag beantwoord: *"Wat behoort in die praktyk te gebeur?".*

- Om deur 'n literatuurstudie, wat die meta-teoretiese velde van verskeie verwante wetenskappe insluit, 'n teoretiese raamwerk daar te stel om 'n beter idee te kry van die gay gesin (met spesifieke verwysing na die lesbiese verhoudings) en die adolessent as ontwikkelingstadium en die sin vir self.

Osmer se interpreterende taak: "*Waarom is dit aan die gang?*" korreleer met die model van Zerfass waarin die meta-teorievorming saamgestel word deur 'n analise van die huidige situasie en verkryging van kennis van ander wetenskappe om sodoende 'n duidelike beeld van die werklikheid te verkry. Die doelwit wat betrekking het met die interpreterende taak van Osmer is bereik, aangesien die navorser deur middel van 'n omvattende literatuurstudie inligting ingesamel het rakende die lesbiese ouerhuis, adolessensie en die ontwikkeling van die sin vir self. Suid-Afrikaanse literatuur oor lesbiese ouerskap is beperk, en derhalwe moes die navorser gebruik maak van internasionale literatuur in hierdie verband. Die navorser het in die literatuurstudie gevind dat daar 'n gebrek bestaan binne bestaande literatuur oor adolessente se identiteitsontwikkeling of ontwikkeling van die sin vir self binne lesbiese ouerhuise. Die navorser moes dus gebruik maak van meer algemene navorsing in verband met identiteitsontwikkeling en die sin vir self, wat grootliks fokus op adolessente binne heteroseksuele ouerskapverhoudings. Die navorser het Erikson se psigososiale ontwikkelingsteorie gebruik om die

identiteitsontwikkeling van die adolessent te omskryf. Die literatuurstudie wat in Hoofstuk 3 en Hoofstuk 4 uitgevoer is, het die navorser se kennis rakende lesbiese ouerskap en adolessente se ontwikkeling van ‘n sin vir self aansienlik vergroot, en het die navorser in staat gestel om vrae vir die semi-gestruktureerde onderhoude saam te stel, ten einde ‘n beter begrip te ontwikkel vir adolessente se ontwikkeling van ‘n sin vir self binne die unieke fenomeen.

- Om deur empiriese navorsing die ervaring van lesbiese ouers en adolessente rakende die adolessent se ontwikkeling van die sin vir self binne die lesbiese ouerhuis te ondersoek en te beskryf.

Hierdie doelwit, wat te make het met die beskrywende empiriese taak van Osmer, is verwesenlik deur die semi-gestruktureerde onderhoude wat gevoer is met die adolessente en hul lesbiese ouers. Deur hierdie onderhoude met die adolessente en hul ouers kon die navorser die vraag: “Wat is aan die gang in die lewens van adolessente en hul lesbiese ouers wat moontlik hul sin vir self raak?”, beantwoord. Onderhoude is afsonderlik gevoer met die adolessente en hul ouers. Die data is verryk deur ‘n opvolg- onderhoud met die adolessente, waartydens hulle ‘n collage gemaak het om hul sin vir self te verlig. Na die transkribering van die data het die navorser deur middel van telefoongesprekke met die adolessente en hul ouers alle onsekerhede uitgeklaar en die data bevestig. Creswell se spiraal-analise is gebruik om die data te analiseer. Die navorsingsmetodologie en empiriese resultate is volledig in Hoofstuk 5 beskryf.

- Om riglyne saam te stel wat lesbiese ouers en pastorale beraders kan bemagtig om adolessente te help in die gesonde ontwikkeling van ‘n sin vir self binne hul unieke gesinsdinamika.

Die pragmatiese taak van Osmer behels die formulering van ‘n strategie vir die oplossing van die probleem, soos in die empiries-beskrywende taak geformuleer. Hierdie doelwit is suksesvol bereik deurdat die navorser al die inligting vanuit die literatuurstudie en empiriese resultate benut het, ten einde riglyne saam te stel om

aan ouers en pastorale beraders hulp te verleen in hierdie verband. Hierdie riglyne is getoets deur dit aan die lesbiese ouers voor te lê vir terugvoer. Alle aanbevelings van die ouers is by die riglyne geïnkorporeer; sodoende is die basisteorie, paradigmatiese perspektief en kwalitatiewe navorsing gebruik om ook volgens die model van Zerfass van praxis 1 na praxis 2 te beweeg en is praktyk-teoretiese riglyne geformuleer.

Deur die bereiking van al die bogenoemde doelwitte van hierdie studie is die subvrae van die navorsing, soos uiteengesit in 6.2, beantwoord.

## 6.4 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS VAN DIE NAVORSINGSRESULTATE

Die navorsingsresultate van die literatuurstudie en die empiriese ondersoek kan soos volg saamgevat word:

### 6.4.1 Unieke gesinsfunksionering en gesinsverhoudinge

Navorsingsbevindinge dui daarop dat, net soos in die geval van heteroseksuele gesinne, daar beduidende verskille in die funksionering van lesbiese gesinne is. Die gesinsfunksionering word hoofsaaklik bepaal deur die rolle wat deur die lesbiese ouers aangeneem word. In die gesinne waar beide die lesbiese ouers betrokke is by die opvoeding van die adolessente, hul huishoudelike pligte eweredig verdeel en mede-verantwoordelikheid vir ouerskap aanvaar, blyk die uitkomste vir die adolessente se algehele ontwikkeling die beste te wees. Die teendeel geld vir gesinne waar die metgesel lesbiese ouer haarself onttrek, antagonisties teenoor die adolessente optree en voortdurend in konflik met die adolessente betrokke raak. Hierdie negatiewe verhoudings lei daartoe dat adolessente onttrek uit gesinsaktiwiteite, hul vrymoedigheid binne die gesin verloor en gevoelens van alleenheid, frustrasie en onbevoegdheid ervaar, wat hul ontwikkeling van ‘n gesonde sin vir self nadelig beïnvloed.

Die kwaliteit van die gesinsverhoudinge is dus ‘n belangrike bepaler van die adolessente se psigologiese welstand en hul ontwikkeling van ‘n sin vir self. Wanneer adolessente geliefd, veilig en aanvaar voel binne hul lesbiese ouerhuis, lê

hulle die waagmoed aan die dag om hulself te wees en maksimaal te ontwikkel. Verder het hierdie studie getoon dat die laasgenoemde adolessente stigmatisering en verwerping vanuit die sosiale veld beter kan hanteer en oor die algemeen gesonde ontwikkeling van die sin vir self toon.

**6.4.2 Die adolessent se omskrywing van die self**

Vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude met die adolessente het dit vir die navorser geblyk dat die adolessente almal in staat was om hulself te omskryf aan die hand van persoonlikheid, belangstellings, talente en gesins- en sosiale verhoudings. Dit het duidelik na vore gekom dat die adolessente noukeurige introspeksie moes doen ten einde hulself te posisioneer en te onderskei binne ‘n oorheersend heteronormatiewe samelewing of veld. Die uitkomste van hierdie selfondersoek was uiteenlopend. Die meerderheid adolessente het verkies om hul gesinsidentiteit ‘n geheim te hou. Dit het velerlei gevolge rakende hul vriendekring, sosiale aktiwiteite en hul ouers se betrokkenheid by hul skole. Hoewel die meerderheid adolessente probeer om ‘n baie positiewe beeld van hulself binne hul gesin en sosiale omgewing voor te hou, was dit duidelik dat hul vrees vir verwerping en stigmatisering hulle noodsaak om hanteringsmeganismes aan te leer om hulself te beskerm.

Die aangenome adolessente het die beste aangepas in hul lesbiese ouerhuis en hulle was nie skaam om hul gesinsidentiteit bekend te maak nie. Die literatuuroorsig bevestig dat aangenome kinders beter aanpas in lesbiese ouerhuise as kinders en adolessente wat na die egskeiding van hul heteroseksuele ouers saam met hul biologiese ma deel word van ‘n lesbiese gesin. Laasgenoemde adolessente moet nie alleen aanpas by ‘n lesbiese gesin nie, maar moet ook die trauma en krisisse van die egskeiding hanteer en deurworstel.

Die navorser het gevind dat die adolessente bewus was van hul persoonlike besluitneming rakende verskillende aspekte van die lewe, insluitend hul lesbiese ouerhuis. Die adolessente het groot klem geplaas op die verantwoordelikheid wat individue vir hul eie keuses moet aanvaar. In hul groei na onafhanklikheid blyk dit dat hulle hulself posisioneer binne ‘n heteronormatiewe samelewing op grond van hul

eie gedagtes, gevoelens en belewenisse binne hul lesbiese ouerhuis en die verwagtinge van die sosiale konteks waarbinne hulle hulself bevind. Sodoende toon die adolessente wat aan hierdie studie deelgeneem het, respek vir hul ouers se keuse om homoseksueel te wees, sonder om dit noodwendig goed te keur of te internaliseer. Hul persoonlike ervaring stel hulle in staat om die positiewe en negatiewe aspekte van hul unieke gesinsdinamika te onderskei en te bespreek.

### 6.4.3 Faktore wat die sin vir self beïnvloed

Adolessente se sin vir self word onder andere gevorm deur hul interaksie met hul direkte familie en breër sosiale omgewing. Binne hierdie verhoudingskonteks is daar verskeie faktore wat adolessente se sin vir self beïnvloed. Adolessente vra dikwels vrae soos: "*Is ek goed genoeg?", "Wat dink ander mense van my?"* en *"Is ek so goed soos my maats?"* Adolessente wat in lesbiese ouerhuise grootword, word direk en indirek blootgestel aan antagonisme, stigmatisering, verwerping en homofobie ten opsigte van hul ouers se seksuele oriëntasie. Hierdie blootstelling lei tot die ontstaan van vrese vir spot en verwerping, wat emosionele druk op die adolessente plaas. Om hulself te beskerm, hou hulle hul gesinsidentiteit 'n geheim en probeer hulself so min moontlik blootstel aan situasies waarin hulle verneder kan word. In hierdie verband het die navorser gevind dat die adolessente verkies om binne die portuurgroep net een of twee vriendskappe te sluit met vriende wat hulle kan vertrou. Hierdie vertrouelinge is ook die enigste vriende wat hulle sal oornooi na hul ouerhuise, of aan wie hulle hul gesinsidentiteit bekend sal maak.

Die druk wat deur die meeste adolessente ervaar word ten opsigte van hul ouers se seksuele oriëntasie, binne 'n oorwegend heteroseksuele samelewing, was vir hulle problematies. Dit het emosies van vrees, angs en spanning teweeggebring. Dit blyk egter dat hulle hierdie druk beter kon hanteer en dat hulle positiewer oor hulself begin dink het nadat hulle Christelike geloofsekerheid verkry het. Dit onderskryf vorige navorsing, soos weergegee in die literatuurstudie, waaruit blyk dat Christelike geloofsekerheid 'n positiewe bydrae tot die algehele ontwikkeling en psigologiese welstand van adolessente lewer. Christelike geloofsekerheid lei die adolessent tot 'n diepe verstaan van die self, die sin van die lewe en ander. Die feit dat adolessente hulself beter kan verstaan, sosiale en persoonlike druk kan hanteer en beter kan

deel met spot en stigmatisering, vanuit ‘n geloofsekere lewe, stel hulle in staat om ‘n positiewe sin vir self te ontwikkel binne hul unieke omstandighede. Geloof is dus ‘n belangrike determinant vir die ontwikkeling van identiteit.

### 6.4.4 Positiewe aspekte van die lesbiese gesin wat adolessente se sin vir self kan bevorder

Vanuit die literatuurstudie het die navorser gevind dat daar twee hoofstrome in die navorsing oor lesbiese ouerskap en die ontwikkeling van kinders en adolessente in hierdie ouerhuise bestaan. Aan die eenkant is daar homoseksuele aktiviste wat die regte van lesbiese ouers wil beskerm, en al hul navorsing toon net positiewe uitkomste vir kinders en adolessente wat by lesbiese ouers grootword. Aan die ander kant is dit anti-gay navorsers wat weer die klem plaas op uitsluitlik die negatiewe uitkomste vir kinders en adolessente wat by lesbiese ouers grootword. Die navorser merk aan die einde van hierdie studie steeds ‘n groot tekort aan objektiewe navorsing in verband met die algehele ontwikkeling van kinders en adolessente wat by lesbiese ouers grootword. Die navorser is derhalwe van mening dat hierdie studie ‘n positiewe bydrae lewer deur sowel die positiewe aspekte van lesbiese ouerskap as die negatiewe aspekte te verlig.

Vanuit die empiriese resultate van hierdie studie het die adolessente die kwaliteit van hul gesinsverhouding as ‘n sterkte van hul lesbiese gesin voorgehou. Dit geld vir die gesinne waar beide die lesbiese ouers verantwoordelikheid vir ouerskap aanvaar het, huishoudelike pligte eweredig verdeel het en kwaliteit verhoudinge met die adolessente gehandhaaf het. Hierdie adolessente kon die uitdagings vanuit die sosiale konteks beter hanteer en gevoelens van verwerping en minderwaardigheid die hoof bied; derhalwe beskou hulle hul persoonlike groei ook as ‘n positiewe aspek van hul lesbiese ouerhuis. Hulle is minder bevooroordeeld en toon openheid en respek vir ander persone se oortuigings, waardes en besluite.

Die adolessente wie se lesbiese ouers gelowig is, het ook positiewe gesinservarings gehad en het veilig gevoel in die wete dat hul ouers op God vertrou. Die adolessente het geloof in Christus deurentyd hoog op prys gestel en as die sin en rigtingwyser van die lewe beskou.

### 6.4.5 Negatiewe aspekte van die lesbiese gesin wat die adolessente se sin vir self kan belemmer

Hoewel die meeste literatuur fokus op die positiewe uitkomste van lesbiese ouerskap, blyk daar besliste uitdagings te wees binne hierdie gesinsdinamika, soos in die geval van alle gesinne. Die empiriese resultate van hierdie studie dui die adolessente se vrees vir homofobie, verwerping en stigmatisering, as gevolg van hul ouers se seksuele oriëntasie, as die belangrikste negatiewe aspek van lesbiese gesinne aan. Hoewel dit vanuit die literatuuroorsig blyk dat daar 'n groter openheid in die samelewing teenoor homoseksuele persone ontstaan het, ondervind die meerderheid deelnemers aan hierdie studie steeds skuldgevoelens, vrees vir verwerping, eensaamheid en gevoelens van andersheid. Hierdie emosionele belewenisse van hul lesbiese ouers omsluit die adolessente wat in hierdie huise grootword, en derhalwe ervaar die adolessente intense vrees dat hul gesinsidentiteit bekend sal word en dat dit daartoe sal lei dat hulle deur hul portuurgroep en ander belangrike persone vanuit die sosiale omgewing verwerp sal word. Hul vrees vir verwerping gee ook aanleiding vir die ervaring van botsende emosies, soos byvoorbeeld somtyds innerlike woede vir die veroordeling vanuit die samelewing, gevoelens van hopeloosheid omdat hulle nie die siening van ander in verband met homoseksualiteit kan verander nie en spanning as gevolg van die geheimhouding van hul gesinsidentiteit. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat vrees vir stigmatisering en verwerping alle aspekte van die adolessente se lewe beïnvloed en dus ook die ontwikkeling van hul sin vir self stremmend beïnvloed.

Konflik tussen die metgesel lesbiese ouer en die adolessente blyk 'n struikelblok te wees in die adolessente se aanvaarding van die lesbiese ouerhuis, en lei tot verhoogde spanning in die gesinsverhoudinge. Hierdie konflik laat adolessente onttrek uit gesinsaktiwiteite en wek gevoelens van eensaamheid, frustrasie en onbevoegdheid. Hul botsende emosies ten opsigte van die metgesel lesbiese ouer laat die adolessente soms voel asof hulle hul biologiese ma verraai.

In die gesinne waar finansiële tekorte beleef word as gevolg van die werkloosheid van een van die ouers, ervaar die adolessente gevoelens van onsekerheid oor die toekoms, spanning en minderwaardigheid. Hulle idealiseer gesinne waar daar aan al

die materiële behoeftes voorsien kan word en hulle beskou die afwesigheid van 'n vaderfiguur in hul gesinne as 'n oorsaak vir die finansiële tekorte.

Uit die empiriese navorsing blyk die afwesigheid van 'n vaderfiguur ook 'n negatiewe aspek van lesbiese ouerskap te wees. Dit was veral die adolessente seuns wat 'n pa-seun-verhouding begeer het. Hulle het die afwesigheid van 'n vaderfiguur as 'n groot verlies ervaar.

Die negatiewe aspekte van 'n lesbiese ouerhuis, soos blyk uit die empiriese resultate van hierdie studie, hou volgens die navorser verband met die adolessente se ontwikkeling van 'n gesonde sin vir self, en derhalwe moet ouers en pastorale beraders hulle daarvan vergewis ten einde hulp te kan verleen aan adolessente wat in lesbiese ouerhuise grootword. Die navorser gaan vervolgens aanbevelings, soos deur die navorsingsbevindinge geïnspireer, aan ouers en pastorale beraders as moontlike riglyne voorhou.

## 6.5 AANBEVELINGS AAN OUERS EN PASTORALE BERADERS

Vanuit die empiriese resultate van hierdie studie kan die navorser gespesifiseerde riglyne gee om ouers te begelei om aan adolessente hulp te verleen vir die gesonde ontwikkeling van 'n sin vir self binne die unieke gesinsdinamika van 'n lesbiese gesin. Die komplekse aard van die uitdagings wat adolessente se gesonde ontwikkeling van 'n sin vir self kan strem of belemmer, het die navorser laat besef dat dit in sommige situasies, soos waar konflik tussen die adolessente en metgesel ouers nie binne die gesin self opgelos kan word nie, nodig mag wees dat die gesin professionele hulp en bystand moet inwin. In die lig hiervan, het die navorser ook aanbevelings en riglyne saamgestel om pastorale beraders hulp te verleen indien hulle wil betrokke raak by hulpverlening aan lesbiese ouers en hul adolessente. Dit is egter belangrik om tydens die toepassing van hierdie riglyne deurentyd bewus te wees van adolessente se primêre behoeftes naamlik, hul behoefte aan liefde en aanvaarding asook hul behoefte aan 'n gevoel van bevoegdheid. Hierdie behoeftes kan bevredig word wanneer hulle die geleentheid gebied word om hulself te beskryf en te definieer sonder enige vrees dat hul verwerp sal word. Adolessente se vermoë

om hulself te beskryf en te definieer speel ‘n belangrike rol in die verhoging van hul selfbewustheid en die ontwikkeling van hul sin vir self.

Verder is dit noodsaaklik om binne die gesinsverhouding en die beradingsverhouding aan adolessente die geleentheid te bied om hul eie opinies, gedagtes en waarnemings te deel asook om hul eie keuses uit te oefen in besluitnemingsprosesse. Dit sal hul gevoel van bevoegdheid en selfwaarde verhoog wat noodsaaklik is vir die ontwikkeling van ‘n sin vir self. Die gesinsverhouding en beradingsverhouding moet plaasvind binne duidelik gedefinieerde grense, wat aan die adolessente sekuriteit en veiligheid bied sodat hulle gemaklik kan wees om hul ware self te openbaar. Die wyse van kommunikasie en interaksie speel ook ‘n deurslaggewende rol in die genoemde verhoudings met die adolessente. Deur vriendelikheid, gemaklikheid, empatie, aanvaarding, respek, humor en onvoorwaardelike liefde uit te straal, sal ‘n gevoel van veiligheid geskep word waarin adolessente kan eksperimenteer, oefen en verander om ‘n gesonde sin vir self te ontwikkel en ‘n persoonlike identiteit te bereik. ‘n Veilige omgewing kan alleenlik geskep word as die betrokke partye bereid is om hulself oop te stel en met oorgawe aan die interaksies deel te neem, selfs al vra dit moontlik dat die self transformeer en verander ten einde kwaliteit verhoudings te vestig.

In die lig hiervan, is die navorser van mening dat riglyne, wat veronderstel is om optredes van mense te rig en te lei, sistematies en akademies korrek kan wees sonder om enige verskil in mense se lewens te bewerk as dit nie met die regte gesindheid geïnspireer en aanbeveel is nie. In Westminster-abdy in Londen staan die volgende woorde op die grafsteen van ‘n Anglikaanse biskop:

> Toe ek jonk en vry was en my verbeelding geen perke geken het nie, het ek gedroom hoe ek die wêreld wou verander. Soos ek ouer en wyser geword het, het ek agtergekom dat die wêreld nie sal verander nie. Toe het ek my droom effens ingekort en besluit om net my land te verander, maar ek het daarmee ook geen sukses gehad nie. In my herfsjare het ek nog een laaste poging aangewend om dinge te verander. Ek het min illusies oorgehad en besef dat ek tevrede sou moes wees om net my gemeente, of selfs net my gesin te verander. En

> nou, terwyl ek op my sterfbed lê, begryp ek te laat, as ek maar net by myself begin het, sou ek dalk deur my voorbeeld my gesin en 'n paar gemeentelede kon verander. Met hulle inspirasie en bemoediging sou ons dalk ons land kon help verander. En wie weet, miskien sou ons selfs iets aan die wêreld kon doen. (Naudé, 2004:63).

Hierdie grafskrif het vir die navorser nuwe betekenis gekry gedurende die navorsingsproses en die saamreis met ouers en adolessente wat die navorser toestemming gegee het om vir 'n tyd in hul lewensreis te deel. Die navorser stem saam met Müller (2006:4) dat navorsers en selfs teoloë dikwels vergeet dat hulle met werklike mense handel en dan konstrukte van mense vorm wat moet inpas by antieke teorieë en voorveronderstellings. In so 'n handelswyse kan geen verandering gefasiliteer word nie, want ware verandering begin heel eerste by die self. Hierdie navorsingsreis het die navorser opnuut laat besef hoe ondeurdringbaar persoonlike grense kan wees as gevolg van onkunde, wanpersepsies en vooropgestelde idees.

Die navorser het besef dat die Pastoraat waardeloos is indien die kerk situasies probeer vermy en selfs ontduik, soos wat die priester en Leviet in die vertelling van die barmhartige Samaritaan in Lukas 10 gedoen het. Ware verandering, ondersteuning en hulpverlening kan net geskied as grense tussen mense oorgesteek word om mekaar in liefde te aanvaar en onvoorwaardelik te dien, soos deur die Samaritaan gedemonstreer. Dit is presies wat Jesus kom doen het vir 'n gewonde en verlore wêreld. Hy het die menslike grense binnegetree, sonder voorwaardes, vooropgestelde idees of oordeel. Jesus het deel geword van 'n begrensde en beperkte milieu, sodat Hy die evangelie aan die armes kon bring, die wat verbryseld van hart is kon genees, vir die gevangenes vrylating kon verkondig, aan die blindes herstel van gesig kon gee, die wat gebroke is in vryheid kon wegstuur en oorwinning vir die ganse aarde kon bewerk (Lukas 4:18-19; Jesaja 61:1-3). In hierdie lig stem die navorser saam met Müller (2006:3), wat meen dat die teologie moet wegbeweeg van 'n lineêre benadering, waarin mense voorgeskryf word oor hoe hulle oor hulself, die lewe en God moet nadink en eerder van 'n *skakelbord-teologie* gebruik moet maak, wat Müller (2006:3) soos volg voorstel:

> Volgens hierdie metafoor is teologie nie veronderstel om antwoorde te verskaf nie, maar om 'n konneksie te bewerk tussen 'n verskeidenheid van verhale: Die verhale van die individu, die gesin en familie, die gemeenskap en ook die fundamentele verhaal van die Christelike geloofsgemeenskap.

Wat egter vir die navorser van belang is, is dat die groter verhaal van God nooit afgewater mag word om aan te pas by ons begrensde en beperkte milieu nie, want die verhaal van Jesus Christus is 'n revolusionêre verhaal, wat nie by tye of geleenthede aanpas nie, maar wat mense, tye en geleenthede uitdaag om by Hom aan te pas. Vanuit so 'n vertrek word die pastorale berader 'n *skakelbeampte* wat help om konneksies te bewerk, maar wat absoluut verlaat is op die werking van die Heilige Gees om al die nodige herstel, genesing en verandering te bewerk volgens Sy wil en welbehae. In hierdie lig en gesindheid, gaan die navorser poog om aan die einde van hierdie navorsingsreis die volgende ondersteuning deur middel van riglyne aan die ouers te verskaf.

### 6.5.1 Riglyne aan ouers

#### *6.5.1.1 Onvoorwaardelike liefde en aanvaarding*

Daar is niks belangriker vir enige persoon as onvoorwaardelike liefde nie. Voorwaardelike liefde beteken dat liefde net bewys word wanneer die adolessent aan die ouers se verwagtinge voldoen, terwyl onvoorwaardelike liefde aan die adolessent die versekering gee dat my ouers my liefhet net soos wat ek is en maak nie saak wat gebeur nie, hulle liefde vir my sal altyd onveranderd bly.

Deur onvoorwaardelike liefde sal die adolessente geborge en veilig voel. Wanneer adolessente geborgenheid en veiligheid ervaar, sal hulle bereid wees om hul skanse te laat sak en hul eie kwesbaarheid te toon. Hoe meer onvoorwaardelike liefde adolessente van hul ouers ervaar, hoe meer sal hulle geneig wees om openlik met hul ouers te praat oor hul eie gedagtes, emosies, bekommernisse en dinge waarmee hulle worstel. Dit sal vir die adolessente die geleentheid bied om openlik met hul ouers te praat oor hul eie vrese met betrekking tot hul gesinsidentiteit en moontlike

verwerping, stigmatisering en groepsdruk. Sodoende kan die ouers hulp verleen ten einde die adolessente te bemagtig om hierdie uitdagings die hoof te bied. Deur onvoorwaardelike liefde kan die ouerhuis ‘n veilige hawe vorm teen die storms van die lewe.

Ouers kan onvoorwaardelike liefde bewys deur opregte belangstelling te toon in die leefwêreld van die adolessent, insluitende skool, sport, vriendekring en stokperdjies. Onvoorwaardelike liefde kan ook daadwerklik gedemonstreer word deur kwaliteit tyd met die adolessente te spandeer, ‘n drukkie te gee of om net ‘n oor te wees om te luister na hul gevoelens en ervarings.

Dit is egter ook belangrik om onvoorwaardelike liefde in woorde te kommunikeer. Ouers moet nie aanvaar dat adolessente geliefd en veilig voel net op grond van die ouers se gedrag nie; soms is dit nodig om liefde in woorde te kommunikeer, soos byvoorbeeld: *“Ek aanvaar jou net soos jy is en ek het jou baie lief.”* Die kommunikasie van ouers se liefde aan die adolessente sal ook aan adolessente die vrymoedigheid gee om openlik oor hul gevoelens met hul ouers te kommunikeer en dit sal die ouer-kind-verhouding verhoog.

Onvoorwaardelike liefde skep vir adolessente ‘n tuiste waarin hulle openhartig kan wees oor hul foute en tekortkomings. Die ouerhuis word dan ‘n veilige plek om te faal en om te leer, want daar is begrip en empatie vir mekaar. In hierdie verband is dit veral belangrik dat die biologiese ma en metgesel ouer ‘n basis sal skep vanwaar hulle die gesinsverhoudinge kan rig. Terwyl die biologiese ma en metgesel ‘n aparte entiteit binne die gesinsverhouding skep, met die adolessente en biologiese ma in ‘n ander entiteit, bring die verdeeldheid in lojaliteite spanning, onsekerheid en konflik mee. Dit is noodsaaklik dat die metgesel ma haar sal oopstel om die adolessente onvoorwaardelik lief te hê, soos wat sy haar in onvoorwaardelike liefde aan hul biologiese ma verbind en ook ‘n behoefte aan onvoorwaardelike liefde beleef. In so ‘n omgewing van onvoorwaardelike liefde sal adolessente oor die vrymoedigheid beskik om hulself te definieer deur spontane uitdrukking te gee aan hul persoonlike

gedagtes en opinies oor hulself. Selfdefinisie is ‘n noodsaaklikheid in die ontwikkeling van ‘n gesonde sin vir self.

Die navorser besef dat dit nie ‘n eenvoudige aangeleentheid is nie, en dat daar sowel binne die veld van die metgesel ouer en die veld van die adolessente gedeel moet word met hul eiesoortige onvoltooidhede, ten einde gesonde kontak binne die gesinsveld te kweek. Wanneer die kontakgrense herstel tussen die onderlinge gesinslede, kan al die partye behoeftebevrediging binne die gesin ervaar en kan die adolessente se persoonlike groei bevorder word en hulle ‘n gesonde sin vir self ontwikkel. In die gevalle waar die ouers en adolessente nie in staat is om self die konflik tussen die adolessente en metgesel ouer op te los nie, sal die navorser aanbeveel dat hulle professionele hulp en ondersteuning inwin.

*6.5.1.2 Bevordering van die verhouding tussen die adolessent en metgesel lesbiese ouer deur effektiewe konflik hantering*

Vanuit die navorsingsbevindinge is dit duidelik dat die kwaliteit van ouer-kind-verhoudinge ‘n deurslaggewende rol speel in die algehele ontwikkeling en psigologiese welstand van adolessente. Verder is daar gevind dat adolessente die beste vaar in lesbiese ouerhuise waar beide ouers verantwoordelikheid vir ouerskap aanvaar, huishoudelike pligte eweredig verdeel en albei ouers kwaliteit verhoudings met die adolessente handhaaf.

In gesinne waar daar voortdurend konflik tussen die metgesel lesbiese ouer en die adolessente ontstaan, ervaar die adolessente spanning, onsekerheid en gevoelens van magteloosheid. Hierdie konflik veroorsaak ook spanning in die verhouding tussen die lesbiese ouers en het dus ‘n negatiewe uitwerking op die gesin in geheel.

Die navorser is van mening dat dit belangrik is in hierdie verband om vas te stel presies wat die hoofoorsaak van die konflik is. Doeltreffende en oop kommunikasie is noodsaaklik, sodat die metgesel ouer en adolessente insig in mekaar se verwagtinge, frustrasies en vrese kan bekom. ‘n Gesinsgesprek kan ‘n moontlikheid bied om begrip vir mekaar te ontwikkel en gesinsprobleme en konflik op te los. ‘n

Gesinsgesprek is die skepping van ‘n doelbewuste geleentheid waartydens al die gesinslede hul standpunte en sienswyses kan opper. Die onderwerpe van bespreking kan dus handel oor verskillende opvattings, waardes, wense, planne, probleme en ontevredenheid binne die gesin. Op hierdie wyse verken die gesinslede elke individu se unieke lewensverhaal, ervaring en interpretasie daarvan. Sodoende kan die gesinslede se verhale op mekaar inwerk om uiteindelik by te dra tot die totstandkoming van ‘n nuwe, alternatiewe gesinsverhaal waartoe elke gesinslid ‘n bydrae gelewer het. Deur ‘n gesinsgesprek verkry al die gesinslede dan inspraak in die besluite wat geneem word en aanvaar medeverantwoordelikheid om probleme en struikelblokke, wat die harmonie in die gesin bedreig, uit die weg te ruim.

Deur ‘n gesinsgesprek kan die moontlike oorsaak van die konflik uitgeklaar word en oplossings kan oorweeg word. Dit kan alleenlik gebeur as die kommunikasie oop en eerlik geskied. Die konflik moet deur al die betrokke partye in duidelike terme omskryf word. Wanneer daar konsensus oor die oorsaak van konflik bereik word, kan moontlike oplossings bespreek en oorweeg word.

Die gesinslede moet die moontlike oplossings deeglik bespreek voordat hulle ‘n keuse maak wat al die gesinslede die beste sal pas. Die sukses van so ‘n moontlike oplossing lê in die hande van al die betrokke gesinslede, en derhalwe is dit uiters belangrik dat elkeen bereid sal wees om sy/haar volle samewerking te gee. Die implikasies wat die besluit vir elkeen inhou, moet duidelik geformuleer word.

Die besluite wat tydens die gesinsgesprek geneem word, kan moontlike ongemak vir die metgesel lesbiese ouer of adolessente inhou, omdat die ouer of adolessente dit dalk moeilik mag vind om hul verantwoordelikheid na te kom. Die biologiese ouer kan hier ‘n ondersteunende rol speel deur haar metgesel of adolessent te herinner en te motiveer om by die besluite te hou in die beste belang van die hele gesin. Dit is ook belangrik dat die biologiese ouer nie sal kant kies of ’n eensydige standpunt sal inneem nie, want dit sal die konflik verhoog.

Gesinsgesprekke moet gereeld plaasvind ten einde vordering te evalueer, verhoudings te verbeter en vertroue te kweek tussen al die gesinslede. Humor kan ‘n belangrike bydrae lewer in die ontlading van die onderlinge spanning tussen die metgesel ouer en die adolessente. Humor kan die spanning en uitdagings versag en die verskillende gesinslede toelaat om met groter empatie begrip vir mekaar te ontwikkel. Die navorser is van mening dat hierdie wyse van konflikhantering nie alleen ‘n moontlike oplossing aan gesinne bied om konflik te hanteer nie, maar dit sal ook adolessente se sin vir self bevorder deurdat die gespreksvoering hulle sal leer hoe om hul eie emosies te verwoord. Die gespreksessies sal ook adolessente se kommunikasie- en probleemoplossingsvaardighede verhoog.

Indien die oorsaak dieperliggend is en die gesin nie self kan vasstel wat die rede vir voortdurende konflik is of moontlike oplossings kan bereik nie, is dit noodsaaklik om professionele hulp in te win.

*6.5.1.3 Aanvaarding en wedersydse respek*

Volgens die HAT (1985:899) word respek gedefinieer as eerbied, ontsag en agting. Enige persoon wat die nodige respek ontvang, sal ‘n gesonde sin vir self ontwikkel en waardig voel. Respek kan nie net in een rigting plaasvind nie, maar moet in enige verhouding wedersyds bewys word. Ouers speel ‘n belangrike rol in die modellering van respek aan hul adolessente. Om adolessente met respek te behandel, beteken dat ouers hul opinies oor sake van belang sal vra en dit in ag sal neem. Dit beteken verder om adolessente as unieke persone, met eie waardes, emosies en regte te beskou en te hanteer. Indien adolessente binne die gesin op so ‘n interaktiewe wyse respek aanleer, deur dit van hul ouers te ontvang en weer aan hul ouers te bewys, sal hulle beslis ook die uniekheid en waarde van alle ander mense erken en respekteer.

Die ouers se erkenning van die adolessent as ‘n unieke individu met ‘n eie identiteit en waardes, is seker die belangrikste voorvereiste vir begrip en aanvaarding. Rogers (1994:189) beskryf aanvaarding op die volgende treffende wyse:

> One of the most satisfying experiences I know – is just fully to appreciate an individual in the same way that I appreciate a sunset. When I look at a sunset ... I don't find myself saying, 'Soften the orange a little on the right hand corner, and put a bit more purple along the base, and use a little more pink in the cloud colour ...' I don't try to control a sunset. I watch it with awe as it unfolds.

Hierdie tipe aanvaarding waarna Rogers (1994:189) verwys, kom nie vanselfsprekend nie, maar is 'n lewenswaarde wat elke ouer moet aanleer en inoefen. Deur begrip en aanvaarding, kommunikeer die ouers aan die adolessente dat hul opvattings, idees, standpunte, gevoelens en persoonlike keuses saak maak en dat die ouers graag wil luister na wat hul adolessente te sê het. Verder kommunikeer begrip en aanvaarding van die ouers aan die adolessente dat die ouers hulle respekteer as unieke individue, met unieke gevoelens, idees, talente en belangstellings. Die begrip en aanvaarding deur die ouers skep vir die adolessente 'n geleentheid om te kan groei en ontwikkel. Deurdat hulle die geleentheid kry om hul eie keuses oor aspekte van die lewe uit te oefen, word hul selfbegrip en selfvertroue in die proses verhoog. Terselfdertyd verhoog selfbegrip en selfvertroue die adolessente se vermoë om ander persone beter te begryp en te aanvaar.

*6.5.1.4 Klem op die uniekheid van elke individu*

Vanuit die empiriese resultate blyk dit dat die adolessente en hul ouers 'n hoë premie plaas op elke individu se uniekheid en unieke besluitneming en keuses. Terwyl die lesbiese ouers 'n behoefte ervaar om aanvaar te word en gerespekteer te word vir hul seksuele oriëntasie, is dit belangrik om terselfdertyd dieselfde openheid, aanvaarding en respek teenoor hul kinders en adolessente te openbaar.

Die navorser is van mening dat dit belangrik is om in hierdie verband te besef dat elke unieke individu in verhouding staan met die veld of omgewing waarin hy/sy hom-/haarself bevind. 'n Persoon kan dus nie buite sy/haar interaksie met die omgewing en interpersoonlike verhoudinge verstaan word nie. Emosionele spanning ontstaan en persone se psigologiese welstand word bedreig wanneer hulle hulself distansieer van belangrike dele van die self, byvoorbeeld deur sekere emosies te

onderdruk, te disassosieer met dele van hul liggaam of verhoudings te misken (Henderson & Thompson, 2011:223).

Die meerderheid adolessente wat in lesbiese ouerhuise grootword verkies om hul gesinsidentiteit ‘n geheim te hou binne hul portuurgroep en die breër sosiale omgewing. Hierdie ontkenning van hul ware gesinsidentiteit veroorsaak emosionele spanning en vrees vir die moontlikheid dat hul gesinsidentiteit wel bekend kan word en hulle dan verwerping sal ervaar. Dit is belangrik dat die lesbiese ouers hul adolessente sal help om hul unieke gesinne te definieer, te verstaan en te aanvaar.

Müller (2002:8) verduidelik in hierdie verband dat dit eerstens belangrik is om die adolessente te help om te besef  dat nie een gesin net goed of net sleg is nie. Elke gesin is ‘n samestelling van unieke individue, van verskillende ouderdomme en geslag, wat unieke gesinsverhale tot stand bring en unieke uitdagings die hoof moet bied. Vanuit ‘n Bybelse perspektief word hierdie aspek van onvolmaaktheid verder verlig, en is daar groot troos in die wete dat selfs die Bybel nie ‘n ideale gesin voorhou nie, maar ‘n ideale boodskap: God omarm, deur Jesus Christus, elke individu en gesin wat in geloof na Hom toe kom.

*6.5.1.5 Emosionele ondersteuning*

Adolessente beleef emosies baie intens. Hulle word heen en weer geslinger tussen ervarings van mag en magteloosheid, van waagmoed en vrees. Die een oomblik ervaar hulle gevoelens van emsionele beheer en sekerheid en die volgende oomblik is hulle in die dieptes van vertwyfeling en sonder hoop. Dit is veral die eise en verwagtinge wat deur die oorheersend heteronormatiewe samelewing aan die adolessente in lesbiese ouerhuise gekommunikeer word wat aanleiding gee tot ‘n wisselwerking van negatiewe- en positiewe emosies, met grootskaalse onsekerheid tot gevolg. Onseker ouer-kind-verhoudinge sal hierdie emosionele onsekerheid vererger en tot groter emosionele verwarring by die adolessente lei.

Dit is van uiterse belang dat die lesbiese ouers begrip moet toon vir die emosionele eise waaraan die adolessente blootgestel word binne hul sosiale omgewing. Die ouers moet die adolessente verseker dat hulle altyd beskikbaar en bereid is om te luister na die adolessente. Lesbiese ouers moet adolessente toelaat om hul emosies te verwoord en uit te druk, sonder om self emosionele beheer te verloor. Lesbiese ouers moet seker maak dat hul eie emosies ten opsigte van spot en stigmatisering uitgesorteer is ten einde ondersteuning aan die adolessente te bied. Wanneer ouers emosionele selfbeheer toepas, modelleer hul aan adolessente om hul eie emosies te beheer en te hanteer.

Moedig die adolessente aan om uiting te gee aan hul emosies, doen dit om eers ‘n ruk lank op die emosies te konsentreer voordat daar aan probleemoplossings gedink word. Gee realistiese terugvoering. Die adolessente weet presies wat die waarheid is en daarom weet hulle ook as hul ouers net iets sê om hul beter te laat voel. Sorg vir volkome, liefdevolle aanvaarding by elke geskikte geleentheid. Gee erkenning aan die adolessente se talente en vermoëns, deur opregte komplimente. Sodoende sal adolessente se sin vir self versterk en hulle in staat stel tot ‘n realistiese selfbeskouing. Wanneer hulle ‘n realistiese selfbeskouing het, sal hulle kritiek en spot beter kan hanteer en met sensitiwiteit en begrip teenoor ander optree. Die adolessente wat met sensitiwiteit ander hanteer, ervaar ‘n groter mate van aanvaarding, vriendskap en begrip. Die beginsel dat jy net kan oes wat jy saai is in elke situasie van menswees en verhoudinge beproef. Bemagtig die adolessente om selfversekerd, met sensitiwiteit en begrip teenoor ander op te tree en hulle sal in die meeste gevalle as wenners uittree.

*6.5.1.6 Sekuriteit*

Die adolessente het ‘n intense behoefte aan sekuriteit en geborgenheid. Na die egskeiding van hul heteroseksuele ouers het die meeste van die adolessente stormagtige tye van verandering en aanpassing beleef. Selfs al was hulle nog baie klein, het die gevolge van die egskeiding en die hervestiging binne ‘n lesbiese gesin

op elkeen ‘n unieke indruk gelaat; derhalwe moet die lesbiese ouers begrip toon vir hul behoeftes aan sekuriteit en geborgenheid.

‘n Belangrike bepaler van sekuriteit, is die kwaliteit van die lesbiese ouers se verhouding asook die kwaliteit van die ouer-adolessente-verhouding. Die biologiese ouer kan hier ‘n belangrike rol speel deur begrip te toon vir die adolessente se behoeftes, maar ook te poog om die kwaliteit van die verhouding tussen die adolessente en die ander lesbiese ouer te verhoog. Die navorser is van mening dat gereelde gesinsgesprekke (soos bespreek in 6.5.1.2) en gedeelde gesinsaktiwiteite hier van groot waarde kan wees.

Verder is dit belangrik dat die ouers die adolessente verseker dat hulle ‘n onlosmaaklike deel van die gesin uitmaak. Waar konflik tussen die ander lesbiese ouer en die adolessente bestaan, voel die adolessente soms uitgelaat en onseker oor hul plek in die gesin. Hierdie gevoelens kan net verander as die ouer-adolessent-verhouding verbeter en die konflik opgelos word.

Die navorser is van mening dat die ander lesbiese ouer, as die volwassene in die verhouding, ‘n verantwoordelikheid het om haar eie onsekerhede oor ouerskap en haar posisie in die gesin uit te klaar ten einde ‘n kwaliteit verhouding met die adolessente te vestig. Indien dit onmoontlik is om dit binne die gesinskonteks te bereik, is dit noodsaaklik om professionele hulp in te win.

Die navorser stem saam met Barna (2011:137) dat dit die ouers se verantwoordelikheid bly om ‘n gesinsomgewing te skep waarbinne al die adolessente se behoeftes bevredig word. Hierdie behoeftes sluit ‘n woning, voedsel en klere, mediese sorg, opvoeding, emosionele, fisiese versorging en die stel van veilige grense in. Wanneer ouers daarin slaag om in hierdie behoeftes te voorsien, ervaar kinders en adolessente sekuriteit en geborgenheid en kan hulle hul volle potensiaal bereik.

*6.5.1.7 Vertroue en eerlikheid*

Persoonlike groei en ontwikkeling kan alleenlik plaasvind as ‘n persoon hom-/haarself ken. ‘n Gesonde sin vir self is afhanklik van ‘n realistiese selfbeskouing (Mellor & Mellor, 2001:146). Adolessente het dus nodig dat hul talente en persoonlikheidseienskappe, asook hul houdings en waardes, objektief en eerlik beoordeel moet word. Ouers moet die verantwoordelikheid aanvaar om ‘n gesinsomgewing te skep waar dit veilig is vir die adolessente om die waarheid oor hulself, hul emosies en oor ander te praat. So ‘n omgewing kan net geskep word as die ouers bereid is om in alle opsigte eerlik en opreg te wees. Dit beteken dus om ook eerlik oor hulself te wees en getrou te bly aan hulself. Vanuit die navorsingsbevindinge blyk dit verder in hierdie verband dat, wanneer lesbiese ouers eerlik is oor hul seksuele oriëntasie en dit openlik uitleef, adolessente ook gemakliker en openhartiger oor hul gesinsidentiteit kan praat en minder vrees vir verwerping en stigmatisering beleef.

In ‘n omgewing waar eerlikheid en vertroue geskep word deur die ouers se eerlike kommunikasie en optredes, kry adolessente die geleentheid om hul eie swakhede, vrese en emosies bekend te maak sonder om veroordeel te word. Dit skep dus ‘n omgewing waarin adolessente ‘n realistiese beskouing van hulself kan ontwikkel. Wanneer adolessente toegelaat word om ‘n realistiese sin vir self te ontwikkel, deur eerlikheid en vertroue, toon hulle ook groter sensitiwiteit en bedagsaamheid vir ander se gevoelens en optredes, en toon hulle ook ‘n groter begrip vir persoonlikheidsverskille en diversiteit.

*6.5.1.8 Rolmodelle*

Ontwikkelingsielkundiges is dit eens dat die gesin die belangrikste invloed uitoefen op die algehele ontwikkeling van kinders en adolessente. Webb (2011:1) beskryf die ouerhuis soos volg:

> Die gesin is die lens waardeur elke persoon die eerste kykie op verhoudings kry, dis die kliniek waar indrukke oor magtigheid en eerbetoon deur gesprek en gesindheid geskep word, dis die skool waar

> lesse oor waarheid en leuens, eerlikheid of bedrog geleer word. Dit is die gietvorm wat uiteindelik die struktuur van die samelewing bepaal.

Die ouers moet dus ten alle tye besef dat hulle die belangrikste rolmodelle in die adolessente se lewens is. Die ouers moet soveel as moontlik tyd saam met hul adolessente spandeer, want juis in die saamwees word ‘n ideale leeromgewing geskep waarbinne adolessente die waardes en gedrag van hul ouers kan naboots en aanleer.

Die navorser is van mening dat lesbiese ouers veral moet fokus op hul persoonlike ingesteldheid teenoor die lewe en samelewing. Wanneer lesbiese ouers die samelewing as wreed en veroordelend voorhou, sal die adolessente dit ook so ervaar en hulself onttrek vanuit sosiale interaksie met ander. Indien die lesbiese ouers die samelewing positief beskryf en waardering en respek vir verskeidenheid en andersheid openbaar, sal die adolessente veilig voel en ook respek en openheid vir ander openbaar.

Die kwaliteit van die lesbiese ouers se verhouding met mekaar is ook ‘n belangrike bepaler van adolessente se persepsies oor gesinne en verhoudings. Deur stabiele verhoudings met mekaar te handhaaf, pligte en verantwoordelikheid te deel en spontaan liefde te bewys, skep ouers ‘n ideale leeromgewing waarin adolessente hulself kan ontdek en hul sin vir self kan ontwikkel.

*6.5.1.8 ‘n Vaderfiguur*

Die afwesigheid van die vaderfiguur as rolmodel is ook ‘n aspek wat aandag moet geniet. Dit is in hierdie verband belangrik dat die lesbiese ouers nie antagonisties teenoor die adolessente se vaders sal optree nie en ook nie die vaderfiguur as ‘n afskrikmiddel sal gebruik om adolessente te dreig nie. Dit is nodig dat adolessente die uniekheid van beide geslagte sal verstaan en waardeer ten einde persoonlik te kan identifiseer met die geslag van belang. Veral die adolessente seuns ervaar ‘n behoefte om tyd met ‘n vader deur te bring en met ‘n vaderfiguur te identifiseer. Die lesbiese ouers moet, sover dit moontlik is, poog om ‘n verhouding tussen die

adolessente en hul biologiese vaders te vestig. In gevalle waar dit onmoontlik is, is dit nodig om ander belangrike manspersone in die familie of vriendekring te identifiseer en te vra om as rolmodelle vir die adolessente seuns op te tree. So ‘n verhouding kan alleenlik betekenisvol wees as beide die volwassene en die adolessent by mekaar aanklank vind, belangstellings deel en bereid is om in die verhouding te belê. Hierdie aspek moet dus met groot oorleg en versigtigheid hanteer word.

*6.5.1.9 Hantering van spot en stigmatisering*

Vanuit die literatuuroorsig en empiriese resultate blyk dit duidelik dat stigmatisering en verwerping deel uitmaak van lesbiese ouers se ervaring, en dat adolessente wat in lesbiese ouerhuise grootword outomaties aan die stigmatisering en verwerping van homoseksuele persone blootgestel word. Stigmatisering veroorsaak emosionele pyn en gevoelens van verwerping. Die adolessente ervaar intense vrees dat hul gesinsidentiteit bekend sal word en dat hulle dan verwerp en gespot sal word as gevolg van hul lesbiese ouers se seksuele oriëntasie, deur veral hul portuurgroep, maar ook die breër heteroseksuele samelewing.

Die navorser stem saam met Reyneke (2007:58) dat stigmatisering deel van die samelewing is en dat dit nie net oornag sal verdwyn nie, maar dit beteken ook nie dat ‘n passiewe houding en gelate aanvaarding die oplossing sal bied nie. Burt *et al*. (2010:5) is van mening dat verandering net kan plaasvind wanneer ‘n persoon ‘n tree vorentoe gee om ‘n verskil te maak. Frankl (2006:138; 1969:16) sluit hierby aan wanneer hy daarop wys dat mense oor die vermoë beskik om te besluit of hulle sal toelaat dat dinge hulle beïnvloed en tot watter mate. Volgens Frankl (2006:138; 1969:16) is dit dus nie die belangrikste wat met mense gebeur nie, maar dit is wel dit wat in hulle gebeur wat werklik saak maak. Die navorser is van mening dat dit noodsaaklik is dat lesbiese ouers hul adolessente toerus om die probleem van stigmatisering en verwerping te kan hanteer.

Volgens die navorser is die belangrikste beginpunt dat die ouers emosioneel betrokke sal wees by die adolessente. Dit beteken dat hulle op so ‘n wyse betrokke

sal wees dat die adolessente al hul emosionele ervarings met die ouers kan deel. Sodoende skep die ouers ‘n uitlaatklep vir negatiewe emosies wat ontstaan as gevolg van stigmatisering of verwerping, en terselfdertyd verkry hulle insig in die probleem en kan daar saam aan moontlike oplossings of hanteringsmeganismes gedink word.

Geyer (2007:153) is van mening dat mense op een van drie wyses optree wanneer hulle verneder of geboelie word, naamlik passief, aggressief of selfgeldend. Persone wat passief optree sal nie in konflik betrokke wil raak nie en stel ander se behoeftes bo hul eie. Aggressiewe persone sal dominerend en met aggressie probeer om hul eie belange te beskerm, terwyl selfgeldende persone vir hul regte sal opstaan terwyl hulle hulself en ander respekteer (Geyer, 2007:153).

Dit is dus belangrik om die adolessente te begelei tot selfgeldende optrede teenoor diegene wat hul spot of boelie as gevolg van hul lesbiese ouerhuis. Persone kan net selfgeldend optree as hulle hulself ken en weet waarheen hulle oppad is (Maxwell, 2004:107). Die ouers se waardes, norme en houdings oefen ‘n onmeetbare invloed op die selfkennis van die adolessente uit. Hul interaksie met hul ouers lei daartoe dat hulle ‘n voorraadopname van die self neem en hul selfkonsep daarop baseer. Ouers kan adolessente se voorraadopname van die self positief beïnvloed deur te sorg vir volkome, liefdevolle aanvaarding in elke situasie; deur erkenning te gee aan hul talente en hul opreg te prys; en deur altyd sensitief en realisties te wees.

Die navorser is verder van mening dat die ouers die adolessente se bewustheid van die self kan verhoog deur hulle aan hul sterkpunte te herinner en hulle te help fokus op hul toekomsverwagtinge. Toekomsverwagtinge skep hoop in die hier-en-nou en laat die mens uitstyg bo moeilike omstandighede (Grootboom, 2007:52). Geyer (2007:150) sluit hierby aan, en wys daarop dat ‘n toekomsverwagting adolessente in staat stel om hul fokus in die hier-en-nou van die stigmatisering en verwerping te verplaas na belangriker aspekte soos huiswerk, toetse en eksamens, ten einde hul drome te verwesenlik. Deur voortdurende motivering en ondersteunende betrokkenheid, en deur te fokus op die adolessente se sterkpunte en positiewe

kwaliteite, kan lesbiese ouers hul adolessente toerus om selfgeldend op te tree in hul portuurgroep en sosiale omgewing.

*6.5.1.10 Bevordering van geloofsontwikkeling*

Die belangrike bydrae wat Christelike geloofsekerheid lewer in die adolessente se ontwikkeling van identiteit, is deur die adolessente deelnemers van hierdie studie bevestig. Die meerderheid adolessente het vertel dat hulle hulself ontdek het toe hulle Christus aangeneem het en dat hul geloofsverhouding met Hom elke aspek van hul lewe positief beïnvloed. Verder het die adolessente ook gemeld dat hul geloofsekerheid hulle help met die hantering van stigmatisering en verwerping.

Die navorser is van mening dat die lesbiese ouers hulself moet vergewis van die invloed wat Christelike geloofsekerheid op die adolessente se ontwikkeling van 'n sin vir self, asook op hul algehele psigologiese welstand, uitoefen. Christelike geloofsekerheid lei die individu tot 'n diepe verstaan van die self, die sin van die lewe en ander. Geloofsekere adolessente weet wie hulle is en leef doelgerig om hul missie in die lewe te volvoer. Christelike geloofsekerheid word selfs geassosieer met psigologiese gesondheid, beheer van middel misbruik, gesonde sosiale verhoudinge, "coping" en moraliteit. Vergifnis en geloofsekerheid herstel emosionele toestande en sodoende kan probleme, stres en trauma makliker oorkom word. Christelike geloofsekerheid spoel dus deur in al die vlakke van menswees; emosioneel dra dit by tot innerlike vrede en dit rig elke optrede in verantwoordelikheid om hoopvol en vervuld na more uit te sien.

Ware, opregte geloof het twee bestanddele, naamlik 'n vaste kennis van God en sy beloftes in die evangelies, en daarby saam 'n hartlike vertroue dat al my sondes my om Christus-wil vergewe is (Immink, 2003:35). Ouers kan toesien dat adolessente se kennis van God en sy Woord uitgebrei word deur seker te maak dat die Bybel 'n sentrale plek in hul huishouding inneem en deur die adolessente aan te moedig om die Bybel gereeld te lees en te oordink. Die evangelie van Jesus Christus is egter 'n "ons"-storie en word nie in isolasie beoefen of geleer nie. Geloofsvorming behels nie alleen die oordrag van religieuse inligting nie, maar ook 'n interaktiewe verhouding

met die geloofsgemeenskap. Ouers kan in hierdie verband seker maak dat hulle aan die adolessente alle moontlike geleenthede bied om by geloofsaktiwiteite soos jeugaksies, kerkbyeenkomste, tienerkampe en so meer in te skakel.

Dit is egter ook belangrik om te besef dat geloofsekerheid die totale mens omsluit. So ‘n holistiese benadering beteken dat geloof die kognitiewe (denke), konatiewe (wil) en emotiewe (emosies) aspekte van die mens insluit. Dit is dus van groot belang dat geloof gestalte moet kry in die mens se alledaagse lewe. In hierdie verband is dit noodsaaklik dat die ouers die adolessente sal aanmoedig om die Bybelse lewensvaardighede in hul daaglikse lewe toe te pas en uit te leef (Hanekom, 2000:27).

Die voorbeeld wat deur die ouers gestel word, speel ‘n belangrike rol in die adolessente se geloofsontwikkeling. Dit wat hulle sien, hoor en beleef in hul ouerhuis, laat blywende indrukke in hul lewens en het ‘n bepalende effek op hul leerproses. Ten einde die adolessente te begelei tot volwassenheid, is dit nodig dat die ouers toesien dat al hul behoeftes bevredig word. Dit sluit ook hul spirituele behoeftes in.

### 6.5.2 Riglyne aan pastorale beraders

#### *6.5.2.1 Onvoorwaardelike liefde*

Die navorser is van mening dat onvoorwaardelike liefde die voorvereiste vir enige beradingsverhouding is. Onvoorwaardelike liefde word sekerlik die beste verwoord in Paulus se skrywe aan die gemeente in Korinthe, met spesifieke verwysing na 1 Korinthiërs 13:1-13. Verder bied Jesus se bediening op die aarde ‘n onuitputlike bron van verwysing na die praktiese uitlewing van onvoorwaardelike liefde in naastediens binne enige sosiale omgewing of konteks. Sy liefde is so inklusief dat dit al die grense van die mens se feilbaarheid daarby insluit (Romeine 8:30-39). Hierdie liefde is sorgsaam, verstandig, opreg, welwillend en genadig. Dit behels die opregte soeke na die beste vir die adolessente, en sluit alle persoonlike voorkeure uit. Sodoende skep onvoorwaardelike liefde die geskikte omgewing waarbinne die adolessente, sonder enige vrees vir verwerping, in kontak kan kom met hul positiewe

en negatiewe eienskappe, ten einde te groei tot groter selfbegrip en die ontwikkeling van ‘n gesonde sin vir self.

*6.5.2.2 Vertroue in die pastorale verhouding*

Onvoorwaardelike liefde kweek vertroue in die beradingsverhouding, wat van groot belang is om adolessente wat in lesbiese ouerhuise grootword, gemaklik te stel. Hierdie adolessente vrees stigmatisering en verwerping en derhalwe vertrou hulle nie maklik persone uit die heteronormatiewe samelewing nie. Alleenlik deur onvoorwaardelike liefde en aanvaarding te bewys, kan die berader die beradingsproses so stimuleer dat dit wedersydse respek en vertroue tot gevolg kan hê.

*6.5.2.3 Opregte empatie, meelewing en aanvaarding*

Die pastorale berader moet deur opregte empatie, meelewing en aanvaarding die adolessente se bewustheid van hul eie sterktes en innerlike belewenisse verhoog ten einde hul sin vir self uit te brei en te vestig. Wanneer berading in so ‘n atmosfeer plaasvind, sal die berader ook aan die adolessente die vryheid gee om persoonlike besluite te neem en keuses uit te oefen rakende probleemoplossings, krisishantering en so meer. Die uitoefening van hul eie keuses laat die adolessente ‘n gevoel van bevoegdheid ervaar en bevorder hul sin vir self.

*6.5.2.4 Wanpersepsies en vooropgestelde idees*

Deur die navorsingsproses het die navorser se kennis oor lesbiese ouerskap en die adolessente in hierdie ouerskapverhouding se ervarings en ontwikkeling grootliks uitgebrei, en die navorser is van mening dat onkunde oor spesifieke onderwerpe dikwels lei tot wanpersepsies en selfs skade in die beradingsproses kan veroorsaak. Dit is ‘n belangrike riglyn vir pastorale beraders om soveel as moontlik kennis in te win oor lesbiese ouerskap en adolessente se algehele ontwikkeling en ervarings binne hierdie unieke fenomeen, ten einde waarlik kontak met die adolessente en hul ouers te maak.

*6.5.2.5 Selfondersoek*

Dit is ook belangrik dat die berader behoorlike selfondersoek sal doen ten opsigte van persoonlike vooropgesteldhede en homofobie rakende homoseksuele persone. Indien dit vir die berader 'n probleem is, behoort hy/sy eerder die adolessente en/of hul ouers na iemand anders te verwys.

*6.5.2.6 Holistiese benadering*

Pastorale beraders moet ook daarteen waak om nie alle probleme wat moontlik deur die adolessente ervaar of beleef word, te herlei na hul lesbiese ouerhuis nie. Die berader moet eerder fokus op die integrasie van die adolessente se totale omgewing of veld, en 'n holistiese benadering volg om ware begrip en ondersteuning aan die adolessente te bied.

*6.5.2.7 God se verhaal*

Binne die Pastoraat is dit ook belangrik dat beraders sal onthou dat God se verhaal, wat in Jesus Christus ontvou, nooit eksklusief van aard is nie, maar in alle opsigte inklusief, soos voorgehou in Johannes 3:16:

> Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.

Adolessente wat stigmatisering en verwerping ervaar het as gevolg van hul lesbiese ouers se seksuele oriëntasie, moet gewoonlik deel met negatiewe emosies soos hartseer, pyn en eensaamheid. Hulle kan selfs voel dat God hulle in die steek gelaat het. Dit is juis hier waar pastorale beraders die verantwoordelikheid moet neem om hierdie adolessente te begelei om te ontdek dat God hulle nie verwerp nie, maar insluit in Sy verhaal van liefde, vergifnis, genade en nuwe lewe.

Bo die mens en om die mens skryf God 'n groter verhaal; een wat deur Sy wil gevorm word en volgens Sy kalender ontvou. Dit is juis in die lig van God se verhaal wat die pastorale berader die adolessente en hul ouers kan begelei om hul eie verhale te herinterpreteer en nuwe perspektief te vind in die sin van die lewe. God se

verhaal is ‘n sensitiewe en beskrywende verhaal wat elke mens die versekering bied dat, ongeag wat die inhoud van hul huidige lewensverhale mag wees, God elke mens by Sy verhaal van genade en versoening insluit. In Jeremia 29:11 verklaar Hy onomwonde:

> Want ek weet watter gedagtes ek aangaande julle koester, spreek die Here, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle ‘n hoopvolle toekoms te gee.

Die navorser is van mening dat die pastorale berader juis binne die konteks van God se verhaal die belangrikheid van die adolessente se persoonlike keuse ten opsigte van Jesus Christus kan verduidelik. Die uitoefening van hul persoonlike keuses is vir adolessente van groot belang en verhoog hul gevoel van bevoegdheid. Binne die Christelike geloofstradisie is die keuse vir of teen Jesus Christus die belangrikste keuse wat ‘n individu moontlik in sy/haar lewe kan neem. Hierdie keuse berus op ‘n geloofsbesluit om Jesus Christus as die Seun van God sentraal te stel in elke opsig van die lewe. Hy word dan die middelpunt waaruit die mens se gedagtes oor God en die mens, oor die verhouding van God met die mense, oor die heil van die mens en die wêreld, oor sedelikheid, moraliteit en die sin van die lewe gerig word.

Die wonder van hierdie keuse is dat dit die totale mens omsluit. Dit werk deur tot alle vermoëns van die mens; tot sy/haar verstand en tot sy/haar hart en wil; ook sy/haar geneenthede; tot siel en liggaam. Deur ‘n keuse vir Jesus Christus te maak, word mense deur die Heilige Gees getransformeer op ‘n wyse wat net God kan bewerk. Sodoende vind ons in God se verhaal dat ‘n moordenaar (Moses) die leier en redder van die volk word, ‘n skaapwagter (Dawid) koning word, ‘n weeskind (Ester) ‘n koningin en volksheldin word, ‘n prostituut (Maria Magdelena) ‘n verkondiger van die blye boodskap word, ‘n visserman (Petrus) ‘n evangelis word en ‘n tollenaar (Mattheüs) ‘n mede-outeur van die Bybel word.

Hierdie transformasie vind plaas wanneer mense in geloof tot handeling oorgaan en Jesus Christus as Verlosser en Saligmaker aanvaar en daardeur met God versoen. Die versoende mens is in Christus ‘n nuwe skepping, nie alleen is sy/haar sonde

vergewe nie, maar is hy/sy ook onder die heerskappy van Christus gebring, en dit word deur sy/haar ganse lewe sigbaar. Paulus verduidelik hierdie nuwe lewe in Galasiërs 2:20 soos volg: “Ek is met Christus gekruisig en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my.” Die gelowige mens se lewe word dus nie alleen gerig deur persoonlike kwaliteite, bekwaamheid en vermoëns nie, maar deur die gawe van Sy Gees kan die gelowige mens oorwinnend leef. Die navorser is van mening dat adolessente se keuse vir of teen Jesus Christus hulle ontwikkeling van ‘n sin vir self en hul vestiging van ‘n persoonlike identiteit in alle opsigte raak. Namate hul verhouding met Jesus versterk en hul kennis aangaande die Vader, die Seun en die Heilige Gees uitbrei, sal hul sin vir self geskoei word op die gedagtes wat God oor hul dink, Sy plan vir hul lewens en Sy krag, wat deur die inwoning en teenwoordigheid van die Heilige Gees in hul lewens sigbaar word. Geloof word op hierdie wyse die bril waardeur hulle na die lewe kyk, en dan alleen word omstandighede, teleurstellings en uitdagings in ‘n nuwe perspektief geplaas. ‘n Perspektief wat die totale lewe benader vanuit die geloofsoortuiging soos deur Paulus verwoord in Filipense 4:13: “Ek is tot alles in staat deur Christus wat my die krag gee.”

### 6.6 ‘N VOLTOOIDE GESTALT

Vanuit ‘n Gestaltperspektief word persoonlike groei en gesonde ontwikkeling moontlik wanneer ‘n persoon se bewustheid in die hier-en-nou op so ‘n wyse plaasvind dat die persoon in staat is om selfregulerend op te tree (Joyce & Sills, 2006:37; Clarkson, 2004:22). Organismiese selfregulering vind plaas wanneer ‘n persoon oor die vermoë beskik om persoonlike behoeftes, wat vanuit die persoon self of vanuit die fenomeenveld ontwikkel, suksesvol te bevredig. Wanneer ‘n behoefte suksesvol bevredig is, word die gestalt voltooi en ervaar ‘n persoon ‘n gevoel van genoegdoening en tevredenheid met die self en die omgewing/veld (Clarkson, 2004:23; Korb *et al.,*1989:37).

Adolessente het volgens Blom (2004:114) twee primêre behoeftes wat bevrediging vereis om persoonlike groei te stimuleer en die ontwikkeling van ‘n gesonde sin vir self moontlik te maak, ten einde ook ‘n persoonlike identiteit te bereik. Hierdie basiese behoeftes is eerstens ‘n behoefte aan onvoorwaardelike liefde en

aanvaarding, en tweedens die behoefte aan ‘n gevoel van bevoegdheid. Vanuit die fenomeenveld word die bevrediging van die genoemde behoeftes in die lewens van adolessente in lesbiese ouerhuise gestrem as gevolg van bepaalde uitdagings en struikelblokke. Die grootste uitdaging binne hul gesinne is vir sommige adolessente die konflik met die metgesel ouer, wat hul bevoegdheid in twyfel trek en gevoelens van minderwaardigheid, onttrekking, onbekwaamheid en alleenheid tot gevolg het. Die afwesigheid van ‘n vaderfiguur, word veral deur die adolessente seuns as ‘n leemte ervaar, wat daartoe aanleiding gee dat hulle onvergenoegdheid met hul huidige omstandighede beleef en ‘n voortdurende verlange na ‘n pa ervaar.

Vanuit die wyer sosiale konteks en fenomeenveld, ervaar adolessente uit lesbiese ouerhuise voortdurend stigmatisering, etikettering en verwerping as gevolg van hul ouers se seksuele oriëntasie. Dit gee aanleiding tot uiteenlopende emosionele ervarings, wat wissel van gevoelens van aggressie, verwyt en opstandigheid teenoor die sosiale konteks en selfs teenoor God, tot gevoelens van moedeloosheid, minderwaardigheid, angs en onsekerheid. Die genoemde uitdagings bedreig dus in verskeie opsigte die bevrediging van hul behoeftes aan onvoorwaardelike liefde en aanvaarding, asook ‘n gevoel van bevoegdheid. Die onafgehandelde en onbevredigende behoeftes in die adolessente se ervaringsveld verhinder dat hulle effektiewe selfregulering kan toepas en ‘n voltooide gestalt kan bereik.

Hierdie uitdagings het ‘n besliste invloed op die gesonde ontwikkeling van adolessente in lesbiese ouerhuise se sin vir self. Vanweë die kompleksiteit van die uitdagings, is daar geen kitsoplossings om behoeftebevrediging te bewerkstellig nie. Dit is egter juis die kompleksiteit van hierdie vraagstuk wat die navorser laat besef het dat ‘n holistiese mensbeskouing alleenlik kan plaasvind wanneer die mens in al sy fasette nie alleen uit die natuurlike veld beskou word nie, maar ook vanuit ‘n spirituele veld. Binne die natuurlike veld word die mens voortdurend gekonfronteer met gebrokenheid, tekorte, onbevredigde behoeftes, spanning en konflik, waarvoor selfs in hierdie tegnologiese, gesofistikeerde eeu nie absolute oplossings gevind kan word nie. Vanuit ‘n Christologiese perspektief het Jesus verduidelik dat die natuurlike veld voortdurende uitdagings bied. In Lukas 17:1 sê Jesus: “Dit is onvermydelik dat die struikelblokke kom … ” Die navorser besef in hierdie verband dat die uitdagings

wat aan adolessente in lesbiese ouerhuise gestel word, onvermydelik is. Konflik met die metgesel ouer kan moontlik aangespreek word deur middel van pastorale berading en hulpverlening, maar stigmatisering, spot en verwerping, asook die afwesigheid van ‘n vaderfiguur, is uitdagings wat moeilik verantwoordbaar is.

Verandering binne die natuurlike veld is dikwels moeilik bereikbaar en onderhewig aan verskeie veranderlikes wat moeilik voorspelbaar is, derhalwe is die navorser van mening dat die innerlike, spirituele ingesteldheid van die individu ‘n groter bepaler van persoonlike groei en ontwikkeling is. Die navorser is verder van mening dat die uniekheid van die Christelike geloof die grootste moontlikheid vir spirituele groei bied. Binne die Christelike geloof staan Jesus Christus sentraal, juis omdat Sy liefde vir die mens onvoorwaardelik en onveranderd is. Jesus verklaar dit onomwonde in Johannes 15:13: “Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee.” Hierdie onvoorwaardelike liefde is nie alleen verklaar deur Jesus self nie, maar is deur Hom bewys aan die kruis op Golgota. Die liefde van God sou niks anders as ‘n fabel of fantasie gewees het as dit by die kruis geëindig het nie, maar die ware betekenis van God se liefde, deur Jesus bewys, is gesetel in die wete dat Hy die dood oorwin het en lewe tot in ewigheid.

Wanneer die mens, met spesifieke verwysing na die adolessente uit lesbiese ouerhuise, dan vanuit die gebroke natuurlike veld (van spot, verwerping en stigmatisering) tot God nader, kan daar onmiddellik ‘n “I-Thou moment” tussen God en die mens/adolessent ontstaan, want Jesus begryp nie deur middel van eksterne waarneming die menslike uitdagings nie, maar vanuit ‘n persoonlike belewenis, soos deur die Hebreërskrywer verwoord in Hebreërs 4:15: “Want ons het nie ‘n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons.” Jesus verstaan die mens se omstandighede en aanvaar elke persoon wat in geloof na Hom toe kom onvoorwaardelik. Die “I-Thou oomblik” tussen God en die mens sou egter eensydig gewees het as die mens niks daarvan in die hier-en-nou kon ervaar nie, maar deur die inspraak van die Heilige Gees ervaar elke persoon wat in geloof na God uitreik ‘n “I-Thou” oomblik, die oomblik wat hy/sy besef God aanvaar my net soos ek is. Dawid beskryf die wonder van so ‘n “I-Thou” oomblik in Psalm 139:1-6:

> Here, U deurgrond en ken my. U ken my sit en my opstaan; U verstaan van ver my gedagte. U deurvors my gaan en my lê, en U is met al my weë goed bekend. Want daar is nog geen woord op my tong nie – of U, Here, U ken dit geheel en al. U sluit my in van agter en van voor, en U lê U hand op my. Om dit te begryp, is te wonderbaar vir my, te hoog: ek kan daar nie by nie.

‘n “I-Thou” oomblik met God bring nie alleen ‘n ervaring en bewustheid van Sy begrip vir die mens teweeg nie, maar bevredig die diepliggende behoefte aan onvoorwaardelike liefde en aanvaarding. Die navorser meen in hierdie verband dat die adolessente se behoefte aan onvoorwaardelike liefde en aanvaarding in Jesus bevrediging kan vind, en sodoende word die gestalt nie in die natuurlike veld voltooi nie, maar in die spirituele ervaring van God se ewige, onvoorwaardelike liefde vir die mens.

Wanneer die mens met God versoen, word nie net die diepliggende behoefte aan onvoorwaardelike liefde aangespreek nie, maar die mens beweeg binne ‘n nuwe veld van ervaring. Die spirituele veld wat in Christus ontsluit, verleen ‘n nuwe dimensie aan die lewe in totaliteit. Waar die mens in die natuurlike fenomeenveld moet staatmaak op persoonlike sterktes en eksterne ondersteuning om behoeftebevrediging te verwesenlik, verskuif die klem binne ‘n geloofsverhouding met die Vader, die Seun en die Heilige Gees na ‘n transendente werklikheid, waar potensiaal nie in die mens gesetel is nie, maar in die almag van God, die Skepper van hemel en aarde. Binne hierdie potensiaal word sowel uitdagings as sukses geherdefinieer. Uitdagings word in Christus oorkombaar, en al verander omstandighede nie onmiddellik in die hier-en-nou nie, word die hier-en-nou draaglik en uithoubaa, in die eskatologiese verwagting van die wederkoms.

In die hier-en-nou vind daar ook ‘n verandering in terme van die hantering van uitdagings, soos die spot en stigmatisering waarmee die adolessente gekonfronteer word, plaas. Die verandering berus op die belofte van die inwoning van die Heilige Gees, soos vervat in Johannes 14:16: “Ek sal die Vader bid en Hy sal julle ‘n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid, die Gees van die waarheid …”.

Hierdie teenwoordigheid bied aan die gelowige die sekerheid dat wat ookal die aard en inhoud van die uitdagings wat in die hier-en-nou ervaar word mag wees, deur die Heilige Gees God self met die mens is en kan die gelowige mens saam met Dawid bely: “Al gaan ek ook in ‘n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf die vertroos my” (Psalm 23:4).

Hierdie belydenis kry verder gestalte in die groter verhaal van God wat spreek van redding, ontferming, barmhartigheid en voorsiening, soos deur die hele Bybel verhaal. Die gesindheid van God wat deur Jesus in menslike terme verstaanbaar gemaak is, behels egter nie net troos in hier-en-nou uitdagings nie, maar verander die totale ingesteldheid en gesindheid van gelowige mense. Die onvoorwaardelike liefde wat hulle van God ervaar, asook die bevoegdheid wat verkry word deur die inwoning van die Gees, dring hulle om hul persoonlike ervaring met ander te deel en die opdrag van Jesus om dissipels te maak, te vervul. Sodoende word die sin van die lewe nie langer gevind in die bevrediging van persoonlike behoeftes in die hier-en-nou nie, maar vind die individu die sin van die lewe in die roeping en doel wat God vir sy/haar lewe het, naamlik om deur die Heilige Gees medewerker te word binne die koninkryk van God. Vanuit ‘n persoonlike ervaring van verandering en groei, word die potensiaal van verandering ook in ander mense en omstandighede gesien. Die gevoel van bevoegdheid wat die adolessente deur die werking van die Heilige Gees ervaar, behels enersyds die ervaring van innerlike krag om uitdagings vanuit ‘n geloofsperspektief te beskou en te hanteer, en andersyds behels dit ‘n geloofsbetrokkenheid in diens van die Vader om verandering in die hier-en-nou in mense te fasiliteer deur hulle aan Jesus voor te stel as die Verlosser en Saligmaker.

‘n Geloofsekere lewe vra egter ook ‘n herdefiniëring van sukses. Sukses behels nie langer om te wen in menslike terme nie, maar om oorwinnend te leef ten spyte van uitdagings, struikelblokke en omstandighede. Oorwinning berus op die innerlike vrede wat deur die Heilige Gees bewerk word wanneer die mens tot God nader. Daar vind ‘n totale klemverskuiwing plaas. Waar die adolessente se sin vir self beïnvloed is deur sowel hul selfbeskouing as die mening en opinie van ander mense uit die sosiale omgewing, word dit nou bepaal deur God se opinie, liefde en teenwoordigheid in hul lewens. Die navorser is van mening dat selfregulering binne

die spirituele veld van die Christelike geloof in hierdie opsig nuwe betekenis verkry. ‘n Voltooide gestalt kom tot stand wanneer die self toelaat dat regulering deur die Heilige Gees in sy/haar emosies, denke en gedrag (totale mens) bewerk word ten einde al sy/haar behoeftes in Jesus Christus te bevredig. Dan kan die mens bely: “Die Here is my Herder, niks sal my ontbreek nie …” (Psalm 23:1).

Deur die Heilige Gees toe te laat om regulering te fasiliteer in die self, is opwindend en gerusstellend, want dit spoor die individu aan om sy/haar volle potensiaal te ontdek en te verwesenlik binne die veilige teenwoordigheid van die Gees. Op hierdie wyse word nie alleen persoonlike sterktes en potensiaal ontdek nie, maar die mens se diepste behoefte aan onvoorwaardelike liefde en aanvaarding word bevredig. Deur die Heilige Gees word die mens ook bekwaam om sy/haar doel op die aarde te verwesenlik. Op hierdie wyse vind die mens die sin vir die self, ander mense en die lewe in die verklaring van Jesus Christus: “Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in my glo, het die ewige lewe” (Johannes 6:47). Die waarde van pastorale hulpverlening kan in die lig van die bogenoemde bespreking nooit gering geskat word nie, want in Jesus Christus is die gestalt van God die Vader se ewige raadsplan voleindig en voltooi, sodat die mens in Hom volkome kan wees.

## 6.7 DIE BYDRAE VAN HIERDIE STUDIE

Hierdie navorsing het inligting na vore gebring wat kan help om die adolessent binne ‘n lesbiese ouerhuis, se ontwikkeling van ‘n sin vir self, beter te verstaan. Sodanige kennis kan aangewend word in voorligting en berading met adolessente en hul lesbiese ouers. Die spesifieke bydraes wat deur hierdie navorsing gelewer is kan soos volg opgesom word:

- Die gesinsfunksionering en rolle wat deur die lesbiese ouers aangeneem word het ‘n beduidende invloed op adolessente se ontwikkeling van ‘n sin vir self. Waar beide die lesbiese ouers betrokke is by die adolessente blyk die uitkomste vir die adolessente se ontwikkeling die positiefste te wees.

- Adolessente binne lesbiese ouerhuise word voortdurend gekonfronteer met die verwagtinge van ‘n oorheersend heteronormatiewe samelewing en dit dwing hulle

tot ernstige introspeksie en persoonlike besluitneming ten opsigte van hul unieke gesinsomstandighede. Hierdie kennis kan aangewend word om adolessente by te staan en te ondersteun in die ontwikkeling van hul sin vir self.

- Deur insig in die positiewe- en negatiewe aspekte van die lesbiese ouerhuis kan persone wat met adolessente en lesbiese ouers gemoeid is, beter begrip toon en effektiewe hulp verleen in ondersteuning van sulke adolessente en hul ouers vir die gesonde ontwikkeling van 'n sin vir self.

- Die uitkomste van hierdie studie het die navorser in staat gestel om riglyne saam te stel wat terapeuties aangewend kan word ten einde adolessente en hul lesbiese ouers te begelei en te ondersteun, sodoende adolessente se ontwikkeling van 'n gesonde sin vir self te bevorder.

- Die inligting wat deur hierdie studie na vore gebring is kan terapeuties aangewend word om die algehele psigologiese welstand van sowel adolessente as hul lesbiese ouers te bevorder.

**6.8 TEKORTKOMINGE**

Die navorser sou graag meer adolessente en lesbiese ouers by die studie wou insluit, maar dit was moeilik om deelnemers vanuit die homoseksuele populasie te kry wat bereid was om aan die navorsing deel te neem. Dit wil voorkom of vrees vir verwerping en stigmatisering vanuit die heteroseksuele samelewing die grootste rede is dat homoseksuele persone nie aan navorsing wou deelneem nie. Sommige adolessente het onttrek nadat hulle aanvanklik ingestem het om aan die navorsing deel te neem, omdat hulle nie kans gesien het om oor hul lesbiese ouerhuis te praat nie.

Die ontwikkeling van adolessente se sin vir self binne 'n lesbiese ouerskapverhouding is so 'n wye navorsingsveld dat dit onmoontlik is om in een studie reg daaraan te laat geskied. Hierdie studie is dus 'n verkennende studie, om

‘n bewusmakingsproses oor die navorsingstekorte en moontlikhede binne die unieke fenomeen van stapel te stuur.

Die navorsingsbevindinge gegrond op die ervaring van die spesifieke deelnemers en kan dus nie deurgetrek word na die algemene populasie nie. Vanuit die studie het daar egter duidelike rigtinggewende tendense na vore gekom.

## 6.9 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

Dit word aanbeveel dat navorsing oor die volgende gedoen word:

- Die literatuurstudie toon ‘n gebrek aan navorsing oor adolessente se ervaring en ontwikkeling binne lesbiese ouerhuise. Verdere navorsing kan lei tot ‘n beter verstaan van die invloed wat lesbiese ouerskap op adolessente se algehele ontwikkeling uitoefen.

- Verder toon die literatuurstudie ‘n tekort aan Suid-Afrikaanse navorsing in die verband van lesbiese ouerskap, en bied die fenomeen ‘n rykdom van navorsingsgeleenthede in byna al die aspekte van lesbiese ouerskap.

- Navorsing ten opsigte van adolessente se ontwikkeling kan ook multikultureel toegepas word. Sodanige resultate kan met mekaar vergelyk word ten einde kultuurverskille in hierdie verband te identifiseer.

- Navorsing kan ook gedoen word om vas te stel of aangenome kinders en adolessente binne lesbiese ouerhuise se ontwikkeling anders verloop as kinders en adolessente wat in heteroseksuele huwelike gebore is en saam met hul biologiese ma deel geword het van ‘n lesbiese ouerhuis.

- Die verskil tussen kinders en adolessente wat deur kunsmatige inseminasie in ‘n lesbiese ouerhuis verwek is en die wat in heteroseksuele huwelike gebore is en saam met die biologiese ma deel van ‘n lesbiese gesin geword het, kan ook nagevors word.

- Die literatuurstudie toon nog groter gebreke oor gaymvaderskap in sowel die Suid-Afrikaanse as internasionale literatuur, en derhalwe kan soortgelyke navorsing onderneem word om die fenomeen van gay vaderskap in verskeie dimensies te ondersoek.

- Dit is beslis 'n ondersoekveld waaroor nog min navorsing gedoen is, veral in Suid-Afrika, en derhalwe is dit 'n baie aktuele navorsingsterrein. Die studie kan nog 'n groot verskeidenheid van dimensies ondersoek en positiewe navorsingsbydraes lewer.

**6.10 SLOTOPMERKING**

Die uitdaging vir lesbiese ouers en pastorale beraders kan gevind word in die feit dat hierdie navorsing aan die lig gebring het dat sekere aspekte van lesbiese ouerhuise wel adolessente se ontwikkeling van 'n sin vir self beïnvloed. Vanuit die navorsingsbevindinge blyk die grootste invloed in hierdie verband adolessente se vrees vir stigmatisering en verwerping te wees. Hierdie vrees lei tot die ervaring van negatiewe emosies soos hartseer, pyn en eensaamheid. Die navorsingsbevindinge het egter nog 'n belangrike aspek in hierdie verband na vore gebring, naamlik dat Christelike geloofsekerheid die adolessente se begrip van die self, die lewe en ander verdiep het en positief bygedra het tot hul ontwikkeling van 'n sin vir self. Christelike geloofsekerheid blyk verder 'n belangrike hulpmiddel te wees in hul hantering van stigmatisering, verwerping en persoonlike groei.

Die vraag wat nou afgevra kan word, is of die ouers en hulpverleningsprofessies wel toegerus is om die uitdaging te aanvaar. Hierdie navorsing sal geen waarde hê as die uitdaging nie aangespreek word nie. Die uitdaging is soveel meer as 'n oproep tot aksie – dit is die daarstelling van 'n antwoord op 'n kwelvraag. Die uitdaging vir die navorser lê daarin dat die bevindinge en riglyne oorgedra moet word aan die ouers en hulpverleningsprofessies ten einde adolessente in lesbiese ouerhuise behulpsaam te wees in die ontwikkeling van 'n gesonde sin vir self. Verder lê die uitdaging ook daarin dat die fenomeen verder nagevors sal word ten einde hulpverlening meer

# BRONNELYS

Albelda, R., Badgett, M.V.L., Schneebaum, A. & Gates, G.J. 2009. Poverty in the Lesbian, Gay and Bisexual community. California: The University of California. (Executive Summary for the Williams Institute). http://papers.ccpr.ucla.edu/papers/PWP-CCPR2009 Date of access: 31 Jul. 2013.

Alberts, L. 2002. Is Jesus Christus Uniek? Vereeniging: Cum Uitgewersmaatskappy.

.Amato, P.R. 2012. The well-being of children with gay and lesbian parents. *Journal of Social Science Research, 41:* 771-774.

Amoateng, A.Y., Richter, L.M., Makiwana, M. & Rama, S. 2004. Describing the structure and needs of families in South Africa: Towards the development of a national policy framework for families. Pretoria: Child Youth and Family Development, Human Sciences Research Council.

American Academy of Pediatrics. 2013. Promoting the Well-Being of Children Whose Parents are Gay or Lesbian. *Pediatrics, 31: 827-829.*

Anthonissen, C. & Oberhozer, P. 2001. Gelowig en gay? Riglyne vir 'n sinvolle dialoog met gay-lidmate. Wellington: Lux Verbi. BM.

Arlene, F. & Harder, M.A. 2009. The Developmental Stages of Erik Erikson. http://www.learningplaceonline.com/stages/organize/Erikson.htm Date of access: 7 Febr. 2012.

Arney, F. & Scott, D. 2010. Working with Vulnerable Families. Cambridge: Cambridge University Press.

Aronstam, M. 1992. Gestaltterapie. (*In* D.A. Louw, Suid-Afrikaanse Handboek vir abnormale gedrag. Johannesburg: Southern Boekuitgewers. p. 629-644).

Asano, A. 2005. Community-Identity Construction in Galations. London: T&T Clark International.

Atkinson, D.J., Field, D.F. & Holmes, A.F. 1995. New Dictionary of Christian ethics in Pastoral theology. Leicester: Inter Varsity Press.

Babbie, E. 2007. The practice of social research. 7th ed. Australië: Thomson Wadsworth.

Babbie, E. & Mouton, J. 2001. The practice of social research. Kaapstad: Oxford University.

Badenhorst, C. 2010. Dissertation writing a research journey. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Balswick, J.O. & Balswick, J.K. 2006. The Family a Christian perspective on the contempary home. USA: Baker Publishing Group.

Barber, K.B. Stolz, H.E. & Olsen, J.A. 2005. Parental Support, Psychological Control, and Behavioral Control: Assessing Relevance across Time, Culture and Method. Boston: Blackwell Publishing.

Barlow, R. 2013. Gay parents as good as straight ones. http://www.bu.edu/today/2013/gay-parents-as-good-as-straight-ones/ Date of access: 10 Okt. 2013.

Barna, G. 2011. Revolutionary parenting. Vereeninging: Christian Art Publishers.

Barna, G. 2011. Futurecast: what today's trends mean for tomorrow's world. USA: Tyndale House Publishers, Inc.

Barnard, M. 2005. Die verband tussen emosionele intelligensie en posttraumatiese stressimptome by kinders. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Verhandeling: M.Sc).

Bednarova, D. 2008. Applying Gestalt Therapy Principles in counseling a female orienteer. http://www.gymnica.upol.cz/index.php/gymnica/artcle/.../185/125 Date of access: 17 Julie 2012.

Behr, M. 2012. Spoke om die lyf. *Rapport.* 1 Jun. 2012.

Berger, K.S. 2011. The developing person through the life span. New York: Worth Publishers.

Berk, L.E.  2002. Child Development. 5th. ed. Boston: Allyn & Bacon.

Berk, L.E. 2012. Infants, Children and Adolescents. 7th. ed. Boston: Allyn & Bacon.

Beukes, H.G.J. 2006. Lewensverhoudings: Enkele Juridiese aspekte. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. (Verhandeling – Magister Legum).

Beyers, C. 2005. Die gevolge van positiewe MIV-diagnosering by adolessente-leerders. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Proefskrif: Phd Psigo-opvoedkunde).

Bezuidenhout, J.P. &  Janse Van Rensburg, J. 2006. 'n Gereformeerd-Narratiewe Pastorale Terapie. *Acta Theologica, 2006(2):* 17-43.

Block, D.I. 2003. Marriage and Family in ancient Israel. (*In* Campbell, K.M. ed. Marriage and Family in the biblical world. Downers Grove: Intervasity Press. p. 33-102).

Blom, R. 2004. Handbook of Gestalt Play Therapy. Bloemfontein: Drufoma.

Blom, R. 2006. The handbook of Gestalt play therapy: Practical guidelines for child therapists. Londen: Jessica Kingsley.

Bloomberg, L.D. & Volpe, E. 2008. Completing you Qualitative Dissertation. A roadmap from beginning to end. USA: Sage Publications.

Bogdan, R.C. & Biklen, S.K. 2007. Qualitative Research for education: An introduction to theorie and methods. Boston: Pearson Education Inc.

Boeree, G. 2009. Personality Theories. http://www.social-psychology.de/do/pt_intro.pdf  Date of access: 20 Okt. 2012.

Bosacki, S.L. & Ota, C. 2000. Preadolescents' voices: a consideration of British and Canadian children's reflections on religion, spirituality and their sense of self. *International Journal of Children's Spirituality, 5(2):* 204-217.

Bosacki, S.L. 2001. Spirituality, gendered subjectives and education in preadolescents: Canadian preadolescents' reflections on gender-roles and their sense of self. *International Journal of Children's Spirituality, 6(2):* 207-219.

Boshielo, N.E. 2002. The impact of parental involvement on the future time perspective of the adolescent learner in Siyabuswa: A Situational Analysis. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika (Preofskrif:Phd).

Boshoff, L. 2002. Die verband tussen humorsin en psigologiese welstand by adolessente. Bloemfontein: Universiteit van Vrystaat. (Proefskrif – Phd).

Botha, J.H. 2000. Pastorale bediening aan die gay-lidmaat. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Proefskrif: PhD).

Botha, G.P. 2001. Kreatiwteitsfasilitering as deel van 'n praktykgerigte kurrikulum vir die opleiding van predikante. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Proefskrif: PhD).

Botha, J. 2001. Ja vir Jesus, nee vir die kerk. Pretoria: Lapa Uitgewers.

Botha, A.C. 2004. 'n Gegronde studie oor seksuele molestering. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit (Proefskrif: Phd).

Botha, P.H. 2005. Die sinode en homoseks. Kranskop: Khanya Press.

Bothma, J.D. 2003. Pastorale terapie met die MIV/VIGS familie: 'n Narratiewe benadering. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Proefskrif: PhD).

Brinich, P. & Shelley, C. 2002. The self and personality structure. Buckingham: Open University Press.

Brinkman, M.E. & Keulen, D. 2003. Christian Identity in cross-cultural perspective. Zoetemeer: Uitgeverij Meinema.

Brown, S., Smalling, S., Groza, V. & Ryan, S. 2009. The Experiences of Gay Men and Lesbians becoming and being Adoptive Parents. *Adoption Quarterly, 12:* 229-246.

Brownell, P. 2003. Gestalt and Spectator. http://afronord.tripod.com/spectator/gestalt.html Date of access: 3 September 2012.

Browning, D. 2001. The world situation of families: Marriage reformation as a cultural work. Edinburgh: T&T Clark.

Brunsdon, A.R. 2006. Pastoraat aan die afgetrede egpaar deur kanker geaffekteer: ‘n Narratiewe benadering. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Proefskrif: PhD).

Brunsdon, A.R. 2010. ‘n Narratiewe banadering tot die Pastoraat: Kritiese opmerkings na aanleiding van die huidige teologiese debat. *Acta Theologica*, 30(2): 1 – 20.

Bukatko, D. & Daehler, M.W. 2012. Child Development  A Thematic Approach 6th edition. USA: Wadsworth Cengage Learning.

Burger, C. 1997. Familie van God: Waar gelowiges tuiskom in ‘n koue harde wêreld. Kaapstad: Lux Verbi.

Burger, C.W. 2006. Die eerste vyf minute na die dood. Vanderbijlpark: Carpe Diem Media.

Burt, T.; Gelnaw, A. & Lesser, L.K. 2010. Creating Welcoming and Inclusive Environments for Lesbian, Gay, Bisexual and Transgender (LGBT) Falilies in Early Childhood Settings. www.naeyc.org/yc/permissions. Date of access: 2 Sep. 2013.

Butler, J. 2004. Undoing Gender. New York: Routledge.

Butler-Bowdon, T. 2007. Psycology Classics. London: Nicholas Brearley Publishing.

Bybel. 1953. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Cameron, P. D. 2006. Children of Homosexuals and Transsexuals more apt to be Homosexual. *Journal of Biosocial Science, 38,* 413 – 418.

Carroll, F. & Oaklander, V. 1997. Gestalt Play Therapy. (*In* O'Connor, K. & Bravermann, L.M. Play Therapy: Theorie and Practice. New York: John Wiley. p. 184-203).

Chamberlin, S. 2010. The Effects of Lesbian and Gay Parenting on Children's Development. http://www.unh.edu/sociology/media/pdfs-journal2010/ShelbyChamberlin.pdf Date of access: 20 Aug. 2013.

Chan, F. 2010. Radikale liefde. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

Chapman, A. 2011. Erik and Jaon Erikson psychosocial development theory.http://www.businessballs.com/erik_erikson_psychosocial-theory.htm Date of access: 7 Febr. 2012.

Cilliers, A. 1998. God skryf 'n storie. Goodwood: Lux Verbi.

Cilliers, J. 2009. Fides quaerens societatem: Praktiese teologie op soek na sosiale vergestalting. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe 49(4):* 624-638.

Claassens, J. 2013. Gender en menswaardigheid. *Kruisgewys Menswaardigheid, 13(1):* 1-30.

Clarke, V. 2002. Sameness and difference in research on lesbian parenting. *Journal of Community and Applied Social Psychology 12:* 210 – 222.

Clarke, V., Kitzinger, C., Potter, J. & Peel, E. 2004. Kids are just cruel anyway: Lesbian and Gay Parents talk about Homobhobic Bullying. *British Journal of Social Psychology, 43,* 531 – 550.

Clarke, V. & Kitzinger, C. 2005. We're not living on planet lesbian: Constructions of Male Role Models in debates about lesbian families. *Sexualities, 8(2):* 137-152.

Clarkson, P. & Mackewn, J. 1994. Fritz Perls**.** London: SAGE Publications Ltd.

Clarkson, P. 2004. Gestalt Counseling in action. 3rd ed. London: SAGE Publications Ltd.

Clasen, F. 2001. Ons Vader – die gebed wat jou wêreld verander. Wellington: Lux Verbi.

Clegg, C. 2006. Research and postgraduate studies in Public Theology. http://www.div.ed.ac.uk/theolissues Date of access: 15 Mrt. 2011.

Cobb, K. 2005. Theology and popular culture. USA: Blackwell Publishing.

Coetzer, M.C. 2005. 'n Ondersoek na die sosiale en emosionele belewing van kinders binne 'n gesinsituasie waar die broer/suster gestremd is. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika (Verhandeling: MA Onderwys).

Coleman, J. & Hagell, A. 2007. Adolescence, Risk and Resilience against the odds. USA: John Wiley & Sons Ltd.

Collins, G.R. 2011. Die A tot Z van berading. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

Comiskey, A. 2010. Naked Surrender. Nottingham: Inter-Varsity Press.

Cooper, L. & Gates, P. 2006. Too high a price. The case against restricting gay parenting. 2nd. Ed. New York: American Civil Liberties Union Foundation.

Corsini, R.J. & Wedding, D. 2005. Current Psycotherapies. 7th ed. Canada: Thomson Brooks/Cole.

CQ Researcher. 2012. Childhood and Adolescence in society. California: Sage Publications Inc.

Crafford, J.D. & Kotzé, D.J. 1997. 'n Narratiewe pastorale terapie met depressiewe persone. *Acta Theoligica* 1997 (1): 99-113.

Creswell, J.W. 2003. Research design: Qualitative, quantitative and mixed methods approaches. 2nd ed. Thousand oaks: Sage.

Creswell, J.W. 2009. Research design: Qualitative, Quantitative and Mixed methods approaches. 3td. ed. Thousand Oaks: Sage Publications.

Crockett, L.J. & Randall, B.A. 2006. Linking adolescent family and peer relationships to the quality of young adult romantic relationships: The mediating role of conflict tactics. *Journal of Social and Personal Relationships. 2006. 23(5),* 761 – 780*.*

Crocker, S.F. & Philippson, 2005. Phenomenology, existentialism, and eastern thought in Gestalt therapy. (*In* Woldt, A.L., Toman, S.M. Gestalt Therapy: history, theory and practice. California: Sage Publications Ltd. p. 65-80).

Crowl, A., Ahn, S. & Baker, J. 2008. A Meta-Analysis of Developmental Outcomes for Children of Same-Sex and Heterosexual Parents. *Journal of GLBT Family Studies, 4(3): 385-407.*

Dahl, A.L. 2011. Sexual and Religious Identity Development among Adolescent and Emerging Adult Sexual Minorities. All Graduate Theses and Dissertations. (Paper 995). UtahState University. http://digitalcommons.usu.edu/etd/995 Date of access: 12 Aug. 2013.

Darling, N. & Cohan, C.L. 2002. Romantic Anxiety, Avoidance and Middle Adolescents' Depressive Symptoms. https://sharepoint.ocsarts.net/student/academic Date of access: 22 Maart 2012.

D'Cruz, H. & Jones, M. 2004. Social work research: Ethical and political contexts. Londen: Sage.

Dean, K.C. 2010. A Youth Ministry Handbook**.** Nashville: Abingdon Press.

Delport, H. 2011. Die Narratiewe terapie en die Gestalt terapie: 'n Vergelyking tussen 'n fenomenologiese en eksistensiële benadering en 'n sosiaal konstruksionistiese beskouing tot terapie. http://www.hts.org.za/index.php/HTS/article/view/1097/2040 Datum van gebruik: 17 Julie 2012.

Denborough, D. 2002. Queer Counselling and Narrative Practice. Adelaide: Dulwich Centre Publications.

Denton, R.A. 2010. Pastorale Gestaltterapeutiese intervensie om mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar na vergifnis te begelei. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika (Preofskrif: PhD).

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. 2000. Handbook of Qualitatve Research 2nd. ed. UK: Sage Publications.

Dew, B.J. & Myers, J.F. 2000. Gay and Lesbian Parents: No Longer a Pradox. *Adultspan Journal, vol. 2(1):* 44-56.

De Beer, A. 2007. Afsluiting na die verlies van ‘n kind – ‘n Narratiewe pastorale studie van ‘n moeder se belewenis. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Verhandeling: Mth).

De Beer, E.J. 2008. ‘n Teologies-etiese beoordeling van werkloosheid. *In die Skriflig, 42(1):* 25 -50.

De Beer, A. 2009. Promissioterapie by vroue na die dood van ‘n eggenoot: ‘n Pastoraal-Narratiewe studie. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat. (Proefskrif: Phd).

De Jager, A.M. 2010. Die belewing van Geloofsekerheid by die Gereformeerde Afrikaanssprekende Adolessente leerder. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Proefskrif: Phd).

De Klerk, R. & Le Roux, R. 2004. Emosionele Intelligensie vir kinders en tieners. Kaapstad: Mills Litho.

De Klerk-Weyer, R. & Le Roux, R. 2008. Emosionele intelligensie: ‘n Werkboek vir volledige menswees. Paarl: Paarl Print.

De Villiers, E. 2006. Gee die Bybel nog vandag morele leiding oor kwessies soos homoseksualiteit? [Openingslesing van die Teologiese fakulteit]. 7 Febr., Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

De Villiers, G. 2007. Die huwelik as instelling van God, met implikasies vir Gay huwelike. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Proefskrif – Phd).

De Wet, D.C. 2003. 'n Gemeenskapsgerigte model vir geloofsvorming van tieners in die verbondgesin deur middel van simbole en rituele. Pretoria: Universiteit van Pretoria (Proefskrif: Phd).

De Wet, F. 2006. Die aanwending van Rolf Zerfass se handelingswetenskaplike model in Prakties-Teologiese teorievorming: 'n Gereformeerde perspektief. (*In Die Skriflig, 40.* 2006: 57-87).

Dill. J. 1996. 'n Basisteorie vir pastorale terapie in die lig van postmoderne epistomologie. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Proefskrif: PhD).

Dippenaar, J. 2005. Die benuttingswaarde van die paradoksale teorie van verandering in gestaltspelterapie met adolessente. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. (Verhandeling: MDiac).

District Court of Appeal, Third District of Florida: Appellate case no. 3DO8-3044. Florida department of children and families. 4 March 2009. http://lc.org/media/9980/attachments/brief_amicus_casename_fl_ssadopt.pdf Date of access: 13 Febr. 2011.

Diz, S. 2007. Children of Lesbian Mothers Cognitive and Behavioral Development. http://www.academia.edu/3089499/Children_of_Lesbian_Mothers_Cognitive_and_Behavioral_Development Date of access: 12 Aug. 2013.

Dreyer, Y. 2004. Homoseksualiteit: Die Kerk, die tradisie en die Bybel – homofobie en sarkofobie en die evangelie. *Hervormde teologiese studies 60(2)*: 175 – 205.

Dreyer, A.E. 2007a. 'n Krities-hermeneutiese perspektief op die huwelik in 'n postmoderne era. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Ongepubliseerde artikel (Deel 1) vir Mth-skripsie).

Dreyer, A.E. 2007b. Bybelse modelle van die huwelik 'n kritiese perspektief. Pretoria: Universiteit van Pretoria (Ongepubliseerde artikel (Deel 2): Mth-skripsie).

Dreyer, T.F.J. 2008. Die kerk, die huwelik en seks – 'n morele krisis? Pretoria: Universiteit van Pretoria (Proefskrif: Phd).

Dunne, G.A. 2000. Opting into motherhood: Lesbians blurring the boundaries and transforming the meaning of parenthood and kinship. *Gender & Society, 14(1*): 11-35.

Du Plessis, L. 2006. Die wederkoms van Christus. Pietermaritzburg: Interpak Boeke.

Du Plessis, J.C. 2009. Heling van die familie: Ondersoek na pastorale dimensies van die liturgie. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch (Proefskrif: Phd).

Du Plessis, P.G.W. 2011. 'n Werkgroep vir teologie, filosofie en ander vakdissiplines. *In die Skriflig, 45(2&3):* 307–327.

Du Plooy, G.M. 2007. Communication research, techniqeus, methods and application. Lansdowne: Juta.

Du Randt-Smit, M. 2007. Ego-identity status and spiritual well-being in adolescence. Bloemfontein: University of the Freestate (Dissertation: M.Sc).

Du Toit, B. 2000. God? Geloof in 'n postmoderne tyd. Bloemfontein: CLF Uitgewers.

Du Toit, P. 2007. Postmodernisme in perspektief. http://www.truthexposed.co.za/index.php?optio Datum van gebruik: 12 Febr. 2013.

Dworkin, J.B. Larsen, R. & Hansen, D. 2003. Adolescents' accounts of growth experiences in youth activities. *Journal of Youth and Adolescents, 32(1):* 17-25.

Dykstra, C. 2005. Growing in the life of Faith. 2nd. ed. London: Westminster John Knox Press.

Ebersohn, H. 2001. Die verband tussen kreatiewe denke en psigologiese weerbaarheid by kinders in hul laat middelkinderjare. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.  (Verhandeling: M.Sc).

Eggebeen, D.J. 2012. What can we learn from the studies of children raised by gay or lesbian parents. *Journal of Social Science Research, 2012(41):* 775-778.

Eggleston, S. 2001. Forming a Sense of Self: Multiple Choices for Adoptees. www.adoptionsupport.org Date of access: 20 Aug. 2013.

Eller, J.D. 2007. Introducing Anthropology of Religion. New York: Routledge.

Ellingson, L.L. 2009. Engaging Crystallization in Qualitative Research. USA: Sage Publications.

Elsevier. 2012. New Studies Challenge Established Views about the Development of Children Raised by Gay or Lesbian Parents. http://www.elsevier.com/abot/press-releases/research-and-journals/new-studies-chall... Date of access: 15 Aug. 2013.

Erasmus, T. 2010. Die rol van rituele in huweliks- en gesinspastoraat. Potchefstroom: Noordwes Universiteit (Proefskrif: Phd).

Erikson, E.H. 1963. Die ontwikkeling van 'n identiteit. (*In* Louw, D.A. 1990. Menslike ontwikkeling. 2de uitg. Pretoria: HAUM-Tersiër. p. 460-463)

Erikson, E.H. 1968. Identity Youth and crisis. New York: Norton Company.

Erikson, E.H. 1982. Identity, youth and crisis. New York: Norton.

Essed, P., Goldberg, D.T. & Kobayashi, A. 2005. A Companion to Gender Studies. UK: Blackwell Publishing.

Eysenck, M.W. 2009. Fundamentals of Psychology. Canada: Psychology Press.

Fairtlough, A. 2008. Growing up wit ha lesbian or gay parent: young peoples perspectives. *Health and Social Care in the Community, 16(5),* 521-528.

Fisher, J.W. 2000. Being human, becoming whole: Understanding spiritual health and well-being. *Journal of Christian Education, 43, (3):* 37 – 52.

Focus on the Family. April 2005. Open House (P. 24 -26).

Fourie, J. 2007. Onafgehandelde verlede verhale by laat adolessente seuns en volwasse mans: ‘n Multidissiplinêre Narratiewe Pastorale betrokkenheid. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Verhandeling: Mth).

Fourie, J. 2008. Publieke pastorale sorg aan persone geïnfekteer met en geaffekteer deur MIV en/of Vigs in die bruin gemeenskap van Oudtshoorn. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat. (Proefskrif: Phd).

Fourie, M.C. 2010. Middelloopbaan-ontwikkeling deur spirituele lewenstylafrigting. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat. (Proefskrif: Phd).

Fouché, C.B. & Schurink, W.  2011. Qualitative research designs. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2011. Research at Grassroots. 4th. ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 307 – 327).

Fouché, C.B., Delport, C.S.L. & Schurink, W. 2011. Theory and the literature in qualitative research. *(In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2011. Research at Grassroots. 4th. ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 297 – 306).

Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2011. Introduction to the research process. *(In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2011. Research at Grassroots. 4th. ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 61 – 76).

Frankl, V.E. 1963. Man’s search for meaning.  Boston: Beacon Press Boston.

Frankl, V.E. 1975. The unconscious God: Pshycotherapy and theology. London: Hodder and Stoughton.

Frankl, V.E. 2000. Die Eksistensiële teorie van Viktor Frankl (*In* Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G. 2000. Personologie: Van Individu tot Ekosisteem. Johannesburg: Heinemann. p. 555-577).

Frankl, V.E. 2006. The case for a tragic optimism. (*In* Kushner, H.S., Lash, I. & Winsdale, W.J. 2006. Man search for meaning. Boston: Beacon Press.)

Freedman, J. & Combs, G. 2002. Narrative Therapy with Couples... and a Whole Lot More! Adelaide: Dulwich Centre Publications.

Frydenburg, E. 2008. Adolescent Coping, Advances in Theory, Research and Practice. London: Routledge Taylor & Francis Group.

Frymer-Kensky, T. 1998. Families in ancient Israel. (*In* Anderson, V. Browning, D.E. Vison, I.S. & Van Leewen, M.S. The family handbook. Louisville: Westminster John Knox. p. 277 – 281).

Furlong, A. 2009. Handbook of youth and young adulthood. London: Routledge Taylor & Francis Group.

Galloway, H.J 2006. ‘n Maatskaplikewerkintervensieprogram vir die adolessente leerder met spesifieke leerhindernisse. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Proefskrif: Phd).

Ganzevoort, R.R. 2004. Social construction and normativity in practical theology. (*In* Hermans, C.A.M. & Moore, M.E. Hermeneutics and empirical research in practical theology. The contribution of empirical theology by Johannes A. van der Ven. Leiden. p. 53-74).

Garbers, J.G. 1996. Doeltreffende geesteswetenskaplike navorsing. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Gates, J.G., Badgett, M.V.L., Macomber, J.E. & Chambers, K. 2007. Adoption and foster care by gay and lesbian parents in the united States. Washington: Urban Institute. www.urban.org/publications/411437.html Date of access: 23 Jun. 2012.

Geldenhuys, P.R. 2007. ‘n Multi-dimensionele perspektief op die gesinservaringe en persepsies van manlike jeugoortreders. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch (Verhandeling: M.Sc).

Gerber, R. 2005. ‘n Narratiewe pastorale betrokkenheid by gesinne. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Verhandling: Mth).

Gerkin, C.V. 1986. Widening the horizons: Pastoral responses to a fragmented society. Philadelpia: Westminster Press.

Geyer, J.M. 2007. ‘n Psigo-opvoedkundige program vir die hantering van boelie-gedrag by ssekondêre leerders. Johannesburg: Universiteit van Johannesburg (Proefskrif: D. Sielkundige Opvoedkunde).

Ginsberg, P.E. & Gekonge, M. 2004. MTV, technology, the secular trend and HIV/AIDS: Why Kenyan parents need to learn about adolescant development. *Directional Anthropology. 28(3/4):* 353 -364.

Giri, A.K. 2004. Creative social research: Rethinking theories and methods. USA: Lexington Books.

Gluck, M.A., Mercado, E. & Myers, C.E. 2008. Learning and Memory: From Brain to Behaviour. New York: Worth Publishers.

Golombok, S., Perry, B., Burston, A., Murray, C., Mooney-Somers, J. & Stevens, M. 2003. Children with Lesbian Parents: A Community Study. *Developmental Psychology, 38,* 20-33.

Gous, H. & Gous, A. 2009. As ‘n kind se lag verdwyn. Vereeninging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Gouws, E., Kruger, N. & Burger, S. 2000. The adolescent. 2nd. ed. Sandown:Heinemann Publishers.

Gouws, E., Kruger, N. & Burger, S. 2010. The Adolescent. 3rd. ed. Johannesburg:Heinemann Publishers.

Grant, B.W. 2000. The social structure of Christian Families: A Historical Perspective. St. Louis: Chalice.

Greeff, M. 2011. Information collection: Interviewing. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2011. Research at Grassroots. 4th. ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 341 – 374).

Greenberg, E. &  Weber, K. 2008. Generation WE. Emeryville: Pachatusan.

Griffith, J.L. & Griffith, M.E. 2002. Encountering the sacred in Psychotherapy. How to talk to people about their spiritual lives. New York: The Guilford Press.

Grobler, H.B. 2006. Manlike identiteit: ‘n Begeleidingsraamwerk vir vaders en hul seuns. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika (Proefskrif: D.Diac).

Groenewald, E.M. 2002. ‘n Gestaltterapeutiese Program vir die Toesighoudende Moeder in ‘n Egskeidingsituasie: ‘n Maatskaplike werkperspektief. Pretoria: Universiteit van Pretoria (Proefskrif: Phd).

Groenewald, A. 2005. Die verband tussen gesin-van-oorsprong en huweliksbevrdiging. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Verhandelin: MA Voorligtingsielkunde).

Grootboom, G.A. 2007. How Adolescents perceive their future and why: A Cross Cultural study. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Proefskrif:Phd).

Groothuis, D.G. 2000. Truth decay. Defending Christianity against the challenges of postmodernism. Leicester: Intervasity Press.

Gross, R. 2009. Themes, Issues and Debates in Psychology. 3rd. ed. London: Saffron House.

Hansen, T. 2009. Pro-Homosexual Researchers Conceal Findings: Children Raised by Openly Homosexual Parents More Likely to Engage in Homosexuality. http://www.drtraycehansen.com/Pages/writings_prohomoprt.html Date of access: 20 Aug. 2013.

Hanekom, B. 2000. Hoe leer ons kinders glo? Wellington: Lux Verbi.

Hart, B. 1995. Re-authoring the stories we work by. *The Australian and New Zealand Journal of family therapy, 16(4)*: 181-189.

HAT: handwoordeboek van die Afrikaanse taal. 1985. Johannesburg: Perskor Uitgewery.

HAT: handwoordeboek van die Afrikaanse taal. 1998. Johannesburg: Perskor Uitgewery.

HAT: handwoordeboek van die Afrikaanse taal. 2013. Pinelands: Pearson Education South Africa Bpk.

Heitink, G. 1999. Practical Theology. Grand Rapids: Eerdmans.

Henderson, D.A. & Thompson, C.L. 2011. Counseling Children**.** 8th. ed. International Edition.

Henning, E. 2005. Finding your way in qualitative research. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Henslin, J.M. 2010. Sociology: A Down to Earth Approach 10th edition. Boston: Pearson Higher Education.

Heymans, A.M.S. 2008. Die gebruik van meditasie en visualisering in pastorale terapie met tipiese probleme van die vroeë volwassene. Bloemfontein:Universiteit van die Vrystaat (Proefskrif: PhD).

Heyns, J.A. 1986. Teologiese Etiek: Deel 2. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Heyns, J.A. 1988. Dogmatiek. Halfway House: NG Kerkboekhandel.

Heyns, L.S. 2010. Maatskaplikewerkhulpverlening aan gesinne in egskeidingsituasies. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Proefskrif: Phd).

Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. 1998. Eerste tree in die praktiese teologie. Pretoria: Gnosis Uitgewers.

Holzbaur, U.D., Lategan, L.O.K., Dyason, K. & Kokt, D. 2012. Seven Imperatives for Success in Research. Bloemfontein: Sun Press.

Hook, D., Watts, J. & Cockcroft, K. 2004. Developmental Psychology. Lansdowne: UCT Press.

Horak, G.C. 2005. Homoseksualisme: Probleem of simptoom? Bloemfontein: Dupla Drukkers.

Horak, G.C. 2006. Die Heilige Gees – Wie Hy is en wat Hy doen. Bloemfontein: CLF-Drukkers.

Horak, G.C. 2007. God se plan om 'n gelukkige mens te wees. Bloemfontein: CLF Drukkers.

Houston, L. 2013. Homosexuality in Ancient Greece. www.banap.net/spip.php?article Date of access: 11 Mrt. 2014.

Huysamen, G.K. 1996. Metodologie vir die sosiale en gedragswetenskappe. Durban: Colorgraphic.

Hyde, J.S. & Delamater, J.D. 2008. Understanding Human Sexuality. 10th. ed. Singapore: McGraw-Hill Higher Education.

Immink, F.G. 2003. In God geloven. Zoetemeer: Meinema Uitgeverij.

Immink, F.G. 2005. Faith. A Practical theological reconstruction. Cambridge: W.B. Eerdmans.

Impett, E.A., Sorsoli, L., Schooler, D., Henson, J.M. & Tolman, D.L. 2008. Girls' Relationship Authenticity and Self-Esteem Across Adolescence. *Developmental Psychology. 44(3):* 722-733.

Jacobs, S. 2007. The implementation of humour as deflective technique in contact boundary disturbance**.** Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika (Dissertation: MDiac).

Jackson, S. & Scott, S. 2004. Sexual antinomies in late modernity. *Sexualities,* 7(2): 233-248.

Janse Van Rensburg, J. 2000. The Paradigm Shift: An introduction to postmodern thought and its implications for theology. Pretoria: Van Schaik.

Jeong Jin Yu MS, Hoffman, K. & Russell, S.T. 2009. Peer Relationships and Friendship. http://cals-cf.calsnet.arizona.edu/fcs/bpy/content.cfm?content=peer_rel Date of access: 21 Mrt. 2012.

Johnson, S.M. & O' Connor, E. 2001. For Lesbian Parents**.** New York: The Guilford Press.

Jonker, W.D. 1983. Christus die Middelaar. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

Joubert, J.N.C. 1997. 'n Gestalthulpprogram vir die kind met enurese vanuit 'n maatskaplike perspektief. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Verhandeling: M.Sc).

Joubert, S. 2002. Deel van die nuwe familia Dei: 'n Nuwe Testamenstiese venster op Jesus se mense. (*In* Burger, C. & Nell, I. 2002. Draers van die waarheid. Nuwe Testamentiese visies vir die gemeente. Paarl: Paarl Print. p. 235 -242).

Joubert, S. 2009. Jesus 'n Radikale sprong. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Jordaan, W. & Jordaan, J. 1998. Mense in konteks. 3de uitg*.* Johannesburg: Heinemann.

Jordaan, A. 2005. Pastorale terapie vanuit die vadermetafoor aan kliënte met veralgemeende angstversteuring. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Proefskrif: Phd Teologie).

Joyce, P. & Sills, C. 2006. Skills in Gestalt Counseling and Psychotherapy. London: Sage Publications.

Kail, V.R. & Cananaugh, J.C. 2007. Human development – A Life-span view. Canada: Thomson Wadsworth.

Karniol, R. 2010. Social Development as Preference Management: How Infants, Children and parents get what they want from One Another. Cambridge: Cambridge University Press.

Kefalas, M. 2009. (*In* Flanagan, C. Is there hope for the American Marriage? Palmetto Family Blog, 2 Jul. 2009. http://www.palmettofamily.org/pressrelease.asp?NID=198 Date of access: 28 Sept. 2013).

Kempis, T.A. 2004. Die navolging van Christus. Wellington: Lux Verbi.

Kiesling, C., Sorell, G.T., Montgomery, M.J. & Colwell, R.K. 2006. Identity research and psychosicial formation of one's spiritual sense of self: Implications for religious educators and Christian institutions of higher education. *Christian Education Journal, 3(2):* 255-257.

Kirchner, 2000. Gestalt therapy: Theory an overview. http://www.g-gej.org/4-3/theoryoverview.html Datum van gebruik: 17 Augustus 2012.

Koen, A. 2008. Die verband tussen emosionele intelligensie en psigologiese welstand van adolessente: 'n multikulturele ondersoek. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Verhandeling: M.Sc).

Kocur, M. 2003. National and Religiuos Identity. Frankfurt: Peter Lang GmbH.

König, A. 2001. Fokus op geloofsvrae, wat mense die meeste pla. Wellington: Lux Verbi.

König, A. 2001. Die helfte is my nooit oor Jesus vertel nie. Wellington: Lux Verbi.

König, A. 2001. Fokus op die 300 geloofsvrae wat mense die meeste pla. Wellington: Lux Verbi.

König, A. 2005. Wat is reg? Weet iemand dalk? Wellington: Lux Verbi.

König, A. 2010. Wat kan ek glo? Vereeniging: Cum Uitgewersmaatskappy.

Korb, M.P., Gorrel, J. & Van de Riet, V. 1989. Gestalt therapy practice and theory. 2nd. ed. USA: Pergamon Press.

Kottak, C.P. 2008. Anthropology – The Exploration of Human Diversity. 12th. ed. Singapore: McGraw-Hill Higher Education.

Kottak, C.P. 2010. Window on Humanity. 4th. ed. New York: McGraw-Hill Companies.

Kotzé, D.J. & Kotzé, E. 1993. Die predikant se storie: 'n Narratiewebenadering tot die ontwikkeling van die persoon van die predikant. *NGTT 34(3)*: 363-370.

Kotzé, A. 1999. Die reg van die homoseksuele ouer om beheer en toesig oor 'n kind te verkry in die lig van die bepalings van die Grondwet. Potchefstroom: Noord-Wes Universitet. [Ongepubliseerde Artikel (Deel 2): Fakulteit Regte].

Kotzé, P.E. 2004. Pastoraat en verbond. Enkele merkers vir die begeleiding van homoseksuele mense. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Verhandeling: Mth).

Kurtz, L.R. 2012. Gods in the Global Village. 3rd. ed. USA: Sage Publications Inc.

Kvale, S. & Brinkmann, S. 2009. Interviews: Learning the craft of Qualitative Research Interviewing 2nd. ed. London: Sage Publications.

Labahn, M. & Lehtipuu, O. 2010. Anthropology in the New Testament and its Ancient Context. Leuven: Peeters.

Labuschagne, F.J. & Nel, M. 2010. Kerkleierskap as bemiddeling van 'n onmoontlike werklikheid: 'n Praktieties Teologiese ondersoek na die rol van leierskap in die transformasie van gemeentes. http://www.scielo.org.za/scielo.php?pid=S0259- Datum van gebruik: 12 Feb. 2013.

Lamanna, M.A. & Riedmann, A. 2009. Marriages and Families. Canada: Thomson Learning Inc.

Landreth, G.L. 2002. Play Therapy: The Art of Relationship. 2nd. ed. New York: Routledge Taylor & Francis Group.

Larney, T. 2009. Die gesin as primêre geloofseenheid in ‘n postmoderne konteks: ‘n pastorale studie. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit (Proefskrif: Phd).

Lemmer, J. 2005. Identity and sexual identity. Pretoria: Sexology SA.

Lerner, R.M. 1998. Adolescent development: Challenges and opportunities for research, programs and policies. *Annual rewiew for Psycology, Annual:* 1-31.

Le Roux, A. 2001. Die verband tussen Christelike geloof en eensaamheid tydens laat adolessensie. *Acta Theologica, 21(1):* 83-105.

Linley, P.A. & Joseph, S. 2004. Positive Psychology in Practice. Canada: John Wiley and Sons Inc.

Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 2004. Menslike ontwikkeling. 3de uitg. Pretoria: Kagiso.

Louw, D. & Louw, A. 2007. Die ontwikkeling van die kind en adolessent. Bloemfontein: ABC Drukkers.

Louw, D.J. 1989. Gesinsverryking: Riglyne vir groei en kommunikasie. Pretoria: Academica.

Louw, D.J. 1993. Pastoraat as ontmoeting: Ontwerp vir ‘n basisteorie, antropologie, metaode en terapie. Pretoria: RGN Uitgewery.

Louw, D.J. 1997. Pastoraat as vertolking en ontmoeting: Teologiese ontwerp vir ‘n basisteorie, antropologie, metode en terapie. Kaapstad: Lux Verbi.

Louw, D.J. 1998. Pastoraat as vertolking en ontmoeting: ‘n teologiese ontwerp vir basisteorie, antropologie, metode en terapie. Kaapstad: Lux Verbi.

Louw, D.J. 1999a. Pastoraat as vertolking en ontmoeting: ‘n teologiese ontwerp vir ‘n basisteorie, antropologie, metode en terapie. Nuwe hersiene uitgawe. Kaapstad: Lux Verbi.

Louw, D.J. 1999b. A mature faith. Spiritual direction and Anthropology in a Theology of Pastoral Care and Counseling. Louvian Theological & Pastoral Monograps. Louvain: Peeters Press.

Louw, D.J. 2004. Pastoraat as vertolking en ontmoeting. Stellenbosch: US Drukkery.

Louw, D.J. 2005. Mechanics of the human soul: About maturity and life skills. Stellenbosch: Sun Press.

Louw, D.J. 2005b. Ratwerke van die menslike siel. Oor volwassenheid en lewensvaardighede. Stellenbosch: Sun Press.

Louw, D.J. 2008. Cura Vitae. Wellington: Lux Verbi.

Lubbe, C. 2005. The experiences of children growing up in same-gendered families. Pretoria: Universiteit van Pretoria (Proefskrif: Phd).

Lubbe, C. 2007. Mothers, fathers or parents: Same-gendered families in South Africa. *South African journal of psychology,* 37(2): 260-283.

MacIntyre, A. 2009. God, Pholosophy, Universities: A Selective History of the Catholic Philosophical Tradition.  Lanham: Rowman and Littlefield.

Mackewn, J. 1997. Developing Gestalt Counseling. London: SAGE Publications Ltd.

Mackewn, J. 2004. Developing Gestalt Counseling. London: Sage Publications.

MacMillan Dictionary and Thesaurus: English dictionary online. Sense of self. www.macmilandictionary.com/browse/senseofself Date of access: 24 Sept. 2013.

Malaka, D. 2005. Families are the core of society: Sustain and strengthen family life – a Partnership Initiative Report: International Conference 01 – 04 March 2005. Durban: South Africa.

Manning, M.A. 2007. Self-Concept and Self-Esteem in Adolescents. www.naspcenter.org/principals. Date of access: 15 Aug. 2013.

Marais, F. & Marais, A. 2002. Familie is ‘n Werkwoord. Wellington: Lux Verbi.

Marcia, J.E. 1966. Development and validation of ego and identity status. *Journal of Personality and Social Psychology. 3(5):* 551-558.

Maré, C. 1996. Gesinspolitiek en die Ouer-Kind verhouding. Potchefstroom: Noord-Wes Universiteit. (Verhandeling: LL M).

Marks, L. 2012. Same-sex parenting and children’s outcomes: A closer examination of the American psychological association’s brief on lesbian and gay parenting. *Journal of Social Science Research, 2012(41):* 735-751.

Marthinus, M. 2005. Morele opvoeding aan leerders binne die konteks van plekke van veiligheid in Wes-Kaapland. (Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch (Proefskrif: M.Ed).

Mason, J. 2002. Qualitative Interviewing. (*In* May, T. Qualitative Research in Action. London: Sage Publications. p. 225 – 24).

Mattheus, L. 2002. Die ondersteunende rol van die maatskaplikewerker aan die jeugwerker wat met die adolessent binne kerkverband werk. Pretoria: Universiteit van Pretoria (Verhandeling: M.Sd).

Maxwell, J.C. 2004. Elke dag tel: 12 Sleutels tot ‘n suksesvolle leefstyl. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

McMillan, J.H. & Schumacher, S. 2001. Research in Education: A conceptual introduction 5th. ed. New York: Harper College Publishers.

McNair, R., Dempsey, D., Wise, S. & Perlesz, A. 2002. Lesbian Issues, stregths. *Australian Institute of Family Studies: Family Matters, 63:* 40-49.

Mellor, K., Mellor, E. 2001. Ouerkuns. Kaapstad: Maskew Miller Longman (Edms) Bpk.

Merriam-Webster's social science dictionary. 2013. Sense of self. http://www.meriam-webster.com/dictionary/social%20science/browse/senseofself Date of access: 24 Sept. 2013.

Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G. 1997. Personologie van individu tot ekosisteem. Johannesburg: Heinemann.

Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G. 2000. Personologie van individu tot ekosisteem. Johannesburg: Heinemann.

Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G. 2003. Personology: From individual to ecosystem 3td edition. Sandton: Heinemann Voortgesette Onderwys Bpk.

Meyer, A.F. 2003. Riglyne aan opvoedkundige sielkundiges vir die hantering van die homoseksuele kliënt. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. (Verhandeling: M.Ed).

Meyer, J. 2004. Vroeë adolessensie. (*I*n Wait, J., Meyer, J. & Loxton, H. Menslike Ontwikkeling: 'n psigososiale perspektief. Parrow Oos: Ebony books).

Milner, J. & O'Byrne, P. 2002. Brief counselling. Narratives and solutions. New York: Palgrave.

Moller, A. 2006. Skoolverwante eensaamheid onder Primêre skoolleerders: selfpersepsies, hanteringstrategieë en intervensies. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Skripsie:MEd).

Mooney-Somers, J. & Golombok, S. 2000. Children of lesbian mothers: from the 1970s to the new Millennium. *Sexual and Relationship Therapy, 15(2):* 121-125.

Moore, K.A., Jekielek, S.M. & Emig, C. 2002. Marriage from a child's perspective: How does family structure affect children and what can we do about it? http://www.childtrends.org/files/marriagerb602.pdf Date of access: 15 Junie 2012.

Moore, A.G. 2004. 'n Narratief-pastorale benadering in maatskaplike werk. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Proefskrif: PHD).

Morgan, A. 2000. What is narrative Therapy? Adelaide: Dulwich Centre Publications.

Morris, C.G. & Maisto, A.A. 2002. Psychology an Introduction. 7th. ed. New Jersey: Prentice Hall.

Mortimer, J.T. & Larsen, R.W. 2002. The changing adolescent experience. Cambridge: Cambridge University Press.

Moscolo, M.F. 2009. Romantic Relationships during Adolescence. http://www.northshorefamilies.com/RomanticRelationshipsDuringAdolescence.html Date of access: 19 Mrt 2012.

Mouton, J. 2012. How to succeed in your Master's & Doctoral Studies: A South African Guide and Recource book. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Mouton, J., Marais, H.C. 1990. Basiese Begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe. Pretoria: Gauteng Boekdrukkers (Edms) Bpk.

Mudie, M.M. 2002. Jong volwassenes se persepsies van gesonde gesinsfunksionering. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Verhandeling: MA Kliniese Sielkunde).

Müller, J. 2002. Gesinne van binne. Bloemfontein: CLF-Drukkers.

Müller, J. 2004. HIV/AIDS, narrative practical theology, and postfoundationalism: The emerge of a new story. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies 60(1-2):* 293-306.

Müller, J. 2006. Lente in die teologie. *Beeld Plus:* 4, 23 Aug.

Müller, J. 2011. Postfoundational practical theology for a time of transition. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies 67(1):* Art:#8375, 5.

Mullet, C. 2002. 'n Kruiskulturele ondersoek na die verband tussen individualisme/kollektivisme en eensaamheid by adolessente. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat. (Proefskrif: M.Ed.)

Murphy, N. & Knight, C.C. 2010. Human identity at the intersection of Science, Technology and Religion. Engeland: Ashgate Publishing Limited.

Myers, D.G. 2008. Exploring Psychology. 7th. ed. USA: Worth Publishers.

Nairne, J.S. 2003. Psychology the Adaptive Mind. 3rd. ed. Belmont: Thomson learning Inc.

Ned Geref Kerk (NGK), 2007a. Agenda van die Algemene Sinode.

Nederduitsch Hervormende Ker van Suid-Afrika (NHK), 2007a. Agenda van die 68ste Algemene Kerkvergadering.

Neff, K.D. & McGehee, P. 2009. Self-compassion and Psycological Resilience Among Adolescents and Young Adults. *Self and Identity, 9:* 225-240*.*

Nel, D. 1995. Die invloed van sekere gesinsfaktore op die persoonlikefunksionering van die adolessent : ‘n Longitudinale studie*.* Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat. (Verhandeling: M.Soc.Sc).

Nel, M. 2004. Wie is my moeder en my broers? Stellenbosch: Buvton studie groep oor families.

Nel, M. 2006. Stories van Hoop: Gemeentes wat in hulle konteks ‘n verskil maak en hoop bring. Vereeniging: Cum Uitgewersmaatskappy.

Neuman, W.L. 2000. Social research methods: Qualitative and quantitative approaches. 4th ed. Boston: Allyn and Bacon.

Neuman, W.L. 2011. Social Research methods. Qualitative and Quantitative approaches. Boston: Pearson Education.

Newman, B.M. & Newman, P.R. 2003. Development through Life: A Psychosocial Approach. 8th. ed. USA: Thomson Wadsworth.

Nicholson, S. 1995. The narrative dance: a practice map for White’s therapy. *ANZJ Family Therapy, 16(1)*: 23-28.

Niemandt, N. 2007. Nuwe drome vir nuwe werklikhede. Wellington: Lux Verbi.

Niewenhuis, J. 2010. Qualitative research design and data gathering techniqeus. (*In* Maree, K. 2010. First steps in research. (p. 70 -92). Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 70 -92).

Oaklander, V. 1988. Windows to our children: A Gestalt therapy approach to children and adolescents. Utah: Real People Press.

Oaklander, V. 1997. The Therapeutic process with children and adolescents. Gestalt Review 1(4), p. 292 – 317.

Oaklander, V.  2006. Hidden Treasure: A map to the child's inner self. London: Karnac Books.

Obama, B. 2011. 'We need fathers to step up.' Parade magazine, 16 Jun. http://www.parade.com/news/2009/06/barack-obama-we-need-fathers-to-step-up.html Date of access: 28 Sept. 2013.

Omoto, A.M. & Kurtzman, H.S. 2006. Sexual orientation and mental health. Examining Identity and Development in Lesbian, Gay and Bisexual people. Washington: American Psychological Association.

Ochse, A. 2009. Dynamics of conflict in lesbian intimate unions: an exploratory study. Pretoria: Universiteit van Pretoria (Verhandeling: MSc).

Osmer, R.R. 2006. Toward a transversal model of interdisciplinary thinking in practical theology. (*In* The evolution of rationality: Interdisciplinary essays in honor of J Wentzel van Huyssteen. Michigan: Wm B Eerdamans Publishing Co. p. 327-346).

Osmer, R.R. 2008. Practical theology: an introduction. Grand Rapids: W.B. Eerdmans.

Osmer, R.R. & Schweitzer, F. 2003. Religious Education between Modernization and Globalization. USA: Eerdmans Publishing Co.

Oswald, R.F. & Kuvalanka, K. 2008. Same-sex Couples: Legal Complexitities. *Journal of Family Issues 29(8):* 1051 – 1066.

Park, M. 2003. Are married parents really better for children? What research says about the effects of family structure on child well-being. *CLASP: Centre for la wand social policy,* 1-11. www.clasp.org/admin/site/publications_states/files/0086/pdf Date of access: 10 Okt. 2013.

Patterson, C.J. 2002. Lesbian and Gay parents and their children. New York: Cambridge University Press.

Patterson, C.J. 2005. Lesbian and Gay Parents and their Children: Summary of Research Findings. New York: Cambridge University Press.

Pawelski, J.G., Perrin, E.C., J.M. Foy., Allen, C.E., Crawford, J.E., Del Monte, M., Kaufmann, M., Klein, J.D., Smith, K., Springer, S., Tanner, J.L. & Vickers, D.L. 2006. The Effects of Marriage, Civil Union and Domestic Partnership Laws on the Health and Well-Being of Children. *Pediatrics, 118(1):* 349-364.

Payne, M. 2006. Narrative Therapy 2nd. ed. London: SAGE Publications.

Peacock, R. & Theron, A. 2007. Identity Development of the incarcerated adolescent with partcular reference to prison gang membership. *Acta Criminologica, 20(3): 61-74.*

Perlesz, A. & McNair, R. 2004. Lesbian Parenting: Insiders' Voices. *Anzjft, vol. 25(2):* 129-140.

Perls, F.S. 1973. The Gestalt approach and eye witness to therapy. Palo Alto CA: Science and Behavior Books.

Perls, F.S. 1992. Gestalt Therapy Verbatim, Paperback. revised ed. New York: Gestalt Journal Press.

Perrin, E.C. 2002. Thechnical Report: Coparent or second-Parent adoption by same-sex parents. *Pediatrics 109(2):* 341 – 344.

Perrin, E.C. & Siegel, B.S. 2013. Promoting the well-being of children whose parents are gay or lesbian. *Pediatrics, doi:10.1542/peds.2013:0377:* 1374-1383.

Perspektief bylaag. 2006. Bied Kerke steeds die antwoord? *Die Burger*: 12 Nov. 2006.

Philippson, P. 1998. Gestalt in Britain – A Polemic Manchester Gestalt Centre. http://www.mgestalt.c.force9.co.uk Date of access: 15 Januarie 2013.

Piaget, J. 1950. The Psychology of intelligence. New York: Harcourt, Brace & World.

Pienaar, I. 2002. Die verband tussen hoop en psigologiese welstand by adolessente. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Proefskrif: PhD).

Pienaar, J.M. 2002. Die verband tussen konserwatisme en psigologiese welstand by adolessente. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat. (Proefskrif: Phd).

Pienaar, A. die verband tussen kognitiewe buigsaamheid en humorsin by adolessente. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat. (Verhandeling in artikelformaat: MSc).

Pieterse, H.J.C. 2010. Metatheoretical decisions for the grounded theory research of sermons on poverty and to the poor as listeners. *http://ngtt.journals.ac.za 51(3&4):*104-113.

Pietersen, W.J. 1997. Kontemporêre verskuiwings in die sosiaalwetenskaplike en populêre konseptualisering van die self en implikasies daarvan vir pastorale terapie. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (verhandeling: Mth).

Pleck, J.H. & Masciadrelli, B.P. 2004. Paternal involvement by U.S. residential fathers: Levels, Sources and Consequences. (*In* Lamb, M.E. 2004. The Role of the father in Child Development. New Jersey: John Wiley & Sons. p. 222-271).

Potgieter, J. & Van Huyssteen, F. 2002. Homoseksualiteit in perspektief. Hoop en heling uit die Bybel. Wellington: Lux Verbi.

Potgieter, J. 2007. Homoseksualiteit: ‘n Skrifgefundeerde perspektief. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Prinsloo, K. 2009. Die Narratiewe Metafoor in terapie. http://huweliksvorming,files.wordpress.com/2010 Datum van gebruik: 8 Okt. 2012.

Prochaska, J.O. & Norcross, J.C. 2000. Systems of Psychotherapy. 4th. ed. International Thomson Publishing Company.

Ramphele, M. 2002. Steering by the stars: Being young in South-Africa. Kaapstad: Tafelberg.

Rauch, J. 2005. Same-sex Parenting, and America's Children. *The Future of Children, 15(2), 1-2.*

Reyneke, M.S. 2007. Die rol van verwerping by persone met 'n homoseksuele oriëntasie wat MIV-Geaffekteer is: 'n Narratiewe studie. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Skripsie: Mth.).

Rieber, R.W. & Salzinger, K. 1998. Psychology Theoretical-Historical Perspectives. Washington: American Psychological Association.

Richards, L. 2005. Handling qualitative data: A practical guide. London: Sage.

Richardson, L. 2000. Writing: A method of inquiry. (*In* Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. 2000. Handbook of qualitative research. USA: Sage Publishers. p. 923-948).

Ritchie, J. & Lewis, J. 2003. Qualitative Research Practice: A Guide for Social Science Student sand Researchers. London: Sage Publications.

Rohrbaugh, J.B. 2006. Domestic Violence in Same-Gender Relationships. *Family Court Review, 44(2):* 287-299.

Rogers, C.R. 1961. Die Self-konsep teorie van Carl Rogers. (*In* W.F. Meyer, Moore, C. & Viljoen, H.G. 2000. Personologie van individu tot ekosisteem. Johannesburg: Heinemann. p. 485-519).

Rogers, C.R. 1994. Rogers's quote. *Journal of Humanistic Education and Development, 32:* 189.

Robitaille, C. & Saint-Jacqeus, M. 2009. Social Stigma and the Situation of Young People in Lesbian and Gay Stepfamilies. *Journal of Homosexuality, 2009(56):* 421-442.

Roopnarine, J.L. & U.P. Gielen. 2005. Families in Global Perspective. USA: Pearson Education Inc.

RSA. Suid-Afrikaanse Sentrale statistiekdiens. 2000 House hold survey. www.sastats.gov.za Datum van gebruik: 12 Jan. 2012.

Ruben, A. & Babbie E. 2001. Research Methods for Social Work. USA: Wadsworth.Russell, S. & Bakken, R.J. 2002. Development of Autonomy in Adolescense. http://extension.unl.edu/publications Date of access: 15 Aug. 2013.

Sanders, J.A. 2002. The family in the Bible. *Biblical Theology Bulletin, 32(3):* 24 -26.

Santrock, J.W. 1996. Adolescence. New York: Brown & Benchmark.

Santrock, J.W. 2010. Children. 11th. ed. New York: McGraw-Hill Companies Inc.

Scholtz, E. 2005. Pastorale benaderings: ‘n Herbeskrywing vanuit ‘n Narratiewe Perspektief. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika, 20(2)*: 140-152.

Schumm, W.R. 2010. Children of Homosexuals more apt to be Homosexuals? A Reply to Morrisom and Cameron based on an examination of multiple sources of data. *Journal of Biosocial Science, 42: 721-742.*

Schurink, W., Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2011. Qualitative data analysis and interpretation. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2011. Research at Grassroots. 4th. ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 397-423).

Scotland. 2009. Scottish Government Research report: The experiences of children with lesbian and gay parents – an initial scoping review of evidence. www.scotland.gov.uk/socialresearch Date of access: 12 Aug. 2013.

Seale, C., Gobo, G., Gubrium, J.F. & Silverman, D. 2004. Qualitative Research Practice. London: Sage Publications.

Seegers, J.J. 2005. Dekonstruksie van die Christus-kerk metafoor in Pastorale huweliksterapie. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika (Verhandeling: Mth).

Shaffer, D.R. 2002. Childhood & Adolescence Developmental Psychology. 6th. ed. USA: WadsworthThomson Learning.

Shaffer, D.R. & Kipp, K. 2007. Developmental Psychology, Childhood & Adolescence. 7th. ed. USA: Thomson Wadsworth Publishers.

Sharman, C., Cross, W. & Vennis, D. 2007. Observing children and young people. 4th. ed. London: Continuum International Publishing Group.

Short, E., Riggs, D.W., Perlesz, A., Brown, R. & Kane, G. 2007. Lesbian, gay, bisexual and transgender (LGBT) parented families. Melburne: The Australian Psychological Society Ltd.

Siegler, R., DeLoache, J. & Eisenberg, N. 2011. How Children Develop. 3td ed. New York: Worth Publishers.

Sigelman, C.K. & Rider, E.A. 2003. Life-span Human Development. 4th. ed. USA: Thomson Learning Inc.

Sigelman, C.K. & Rider, E.A. 2009. Life-span Human Development. 6th. ed. USA: Wadsworth Cengage Learning.

Silverman, D. 2000. Doing Qualitative Research. London: Sage Publications.

Silverman, D. 2001. Interpreting Qualitative Data: Methods for analysing Talk, Text and Interaction. 2nd. ed. London: Sage Publications.

Slife, B.D., Reber, J.S. & Richardson, F.C. 2005. Critical thinking about psychology. Washington DC: American Psychological assosiation.

Smith. R.D. 2000. The Impact of Religion on Gays and Lesbians. http://www.affirmation.org/resources/the_impact_of_religion.shtml Date of access: 20 Aug. 2013.

Smith, J.K.A. & Yong, A. 2010. Science and the Spirit: A Pentecostal Engagement with the Sciences. Indianapolis: Indiana University Press.

Smith, K. 2010. Review Of Richard Osmer, Practical Theology: An introduction, R.R. Osmer: Book review. *The journal of South African Theology Seminary,* 10: 99-113.

Soenens, B., Duriez, B. & Goossens, L. 2004. Social-Psychological profiles of identity style: Attitudinal and social-cognitive correlates in late adolescents. http://66.102.104/search?q=cache:u7EZUxD8NWYJ:www.psy.kuleuven.ac.be/religion/.. Date of access: 5 Mrt. 2013.

Solodnikov, V.V. & Chkanikova, A.M. 2010. Children in Same-Sex Marriages. *Russian Social Science Review. 51(3):* 38-59.

Solomon, S.E., Rothblum, E.D. & Balsam, K.F. 2005. Money, Housework, Sex and Conflict: Same-Sex Couples in Civil Unions, Those not in Civil Union sand Heterosexual Married Siblings. *Sex Roles*, *52(9/10)*: 561- 575.

Sorenson, S. 2007. Adolescent Romantic Relationships Act for Youth Center of Excellence. www.actforyouth.net Datum van gebruik: 22 Mrt. 2012.

Stanton, G.T., Maier, B. 2005. Die huwelik in die spervuur. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Steinberg, L. 2001. Adolescent Development. *Annual Review of Psycology,* Annual: 1-29.

Stoop, D. 2004. Making peace with your father. Ventura: Regal.

Stowell, J.M. 2002. Strength for the journey. Chigago: Moody Press.

Strauss, P.J. 2011. Homoseksualiteit: Die standpunte van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in 2007. http://www.hts.org.za/dol:10.4102/hts.v6713.1152 Datum van gebruik: 8 Okt. 2012.

Strong, B. De Vault, C. & Cohen, T.F. 2011. The Marriage and Family Experience. Canada: Wadsworth Cengage Learning.

Strydom, Z.R.A. 2001. Die belangrikheid van die gesin in die gemeentelike bediening. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika (Proefskrif: D. Teologie).

Strydom, W.A. 2011. Pastoraat aan getraumatiseerde kinders in die intensiewesorgeenheid, ‘n Gestaltbenadering. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika (Proefskrif: D.Diac).

Strydom, H. & Delport, C.S.L. 2011. Sampling and Pilot Study in qualitative research. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2011. Research at Grassroots. 4th. ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 390 – 396).

Summers, G. & Tudor, K. 2001. Co-creative Transactional analysis. Beskikbaar: www.mgestaltc.force9.co.uk Date of access: 15 Junie 2012.

Sutfin, E.L., Fulcher, M., Bowles, R.P. & Patterson, C.J. 2007. How Lesbian and Hetersexual Parents Convey Attitudes about Gender to their Children: The role of Gendered Environments. *Springer Science & Business Media: Sex Roles, 58:* 501-513.

Švab, A. 2007. New ways of Parenting: Fatherhood and Parenthood in Lesbian Families. *Revija za Sociologiju, xxxviii (1-2):* 43-55.

Swartz, L., De la rey, C. & Duncan, N. 2004. Psychology an introduction. Kaapstad: Oxford University Press.

Swartz, L., De la Rey, C., Duncan, N., Townsend, L. 2008. Psychology an introductio*n.* 2nd ed. Kaapstad: Oxford University Press.

Swartz, L., De la Rey, C., Duncan, N. & Townsend, L.  2011. Psychology an Introduction. 3td  ed. Kaapstad: Oxford University Press.

Taljaard, A. & Langner, D. 2011. ‘n Foto van Afrikaanse Gesinne. Solidariteit helpende hand. http://helpendehand.co.za/wp-content/uploads/dokumente/FINALE%20GESINSVERSLAG.pdf  Datum van gebruik: 10 Sept. 2011.

Tasker, F. & Golombok, S. 2005. Young Peoples Attitudes Toward Living in a Lesbian Family: A Longitudinal Study of Children raised by Post-Divorce Lesbian Mothers. *Journal of Divorce and Remarriage, 28:* 183-202.

Tasker, F. & Patterson, C. 2007. Research on Gay and Lesbian Parenting. *Journal of GLBT Family Studies, 3(2-3):* 9-34.

Tasker, F. 2010. Same-Sex Parenting and Child Development: Reviewing the Contribution of Parental Gender. *Journal of Marriage and Family, 72:* 35-40.

Telingator, C.J. & Patterson, C. 2008. Children and Adolescents of Lesbian and Gay Parents. *J. AM. ACAD. Child and Adolescent Psychiatry, 47(12):* 1364-1368.

Thatcher, A. 2007. Theology and Families. USA: Blackwell Publishing.

Thomas, M.R. 1996. Comparing theories of child development. 4th. ed. USA: Brooks/Cole Publishing Company.

Thomas, R.M. 2005. Comparing theories of child development. 6th. ed. Wadsworth: Thomson Learning Inc.

Thomas, G. 2011. How to do your Case Study. London: Sage Publications.

Thompson, C.L., Rudolph, L.B. & Henderson, D. 2004. Counseling Children. 6th ed. USA: Brooks/Cole.

Tobin, G.A. & Begley, C.M. 2004. Methodological rigour within a qualitative framework. *Journal of Advanced Nursing*, *48(4)*: 388-396.

Truter, C.J. 2002. Narratief-pastorale terapie met hartpasiënte. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika (Proefskrif: PhD).

United States Conference of Cotholic Bishops. 2013. Why children need married parents. http://www.usccb.org/issues-and-action/marriage-and-family/children/children... Date of access: 10 Sept. 2013.

Van den Berg, P. 2009. ‘n Teologiese perspektief op die moderne problematiek van die man as die afwesige pa. Pretoria: Weswoord.

Van den Berg, J.A. 2010. ‘n Autobiografiese theologia habitus – Toekomsperspektiewe vir die werkplek. Ongepubliseerde maniskrip.

Van den Berg, J.A. 2006. ‘n Verandering in tongval…? ‘n Verwoord(-beeld)-ing van Pastoraal Teologiese perspektiewe. *PT SA. 21(2):* 164-181.

Van der Merwe, P. 2002. Rousmartbegeleiding deur middel van die Pastorale Narratief, toegepas op die treurende lidmaat by die verlies van ‘n geliefde. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Verhandeling: Mth).

Van der Merwe, P. 2008. Narratiewe terapie as ‘n strategie in die pastorale begeleiding van ‘n alkoholis. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Proefskrif: Mth).

Van der Vlies, B. 2007. Die verband tussen Christelike geloofsekerheid en psigologiese welstand by adolessente. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika (Verhandeling: M.Diac).

Van der Walt, B.J. 2008. Onderweg na ‘n Christelike samelewingsbeskouing: Bybelse grondslae en historiese ontwikkeling. *In die Skriflig. 42(1):* 1-23.

Van der Walt, C. 2013. *Seksualiteit* en menswaardigheid. *Kruisgewys Menswaardigheid, 13(1):* 1-30.

Van der Watt, H.P. 2001. Die ontwikkeling en evaluering van ‘n lewensvaardigheidsprogram vir die puberteitsjare. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat. (Proefskrif: Phd).

Van der Watt, J.G. 2000. Family of the King: Dynamics in the Metaphor in the Gospel according to John. Leiden: Brill.

Van der Watt, J., Joubert, S., Du Rand, J. & Naudé, P. 2002. Hoe lees ons die Bybel? Vereeniging: Cum Uitgewersmaatskappy.

Van der Watt, S.& Thesnaar, C. 2005. Verslag aan die Algemene Jeugkommissie van die NGK oor die AJK Familie-Gemeente Projek, in samewerking met BUVTON en Hugenote Kollege op 16 Mei 2005.

Van der Westhuizen, A. 2008. Die verband tussen akademiese selfkonsep en akademiese prestasie in gemengde- en enkelgeslag skole. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Verhandeling: MSc).

Van Gelderen, L. 2012. Adolescents in planned lesbian families in the U.S. and the Netherlands: Stigmatization, psychological adjustment and resilience. http://dare.uva.nl/record/431836 Date of access: 22 Aug. 2013.

Van Huyssteen, J.W. 2006. Alone in the world? Human uniqueness in science and theology. The Gifford Lectures. Grand Rapids: Wm B Eerdmans Publishing Co.

Van Jaarsveld, F.J. 2001. Die rol van Godskonsepte vir pastorale terapie:'n konstrukteoretiese banadering. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Proefskrif: PhD).

Van Lingen, E. 2005. Die belewing van woede by anti-retrovirale-middel monitors in die MIV en/of VIGS-diskoers: 'n Pastoraal-narratiewe benadering. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Proefskrif: Mth).

Van Niekerk, E. & Prins, A. 2001. Counseling in Southern Africa: A Youth Perspective. Kaapstad: Heinemann.

Van Niekerk, J. & Van der Westhuizen, B. 2004. Humor in kinderverhale in die tersiêre en intermediêre fases van Taalonderwys. *Literator, 25(3):* 151-179.

Van Niekerk, E. 2005. 'n Teologiese perspektief op die moderne problematiek van die man as die afwesige pa. Johannesburg: Universiteit van Johannesburg (Verhandeling: Mth).

Van Rensburg, E. 2001. Die ontwikkeling van die sielkundige spanbenadering vir die bepaling van beheer, toesig, toegang by egskeidingsdispute. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Proefskrif: PhD).

Van Wyk, D. 1993. Die verhouding tussen ouer en kind. Kaapstad: Human & Rousseau Uitgewers (Edms.) Bpk.

Van Wyk, D.J.C. 2002. Die Huwelik en seksualiteit in ‘n postmoderne samelewing. *HTS* 58(1): 264-282.

Van Wyk, H. 2011. Die verband tussen weerbaarheidsfaktore en lewenstevredenheid by adolessente: ‘n Kruiskulturele studie. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Verhandeling: MSc).

Van Wyngaard, D. 2009. Kinderversorgers se emosionele belewenisse en hantering van kontakgrensversteurings: ‘n Beskrywende studie. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika ( Verhandeling: M.Diac).

Van Zyl, M. 2008. Joodse aansprake op die land Israel teologies oorweeg. Pretoria: Universiteit van Pretoria (Verhandeling: Mth).

Venter, M.A. 2004. Die rol van kognitiewe funksionering in hoop by adolessente. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Verhandeling: MSc).

Verster, B. 2009. Assessering van die kind in die Statutêre proses, ‘n Gestaltbenadering. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika (Verhandeling: M.Diac).

Vickers, R. 2010. Die rol van sosiale ondersteuning op die psigiese weerbaarheid van adolessente in Jeugsorgsentrums. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Verhandeling: MSc).

Viljoen, A. 2005. ‘n Gestaltwerkprogram in Maatskaplike werk vir toesighoudende, geskeide ouers. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Proefskrif: PhD).

Vivier, Y. 2003. ‘n Spelterapeutiese assesering van die adolessent met gesiggestremdheid in institusionele verband se verhouding met sy gesin. Pretoria: Universiteit van Pretoria (Verhandeling: MSd).

Vorster, C.M. 2001. ‘n Psigo-opvoedkundige ondersoek na Neuro-Linguistiese programmering as psigoterapeutiese model. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Proefskrif: PhD).

Vorster, J.M. 2008. Christian ethical perspectives on Marriage and Family life in modern Western Culture. *Hervormde Teologiese Studies, 64(1):* 463-481.

Wagner-Ferreira, E.C. 2008 'n Prakties-Teologiese Ondersoek na die inkleding van die erediens met die doel om verskillende generasies in 'n gesamentlike familie-erediens aan te spreek. Pretoria: Universiteit van Pretoria (Proefskrif:Phd).

Walters, S.D. 2000. Wedding bells and baby carriages: Heterosexuals imagine gay families, gay families imagine themselves. (*In* Andrews, M., Sclater, C., Squire, C. & Treacher, A. Lines of narrative. London: Routledge Falmer. p. 48-63).

Warnke, G. 2007. After Identity: Rethinking Race, Sex and Gender. Cambridge: Cambridge University press.

Watts, J., Cockcroft, K. & Duncan, N. 2009. Developmenteal psychology. 2nd. ed. Kaapstad: UCT Press.

Webb, P.F. 2011. (*In* Smith, S. Waarheidsliefde. Soteria 11 Sep. 2011. http://www.soteria.org.za/Downloads/DownloadItem63/2011-09-11%20Sewe%20pilare%20van%20n%20goddelike%20familie%20waarheidsliefde%2011%20September%202011.pdf Datum van gebruik: 4 Okt. 2013).

Weber, J.G. 2011. Individual and Family Stress and Crises. USA: Sage Publications

Westerink, H. 1992. Sê nou God bestaan nie? Kaapstad: Lux Verbi.

Westermann, C. 1974. Genesis 1 -11. A Commentary. Translated by Scullion, J.J & Minneapolis, S.J. Augsberg: Augsberg Publishing House.

Wevers, N.E.J. & Steyn, G.M. 2002. Opvoeders se persepsies van hul werkmotivering: 'n Kwalitatiewe studie. *South African Journal of Educatio, 22(3)*: 205- 212.

White, M. & Epston, D. 1990. Narrative means to therapeutic ends. New York: Norton.

Whitney-Thomas, J. & Moloney, M. 2001**.** “Who I Am and What I Want”: Adolescents’ Self-Definition and Struggles. *Exceptional Children. 67(3):* 375-389*.*

Willard, D. 2009. Knowing Christ today*.* New York*:* Harper Collins Publishers.

Williams, F. 2004. Rethinking families. London: Calouste Galbenkian Foundation.

Wogaman, J.P. 2009. Moral Dilemmas. Kentucky: Westminster John Knox Press.

Woldt, A.L., Toman, S.M. 2005. Gestalt Therapy: history, theory and practice. California: Sage Publications Ltd.

Wolterstorff, N. & Cuneo, T. 2010. Practices of Belief, selected essays, vol. 2. Cambridge: Cambridge University Press.

Woodward, K. 2002. Understanding Identity. London: Hodder Education.

Yontef, G. 1993. Awereness, dialogue and process*.* New york: Gestalt Journal Press.

Yontef, G.M. & Jacobs, L. 2000. Gestalt therapy**.** (*In* Corsini, R.J. & Wedding, D. Current Psychotherapies. 6th. ed. Itasca: F.E. Peacock. p. 299-336).

Yontef, G. 2001. Psychotherapy of Schizoid process. *Transactional Analysis Journal 31(1):* 7-23.

Zerfass, R. 1974. Praktishe Theologie als Handlungswissenschaft. (*In* Klostermann, F. & Zerfass, R. Praktishe Theology Heute. München: Grünewald. p. 164-177).

Zerfass, R. & Greinche, N. 1976. Einfüring in die praktishe theologie. München: Kaiser/Grünewald.

Zinker, J.C. 1994. In search of good form. Gestalt Therapy with couples and families. San Francisco: Jossey-Boss Publishers.

Zinker, J.C. 1998. In search of good form: Gestalt Therapy with couples and Families. 2nd ed. Cambridge: GIC Press.

**BYLAE 1: TOESTEMMINGSBRIEWE**

*Belinda van der Vlies*

*M.Diac Spelterapie (UNISA)*

Bruwerstraat 12
Fichardtpark
9301

Tel: 051 522 8090
Sel: 082 657 1257
Faks: 086 572 4719
E-pos:belinda@therapea.co.za

---

Wie hierby belang het

Ek is tans besig met my Phd in Teologie deur die Noordwes Universiteit. Die studie behels ‘n ondersoek om vas te stel of lesbiese-ouerskap ‘n invloed het op adolessente wat van ‘n vroeë ouderdom reeds in so gesin grootword, se ontwikkeling van die sin vir self. Die sin vir self, behels die adolessent se denke, emosies en persepsies oor hom/haarself wat in verskeie aspekte soos selfbeeld, selfkonsep of selfwaarde na vore kom.

Om hierdie inligting te bekom wil ek graag onderhoude voer met adolessente wat in lesbiese-gesinne grootword en ook met u as ouers wat direk by hul ontwikkeling betrokke is. Die doel van hierdie studie is om beter begrip te ontwikkel vir adolessente wat in lesbiese-gesinne grootword ten einde riglyne saam te stel om adolessente binne lesbiese-ouerhuise, se ontwikkeling van die sin vir self te bevorder. Indien u bereid is om aan so studie deel te neem en toestemming te verleen dat u kind hieraan mag deelneem, wil ek u vra om asseblief ook die volgende aspekte rakende die studie noukeurig deur te gaan om uself te vergewis van al die aspekte rakende u en u kind se betrokkenheid.

Risiko’s en ongemak

Hierdie studie kan sekere emosies by die deelnemers tydens die onderhoude opwek. Daar sal nooit druk op die deelnemers geplaas word om te praat oor enige aspek waarvoor hul nie kans sien nie. Indien daar ‘n defnitiewe behoefte aan emosionele ondersteuning by die deelnemer ontstaan, tydens die onderhoude, sal daar toegesien word dat ondersteuning verleen word. Daar sal ‘n indiepte onderhoud van ongeveer een uur met die adolessente gehou word. Daarna sal van die adolessent gevra word om ‘n collage te maak, wat in ‘n volgende een uur onderhoud bespreek sal word. Indien nodig kan daar ‘n opvolg onderhoud gehou word. Met u as ouers sal daar ook ‘n indiepte onderhoud van ongeveer een uur gevoer word. Laastens sal ‘n indiepte onderhoud van ongeveer een uur met die hele gesin gevoer word. Die onderhoude sal gehou word op ‘n plek wat vir u en u kind gemaklik sal wees.

Voordele

Deelnemers gaan nie noodwendig deur die studie direk bevoordeel word nie, maar u deelname kan lei tot beter insig en begrip in hierdie veld in Suid-Afrika, wat beslis langdurige voordele in hulpverlenende profesies kan meebring.

Reg van deelnemers

Deelname aan hierdie studie is vrywillig en deelnemers kan hul op enige stadium van die deelname onttrek.

Konfidensialiteit en anonimiteit

Die anonimiteit van al die deelnemers word verseker en alle inligting word streng konfidensieël hanteer.Daar sal van kodes en skuilname gebruik gemaak word om anonimiteit te verseker. Alle opnames en veldnotas sal in ‘n toegesluite kabinet bewaar word, waartoe die navorser alleen toegang het. Die resultate van die studie kan moontlik in profesionele joernale gepubliseer word. Alle persoonlike inligting en

die identiteit van al die deelnemers sal egter anoniem en konfidensieël gehou word te alle tye.

Finasiële implkasies

Daar is geen finansiële vergoeding vir deelnemers nie.  Deelname is vrywillig.

Skriftelike toestemming

Hiermee verklaar ek, die ondergetekende, dat ek al die inligting noukeurig deurgelees het en dat ek deeglik ingelig is oor die doel van hierdie studie.
Ek verklaar myself bereid om aan hierdie studie deel te neem en gee ook toestemming dat my kind aan die studie mag deelneem.
Ek gee toestemming dat my kind vir die onderhoude genooi mag word en dat vrae aan hom/haar gestel mag word rakende persoonlike belewinisse binne die gesin.
Ek gee ook toestemming dat die onderhoude op video geneem mag word. Die videos sal in ‘n veilige bergplek gehou word en slegs gebruik word vir die doel van hierdie studie.

| | |
|---|---|
| Ouer/Voog | |
| Navorser | |
| Datum | |

# *Belinda van der Vlies*

## *M.Diac Spelterapie (UNISA)*

Bruwerstraat 12
Fichardtpark
9301

Tel: 051 522 8090
Sel: 082 657 1257
Faks: 086 572 4719
E-pos: belinda@therapea.co.za


---

Wie hierby belang het:

Ek is tans besig met my Phd. in Teologie deur die Noordwes Universiteit. Die studie behels ‘n ondersoek om vas te stel of adolessente wat in lesbiese-gesinne grootword se sin vir self beïnvloed word deur hierdie gesinne. Die sin vir self verwys na jou emosies, denke en ervarings oor jouself veral binne jou gesin.

Om hierdie inligting te bekom wil ek graag onderhoude voer met jou as adolessent wat in ‘n lesbiese-ouerhuis grootword en ook met jou ouers. Die doel van hierdie studie is om beter begrip te ontwikkel vir adolessente wat in lesbiese-ouerhuise grootword ten einde riglyne saam te stel om adolessente binne lesbiese-ouerhuise, se ontwikkeling van die sin vir self te bevorder. Indien jy bereid is om aan so studie deel te neem, wil ek jou vra om asseblief ook die volgende aspekte rakende die studie noukeurig deur te gaan om jouself te vergewis van al die aspekte rakende jou betrokkenheid.

1.Risiko’s en ongemak

Ek sal graag ‘n indiepte onderhoud van ongeveer een uur met jou wil voer en daarna van jou vra om vir my ‘n collage te maak wat ons in ‘n volgende onderhoud sal bespreek; as dit nodig mag wees kan ons ook ‘n opvolg-onderhoud van ongeveer 30-40 minute hê. Tydens die onderhoude kan jy dalk emosies ervaar wat vir jou ongemaklik is. Daar sal geen druk op jou geplaas word om te praat oor sake wat vir

jou moeilik en ongemaklik is nie. Indien jy voel dat jy emosionele hulp oor sekere aspekte wat in die onderhoud na vore kom, nodig het, sal daar tegesien word dat jy hulp en ondersteuning ontvang.

2. Voordele

Deelnemers gaan nie noodwendig deur die studie direk bevoordeel word nie, maar jou deelname kan lei tot beter insig en begrip in hierdie veld in Suid-Afrika, wat beslis langdurige voordele in hulpverlenende profesies kan meebring.

3. Reg van deelnemers

Deelname aan hierdie studie is vrywillig en deelnemers kan hul op enige stadium van die deelname onttrek.

Konfidensialiteit en anonimiteit

Die anonimiteit van al die deelnemers word verseker en alle inligting word streng konfidensieel hanteer. Daar sal van kodes en skuilname gebruik gemaak word om anonimiteit te verseker. Alle opnames en veldnotas sal in ‘n toegesluite kabinet bewaar word, waartoe die navorser alleen toegang het. Die resultate van die studie kan moontlik in profesionele joernale gepubliseer word. Alle persoonlike inligting en die identiteit van al die deelnemers sal egter anoniem en konfidensieël gehou word te alle tye.

Finasiële implkasies

Daar is geen finansiële vergoeding vir deelnemers nie.  Deelname is vrywillig.

Skriftelike toestemming

Hiermee verklaar ek, die ondergetekende, dat ek al die inligting noukeurig deurgelees het en dat ek deeglik ingelig is oor die doel van hierdie studie.

Ek verklaar myself bereid om aan hierdie studie deel te neem.

Ek sal vrywillig deelneem aan twee indiepte onderhoude van ongeveer een uur en ook aan ‘n opvolg-onderhoud indien nodig.

Ek gee ook toestemming dat die onderhoud op video geneem mag word. Die videos sal in ‘n veilige bergplek gehou word en slegs gebruik word vir die doel van hierdie studie.

| | |
|---|---|
| Adolessent | |
| Navorser | |
| Datum | |

**BYLAE 2: VOORBEELD VAN 'N GETRANSKRIBEERDE ONDERHOUD**

ONDERHOUD 1

Navorser: Baie dankie vir jou tyd en bereidwilligheid om aan die studie deel te neem. Soos ek jou verduidelik het, is daar geen snaakse of vreemde vrae nie. Die doel van hierdie studie is, om riglyne daar te stel vir die gesonde ontwikkeling van adolessente se sin vir self, in 'n lesbiese-ouerhuis. Dit is met ander woorde 'n positiewe studie. Ek wil weer jou gerusstel dat ons net lekker gaan gesels en dat ek glad nie van jou verwag om oor iets te gesels wat vir jou ongemaklik is nie.

Adolessent: Dit is heeltemal ok Tannie. Ek gee nie om nie.

Navorser: Ek hoop jy het darem 'n lekker dag gehad?

Adolessent: Ja dit was heel rustig, niks snaaks nie.

Navorser: Jy onthou dat ek die onderhoud moet opneem op video en diktafoon, is dit nog reg met jou?

Adolessent: (Knik instemmend) Dis reg so Tannie.

Navorser: Gee my net 'n kansie om doodseker te maak alles werk.

Adolessent: Dit lyk of alles reg is.

Navorser: Dan kan ons nou lekker gesels.

Adolessent: Knik afwagtend.

Navorser: As jy jouself binne julle gesin moet beskryf, hoe sal jy dit beskryf. Vertel vir my meer van jouself binne julle gesin.

Adolessent: (Hy glimlag verleë) Ek weet nie eintlik hoe om dit te verduidelik nie. Ek is die kind in die huis. (Hy lag verleë)

Navorser: Is jy die enigste kind in die huisgesin?

Adolessent: Ja ek is alleen in die huis, op die oomblik. Ek was so sewe of agt jaar oud toe my boetie uit die huis uit is. (Vryf sy hande)

Navorser: Vertel my 'n bietjie meer van jou en jou boetie se verhouding…

Adolessent: Dit was baie, baie goed. (Glimlag) Ons het nooit baklei nie. Ons het baie goed oor die weg gekom.

Navorser: en vandag, vertel my bietjie meer…

Adolessent: Ons kom nog steeds baie goed oor die weg. Hy kom kuier gereeld en ek gaan amper elke naweek na hom toe. (Knik sy kop)

Navorser: As jy jou verhouding met jou ma moet beskryf, hoe sal jy dit doen…

Adolessent: Uhh.. liefdevol, uhh… goed. Baie goed. (Dink 'n bietjie)

Navorser: Doen julle dingetjies saam?

Adolessent: Ek weet nie, (Lag lekker) ja. Ons speel games saam. Praat baie. Sy is baie liefdevol. Jy weet, sy druk my gereeld, soen my in my nek en so aan… (Hy beduie hoe sy hom soen en druk) Sy was nog altyd so. Met my en my broer ook, ons is nog altyd baie close.

Navorser: Watse games geniet julle?

Adolessent: Veral rekenaar games. Hulle laaik daai soek speletjies, jy weet mos. Ek laaik skiet speletjies en sy laaik dit nie so baie nie, maar sal daarin geinterreseerd wees om dit saam met my te speel. (Verduidelik met sy hande)

Navorser: Doen julle ander dinge ook saam?

Adolessent: Uhhm, ek weet nie…. Normale goed. Soos kom by die huis, praat met mekaar. Ek sal saam met haar Hyperama toe gaan om kruideniers te koop…uhhm ek weet nie….normale goed. (Bly rukkies stil)

Navorser: Jy sê julle praat baie. Waaroor gesels julle gewoonlik?

Adolessent: Ja. Ja. (Knik sy kop) Ons gesels oor alles ek sal haar met enige iets vertrou.

Navorser: Wat beteken vertroue vir jou?

Adolessent: uhhm… Vertroue beteken dat ek haar enige iets kan sê of vertel en sys al my help daarmee of uhh… ek kan iets in haar hande los en sys al dit doen, definitief doen. Uhh… vertrou deur jy hoef nie te twyfel of iets oor haar nie, so jy weet jy kan haar vertrou, jy kan op haar staatmaak. (Trek sy skouers op)

Navorser: Hoe laat dit jou voel dat jy jou ma kan vertrou?

Adolessent: Goed, baie goed. (Gee 'n laggie en lig sy wenkbroue)

Navorser: Goed, as jy sê goed, verduidelik dit tog net vir my 'n bietjie wyer…

Adolessent: Ek sal haar bo almal verkies om iets te sê, so goed bedoel ek. Beter as wat ek enige iemand anders sal kan vertrou. (Glimlag)

Navorser: Vertel my nou bietjie meer van jou verhouding met jou metgesel ouer…

Adolessent: Uhh, meer konflik. (Lyk bietjie ongemaklik) Ja baie meer konflik met mekaar. Ek weet nie, uhh… ek doen ook nie dinge saam met haar nie. Ek weet nie… ek is ook nie so oop met haar nie. (Verduidelik met sy hande)

Navorser: Wil jy my meer van die konflik tussen julle vertel….

Adolessent: Ek weet nie soos sy het ‘n sielkundige ding, nê? Van haar ma af. Haar ma was baie streng en alles en sy het dit van haar oorgekry. Uhh.. sy het dit van haar ma af geleer. Baie houdings en dit.. uhh baie kwaad en goeters, ma sy kry sielkundige hulp vir dit. Jy weet pille en alles… ja pille om haar te kalmeer en so aan. (Verduidelik met sy hande)

Navorser: …en die konflik, hoe hanteer jy dit?

Adolessent: (Hy lag hard) Ek weet nie, party keer baklei ons en dan is dit gou weer reg na 5 min. Ek weet nie, ander kere baklei ons dan is ons ‘n week kwaad… oor die simpelse goed. Ja, sê nou ek moet die skottelgoed was .. en ja.. daar is dalk ‘n klein merkie op die rand, dan sal sy verskriklik kwaad word. Dan baklei sy en sê, ma, ma in ‘n kwaai stem, as ek die skottelgoed was moet ek dit ordentlik doen of anders.. skree sy. Ja, dan sal sy kwaad wees vir jou vir ‘n week en maak nie saak of jy sal kom en sê jy’s jammer nie. Sy sal net daar sit vir ‘n week en Umm…Ummm! (Verduidelik met sy hande)

Navorser: Hoe laat dit jou voel?

Adolessent: Ek weet nie. Ook kwaad, seker. (Wieg bietjie heen en weer) Soos, sy’s kwaad, dan word ek ook kwaad. Uhh, dan sê my ma gewoonlik dat ek moet gaan jammer sê vir haar en goeters probeer reg maak of alles Ek sal dit ignoreer tot dit oorgaan, maar my ma sal altyd kom en sê ek moet gaan vrede maak. Ek weet nie, ek stress altyd as ek dit moet gaan doen. Soos elke dag kom ek by die huis, dan sit ek daar en probeer van haar af wegbly.

Navorser: Dink jy dat sy dalk oor die algemeen ‘n bietjie sukkel om kinders te verstaan, of is dit net vir jou?

Adolessent: Ja, sy het, Uhh.. Ja sy het met kinders ‘n probleem. Sy is nie kinders gewoond nie. Met my broer ook. Verskriklik erg. Met my broer was sy baie erg. Nee, nee sy kannie met kinders oor die weg kom nie. Ek dink my ma het haar geleer om met kinders klaar te kom.

Navorser: Verstaan ek reg, jy sal altyd eerder na jou ma toe gaan as na jou metgesel ouer toe?

Adolessent: Ja, ja. Defnitief.

Navorser: Vertel my bietjie hoe sien jy jouself. As jy jouself moet beskryf, hoe sal jy dit doen?

Adolessent: Uhh, grapperig. (Draai dat hy reguit na my toe sit) Uhh, ek weet nie. Uhh, musikaal. Uhh…

Navorser: Watter instrumente speel jy?

Adolessent: Uhh, ek kon bietjie blokfluit speel. Ek kan redelik klavier speel, maar ek kan die meeste kitaar speel.

Navorser: So, jy's nogal baie musikaal?

Adolessent: Ja, ja.

Navorser: En vertel my nog meer van jou….

Adolessent: Uhh, ek weet nie. (Raak gemakliker, sit been effens op die bank) Ek hou van drama en goeters. Sport ook. Ek hou van hokkie en krieket, nie so baie van rugby nie. Ek weet nie, ek sien myself ma as… soos by die skool as die grapjas innie klas en in my vriendekring. So, ja, dit is maar wie ek is. Ek wil baie graag 'n naam maak vir myself. Dit is wat ek begeer. (Verduidelik met sy hande)

Navorser: Hoe sien jy jouself in die toekoms? Hoe wil jy graag vir jou 'n naam maak?

Adolessent: Ek wil Amerika toe gaan om verder in die musiekbedryf te gaan. Om uhh, bekend te word, wêreldwyd of iewers. Maar meestal wil ek Amerika toe gaan. Ek weet nie, dit lyk of alles daar gebeur. So vinnig gebeur.

Navorser: Makliker as hier?

Adolessent: Ja, ja.

Navorser: Sing jy ook?

Adolessent: Ja, ja ek sing. (Gesels spontaan) Ek het koor gesing in die laerskool, tot graad 8, ma toe het ek dit gelos. Daar was net nie meer tyd en dit nie. Soos dit was, revue en klasse en dit. Soos kitaarklasse en ekstra klasse en dan het jy nie tyd vir koor ook nie, vir alles nie. Jy weet, dan bots dit teen mekaar. Dan moet jy een kies. Maar koor het ek nie eintlik van gehou nie, omdat dit daai klassieke… jy weet, daai goed was. En ek het nie van daai musiek gehou nie. (Verduidelik met sy hande)

Navorser: en die revue…

Adolessent: Die revue was nog elke jaar vir my lekker. Soos om by die teater te gaan optree. Uhh en al my vriende is ook altyd daarso. Ek lok hulle en sê: "Kom ons gaan net, kom ons gaan net!" Dis gewoonlik al my vriende wat saam dans en dan maak ons lekker grappe en so… so dis nogal pret... (Glimlag)

Navorser: Vertel my bietjie van jou vriende….

Adolessent: Ja, ja… ek het twee beste pelle, vriende. Een X, hy's saam met my in die skool en die ander een is in 'n ander skool. Ma ek ken daai twee al my lewe lank. Vandat ek in die kleuterskool ingesit is, so 2 – 3 jaar, né? (Glimlag) Is ons al beste vriende tot nou toe nog. Verder is daar, maar nie beste, beste vriende nie, maar ons is 'n groep so 12, 13 mense. Vriende van die laerskool af. My beste vriende en mense wat bygekom het, soos in die hoërskool, soos nuwe vriende.

Navorser: Deel julle half dieselfde belange?

Adolessent: Nee my vriend is meer innie sport, as wat hy innie musiek is. Soos hy sal krieket, krieket, krieket. Al waaroor hy praat is krieket. Dis my beste vriend. Uhhm, ja die ander ene, (Lag lekker) dink ek, doen niks nie, so ek weet nie waarin hy belangstel nie. My vriend wat in die ander skool is, is saam met my innie musiek. Hy speel ook kitaar. Ja, hy speel baie goed. Seker 10 keer beter as ek speel hy. Hy's baie goed. Ma hy kannie sing nie, hy sing baie vals.

Navorser: Jy, sing mos baie mooi…

Adolessent: Ja. My beste vriend is innie krieket en die ander een in kitaar. Die ander nou ja, ek weet nie. Die een ou, ons noem hom altyd boertjie, hy's van die plaas af. Hy's nie in sport nie, maar van die plaas. Hy praat altyd oor bakkies en karre en sulke goed in die plaasbedryf. So, ja, ja, ja, dis maar so…(Verduidelik met sy hande)

Navorser: Jou vriende in die revue, is dit jou beste vriende?

Adolessent: Ja, ja, ja. (Leun bietjie agteroor) Kyk die twee is my beste vriende. Die een ou wat dans is my beste vriend en die ander een speel nou saam met my kitaar of begin nou leer. Die ander, ons is seker 6 of 7 mense. Ekke sal nie saam met hulle gaan nie. Ek doen nie veel saam met hulle nie. Of uhh… ek sal saam met hulle gaan krieket speel, ma nie hokkie nie. Ma ja, ek en my beste vriend speel hokkie.

Navorser: en meisievriende….

Adolessent: (Lag lekker) Meisie vriende? Ha ha ha … Ja, daar was ene, maar dit het nie uitgewerk soos ekke dit wou gehad het nie. En toe het ek haar gelos. Ek weet nie, dis so… jy kry 'n meisie, dan laat gaan jy haar weer. Dis so, jy laaik haar, jy's nie lief vir haar nie. Jy laaik haar net. Ek dink by graad 10, 11, 12 begin jy verlief raak, ma ek was nog nie verlief nie. (Glimlag heeltyd)

Navorser: So jy was nog nie op iemand verlief nie?

Adolessent: Nee, nie verlief nie. Ha ha ha…

Navorser: Vertel my so bietjie meer van jou verhouding met jou ouers….

Adolessent: Uhh, my ma en haar metgesel baklei nie baie nie.Hulle baklei, maar nie baie nie. Hulle sal soos meestal baklei oor kosmaak. Maar nie erg baklei nie, netsoos: “Jy moet vannaand kos maak.” “Nee jy moet. Ek het gisteraand kos gemaak. Ek’s moeg.” “Ek is ook moeg.” Soos daardie tipe konflik, (Gee ‘n laggie) maar ek sien hulle nie ernstig baklei nie. Uhhm.. ek weet haar metgesel het ‘n dobbelprobleem gahad. Uhhm… toe het my ma nogal ‘n groot probleem daaroor gehad. Maar nou nie meer nie. Sy’s nie meer so betrokke by die dobbel soos wat sy was nie. Ek weet nie, sy gaan nog steeds, maar baie, baie min. Nou weet ek nie eers of sy een maal ‘n maand of een maal in twee maande gaan nie. Ma, sy het ‘n baie groot dobbelprobleem gehad. (Verduidelik met sy hande)

Navorser: Dit kan seker nogal moeilik wees…

Adolessent: Ja, ja nie net in ons huis nie, (Praat bietjie harder) maar ook met ander mense. Uhhm, ek weet baie mense het haar probeer help, maar sy wou nie. Uhhm ek weet my ma het haar gekry dat sy opgehou dobbel het, of dalk die sielkundige ek weet nie.

Navorser: Hoekom het sy na die sielkundige toe gegaan?

Adolessent: Nee. Ek dink sy het oor my begin gaan. Oor die konflik met my en die stress…Sy’t verskriklik stress gehad. Ek weet nie waaroor nie. En ook die Uhh… Uhh… anger, anger..(Verduidelik met sy hande)

Navorser: Aggressie?

Adolessent: Ja, ja. Aggressie dis hoekom sy gegaan het en ook die dobbel.

Navorser: Wat doen jullle saam as ‘n gesin?

Adolessent: Ons gaan kamp. Ons het al baie gaan kamp, soos innie Kaap. Waar’t ons nog gaan kamp? Ek weet nie, iewers innie bos het ons ook al gaan kamp, verskriklik baie. Soos die Desember-vakansie het hulle weer gaan kamp. Toe sê my ma: “Kom ons gaan kamp.” Ma toe wil ek nie. Toe sê ek hulle kan gaan, ek wil by my vriende bly. Toe het ek liewer by my vriende gebly. Toe het hulle gaan kamp, ma ek sou ok saamgaan, maar toe wil ek nie. Uhhm… ma ons laaik van kamp saam. (Wieg heen en weer) Uhhm… my ma hou nie van fliek nie, sy hou nie daarvan om te sit en te sit nie, so daarom gaan fliek ons nie. Ek dink ons het een keer gaan fliek. (Vryf sy bors) Ek weet nie. Ons loop baie by die boeremark saam, ons gaan koop groceries saam en ons gaan kuier saam. Ek weet nie. Ons doen eintlik alles saam. (Verduidelik met sy hande)

Navorser: So Julle is nogal ‘n hegte gesin…

Adolessent: Ja, ja, ja. Een sal nie daar iets gaan doen nie. Alleen nie, ons doen alles saam as ‘n gesin. Alles gebeur altyd saam.

Navorser: Ok. Doen jy en jou metgesel ouer ook goed saam?

Adolessent: Neeee, nee, (Leun effens terug) nie eintlik nie. Nee. Nee, ek en sy sal nie soos alleen gaan kamp of alleen goed gaan doen nie. Ek en sy sal dalk iets gaan koop by die winkel, maar dis nie algemeen nie. Nee. Nie sommer nie.

Navorser: en jy en jou ma…

Adolessent: Ons sal goed saam doen. Enige iets sal ons saam doen. Soos ons sal saam vir my tannie in Sasolburg gaan kuier. Want sy bly mos alleen daarso. Dan sal my ma se metgesel by die huis bly. Ek en my ma is baie gemaklik saam. Ekke weet nie, ek en my metgesel ouer sal nie goed saam doen nie. Ek en my ma sal, ma nie ek en sy nie. Want ons is nie gewoond daaraan nie. Dit sal snaaks wees, ons sal niks vir mekaar sê nie. Dis nou beter as wat dit was. Soos nou sal ons praat oor goeters, maar maar oor gewone goeters. (Verduidelik met sy hande)

Navorser: As jy dink dat dit slegter was en nou beter gaan, vertel my meer daarvan?

Adolessent: Ek sal nie iets met haar deel nie. Ek sal met haar praat oor goeters. Ek sal selfs saam met haar iets gaan doen, ma ek sal nie iets soos, soos iets privaat met haar deel nie.

Navorser: Ek hoor. As daar bietjie konflik tussen julle ontstaan, wie is die vredemaker?

Adolessent: My ma. My ma sal die vrede maak. (Glimlag) Tot as sy en haar metgesel baklei sal sy gaan vrede maak. Haar metgesel sal altyd wil aanhou en aanhou en aanhou. Ma my ma sal die vredemaker wees. Sy sal altyd sê: “Toemaar dis ok. Moenie stress nie, dis ok. Moenie stress daaroor nie, dis ok.” (Wieg heen en weer)

Navorser: As jy aan jouself dink, sien jy jouself ook as ‘n vredemaker?

Adolessent: Uhh. Ek weet nie. Seker nie eintlik nie. Ek dink nie ek sal die vredemaker wees nie. Nee, ek sal nie die vredemaker wees nie. (Lag)

Navorser: Hoe hanteer jy dan konflik?

Adolessent: Ek sal dit ignoreer totdat dit oorgaan, maar my ma sal altyd kom en sê: “Gaan sê nou jy is jammer, want jy weet sy gaan nie jammer sê nie.” Of jy weet so? Dan sal ek gaan want dan het my ma vir my gesê. Sy kom praat baie met my as ek

en haar metgesel konflik het. Ek moet die een wees wat dit doen, want haar metgesel sal nie. Sy sal nie sê sy is jammer nie.(Verduidelik met sy hande)

Navorser: Hoe voel jy daaroor dat jy moet gaan vrede maak?

Adolessent: Ek weet nie. (Trek sy skouers op) Ek stress altyd as ek dit moet gaan doen. As my ma sê ek moet gaan , dan gaan sê ek, ek's jammer, oor ek nie die gras gesny het nie of oor ek nie die swembad gevee het nie. Dis moeilik. Ek weet nie. Ek dink enige kind stress maar as jy moet gaan sê: "Ja Pa ek is jammer" of "Ja Ma ek is jammer." Broer of enige iets.

Navorser: So dis ma vir jou bietjie stressvol?

Adolessent: Ja, dit is.

Navorser: Kom die vrede makliker as jy gaan verskoning vra?

Adolessent: Ja makliker. (Gee 'n laggie) Anders dink ek dit sou nooit gekom het nie. Dit kom nie vanself nie. Sy sal sê: "Ok." Dan sal my ma seker met haar gaan praat voordat sy dit sal laat gaan, dan sal dit beter raak. Sy sal ook partry keer kom sê sy is jammer en goeters. O, sy't ok al gesê. (Skuif bietjie terug) Soos as sy op my geskree het of so iets. Dan sal sy sê sy's jammer sy het op my geskree. Ek dink sy kom nou meer agter sy was nie regverdig nie of so. So sy sal kom jammer sê as sy rerig onregverdig was.

Navorser: So jy voel sy raak ook meer bewus van haar rol in die konflik tussen julle?

Adolessent: Ja, sy raak meer bewus daarvan. Jy kan sien sy probeer dinge verbeter. Sy probeer rerig. Ja, sy doen. Sy doen defnitief, soos byvoorbeeld deur haar terug te hou. Ek het al gesien dat sy baie kwaad raak en haar terughou of dan sê sy liewer niks. Ek dink dit gaan beter met haar. Maar my ma sê sy't dit geërf. Want haar ma was tien maal erger. Presies soos sy, maar tien maal erger en haar pa ook. So, sy't dit geërf van hulle af. Toe bring sy dit saam met haar die familie in. (Lag bietjie)

Navorser: Ag jitte… ons het nou al so lekker gesels oor die konflik en al die dinge. Vertel my bietjie wat sou jy dink is vir jou moeilik van jul unieke gesin?

Adolessent: Moeilik? (Frons)

Navorser: Ja, wat is dalk party maal vir jou 'n uitdaging of moeilik?

Adolessent: Uhhm Ek weet nie. Uhhm niks wat ek nou aan kan dink nie. Ek verstaan nie lekker nie? (Stiltetjies tussen in)

Navorser: As jy dink jou gesin verskil dalk van die meeste van jou maats sin, is dit soms vir jou moeilik of nooit nie?

Adolessent: Oh, Oh… Ekke dink dalk soos om goeters saam met jou pa te doen. Soos as jy goeters saam met jou pa wil doen. Soos ander ouens sal altyd sê,  ek en my pa het gaan qaudbike ry of gaan visvang of sulke goeters. Ek kan dit nooit doen nie, want ek het nooit 'n pa gehad nie en omdat ek en my ma se metgesel konflik het sal ons dit ook nooit doen nie. Sy hou ook nie daarvan nie. So ek het nooit daai pa uhh… my broer het probeer. My broer het probeer om dit te doen, ma dis nie dieselfde nie. So dalk, dalk met my ander vriende wat ek het, daai Pa-bond wat hulle het met hulle pa het, sal ek nooit hê nie. Ek sal dit nooit hê nie. (Verduidelik met sy hande)

Navorser: Mis jy dit party keer?

Adolessent: Ek dink so. Ekke dink ek mis dit baie. (Beweeg sy been heen en weer) Die ding is ek het dit nog nooit gedoen nie, so ek weet nie hoe dit is nie. Ek sal gaan quadbike ry saam met my vriende of gaan visvang, ma dan sal dit saam met my vriende wees. Of ja nie saam met jou pa, of jy weet daai nie. (Vee oor sy mond)

Navorser: So jy ervaar meer 'n sosiale verhouding met jou vriende en nie so intiem nie?

Adolessent: Ja – ja.

Navorser: Is daar nog ietsie van 'n pa-verhouding wat jy mis?

Adolessent: Uhh ek weet nie.(Laggie) Dalk jy weet sou dit beter gegaan het met die familie as daar 'n pa was. Want jy weet mos 'n pa kan finansieël beter sorg. Want 'n pa kry meer geld, jy weet mos, as 'n vrou. Normaalweg. As 'n man en vrou saamwerk sal die man meer verdien. Nie waar nie? So dit sal beter gegaan het finansieël met die familie as daar 'n pa was. Ek het nie 'n probleem met hoe ons is nie. Ek sê net dat dit dalk beter sou gegaan het. Ja, ek weet nie, uhhm dis seker maar dit. (Verduidelik met sy hande)

Navorser: Dink  jy dat as daar 'n pa-figuur sou gewees het, konflik anders sou wees?

Adolessent: Nee, ek dink nie noodwendig so nie. Ek dink nie so nie, want ek meen my vriend en sy pa baklei ook baie. Al my vriende is so. Hulle baklei met hul pa. Soos ek dit verstaan baklei 'n pa en sy seun verskriklik baie, maar hulle het ook die sterkste bond, so nou ja… (Verduidelik met sy hande)

Navorser: Hoekom dink jy sou dit so wees dat pa's en seuns meer baklei?

Adolessent: Ek weet nie,(Lag lekker) dalk omdat 'n pa meer hardhandig is as die vrou innie huis. Ek dink so. (Skuif reg)

Navorser: Dink jy dis met almal dieselfde, hoe dink jy is vrouens?

Adolessent: Ek dink jy kry…. Soos my vriend in Fichardtpark. Hy bly by sy oupa en ouma, want sy ouers het geskei. Toe gaan bly hy by sy oupa en ouma. Sy ouma is verskriklik streng. Sy oupa is die vredemaker. Maar in die meeste verhoudings dink ek die vrou is die sagter een. In 90% verhoudings dink ek die pa is die strenger een. Ja, ja.

Navorser: Dis interressant hoe jy dit sien. Die laaste dingetijie, vertel vir my wat sou jy sê is positief in julle gesin….

Adolessent: Uhhm, positief? Ek weet nie. (Onseker)

Navorser: Ja, wat is vir jou positief aan jou gesin, kom ons sê, die sterkpunte…

Adolessent: Ek dink ons baklei nie so baie soos ander gesinne nie. (Krap sy neus) Rerig, ons baklei rerig nie so baie nie. Rerig nie soos ek in my vriende se huishoudings sal sien nie. Soos my beste vriend, hulle baklei elke dag. Elke dag baklei hulle. Maar hy's verskriklik hardkoppig. (Wieg so bietjie) Hy luister vir niks of niemand nie. So ek het hom ook al probeer help. Ek't gesê: "Luister net vir jou ma" of "Doen dit net nou". Want sy pa sal vir hom iets sê, en hy gaan net so: Oh well…. Dan doen hy dit nooit nie. Ekke is ok so. (Glimlag) Ek sal ok sê ek gaan nou en dan sal ek daarvan vergeet. Dan het ek rerig vergeet. Ma jy weet kinders is ma so, hulle sal sê, ja ek sal dit doen of ek sal gaan en dan vergeet hulle daarvan. Maar my vriend is verskriklik hardkoppig. So eintlik lei ek dit van hom af, omdat ek sy familie die meeste ken. Maar teen my familie en sy familie, is my familie 5% en sy familie is 80%. So, daar is 'n baie groot verskil. So ekke dink 'n baie goeie verhouding. Die verhouding is dalk beter tussen my en my ma, dalk weer hy en sy pa, maar ons baklei nie so baie soos hulle nie. So ja, ek weet nie eintlik hoe om dit te verduidelik nie. (Verduidelik met sy hande)

Navorser: Sou jy sê, jy dink twee ma's is sagter, as wanneer 'n pa-figuur by is?

Adolessent: (Skuif terug) Ek dink nie eintlik aan dit as twee ma's nie. Kyk, ek en my broer hou nie van die idee dat my ma homoseksueel is nie, né,(Vryf sy been) maar ons aanvaar dit deur omdat sy lief is vir haar metgesel, né? Maar ons hou eintlik nie daarvan nie. My broer het nog nooit daarvan gehou nie. Ek het ook nog nooit daarvan gehou nie. Dis nie – O, my broer hou nie daarvan nie, nou hou ek ook nie daarvan nie. Ek hou rerig net nie daarvan nie. (Wieg heen en weer) Dis net nie wie ek is nie, maar omdat my ma lief is vir haar aanvaar ons haar en als en probeer ons

haar innie familie bring en als. Maar dis seker ook hoekom daar konflik is. Dit kom seker nie net van haar kant af nie. Ek's ook seker hardkoppig en soms onregverdig met haar, maar ja…so… (Verduidelik heeltyd met sy hande) (Sug toe hy klaar gepraat het)

Navorser: So verstaan ek jou reg, jy sien haar metgesel nie as deel van jul gesin nie. Jy sien jou ma, jou broer, jouself en dan vir haar?

Adolessent: Ja, ja.

Navorser: Verstaan ek reg, jy sien jouself nie in 'n gesinseenheid met twee ma's nie?

Adolessent: (Gee 'n laggie) Ja, as jy 'n prentjie in jou kop voorstel, sal dit my ma, my broer, en ek wees, en dan, dan sy is metgesel. Sy's nie deel van die familie nie. Soos my swaer hy's ok nie eintlik deel van die familie nie, hy's nie bloedfamilie nie, maar ons aanvaar hom. Maar ek en my broer sukkel om haar te aanvaar innie hele familiegroep wat daarso is.

Navorser: Ok, ek hoor wat jy vir my sê. As jy dan met vreemde mense oor jou familie gesels, hoe sou jy julle beskryf?

Adolessent: Ja – ekke sal my ma se metgesel heeltemal uitlaat. Soos as ek met vriende praat en hulle sê: en jou pa en jou ma? Sal ek sê my pa en ma is geskei, maar ek sal nooit sê my ma is homoseksueel of daar is 'n ander vrou of iets nie. Daar's twee vriende wat weet. Van my vriende wat weet en dit is my beste vriend en my ander beste vriend. (Baie ernstig) Enigste twee mense wat weet my ma is homoseksueel. Maar verder nie. Ek dink dit sal veel meer konflik innie skool veroorsaak. Jy weet mos hoe kinders is? Hulle sal jou ook terg. Dit is maar hoe kinders is, so…

Navorser: Dink jy hulle sal….

Adolessent: (Leun terug en dadelik weer vorentoe) Uhh, Uhh… ek het al gehoor daar was 'n meisie wie se ma homoseksueel was en hulle het haar heeltyd getart daaroor: "Jou ma is les! Jou ma is Les!" Dan sal hulle haar spot en goed. Jy weet sulke goeters. So, iemand wat ek rerig trust soos rerig trust en glo dit sal ek doen. Soos my twee beste vriende wat ek het al van kleintyd af. So hulle is die enigste twee wat sal weet van dit. Hulle weet ook van my ma se metgesel. Maar, nee ander mense dink ek bly net saam met my ma en soos van my broer, maar hulle weet nooit dat haar metgesel deel is van die gesin nie. (Trek sy skouers op)

Navorser: Wanneer gesprekke by die skool plaasvind oor homoseksualiteit, ervaar jy nog negatiwiteit van die ander kinders? Nie teenoor jou nie, ek verstaan niemand weet nie. Ek bedoel oor die algemeen…

Adolessent: Ja, ha ha ha… (Lag hardop) die meerderheid, ek sal sé 100% ja. En ek is eintlik deel daarvan, want ekke hou ook nie daarvan nie. So ek sal in gesprek kom, soos sê nou maar daar's twee gay outjies en dan stap hulle daar verby. Ek sal sê: "Ek sal nooit nie!" Asseblief. Ekke sal ook nooit nie. Ek kannie daaraan dink om om homoseksueel te wees nie. Dis net nie vir my… dis nie soos verkeerd nie, maar ek sal dit nooit kan aanvaar vir myself nie. Dit sal net nooit by my uitkom nie. So ek is een van hulle wat sê:  "Ek sal dit nooit wees nie." Maar hulle weet ok nie my ma is nie. (Verduidelik met sy hande)

Navorser: Is dit vir jou beskerming, wat jy dit so doen?

Adolessent: Ja, dis vir my beskerming dat ek dit so doen.

Navorser: Dit is nie nodig dat ons vir almal dinge hoef te sê nie. Ons het elkeen die reg op privaatheid. Enige iets anders wat iterressant is oor jul gesin?

Adolessent: Nee, nee. Tensy  Tannie van my ander Tannie op die plaas wil hoor? (Grappenderwys)

Navorser: Nee, ek bedoel net jul gesin…

Adolessent: Nee, nee, daar's nie nog ietsie nie.

Navorser: Duisend dankies dan solank.

**BYLAE 3: OPSOMMING VAN TEMAS EN SUBTEMAS UIT ONDERHOUD 1**

1. Ouerskaprolle

- Beskou ouers as biologiese ma met haar metgesel: “dan sy is metgesel”

2. Gesinsverhoudinge

- Adolessent se verhouding met die biologiese ouer: “liefdevol, goed, baie goed”
- Adolessent se verhouding met die metgesel ouer: “meer konflik”
- Adolessent se verhouding met sy broer: “ons het goed oor die weg gekom”

3. Adolessent se omskrywing van die self

- Grapperig
- Musikaal
- Sportief
- Vriendskappe: “ek het twee beste pelle”

4. Negatiewe aspekte van die lesbiese gesin

- Afwesige vaderfiguur: “daai pa-bond...sal ek nooit hê nie”
- Finansies: “ ‘n pa kan finansieel beter sorg”
- Stigmatisering: “dan sal hulle haar spot en goed”

5. Positiewe aspekte van ‘n lesbiese gesin

- Gesinsverhoudinge: “ek dink ons baklei nie soos ander gesinne nie”

**BYLAE 4: VOORBEELDE VAN COLLAGES**




Adriaanse


fokus
BESTE
VRIEND!
Lief
xx
julle
xx